

**KATEGESSE
EN
GELOOFSOPVOEDING**

deur

**GERT BREED
B.A., Th.M.**

Proefskrif voorgelê vir die graad

THEOLOGIAE DOCTOR

in die Departement Diakoniologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

**PROMOTOR: PROF. C.J.H. VENTER
HULPPROMOTOR: PROF. J.L. HELBERG**

Potchefstroom

1994

VOORWOORD

Die wonder van God se Woord is deur hierdie studie in my hart gegraveer. Daarmee saam die heerlike genade van sy verbond en die voorreg om ander te mag onderrig in die waarhede wat deur jou eie siel gegaan het.

Professor Cassie Venter het my met vriendelikheid, geduld en insig begelei. Sy vermoë om die kern van 'n saak raak te vat, was van groot hulp. Met sy hulp het ek geweldige vorming ervaar in my studie. Ook vir my persoonlike vorming het my kontak met hom baie beteken. My hartlike dank teenoor hom vir die jare waarin hy met my meegeleef het in my studie vir sowel my meesters- as doktersgraad.

Professor Jaap Helberg het met sy besondere skerp insig, telkens wenke gegee wat my gelei het om nog verder te gaan delf. My dank aan hom vir sy bereidheid om as hulppromotor op te tree en dat hy dit met soveel deeglikheid gedoen het.

Die Teologiese Skool Potchefstroom en die Departement Diakoniologie aan die PU vir CHO het noodsaaklike finansiële hulp aan my verleen. My hartlike dank aan hulle.

Die taalversorging van Mnr. Abe Louw getuig van noukeurigheid, deeglike kennis en 'n besondere liefde vir ons taal. Dankie vir u onbaatsugtige hulp en u inlewing in die onderwerp van die studie.

My hartlike dank aan Dr. André Kruger sowel as Mev. Marie Kruger wat my met die drukwerk bygestaan het.

Gedurende die studie was die voortdurende ondersteuning van my medegelowiges vir my 'n besondere ervaring.

My huisgesin moes in hierdie tyd dikwels my aandag en teenwoordigheid ontbeer. Ek kon saam met my vrou, Mariaan, die wording van hierdie proefskrif beleef en die vreugde van elke vordering deel. My kinders Gerbrand, Wilmarie en Marnus het elkeen op hulle eie manier meegeleef. Veral hulle gebede het vir my baie beteken.

Baie dankie aan my ma en skoonouers vir hulle belangstelling en ondersteuning.

Aan God die eer wat my in staat gestel het om hierdie werk te voltooi.

Pretoria
Mei 1994

OORSIGTELIKE INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 VERANTWOORDING

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling en doel	1
1.3	Begripsomskrywing	2
1.4	Aktualiteit en noodsaaklikheid	3
1.5	Begrensing	22
1.6	Studiemetode	23
1.7	Hipotese van hierdie studie	24
1.8	Verloop van die studie	24

HOOFSTUK 2 ONDERRIG IN DIE OUERHUIS AS GELOOFSOPVOEDING IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6

2.1	Doel van die hoofstuk	26
2.2	Motivering vir die keuse van Deuteronomium as ondersoekmateriaal	26
2.3	Motivering vir die keuse van Deuteronomium 6 as ondersoekmateriaal	27
2.4	Grondslag van ouers se onderrig	30
2.5	Subjek van die onderrig in die lig van Deuteronomium 6	35
2.6	Doel van die onderrig in die lig van Deuteronomium 6	37
2.7	Die wyse van onderrig in die lig van Deuteronomium 6	45
2.8	Konklusies ten opsigte van die onderrig van die ouers aan hulle kinders in die lig van Deuteronomium 6	49
2.9	Konkretiserende perspektiewe	50

HOOFSTUK 3 DIE ONDERRIG VAN DIE PROFEET AS DEEL VAN GELOOFSOPVOEDING - VOLGENS DEUTERONOMIUM

3.1	Doel van die hoofstuk	51

3.2	Motivering van Deuteronomium as ondersoekmateriaal	51
3.3	Die grondslag van die onderrig	54
3.4	Subjek van die onderrig	61
3.5	Die doel van die onderrig	65
3.6.	Wyse van onderrig	70
3.7	Konklusie ten opsigte van die profeet se onderrig	76
3.8	Konkretiserende perspektiewe	76

HOOFSTUK 4 DIE PRIESTER SE ONDERRIG AS GELOFSOPVOEDING

4.1.	Doel van die hoofstuk	78
4.2.	Metode van navorsing in die hoofstuk	78
4.3.	Grondslag van die onderrig	78
4.4	Subjek van die onderrig	83
4.5	Doel van die onderrig	85
4.6	Wyse van onderrig	100
4.7	Slotsom	102
4.8	Konkretiserende perspektiewe	103

HOOFSTUK 5 ONDERRIG DEUR DIE ONDERHOUDING VAN DIE PASGA AS GELOFSOPVOEDING VOLGENS EKSODUS 1-15

5.1	Doel van die hoofstuk	105
5.2	Die motivering van Eksodus 1-15 as ondersoekmateriaal	106
5.3.	Die grondslag van die onderrig deur die Pasga	107
5.4.	Subjek van die onderrig	118
5.5	Die doel van onderrig aan die kind deur die viering van die Pasga	122
5.6.	Die wyse van onderrig deur die viering van die Pasga	129
5.7	Konklusie ten opsigte van die onderrig deur die viering van die Pasga	131
5.8	Konkretiserende perspektiewe	132

HOOFSTUK 6: ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT AS VERBONDSOPVOEDING.

6.1	Doel van die hoofstuk	134
6.2	Metode van navorsing	134
6.3	Motivering vir die ondersoek van die onderrig deur die viering van die Sabbat	134
6.4	Grondslag van die onderrig	136
6.5	Subjek van die onderrig	148
6.6	Die doel van die onderrig	154
6.7	Die wyse van onderrig.	160
6.8	Konklusie ten opsigte van die onderrig deur die viering van die Sabbat	162
6.9	Konkretiserende perspektiewe	163

HOOFSTUK 7 ONDERRIG IN DIE SINAGOGES EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR DIE KATEGESIS

7.1	Motivering vir die ondersoek	165
7.2	Doel van die hoofstuk	168
7.3	Grondslag van die onderrig	168
7.4	Subjek van die onderrig	171
7.5	Doel van die onderrig	177
7.6	Die wyse van onderrig	184
7.7	Konklusie ten opsigte van die onderrig in die sinagoge	187
7.8	Konkretiserende perspektiewe	188

HOOFSTUK 8 ONDERRIG IN DIE OUDERSHUIS AS GELOOFSOPVOEDING - NUWE TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE

8.1	Doel van die hoofstuk	190
8.2.	Motivering vir die keuse van Efesiërs as ondersoekmateriaal	190
8.3	Grondslag van die onderrig	192
8.4	Subjek van die onderrig	199
8.5	Die doel van die onderrig	201
8.6	Wyse van onderrig	210

8.7	Konklusie ten opsigte van die ouer se onderrig volgens die Nuwe Testament	212
8.8	Konkretiserende perspektiewe ten opsigte van die ouer se onderrig volgens die Nuwe Testament	213

HOOFSTUK 9 DIE ONDERRIG BINNE DIE GEMEENTE AS GELOOFSOPVOEDING - IN DIE LIG VAN DIE NUWE TESTAMENT

9.1	Doel van die hoofstuk	215
9.2	Die grondslag van die onderrig	215
9.3	Die subjek van die onderrig	222
9.4	Die doel van die onderrig	234
9.5	Die wyse van onderrig	240
9.6	Konklusie ten opsigte van die onderrig deur die gemeente	252
9.7	Konkretiserende perspektiewe	253

HOOFSTUK 10 KATEGESE EN GELOOFSOPVOEDING

10.1	Doel van die hoofstuk	255
10.2	Metode	255
10.3	Dimensies van geloofsopvoeding	255
10.4	Die grondslag van die onderrig	256
10.5	Die subjek van die onderrig	271
10.6	Doel van die onderrig	280
10.7	Wyse van onderrig	288
10.8	Praktiese toepassing van bogenoemde resultate op die kategese	294
10.9	Finale definisie van kategese	304
10.10	Finale afgrensing van kategese	305
10.11	Slotsom	306
10.12	Terreine vir verdere ondersoek	306
	SUMMARY	307
	BRONNELYS	309

INHOUDSOPGAWE IN BESONDERHEDE

HOOFSTUK 1 VERANTWOORDING

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN DOEL	1
1.3	BEGRIPSOMSKRYWING	2
1.4	AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID	3
1.4.1	LEEMTES IN DIE LITERATUUR.	3
1.4.1.1	Afrikaanse literatuur	3
1.4.1.2	Amerikaanse literatuur	7
1.4.1.3	Duitse literatuur	9
1.4.1.4	Nederlandse literatuur	12
1.4.1.5	Enkele leemtes van besondere belang vir hierdie studie	13
1.4.2	KONKLUSIE	22
1.5	BEGRENSING	22
1.6	STUDIEMETODE	23
1.7	HIPOTESE VAN HIERDIE STUDIE	24
1.8	VERLOOP VAN DIE STUDIE	24

HOOFSTUK 2 ONDERRIG IN DIE OUERHUIS AS GELOOFSOPVOEDING IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6

2.1	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	26
2.2	MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DEUTERONOMIUM AS ONDERSOEKMATERIAAL	26

2.3	MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DEUTERONOMIUM 6 AS ONDERSOEKMATERIAAL	27
2.3.1	ONDERRIGSITUASIES WORD VERONDERSTEL IN DEUTERONOMIUM 6	27
2.3.2	DIE STRUKTUUR VAN DEUTERONOMIUM SES BINNE DIE WYER STRUKTUUR VAN DEUTERONOMIUM AS MOTIVERING VIR DIE KEUSE	28
2.4	GRONDSLAG VAN OUERS SE ONDERRIG	30
2.4.1	DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN OUERS SE ONDERRIG	30
2.4.1.1	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE OUERS SE ONDERRIG	34
2.5	SUBJEK VAN DIE ONDERRIG IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6	35
2.5.1	GOD SE OPDRAG AAN OUERS OM AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG OP TE TREE AS DEEL VAN SY OPDRAG AAN DIE HELE VOLK.	35
2.5.2	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE OUER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	36
2.6	DOEL VAN DIE ONDERRIG IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6	37
2.6.1	BEGRIP VAN GOD SE GENADE AS DOEL VAN DIE OUERS SE ONDERRIG	37
2.6.2	DIE VREES VAN DIE HERE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	37
2.6.3	ANTWOORD OP GOD SE GENADE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	39
2.6.4	KENNIS WAT BEGELEI TOT LIEFDE EN VERTROUE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	42
2.6.5	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN ONDERRIG	44

2.7	DIE WYSE VAN ONDERRIG IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6	45
2.7.1	DIE ONDERRIG AAN KINDERS DEUR OUERS VIND PLAAS TYDENS HULLE SAAMLEEF MET MEKAAR - LEERGEMEENSKAP AS LEEFGEMEENSKAP	45
2.7.2	ONDERRIG DEUR HERHALING	47
2.7.3	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE WYSE VAN ONDERRIG DEUR DIE OUERS	48
2.8	KONKLUSIES TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG VAN DIE OUERS AAN HULLE KINDERS IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6	49
2.9	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE	50
 HOOFSTUK 3 DIE ONDERRIG VAN DIE PROFEET AS DEEL VAN GELOOFSOPVOEDING - VOLGENS DEUTERONOMIUM		
3.1	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	51
3.2	MOTIVERING VAN DEUTERONOMIUM AS ONDERSOEKMATERIAAL	51
3.3	DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	54
3.3.1	DIE PROFEET SE ONDERRIG RUS OP DIE VASTE GROND VAN GOD SE VERBONDSBELOFTE (VERBONDSONDERRIG)	54
3.3.1.1	Deuteronomium 1:8,34,35: God se trou en sy eis om geloof, as onderrig	55
3.3.1.2	Deuteronomium 7: God se unieke verhouding met sy volk as onderrig	55
3.3.1.3	Deuteronomium 9: God se genade en die verantwoordelikheid wat dit meebring, as onderrig	56
3.3.1.4	Deuteronomium 10: God se uitverkiesing as onderrig	56
3.3.1.5	Deuteronomium 11: God se seën en straf as onderrig	57

3.3.1.6	Deuteronomium 19: Ontvange genade, aansporing tot barmhartigheid - as onderrig	57
3.3.1.7	Deuteronomium 28: Verbondseëninge en vervloeking as onderrig	58
3.3.1.8	Deuteronomium 29: Verbondsluiting met elke individu as onderrig	58
3.3.1.9	Deuteronomium 30: God se wederbarende werking as onderrig	59
3.3.1.10	Deuteronomium 31: Aansporing tot geloofsdade as onderrig	59
3.3.1.11	Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van die grondslag van die profeet se onderrig	61
3.4	SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	61
3.4.1.	DIE PROFEET AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	61
3.4.1.1	Deuteronomium 5:1 - 6:1: Die profeet as tussenganger	61
3.4.1.2	Deuteronomium 18 God se aktuele Woord deur die Gees, as onderrig van die profeet	62
3.4.2	DIE PROFEET SE ONDERRIG WORD AANGEVUL DEUR DIE ONDERRIG VAN DIE OUIERS EN DIE VOLK	64
3.4.3	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY TEN OPSIGTE VAN DIE PROFEET AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	64
3.5	DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG	65
3.5.1	AANSPORING OM DIE GAWES VAN GOD IN BESIT TE NEEM AS DOEL VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG	65
3.5.2	BEGELEIDING OM GOD TE DIEN AS DOEL VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG	67
3.5.3	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG	69
3.6.	WYSE VAN ONDERRIG	70
3.6.1.	ONDERRIG IN DIE SAMEKOMS VAN DIE HELE VOLK	70
3.6.2	PROFEETIESE ONDERRIG AS AKTUELE PREDIKING	71

3.6.3	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG DEUR DIE PROFEET	75
3.7	KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG	76
3.8	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE	76

HOOFSTUK 4 DIE PRIESTER SE ONDERRIG AS GELOOFSOPVOEDING

4.1.	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	78
4.2.	METODE VAN NAVORSING IN DIE HOOFSTUK	78
4.3.	GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	78
4.3.1	GOD SE VERBOND AS GRONDSLAG	78
4.3.1.1	Eksodus 28 EN 32: Onderrig deur getrouheid aan God se verbond	78
4.3.1.2	NUMERI 1: Onderrig by wyse van taakvervulling	80
4.3.1.3	Deuteronomium 10:8: Onderrig deur middellaarswerk	81
4.3.1.4	Deuteronomium 33:9 Onderrig deur volharding in die geloof tydens versoekinge	82
4.3.1.5	Gesistematiseerde afleidings by die grondslag van die priester se onderrig	83
4.4	SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	83
4.4.1	PRIESTERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	83
4.4.2	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE PRIESTERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	85
4.5	DOEL VAN DIE ONDERRIG.	85
4.5.1	MOTIVERING VAN MALEAGI AS STUDIEMATERIAAL	85

4.5.2	BEGELEIDING TOT SEKERHEID VAN GOD SE VERBONDSLIEFDE EN UITVERKIESING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (1:2-5)	89
4.5.3.	BEGELEIDING OM GOD TE EER EN VREES AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (1:6-2:9)	89
4.5.3.1	PRAKTIESE BEGELEIDING OM AANVAARBARE OFFERS TE BRING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (1:6-14)	89
4.5.3.2	HOë AGTING VIR GOD SE SEën AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:1-4)	90
4.5.3.3.	TERUGKEER TOT GOD SE WEG AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:5-7)	91
4.5.4	DIE REGTE VERHOUDING TOT GOD IN DIE EREDIENS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:10-16)	93
4.5.5.	BEGELEIDING TOT 'N LEWE VOLGENS GOD SE WIL AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:17-3:5)	96
4.5.6	'N LEWE IN VERTROUE OP GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (3:6-12)	97
4.5.7	'N LEWE WAT SIGBAAR AAN GOD GEWY IS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (3:13-4:3)	98
4.5.8	ONDERRIG OM DIE WET IN VOLK EN PRIESTER SE GEDAGTES TE LAAT BLY (4:4)	99
4.5.9	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN DIE PRIESTER SE ONDERRIG	99
4.6	WYSE VAN ONDERRIG	100
4.6.1	DIE PRIESTERS ONDERRIG DEUR HULLE HANTERING VAN GOD SE DIENSWERK (Maleagi 1:6-14)	100
4.6.2	DIE PRIESTERS ONDERRIG DEUR DIE WYSE WAAROP HULLE MET GOD OMGAAN (Maleagi 2:1-4, 2:6, 2:17-3:5)	101
4.6.3	DIE PRIESTER GEE MONDELINGE ONDERRIG VAN GOD SE WIL (Maleagi 2:5-7)	101
4.6.4	DIE PRIESTER GEE MONDELINGE ONDERRIG VAN GOD SE WIL (Maleagi 2:5-7)	101
4.6.5	DIE PRIESTER GEE INDIVIDUELE ONDERRIG AAN LEDE VAN DIE VOLK WAT DIE TEMPEL BESOEK (Maleagi 2:10-16)	102
4.6.6	DIE PRIESTER ONDERRIG DEUR VERMANING TOT BEKERING (3:6-12)	102

4.6.7	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN DIE PRIESTER SE ONDERRIG	102
4.7	SLOTSOM	102
4.8	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE	103
 HOOFSTUK 5 ONDERRIG DEUR DIE ONDERHOUDING VAN DIE PASGA AS GELOOFSOPVOEDING VOLGENS EKSODUS 1-15		
5.1	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	105
5.2	DIE MOTIVERING VAN EKSODUS 1-15 AS ONDERSOEKMATERIAAL	106
5.3.	DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE PASGA	107
5.3.1.	DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	107
5.3.1.1	Eksodus 1:1-2:10 Onderrig deur die herdenking van God se getrouheid om sy volk te laat vermeerder ondanks lyding	108
5.3.1.2	Eksodus 2:11-25 God se aktiewe betrokkenheid by sy volk as onderrig	110
5.3.1.3	Eksodus 3:1-17 God se verbondenheid aan Israel, sy volk en hulle antwoord daarop, as onderrig	111
5.3.1.4	Eksodus 4:1-31 Onderrig deur God se eis tot geloofsgehoorsaamheid	114
5.3.1.5	Eksodus 6:2-8 : God se begeleiding van sy volk om te erken dat Hy die Here hulle God is, as onderrig	117
5.3.2	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	117
5.4.	SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	118
5.4.1	GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	118
5.4.2	DIE OUER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	120
5.4.3	DIE HELE VOLK AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	121

5.4.4	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	122
5.5	DIE DOEL VAN ONDERRIG AAN DIE KIND DEUR DIE VIERING VAN DIE PASGA	122
5.5.1	VERERING VAN DIE HERE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	122
5.5.2	DIE KIND SE DIENSBAAARHEID AAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG IS	123
5.5.3	HERBELWING VAN GOD SE VERLOSSINGSDADE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	125
5.5.4	GEHOORSAAMHEID AAN DIE WET VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	125
5.5.5	BEGRIP BY DIE KIND DAT HY AAN GOD BEHOORT MET ALLES WAT HY IS EN HET AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	126
5.5.6	BELEWING VAN DIE VREUGDE VAN DIE VERLOSSING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	128
5.5.7	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG	129
5.6.	DIE WYSE VAN ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE PASGA	129
5.6.1	ONDERRIG VIND PLAAS DEUR DEELNAME AAN DIE FEES	129
5.6.2	ONDERRIG DEUR VOORBEELD	130
5.6.3	MONDELINGE ONDERRIG	130
5.6.4	ONDERRIG DEUR SANG EN LIED (FEESVREUGDE)	130
5.6.5	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG	131
5.7	KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE PASGA	131
5.8	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE	132

HOOFSTUK 6: ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT AS VERBONDSOPVOEDING

6.1	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	134
6.2	METODE VAN NAVORSING	134
6.3	MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT	134
6.4	GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	136
6.4.1	GOD SE SKEPPINGSWERK AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	136
6.4.2	GOD SE VERBOND AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	142
6.4.2.1	Eksodus 20:8-11 Onderrig in die onderhouding van God se verbond	142
6.4.2.2	Deuteronomium 5:12-15: Sabbatsonderrig as herinnering	143
6.4.2.3	Eksodus 31:12-18: Onderrig deur die Sabbat as teken van die verbond	145
6.4.3	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	146
6.5	SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	148
6.5.1	GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	148
6.5.2	DIE OUERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	150
6.5.3	DIE HELE VOLK AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	151
6.5.4	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	154
6.6	DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG	154
6.6.1	DIE LOF VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	154
6.6.2	DIE ERKENNING VAN GOD SE HEERSKAPPY AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	156

6.6.3	'N LEWE VOLGENS GOD SE ORDE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	156
6.6.4	BEGRIP BY DIE KIND DAT HY DEEL HET AAN GOD SE VERLOSSINGSDADE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	158
6.6.5	BEGELEIDING TOT GETUIENIS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	159
6.6.6	BEGELEIDING TOT VOORTDURENDE VERBONDS- VERNUWING, AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	160
6.6.7	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG	160
6.7	DIE WYSE VAN ONDERRIG.	160
6.7.1	ONDERRIG VIND PLAAS DEUR DEELNAME AAN DIE VIERING VAN DIE SABBAT	160
6.7.2	ONDERRIG DEUR VOORBEELD	162
6.7.3	MONDELINGE ONDERRIG	162
6.7.4	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG	162
6.8	KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT	162
6.9	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE	163
 HOOFSTUK 7 ONDERRIG IN DIE SINAGOGE EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR DIE KATEGESE		
7.1	MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK	165
7.2	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	168
7.3	GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	168
7.3.1	DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VIR DIE ONDERRIG	168
7.4	SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	171
7.4.1	DIE PRIESTERS EN PROFETE AS SUBJEK VAN DIE	

7.4.2	DIE SKRIFGELEERDES AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	172
7.4.3	DIE VOLK AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	174
7.4.4	OUERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	174
7.4.5	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	176
7.5	DOEL VAN DIE ONDERRIG	177
7.5.1	DIENS AAN GOD MET 'N ONVERDEELDE HART AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	177
7.5.2	VERERING VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	178
7.5.3	KENNIS VAN DIE WOORD VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	178
7.5.4	DIE DOEN VAN DIE WET VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	179
7.5.5	HARTSVERANDERING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	181
7.5.6	GETUIENIS EN SENDING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	182
7.5.7	PERMANENT LEER AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	183
7.5.8	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN ONDERRIG	183
7.6	DIE WYSE VAN ONDERRIG	184
7.6.1	MONDELINGE ONDERRIG DEUR HERHALING	184
7.6.2	ONDERRIG DEUR VOORLESING EN VERKLARING IN DIE EREDIENS	185
7.6.3	INDIVIDUEEL EN GESAMENTLIK LEER	185
7.6.4	LEER DEUR IN DIE PRAKTYK TE BRING	186
7.6.5	ONDERRIG AS HULP IN DIE GELOWIGE SE EIE LEERPROSES	186
7.6.6	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG	187
7.7	KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG IN DIE SINAGOGE	187
7.8	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE	188

HOOFSTUK 8 ONDERRIG IN DIE OUERSHUIS AS GELOOFSOPVOEDING - NUWE TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE

8.1	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	190
8.2.	MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN EFESIËRS AS ONDERSOEKMATERIAAL	190
8.3	GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	192
8.3.1	DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	192
8.3.1.1	Efesiers 6:4 Onderrig deur navolging van God se troue verbondsorg	192
8.3.1.2	Efesiers 6:4b Opvoeding gegrond op God se tug en vermaning	196
8.3.1.3	Efesiërs 1:11 en 2:19-22 Die apostels en profete as grond van die onderrig	198
8.3.2	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	199
8.4	SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	199
8.4.1	DIE OUERS, DEEL VAN DIE VOLK VAN GOD, AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	199
8.4.2	DIE OUERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG VAN DIE OOMBLIK VAN BEVRUGTING AF	200
8.4.3	DIE HERE AS DIE PRIMERE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	201
8.4.4	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN ONDERRIG	201
8.5	DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG	201
8.5.1	GROEI AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	201
8.5.2	VESTIGING VAN DIE REGTE LEWENSWYSE AS DOEL VAN DIE OUER SE ONDERRIG	203
8.5.3	RYPHEID EN STANDVASTIGHEID AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	204
8.5.4	GROEI IN GUNS BY GOD EN DIE MENSE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	205

8.5.5	KENNIS VAN GOD SE RIGLYNE VIR 'N LEWE IN SY DIENS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	207
8.5.6	GELOOF AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	208
8.5.7	EER VAN OUIERS IN GEHOORSAAMHEID AAN DIE HERE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	208
8.5.8	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN ONDERRIG	209
8.6	WYSE VAN ONDERRIG	210
8.6.1	ONDERRIG DEUR LIEFDEVOLLE VERSORGING	210
8.6.2	ONDERRIG DEUR PRAKTIESE OEFENING	210
8.6.3	ONDERRIG DEUR PROBLEEMHANTERING	211
8.6.4	ONDERRIG DEUR TUG	211
8.6.5	ONDERRIG DEUR VOORBEELD	211
8.6.6	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG	212
8.7	KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE OUIER SE ONDERRIG VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT	212
8.8	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE OUIER SE ONDERRIG VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT	213

HOOFSTUK 9 DIE ONDERRIG BINNE DIE GEMEENTE AS GELOOFSOPVOEDING - IN DIE LIG VAN DIE NUWE TESTAMENT

9.1	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	215
9.2	DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	215
9.2.1	DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG	215
9.2.1.1	Johannes 1: Onderrig op grond van God se openbaring in die Seun ter vervulling van sy verbondsbeloftes	215
9.2.1.2	Efesiërs 6:1-3: Onderrig op grond van die Here se heilswerk	219

9.2.1.3	Onderrig op grond van Jesus se gesagsvolle en permanente teenwoordigheid	220
9.2.2	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE VERBOND AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	221
9.3	DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	222
9.3.1	DIE HEILIGE GEES AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	222
9.3.2	DIE AMPSDRAER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	223
9.3.2.1	Die apostels as subjek van die onderrig	224
9.3.2.1.1	Kennis en gehoorsaamheid as kenmerke van Israel en die dissipels	225
9.3.2.1.2	Eenheid met God as kenmerk van God se volk	225
9.3.2.1.3	God skep en rus sy volk toe	226
9.3.2.2	Die voorgangers in die gemeente as subjek van die onderrig	229
9.3.3	DIE GEMEENTE AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	231
9.3.4	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	233
9.4	DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG	234
9.4.1	DIE EER VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	234
9.4.2	DIE VERWERKLIKING VAN GOD SE BELOFTES IN DIE LEWE VAN DIE GEMEENTE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE PREDIKING	235
9.4.3	DIE ONDERRIG TOT 'N EERVOLLE LEWE (WAARDEUR ANDER ONDERRIG WORD) AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	237
9.4.4	ONDERLINGE SORG AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	238
9.4.5	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG	240
9.5	DIE WYSE VAN ONDERRIG	240
9.5.1	1 KORINTIERS 2: ONDERRIG DEUR DIE PREDIKING ONDER LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES	240
9.5.2	1 KORINTIERS 12: ONDERRIG DEUR SAAMWEES IN DIE EREDIENS	241

9.5.3	ONDERRIG DEUR HERINNERING	244
9.5.3.1	Herinnering is 'n noodsaaklike element in die wyse van onderrig aan gelowiges	245
9.5.3.2	Onderrig deur herbelewing van 'n vorige gebeurtenis	246
9.5.3.3	Onderrig deur konkrete toepassing van verworwe kennis	247
9.5.4	ONDERRIG DEUR VOORBEELD	248
9.5.5	ONDERRIG DEUR GEBED EN SANG	250
9.5.6	INDIVIDUALISERENDE ONDERRIG	251
9.5.7	GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG	251
9.6	KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE GEMEENTE	252
9.7	KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE	253
HOOFSTUK 10 KATEGESE EN GELOOFSOPVOEDING.		
10.1	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	255
10.2	METODE	255
10.3	DIMENSIES VAN GELOOFSOPVOEDING	255
10.4	DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	256
10.4.1	GRONDSLAG VAN DIE OUIERS SE ONDERRIG VOLGENS DIE OU EN NUWE TESTAMENT	256
10.4.2	GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR MENSE WAT 'N BESONDERE ROEPING VAN GOD ONTVANG HET OM TE ONDERRIG	256
10.4.2.1	Die onderrig van die profeet	256
10.4.2.2	Die onderrig van die priester	257
10.4.2.3	Die grondslag van die ampsdraer se onderrig volgens die Nuwe Testament	257

10.4.3	GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VOLK VAN GOD	258
10.4.4.	GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN HERINNERINGSGELEENTHEDE	258
10.4.5	PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN TOEPASLIKE LITERATUUR	259
10.4.6	FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG	264
10.4.7	TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE VERHOUDING KATEGESSE EN GELOOFSOPVOEDING	266
10.5	DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	271
10.5.1	GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	271
10.5.2	DIE OUER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	272
10.5.3	MENSE WAT 'N BESONDERE ROEPING VAN GOD ONTVANG HET OM TE ONDERRIG AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	272
10.5.4	DIE VOLK VAN GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	276
10.5.5	PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN TOEPASLIKE LITERATUUR	276
10.5.6	FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG	279
10.5.7	TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE VERHOUDING KATEGESSE EN GELOOFSOPVOEDING	280
10.6	DOEL VAN DIE ONDERRIG	280
10.6.1	DIE VERHEERLIKKING VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	281
10.6.2	DIE TOTSTANDKOMING, ONDERHOUDING EN GROEI VAN GOD SE VOLK AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	282
10.6.3	'N LEWE VOLGENS GOD SE ORDE SOOS VASGELEË IN SKEPPING EN WET TOT SEËN VAN DIE LAND, AS DOEL VAN DIE ONDERRIG	282
10.6.4	PERSOONLIKE GELOOFSGROEI BY DIE KIND AS DOEL VAN DIE KATEGESSE	283
10.6.5	PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN ANDER TOEPASLIKE LITERATUUR	283

10.6.6	FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN ONDERRIG	287
10.6.7	TOEPASSING OP VERHOUDING TUSSEN KATEGESSE EN GELOOFSOPVOEDING	288
10.7	WYSE VAN ONDERRIG	288
10.7.1	MONDELINGE ONDERRIG	288
10.7.2	ONDERRIG DEUR VOORBEELD	289
10.7.3	ONDERRIG DEUR DEELNAME	289
10.7.4	PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN ANDER LITERATUUR	290
10.7.5	FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE WYSE VAN ONDERRIG	293
10.7.6	TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE VERHOUDING KATEGESSE EN GELOOFSOPVOEDING	294
10.8	PRAKTIESE TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE KATEGESSE	294
10.8.1	GRONDSLAG VAN DIE KATEGESSE	295
10.8.2	SUBJEK VAN DIE KATEGESSE	296
10.8.3	DOEL VAN DIE KATEGESSE	298
10.8.4	DIE WYSE VAN ONDERRIG IN DIE KATEGESSE	299
10.9	FINALE DEFINISIE VAN KATEGESSE	304
10.10	FINALE AFGRENSING VAN KATEGESSE	305
10.11	SLOTSOM	306
10.12	TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK	306

HOOFSTUK 1 VERANTWOORDING

1.1 INLEIDING

Hierdie ondersoek na kategetiese en geloofsopvoeding word in hierdie hoofstuk na verskillende kante verantwoord. Die verantwoording geskied ten opsigte van probleemstelling en doel, terminologie, aktualiteit, noodsaaklikheid, begrensing en studiemetode.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Reeds uit 'n kursoriese ondersoek van die Woord van God is dit duidelik dat daar verskillende vorme van onderrig bestaan waardeur God sy kinders wil onderrig. Dit sluit onder andere die volgende in:

- God roep bepaalde dienaars om sy Woord te bedien waardeur die Heilige Gees die kerk vergader (2 Timoteus 2:2,15; Handeling 13:1-3).
- God roep elke gelowige om onderrig te gee (Hebreërs 5:12)
- sommige in die gemeente is in die besonder geroep om ander te onderrig tot opbou van die gemeente (Efesiërs 4:11)
- die gemeente moet in hulle samekomste mekaar onderrig (Kolossense 3:16, vergelyk ook 1 Timoteus 3:15,16 en Efesiërs 3:9,10)
- God lê op die ouers 'n besondere verantwoordelikheid om hulle kinders te onderrig (Deuteronomium 5,6).

Elkeen van hierdie vorme of dimensies van geloofsonderrig word, afsonderlik en gesamentlik, deur die Heilige Gees gebruik om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk tot eer van God.

Hierdie studie wil onder andere die plek en taak van die amptelike kategetiese onderrig binne die breëre geloofsopvoeding bepaal.

Bogenoemde probleemstelling stel onder andere die volgende vrae aan die orde:

- Watter vorme van geloofsopvoeding kan in hoofsaak onderskei word ? (Is bogenoemde lys dus volledig of is daar nog ander

- Wat is volgens die Woord die verhouding van die amptelike kategetiese tot die ander aspekte van geloofsopvoeding ?
- Omvat dit wat in die amptelike kategetiese onderrig kan word die totale inhoud van dit waarvan belydenis afgelê word, of moet die kategetiese doelbewus ook op ander wyses onderrig word voor hy die volle omvang van sy belydenis kan begryp ?
- Hoe word in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tans uitvoering aan hierdie opdrag van God gegee om op die verskillende wyses te onderrig ?
- Wat moet die verhouding tussen die amp van gelowige en die besondere ampte in die uitvoering van hierdie opdrag wees ?

Die doel van hierdie studie kan nou kernagtig soos volg omskryf word:

Hierdie studie wil vasstel wat die verskillende vorme van onderrig is waardeur God se volk die opdrag tot onderrig moet uitvoer en hoe die amptelike kategetiese onderrig met hierdie ander vorme van onderrig in verband staan. 'n Uiteindelijke doel van die studie is om te poog om uit die Woord van God riglyne vir die praktyk van die kategetiese te bied, sodat die kategetiese met ondersteuning van die ander vorme van onderrig uit God se Woord, des te beter in diens van die Heilige Gees kan staan.

1.3 BEGRIPSOMSKRYWING

Die volgende begrippe wat in hierdie studie gebruik word, vereis nadere omskrywing:

Die begrip geloofsopvoeding beskryf hier elke vorm van onderrig vanuit God se Woord waardeur die verbondskind begelei word tot die geloofskeuse en geloofsdaad om op grond van die verbond van God in noue persoonlike gemeenskap met God en die gemeente te leef. Hierdie begeleiding word gedoen in volkome afhanklikheid van die Heilige Gees tot opbou van die gemeente, sodat God se koninkryk kan kom tot sy eer en verheerliking.

Kategetiese onderrig/kategetiese is die amptelike onderrig uit God se Woord aan verbondskinders en mense wat uit die heidendom tot

geloof gekom het . Hierdie onderrig het ten doel om die katkisant te begelei tot geloofsmondigheid ('n lewe in noue gemeenskap met God en sy gemeente), sodat hy in opregtheid en met vrymoedigheid openlike belydenis van sy geloof in die gemeente kan doen. Die predikant is in die besonder geroep as herder en leraar van die gemeente om hierdie onderrig te gee.

Die begrip kerk dui hier die vergadering aan van almal wat deur die eeue dwarsoor die wêreld in Christus geglo het, sowel as die vergadering van gelowiges onder regering van 'n kerkraad, op 'n besondere plek rondom die suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug. Die plaaslike kerk is nie 'n ander kerk as die gelowiges oor die hele wêreld nie. Dit is die één onsigbare kerk wat plaaslik tot openbaring kom. In hierdie studie sal die begrip hoofsaaklik gebruik word om die kerk van Christus aan te dui soos dit op 'n bepaalde plek tot openbaring kom. Vir hierdie laaste betekenismoontlikheid is die begrip gemeente 'n sinoniem. Die kerk is dus 'n vergadering van mense (die liggaam van Christus) en nie 'n struktuur wat los van en bo die lede van die liggaam bestaan nie.

Die objek van die diakoniologiese vakke is die diakonia van Christus deur menslike diakoniae aan en deur sy liggaam.

1.4 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID

Die ondersoek na die plek van die amptelike kategetiese onderrig binne die geloofsopvoeding van verbondskinders, is aktueel onder andere op grond van die volgende:

1.4.1 LEEMTES IN LITERATUUR.

Daar bestaan leemtes in die besinning oor hierdie onderwerp in die literatuur. Verdere navorsing in hierdie verband is daarom aktueel en noodsaaklik. Besondere leemtes sal nou aangetoon word.

1.4.1.1 Afrikaanse literatuur

Saunderson handel in sy proefskrif (1983) oor 'n onderwerp wat baie nou by die onderwerp van dié voorgenome studie aansluit. Die onderwerp vir sy studie is "Die individueel- korporatiewe

karakter van die kategeese". Die fokuspunt van sy studie is egter op die metode van onderrig, naamlik dat die onderrig sowel aan individue as groepe gegee word om hulle toe te rus, sowel tot individuele dienswerk as tot dienswerk in die gemeente. Hy maak nie in sy studie 'n onderskeid tussen die verskillende moontlike vorme van onderrig uit die Woord van God nie. Saunderson volg ook 'n oorsigtelike eksegetiese metode waarin hoofsaaklik na besondere Skrifgedeeltes verwys word.

Putter (1984) handel in sy proefskrif oor die vereistes vir en toerusting van kategete. Putter toon baie duidelik uit die Ou Testament (1984:21-26) en uit die Nuwe Testament (1984:35-49) aan dat die onderrig nie op 'n enkelvoudige wyse gegee is nie. Die onderrig van God self, die priester, die profeet en die ouer was aanvullend tot mekaar en het gesamentlik daartoe gedien om die kind te lei op God se (verbonds)weg met sy volk. Wanneer Putter egter daartoe oorgaan om 'n stelsel vir kategetetoerusting te beskryf (1984:135), beperk hy dit tot die "toerusting van die hulpkategete in die amptelike kategeseskool in die gemeentes".

Putter (1984) aanvaar sonder genoegsame motivering dat nie nêr die predikant as kateget moet optree nie. Die verhouding tussen die onderrig van die predikant en dié van die ander gemeentelêde en ouers word nie deur hom behandel nie. Die benaming "hulpkateget" verdien ook nadere besinning.

Olivier (1982) handel oor die betrokkeheid van die ouer by die kategeese. Sy oplossing van die probleem is egter beperk tot die wyses waarop ouers aangespoor kan word om betrokke te raak by die kategeese. Sy studie handel dus oor net een van die fasette van onderrig uit God se Woord in verhouding tot die formele kategeese.

Snyman (1987) bespreek prinsipiële riglyne vir 'n kategismus vir die belydenisklas. Die sentrale plek van die volk van God wat deur Snyman aangetoon word, is vir hierdie studie van belang:

- In sy bespreking toon hy aan dat 'n kategismus vir die belydenisklas aan die prinsipiële riglyn moet voldoen, dat dit

getrou aan die kerk moet wees. Hiermee bedoel hy dat die besondere omstandighede en samestelling van die plaaslike gemeente in ag geneem behoort te word (1984:340-415).

- Snyman toon ook aan dat die kind in die Ou Testamentiese onderrig ingewy moes word in die weg van God met sy volk (1984:341).

- In sy konseptontwerp van 'n kategismus gaan hy uit van die genadeverbond van God en hy dui die konsekwensies van die verbond vir God se volk aan (1984:454-461).

Snyman gee egter nie eksplisiet aandag aan die wyse waarop die kennis so aan die kind onderrig kan word, dat hy ook begelei word om homself deel te voel van die weg van God met sy volk nie.

Prins het reeds in verskeie artikels belangrike aksente gelê waarop hierdie studie kan voortbou:

In 1975 handel hy in 'n kort artikel oor die onderwerp van hierdie studie, maar kan uiteraard in die bestek van 'n artikel nie omlynde oplossings aanbied nie. In 1990 handel hy in 'n artikel getiteld "Geïsoleerde onderrig - die dilemma van die kategese" oor die probleem, dat daar tans in die kategetiese onderrig van die NG-Kerk waarskynlik eensydig klem gelê word op die kognitiewe aspek van onderrig. Hy sê dat dit in die "kerklike onderrig" om veel meer as kennisoordrag gaan.

Kennisoordrag is egter 'n noodsaaklike deel van die groter geheel en mag nie nagelaat word nie. Hy vra die vraag of die opdrag van die amptelike kategese nie te wyd word wanneer daarvan verwag word om ook die "doen" daar te voltrek nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat amptelike kategese ingebed moet lê in en interafhanklik is van die onderrig wat in die ouerhuis en in die gemeente aan die kind gegee word.

Verdere studie is nodig om vanuit die Skrif te bepaal wat die verhouding tussen onderrig in die ouerhuis, gemeente en amptelike kategese behoort te wees.

In 1991 handel hy oor sosialisering as middel waardeur geloofsoordrag in die kategese kan plaasvind. Hy kom tot die gevolgtrekking dat onderrig nie in sosialisering mag opgaan nie, maar dat onderrig op die kognitiewe vlak ook noodsaaklik is. Weereens kom die vraag na vore of dit prakties haalbaar is om

beide die gemeenskapsaspek en die kognitiewe dimensie van die onderrig in die amptelike kategeese te verwesenlik. In 1993 kom hy (Prins, 1993:85) tot 'n baie belangrike standpuntinname naamlik "dat die kategeese 'n onderrigaktiwiteit is wat op die persoonlike geloofsvorming van die dooplidmaat gerig is, maar ook in verband staan met die voortdra van die leer van die kerk en die opbou van die kerk". Hierdie standpunt van Prins moet verder ondersoek en beoordeel word. Lê die uniekheid van die amptelike kategeese, in onderskeid met die ander vorme van geloofsopvoeding, in die klem op kennisoordrag tot vorming en bewaring van die kerk van Christus ?

Viljoen (1985:242) verwys kortliks na die vereiste vir kategetiese leerstof en stel dat die leerstof "kerkgetrou" moet wees. Met kerkgetrou bedoel hy dat die katkisant begelei moet word om in sy eie gemeente diensbaar te wees aangesien kategeese nie kerklos of "interkerklik" is nie. Viljoen verwys dus hier na 'n baie belangrike vereiste wat in hierdie studie verder ondersoek en uitgebou moet word.

Spoelstra (1990 I:21-26) onderskei die amptelike kategeese van die sogenaamde huis- en skoolkatkisasie. Hy wys op sowel die noue verbondenheid van die verskillende vorme van onderrig as die onderskeid daartussen:

Wat die verbondenheid van die verskillende vorme betref, toon hy aan (1990:32) dat die "evangelieonderrig wat selfs van elke gelowige behoort uit te gaan", van die amptelike kategetiese onderrig onderskei, maar nie geskei word nie en dat gedurende die eeue waarin spontane uitbreiding van die kerk plaasgevind het, "voorbereidende kategeese nie uitsluitlik aan amptelike leraars opgedra" (Spoelstra II:1990) is nie.

Vir Spoelstra (1990 I:66) lê die onderskeid tussen verskillende vorme van onderrig in die besondere doel van elke vorm van onderrig. Die verskillende vorme van onderrig word egter gebind deur die "allesbeheersende doel van elke vorm van Woordverkondiging 'sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus.'". Die slotsom waartoe Spoelstra ten opsigte van die onderskeid tussen die amptelike kategeese en ander vorme van onderrig kom, verg egter nadere besinning. Kan dit werklik

uit die Woord van God gehandhaaf word dat "kategeese die enigste vorm van Woordverkondiging is wat bediening (begeleiding) tot 'n welbewuste keuse en selfstandige verantwoordelike belydenis van die christelike geloof op die oog het" (Spoelstra 1990 I:73) ? En dat die opvoeding van die ouers 'n "meer algemene kulturele en religieuse opvoeding" is in onderskeiding van die amptelike kategeese wat die katkisant wil "laat bely dat God met hom 'n verbond aangegaan het" (Spoelstra II:43) ? Lê die gemeenskaplike van die onderrig van ouers en die amptelike kategeet dan nie juis daarin dat die kind begelei word tot die keuse om sy voet, as navolger van Jesus Christus, op die pad van die verbond te plaas en so mee te werk aan die koms van die Koninkryk van God nie ? Moet die onderskeid tussen die verskillende vorme van onderrig uit die Woord (geloofsopvoeding) gesoek word in die doel van elke vorm of word op verskillende wyses na dieselfde doel beweeg ?

Kilian (1992) behandel die saak van die verskillende dimensies van onderrig in sy proefskrif. Hy toon die belang van die bydrae van elke dimensie van onderrig. Hy neem egter nie konsekwent sy vertrekpunt uit die Skrif, om so by die praktyk te kom nie. Hy stem sy navorsing ook af op die beslissingsmoment by belydenisaflegging (Kilian, 1992:8) en die studie is daarom gerig op seniorkategeese (Kilian, 1992:19,22)..

1.4.1.2 Amerikaanse literatuur

Muirhead (1965) bied in 'n deeglike studie van die onderrig in die Nuwe Testament waardevolle stof vir die ondersoek na die plek van die kategeese in die geloofsopvoeding van die verbondskind. Hy toon baie duidelik aan dat die onderrig net so 'n wesenlike deel van die lewe van die hele christelike gemeenskap was as hulle geloof, aanbidding en diakonia. Hy beklemtoon dat enige bestudering van kategeese hierdie eenheid tussen onderrig en die ander dimensies van die christelike lewe in die gemeente in ag moet neem (1965:78). Muirhead se studie volstaan egter by die eksegetiese resultate en spreek nie die hedendaagse praktyk van die kategeese aan nie.

Ook Adams (1977) verklaar dat die doel van sy studie die

ondersoek na die rol van die onderrig in die ontwikkelende kerk is en nie om praktiese riglyne vir die kategeese te bied nie. Hy wil alleen die vraag beantwoord of onderrig primêr of sekondêr in die lewe van die vroeë kerk was.

Smart (1954) en Glen (1960) is in hulle werke aan die ander kant daarop ingestel om praktiese riglyne vir die hedendaagse onderrig te verskaf, maar hulle begrond hulle konklusies deur slegs oorsigtelik na Skrifgedeeltes te verwys. Hierdie studie beklemtoon die noodsaak van meer diepgaande Skrifondersoek oor die onderrig.

Neff (1991:162-177) beklemtoon die belang van kommunikasie tussen die een wat onderrig gee en die leerling. Hy wys daarop dat die doel van onderrig uiteindelik is om kommunikasie tussen die leerling en God te bevorder. Kommunikasie bestaan sowel uit 'n informasie- as uit 'n verhoudingsaspek. Hy maak die onderskeid tussen komplementêre verhoudings en simmetriese verhoudings. In 'n komplementêre verhouding is daar 'n uitdeler en 'n ontvanger - die dokter gee sy diagnose en die pasiënt ontvang dit, die baas gee die opdrag en die werker ontvang dit. In die simmetriese verhouding verkeer die deelnemers op gelyke vlak en dra elkeen iets by tot die verhouding - soos 'n man en vrou wat mekaar aanvul in die huwelik. Soos 'n kind groter word, moet die verhouding van die een wat hom onderrig groei van komplementêr tot simmetries. Die taak van die kategeese is onder andere om die kommunikasie tussen ouer en kind te laat groei. Ouer en kind moet toegerus en begelei word om met mekaar te kommunikeer. Die aktiwiteite van die gemeente moet nie kommunikasie tussen ouer en kind hinder deur hulle van mekaar te skei nie. Gesamentlike betrokkenheid van ouer en kind by onderrig kan hulle daartoe bring om van mekaar te leer.

Vrae wat deur Neff (1991) se standpunt opgeroep word en in hierdie studie beantwoord moet word, is onder andere: Wat moet die ouer se betrokkenheid by die kategeese wees, slegs voorbereidend of ook betrokkenheid by die onderrig self? Op watter wyse moet die onderriggeleentheid ingerig word sodat die korrekte balans tussen die komplementêre verhouding en die

simmetriese verhouding gehandhaaf kan word ?

1.4.1.3 Duitse literatuur

Waldenfels (1985) bied 'n uitvoerige en indringende studie oor die onderwerp "In der Gemeinschaft der Kirche" (1985:289-402) waarin hy ook ingaan op die "Gemeinschaft auf dem Weg" (1985:351-353) en die "Wahrheitgemeinschaft" (1985:354-360). Sy onderwerp handel dus duidelik oor die problematiek van hierdie studie. Waldenfels benader hierdie onderwerp egter nie vanuit die hoek van die kategetiek soos met hierdie studie beoog word nie.

Halbfas (1969:152 e.v) handel oor wat hy noem "Liturgieonderricht". Die belangrikste doel van onderrig in die liturgie is om die kind te oefen in die erediens van die gemeente. Die kind moet:

- "1. Een bepaalde woordentaal horen en verstaan;
2. Een bepaalde symbooltaal begripen en spreken;
3. Deelnemen aan en zich opgenomen voelen in een biddende en vierende gemeenskap"

Dit is nie onderrig in 'n bepaalde leerstelling nie, maar die oefen van kinders tot aktiewe deelname aan die liturgiese handeling deur allerlei aktiwiteite. Daar kan wel mondelinge toeligting wees oor die betekenis van die handeling, maar die deelname bly die primêre onderrigmedium. "Het didaktiese trefwoord luidt dus niet langer uitleg, maar OEFENING" (Halbfas, 1969:153).

Halbfas (1969) bring hier 'n baie belangrike dimensie van geloofsopvoeding ter sprake wat verdere ondersoek regverdig in die lyn van die volgende vrae: Is onderrig in die liturgie deel van kategeese ? Hoe moet hierdie onderrig in die praktyk implementeer word ?

Nipkow (1990) lewer waardevolle insette vir hierdie studie. Dit blyk duidelik uit sy behandeling van die belang van die familie vir die onderrig van die kind. Hy (Nipkow,1990:270) sê 'n kind

ontvang nie net onderrig in die inhoud van die leerstof nie, maar hy leer ook begryp watter betekenis die leerstof vir die een wat hom onderrig het, of nie het nie. Hierin lê die betekenis van die familie, hier kan hy die betekenis van die onderrigstof leer insien. Die ouers het die belangrikste invloed op die kind. Die kind neem uiteindelik dit wat vir die ouer betekenis het, oor as sy eie. Hierdie oornome vind des te makliker plaas wanneer daar noue kontak tussen ouer en kind is. Die verhouding tussen die onderrig van die ouer en dié wat die kind in die gemeente ontvang, druk Nipkow (1990:271) soos volg uit: "Die Bedeutung der Familienerziehung für die Kirche wird zweitens sozialisationstheoretisch daran sichtbar, dass der Gesamtprozess der gesellschaftlichen Reproduktion ohne seine biologische Grundlage in der Zeugung und Aufzucht der Kinder nicht zu denken ist. Die Kirche ist auf die familie angewiesen...". Nipkow begrond egter nie sy waarneminge genoegsaam in die Skrif nie.

Adam en Lachmann (1987:27) sê dat alle funksies van die gemeente wat te doen het met die interpretasie van die Bybelse getuienis, byvoorbeeld: prediking, pastoraat en kategeese, fasette en aspekte van een en dieselfde proses is. Hulle wil al hierdie fasette onder die noemer "Kommunikation des Evangeliums" saambring. Hiermee spreek hulle die onderwerp van hierdie studie direk aan.

Dit is duidelik dat daar in die Duitse literatuur 'n bewustheid bestaan van die verskeidenheid van dimensies van onderrig aan die kind, maar ook dat daarin 'n besondere samebindende faktor is. In hierdie studie sal gepoog word om sowel die onderskeid as die eenheid van die verskillende dimensies te bepaal op grond van riglyne uit die Woord van God.

Henkys (1987:88-90) teken drie ontwikkelingstadia in die kategeese:

- "Die Entschulung der Katechese" : Kategeese word aan die gemeente teruggegee deur die skool. Die gemeente moet die kind begelei tot die gebruik van die sakramente. Bo en behalwe die amptelike betrokkenheid by die kategeese, moet ander volwasse

Christene ook betrokke raak by die onderrig.

- "Die Entpädagogisierung der Katechese" : Kategese moet "Katechese für die Gemeinde" wees. Dit beteken dat nie net kinders kategetiese onderrig moet ontvang nie, maar óók volwasse (belydende) lidmate. Hierdie kategese kan ook geloofsbegeleiding vir volwassenes genoem word, waarin die vrae ten opsigte van byvoorbeeld: werksetiek, huweliksprobleme en die generasiegaping aangespreek word.

- "Die Entklerikalisierung der Katechese" Hierdie fase van ontwikkeling kan as "Katechese der Gemeinde" gekarakteriseer word. Die gemeente moet subjek van die kategese word. Elke gelowige moet verantwoordelikheid neem vir die kategese. Die bewustheid moet onder die gemeente ontstaan dat hulle verantwoordelik is vir die geloof van die kinders. Die gemeente is nou subjek van die onderrig in tweërlei sin. Hulle is in die eerste plek self "lebendige Katechese", "Schaufenster Gottes", "Buch das die Menschen zuerst lesen". Die lewende gemeente is die eintlike skool van die gelowiges. In die tweede plek gee hulle kategetiese onderrig aan kinders. Die verhouding tussen die onderrig deur voorbeeld en die onderrig in die gemeente word soos volg uitgedruk. In die kategetiese onderrig moet "die in der Gemeinde gewonnenen Erfahrungen interpretieren und vertiefen".

Die subjek, objek en wyse van onderrig word hier baie pertinent aangespreek. Ook die verhouding tussen twee van die dimensies van geloofsopvoeding. Henkys bied egter geen nadere Skrifgronde aan vir sy bevindinge nie. Vrae wat onder andere beantwoord sal moet word, is: Moet die onderrig aan belydende lidmate as "kategese" beskryf word, sodat die onderskeid van onderrig aan onvolwasse gelowiges (dooplidmate) en die aan volwassenes (belydende lidmate) verval? Is die onderrig deur voorbeeld ook kategese of is dit juis noodsaaklik om hierdie wyse van onderrig met 'n ander begrip te benoem sodat die onderskeid duidelik sal wees? Hoe ver strek die verantwoordelikheid van die gemeente ten opsigte van die kategese, moet hulle dit self waarneem of net sorg dat dit gedoen word en dan deur iemand wat bekwaam en geroep is om onderrig te gee?

1.4.1.4 Nederlandse literatuur

Schippers (1977:12) toon duidelik aan dat die kategetiese praktyk onmiddellik na die reformasie versmal is tot 'n deel van die gemeente. Hierteenoor stel hy dat die leerproses baie veelsydig is en langs verskillende weë voltrek word, maar dat dit altyd saamhang met gemeente-wees. Schippers bespreek in sy werk egter nie die verskillende weë waarop die leerproses vir die verbondskind voltrek word nie. In 'n latere artikel (1982) bespreek hy twee grondmodelle vir die kerk. Hy sê die kerk was altyd versorgingskerk op grond van die pastorale grondmodel. In die pastorale grondmodel word die gemeente versorg deur die pastor, hy is alleen verantwoordelik vir hulle versorging. Volgens hierdie model moet daar op elke plek 'n pastor verskaf word om die kudde nie onversorg te laat nie (1982:115,116). As alternatief vir die pastorale grondmodel stel hy die "laïcale" grondmodel voor. Dit wat in die amptelike diens opgesluit was, moet bewustelik "ontdooi" word en aan die gemeentede oorgedra word (1982:221) sodat deelname deur die gemeente gestimuleer word en die gemeente mekaar versorg. Die plek van die besondere ampte is dan geleë in die leiding wat hulle aan die gemeente moet verskaf. Hierin bied Schippers waardevolle navorsingstof vir hierdie studie, hierdie inligting sal egter aan die Skrif getoets en daarna, indien moontlik, op die kategetiese toegepas moet word.

Bakker (1977) bespreek die gemeente se diensbaarheid in die begeleiding van mense om God se heil te vind, hy verwys egter nie spesifiek na die plek van die kategetiese hierin nie.

Klijn en Kuylenberg (1980) beskryf die doel en wyse waarop huiskategetiese in 'n besondere gemeente begin is, maar motiveer nie grondig waarom die kategetiese in die hande van die gemeente gegee moet word nie (1980:254).

Dingemans (1980) kom in sy artikel tot die gevolgtrekking dat die besinning oor die betrokkenheid van vrywilligers by die kategetiese vra vir "een nieuwe doordenking van de verhouding tussen ambt en gemeentelid"(1980:250). Hy gaan egter nie self op hierdie problematiek in nie.

Lalleman en Schippers (1985) trek waardevolle riglyne met die oog op gemeentebetrokkenheid by die kategeese vanuit die situasie in die eerste Christengemeentes (1985:58-62). Hierdie begroning is egter baie kort en word gedoen slegs deur na enkele Skrifgedeeltes te verwys sonder dat indringende eksegeese weergegee word.

1.4.1.5 Enkele leemtes van besondere belang vir hierdie studie

Naas hierdie meer algemene oorsig oor leemtes in toepaslike literatuur is dit nodig om nou enkele meer spesifieke leemtes wat direk van toepassing vir ons ondersoek is, uit te lig, te omlin en te dokumenteer.

- Die betrokkenheid van die gemeente by geloofsonderrig word wyd in die literatuur bespreek en voorgestaan sonder nadere Skriftuurlike fundering.

Lalleman (1985:18) wys op die noodsaaklikheid daarvan dat daar 'n verbinding "geschapen" word tussen wat hy noem kerugmatiese, diakonale en liturgiese kategeese. Hierdie verbinding kan volgens hom gelê word deur gesinskategeese en huiskategeese. Gesinskategeese is volgens hom die onderrig van ouers aan kinders en huiskategeese is die onderrig van gemeentelêde aan kinders aan huis (1985:68). Deur die huiskategeese moet die gemeenskap van die geloof vrugbaar gemaak word vir die leerproses in die gemeente want geloofsgemeenskap is "de eigenlijke draagster van die catechese" (1985:92). Die vraag ontstaan of die begrip kategeese sonder meer op al hierdie vorme van onderrig toegepas kan word (vgl. Spoelstra 1990 I:23,24).

Lallemans en Schippers (1985) staan dit voor dat die kategeese by die kerk deur die predikant vervang moet word deur die huiskategeese. Voorgangers by die huiskategeese moet deur die predikant toegerus word vir hierdie dienswerk (vergelyk ook Dingemans, 1980:247). Hulle bied egter geen Bybelse grond waarop hulle die predikant van sy kategetiese dienswerk ontnem nie.

Dingemans (1975:132) sê onderrig veronderstel 'n gemeente wat die erediens vier, die onderlinge gemeenskap beoefen en dienend in die wêreld staan. Onderrig is uitleg van en inwyding in gebeure waarvan die gemeente die draer is. "Als er geen gemeente (meer) is, is er ook geen kerkelijk onderricht mogelijk. Men kan het ook anders zeggen: als kerkelijk onderricht niet kan verwijzen naar een werkelijkheid, die de leerlingen kennen uit het vieren en handelen van de gemeente, word het droogzwemmerij". Omdat kategetiese inwyding is in die gemeente en nie alleen "training van het gedeelte boven de ogen" (Dingemans, 1980:246) kan gemeentelêde aanvullend besig wees naas die werk van die predikant. Dingemans wil hier dus nog nie die predikant werkloos maak nie, maar toon die belang van gemeentebetrokkenheid aan. Laasgenoemde feit vra dat opnuut besin sal moet word oor die verhouding tussen dienswerk van besondere amp in die onderrig van die kind en dié van elke gemeentelid (1980:250).

Bakker (1977:53) beklemtoon dat God dit aan die gemeente opdra om die verhaal van sy genade oor te dra. Alleen wanneer die gemeente getrou is aan hierdie roeping, beantwoord hy aan sy doel. Die gemeente is die "vindplaats van heil". Onderrig kan dus nooit losstaan van die totale gemeentelêwe nie. Hierby sluit Klijn (1980:253,254) aan as hy sê dat die doel en vormgewing van die kategetiese 'n onderdeel is van die doel en vormgewing van die gemeente en dat daar gesoek moet word na 'n vorm om die kategetiese weer in die hande van die gemeente te gee. Klijn vind die oplossing hiervoor ook in die huiskatkinsasie wat deur gemeentelêde waargeneem word. Hierdie keuse, ten gunste van kategetiese deur die gemeente ten koste van die amptelike kategetiese, word egter onbegronde gemaak.

Schippers (1977) skryf oor die gemeente as leergemeenskap. Hierin betoog hy (1977:4) dat die onderrig nie net in "de leerhoek" moet plaasvind nie, maar dat oud en jonk leerlinge van Jesus Christus moet wees binne die egte gemeenskap van gelowiges (1977:6). Die leerproses van die mens is baie veelsydig maar dit is gewoonlik leer in gemeenskap van medeleerlinge en dus in direkte samehang met gemeentewees (1977:9).

Vossen (1989:15) beklemtoon die belangrikheid van die huisgesin in die stimulering van die geloofsgroei in 'n kind. Op grond van verskillende ondersoeke deur middel van vraelyste kom hy egter ook tot die gevolgtrekking "dat geloofsopvoeding in het gezin niet goed kan zonder verbinding met een institutionele geloofsgemeenschap" (1989:18). Meelewing in die gemeente is 'n onontbeerlike vereiste vir die geloofsgroei van die kind. Hiermee toon Vossen dus die noue band wat daar bestaan tussen die onderrig deur ouers, die onderrig wat die kind ontvang deur met die gemeente mee te leef en die formele, amptelike kategetiese onderrig. In 'n ander artikel (Vossen, 1989:103) stel hy dat sy empiriese ondersoek die hipotese bevestig dat religieuse ontwikkeling alleen aangetref word waar religieuse sosialisasie plaasvind.

Ook Getz (1969:117) toon die noodsaak van 'n noue band tussen die formele kategetiese onderrig en die gemeentelêre aan wanneer hy sê dat gelowiges nie los van mekaar in hulle geloof kan groei nie en dat die begrippe vir onderrig in die Nuwe Testament in die meeste gevalle in samehang met die handelende liggaam gebruik word.

Muirhead (1965:48) kom vanuit sy navorsing oor die onderrig in die Nuwe Testament (een en twee Tessalonisense en die pastorale briewe), tot die gevolgtrekking dat onderrig in die sentrum van aktiwiteite van God se volk gestaan het en ten alle tye deel van die lewende kerk se lewe was. Die doel van die onderrig was nie om iemand te leer hoe hy op sy eie 'n goeie lewe kan lei nie, maar eerder "This is the conduct appropriate to God's spiritual community" (Selwyn, 1949:374).

Adams (1977:2) sê dat ten spyte van die klem wat daar op onderrig geplaas word deur die kerk, die onderrig tog 'n minderwaardige plek in die gemeentelêre ontvang. Die eindresultaat daarvan dat die onderrig 'n ondergeskikte plek beklee "is the false separation of the sanctuary from the classroom, of preaching from teaching, of Christian 'education' from Christian theology, of grace from truth".

Andree en Steegman (1992) beskryf die geskiedenis van die kategeese aan die hand van verskillende begrippe wat oor die jare gebruik is om die onderrig van kinders aan te dui. Hulle bespreek aanvanklik die begrip "godsdiensstige" opvoeding.

Hierin was die doel om die kind vertrouwd te maak met 'n bepaalde godsdiensstige tradisie. Die kind moes die leer en rites van die tradisie ken en sy eie maak. Die onderrig was onderrig in die "leer van die kerk" en nie sterk afgestem op Bybelstudie nie.

Kategeese wou die kind aan 'n bepaalde kerk en sy tradisie bind (Andree en Steegman, 1992:522-524). Hierby sluit die begrip geloofsoordrag aan, wat uiteindelik die oordra van sekere (godsdiensstige)oortuigings aan die kind op die oog het, dit word dan kultuuroordrag sonder noodwendige binding aan God, God se volk, en die middele wat Hy gegee het tot groei van die geloof.

Andree en Steegman (1992:524) kies vir die begrip geloofsopvoeding. Hierin beklemtoon hulle die belangrikheid van interpersoonlike verhoudinge en bindinge. Die kind kan alleen vanuit 'n vertrouensbinding met sy ouers die selfstandigheid ontwikkel om verder te leer op ander plekke. Ouers moet die fondament lê en die geborgenheid skep vir die onderrig van die kind. Wanneer hulle praat oor die onderrig in die gemeente, beklemtoon hulle dat die "beginsituasie" van die leerling, dit is die vrae wat in die kind leef, die onderrigstof moet bepaal. Hiervoor is dit nodig dat leerling en leermeester saam moet leer, hulle moet saam opweg wees na die antwoorde (Andree en Steegman, 1992:527,532). Hierdie wyse van onderrig staan teenoor "de geloofsoverdracht in de vorm van een eigen leerpakket" soos byvoorbeeld in die Heidelbergse Kategismus gevind word. Dit staan teenoor die sogenaamde "Catechismuscatechese waarbij het na verloop van tijd niet zozeer meer om de bijbel maar om de leer van de kerk ging".

Die antwoord vir suksesvolle kategeese lê volgens Andree en Steegman (1992:532-533) hoofsaaklik by die aanpassing van inhoud en wyse van onderrig by die kind, sodat die gesprek met die kind weer aan die gang gekry kan word.

Daar sal dus indringend in hierdie studie gekyk moet word ook na die plek wat die oordra van kennis (van Woord en belydenis) moet inneem. Wat is die vertekpunt van die kategeese, die mens of

God se Woord - en watter rol speel die kind se lewensituasie, sy vrae en probleme in die wyse waarop die kategeese aangebied moet word.

Die vrae wat deur bogenoemde standpunte na vore gebring word, is:

- Het die kategeese deur die predikant 'n plek in die onderrig van die kind ?
- moet die kategeese ten volle aan die gemeente oorgedra word, of
- staan die onderrig deur die gemeente aanvullend tot die van die predikant ?
- indien die onderrig deur die gemeente aanvullend staan tot die van die predikant wat is die band tussen hierdie twee wyses van onderrig ?
- moet die benaming "kategeese" nie uitsluitlik vir formele, kerklike onderrig met die oog op belydenis, gebruik word nie ?

Ander fasette van geloofsopvoeding moet dan volgens hulle besondere karakter benoem word.

Hierdie studie wil dan onder andere die verskillende standpunte oor bogenoemde toets aan die Skrifbeginsels om uiteindelik te kom tot 'n verantwoorde, Skrifgefundeerde standpunt oor die plek en taak van die amptelike kategeese in die onderrig van die verbondskind. Nadere Skriftuurlike fundering sal gebied word vir die ontwerp van 'n basisteorie met die oog op toetsing van die kerklike praxis in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

- Die meerdimensionele karakter van die onderrig aan die verbondskind en die noodsaaklike verbinding tussen die verskillende dimensies verg nadere wetenskaplike besinning.

Verboom (1987) stel dit duidelik dat in die Reformasie die eenheid en onderskeid tussen die verskillende fasette van die onderrig uit God se Woord aan die verbondskind in die Reformasie eerbiedig is (Verboom 1987:330). Hy toon aan dat die onregmatige skeiding van sommige van hierdie fasette gelei het tot dwaling tydens die nadere Reformasie (Verboom 1987:332 e.v.). Sowel Calvyn as Zwingli en Bucer het die verbond as die

vertrekpunt van alle onderrig uit God se Woord gesien (Verboom 1987:32,54,329). Vanuit hierdie vertrekpunt het die volgende konsekwensies vir die kategetiese voortgevoel (Verboom 1987:329 e.v.):

- Die katekisant is gesien as deel van die verbondsgemeente.
- Binne die kader van die verbondsgemeente is daar tegelyk ook 'n gerigtheid op die individuele katekisant. Tussen die verbondsgemeente en die uitverkiesing bestaan 'n spanningsvolle verbondenheid. Hierdie spanningsvolle verbondenheid is daarin geleë dat daar kinders is wat wel deel is van die verbondsgemeente, maar wat uiteindelik die verbondsbeloofte verwerp en met hulle lewe toon dat hulle nie uitverkies is nie. Die katekisant moet begelei word tot die belydenis dat hy 'n lewende lid van die gemeente is, wat God in Christus tot die ewige lewe uitverkies het.
- Kennis wat in die kategetiese oorgedra word, is nooit suiwer intellektuele kennis nie. Kategetiese moet geloofskennis bybring, die katekisant word begelei om die genade van God in sy verbond sy eie te maak. Geloofsbelydenis is dus belydenis dat jy die kennis jou eie gemaak het.
- As leer en ken so gesien word, beteken dit dat leer 'n onafgebroke proses vorm. "Het leven is een leerschool en de hele gemeente is een leergemeenschap" (Verboom 1987:330).
- Ook aan die psigiese benadering gee hierdie beskouing van leer en ken 'n eie inhoud. Die psigiese lewe van die kind word onderskei in 'n kognitiewe, affektiewe en aktiewe element. Hierdie drie fasette word egter nie as losstaande elemente gesien nie, maar dit vorm 'n eenheid waarbinne elke element sy regmatige plek inneem.
- Die feit dat die kennis gesien is as geloofskennis en nie suiwer intellektuele kennis nie het ook invloed uitgeoefen op die doel van kategetiese in die Reformasie. Die doel was naamlik sowel om kennis van die leerinhoud by te bring as om die katekisant te begelei om as Christen te leef. Hierdie twee-eenheid tussen leer en lewe het die kategetiese van die Reformasie gekenmerk.
- Hierdie tweeledige doelstelling het daartoe aanleiding gegee dat die leerstof in die kategetiese 'n sterk praktiese karakter gedra het. Sowel by die Lutherse as die Gereformeerdes het

die leerstof bestaan uit drie elemente wat mekaar aangevul het.

Hierdie drie elemente was die inleiding in die dogma, inleiding in die praktyk van die kerklike lewe en inleiding in die praktiese en maatskaplike lewe.

Hieruit is dit duidelik dat daar in die praktyk van die kategeese in die Reformasie 'n oop oog was vir die meerdimensionele karakter van die kategeese. Die verskillende fasette is egter saamgebind omdat die verbond as vertrekpunt geneem is en daaruit voortvloeiend die werk van die Heilige Gees deur die Woord in die onderrig erken is. Kategeese sonder die werking van die Heilige Gees is vir die Reformatore ondenkbaar. Die Heilige Gees vernuwe die lewe van die katkisant deur die lewewekkende Woord van God. Kategeese was daarom kategeese van die Woord. Hieruit het die oortuiging voortgevloei dat die kategeese amptelike bediening is -

ook "al worden in de catechese allerlei hulpkrachten in gezin, school en Kerk ingeschakeld...,toch zijn zij uiteindelijk dienstbaar aan het ambtelijk bezig zijn" (Verboom,1987:333).

Hierdie beginsels waardeur die kategeese in die Reformasie gedra is, sal opnuut vanuit die Skrif begrond en in die praktyk van vandag toegepas moet word.

Schippers (1977:6) sê dat alle onderrigaktiwiteite van die gemeente uit dieselfde wortel van verkondiging stoel en in dieselfde konteks plaasvind, naamlik in die gemeente. Dit beklemtoon die noodsaak van "een integrale theorie, waarin de uitgangspunte voor alle (ped)agogische aktiviteiten van de gemeente in hun betrokkenheid op elkaar" (Schippers,1977:6) saamgevat word. Die fundamentele uitgangspunte vir 'n teorie van kategeese moet daarom voortvloei uit die breë teorie van die gemeente, anders kan die verskillende onderrigaktiwiteite van die gemeente los van en selfs teenoor mekaar te staan kom. Die soeke na eenheid in die verskillende onderrigaktiwiteite beklemtoon juis die uniekheid van elke aktiwiteit.

Andree (1989:29) erken ook dat die begeleiding van die kind tot

volwassenheid in die geloof uit verskillende fasette bestaan en dat hierdie fasette uiteindelik deel is van een proses. Hy wil die proses van begeleiding tot geloofsvolwassenheid met die term "geloofsopvoeding" beskryf. Geloofsopvoeding bestaan vir hom uit religieuse opvoeding en godsdienstige opvoeding. Religieuse opvoeding wil die kind begelei om homself te ken as deel van die wêreld wat in sy geheel deur God regeer word. Godsdienstige opvoeding is die inleiding van die katekisant in die leer, liturgie en lewe van sy gemeente.

Kuiper (1989:52) sluit by bogenoemde standpunt van Andree aan wat betref die inhoud van religieuse en godsdienstopvoeding. Hy wil geloofsopvoeding egter nie sien as 'n oorkoepelende term nie, maar as 'n derde faset van die begeleiding tot geloofsvolwassenheid. Geloofsopvoeding is dan die begeleiding van die katekisant tot 'n persoonlike geloofskeuse ten opsigte van die evangelie. Hierdie geloofskeuse is te onderskei van die keuse hoe jy konkreet aan jou geloof uitdrukking gaan gee (byvoorbeeld in 'n bepaalde kerk se liturgie). Kuiper beklemtoon egter dat vormgewing (godsdienstopvoeding) 'n voorwaarde is vir geloofsopvoeding. Hy beklemtoon juis die begeleiding tot 'n geloofskeuse om daardeur te waak teen "een godsdienstige opvoeding, die gespeend is van geloofsopvoeding." In 'n latere artikel (1989:170) bevestig hy dat 'n toeganklike verhouding met die gemeente van groot belang is vir godsdienstige vorming.

Prins (1975:175) sê dat die opdrag wat God aan sy volk gee om te onderrig, wyer is as die kategetiese onderrig. Die kategetiese onderrig is alleen die vormgewing en uitbouing van 'n bepaalde faset van die kerk se roeping om te onderrig. Die kategetiese onderrig sal alleen tot sy reg kom wanneer dit as deel van die breër geheel gesien word. Alleen wanneer die kategetiese onderrig saam met die ander fasette van die roeping tot onderrig uitgebou word, kan dit tot sy reg kom. Die kategetiese word ook vir die kind aantreklik wanneer hierdie "verbinding gelê word tussen die hart van die Evangelie (leer van die kerk), hart van die gemeente (leer en lewe) en die hart van die kind" (Nel,

1985:60 vergelyk ook Visser, 1992:11).

In 'n ander artikel (Prins, 1993:81) gebruik Prins die begrip geloofsvorming wat vir hom dui "op die totale proses waardeur 'n kind leer om die Here te ken, lief te hê en te dien. Dit sluit dus alle persone, invloede en prosesse in wat bewustelik of onbewustelik daarby betrokke is of betrek word. Binne hierdie geheel figureer die kategeese." (Vergelyk ook Jonker, 1992:23).

Die standpunte, onderskeidings en terminologie van bogenoemde skrywers en die van die Reformasie sal vanuit die Skrif nader ondersoek moet word om tot 'n eie onderskeiding en omskrywing van die meerdimensionele karakter van die onderrig uit God se Woord te kom.

Huidige beklemtoning van kategeese as deel van 'n omvattende gemeentelike bediening aan die jeug, verg nadere besinning

Nel (1985:174) toon in sy bespreking van moderne ontwikkelinge op die terrein van die kategeese dat die klem al meer gelê word op die feit dat kategeese deel vorm van 'n omvattende gemeentelike bemoeienis met die jeug. Nel (1985:174,175) toon aan dat hierdie klemtoon sowel in die Duitse as Amerikaanse besinning oor die kerklike kategeese gelê word (Adam en Lachmann, 1987:13-47). Hierdie ontwikkeling sal aan die Skrif getoets moet word.

Gebrek aan toewyding by lidmate ondanks kategetiese onderrig verg nadere wetenskaplike ondersoek

Die feit dat lidmate die kategetiese onderrig (suksesvol) kan deurloop, belydenis van geloof kan aflê en tog nie deel voel van die gemeente nie (vergelyk Breed, 1989:1-5), beklemtoon die aktualiteit en noodsaak van 'n ondersoek na die verhouding tussen die verskillende fasette van die kerk se onderrigtaak. Vir baie mense groei 'n kloof tussen hulle geloof aan die een kant en hulle kennis, belewing en handeling aan die ander kant. Hulle glo (soos hulle onderrig is) dat hulle een moet wees met die gemeente en hulle gawes tot diens van ander moet gebruik, maar hulle weet dat daar niks van tereg kom in die praktyk nie.

Hulle beleef min of niks van wat hulle aangaande die gemeente in die kategeese geleer word nie. Daarom kom hulle self ook nie tot die daad nie. Dit groei tot 'n gebrek aan innerlike betrokkenheid by die gemeente of ook daartoe dat die gemeente as ten volle irrelevant gesien word (Schippers, 1977:16; Visser, 1992:11; Prins 1993:81). Hierdie feite word gestaaf deur statistiek wat deur onlangse ondersoeke verkry is. In 'n ondersoek deur die Jeugdeputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1990:20) onder 1112 laerskool kinders, 1992 hoërskool kinders en 1321 naskoolse jongmense word aangedui dat die begeerte om die erediens by te woon by meer as die helfte van die kinders ontbreek. By laerskoolkinders het 43,8% gemeld dat hulle eredienste bywoon omdat hulle katkisasie moet bywoon. Verder het 33,2% hoërskoolkinders aangedui dat huisbesoek deur die ouderling en predikant nie vir hulle belangrik is nie of slegs van gemiddelde belang is.

Uit hierdie ondersoek sal die noodsaaklike koördinerings binne die totale veld van onderrig uit God se Woord aangetoon kan word, sodat die kategeese ten beste diensbaar kan wees in diens van die Heilige Gees (Dordtse Leerreëls, 1618/19, hoofstuk 3,4 paragraaf 17).

1.4.2 KONKLUSIE

Die ondersoek na die plek van die formele amptelike kategeese in die geloofsopvoeding van die verbondskind is sowel aktueel as noodsaaklik.

1.5 BEGRENsing

Die onderwerp word in die eerste plek deur die vakterrein beperk. Hierdie ondersoek is 'n teologiese studie op die vakgebied van die Diakoniologie met toespitsing op Kategetiek.

'n Verdere begrensing lê in die toespitsing van die onderwerp self. Die navorsing word gerig op verskillende aspekte van God se opdrag om te onderrig en meer spesifiek die plek van die amptelike kategeese in die totale veld van onderrig uit God se Woord. Alhoewel die navorsing ook ekklesiologiese aspekte betrek, is die navorsing in hoofsaak gerig op die bepaling van

die plek en taak van die formele amptelike kategetiese onderrig.

Die onderwerp word ook daarin beperk dat dit tot 'n groot mate bepaal word deur gegewens wat uit die Ou en Nuwe Testament verkry sal word. Die geskiedenis, kerkorde, belydenisskrifte asook standpunte in ander bronne wat bestudeer word, sal in die lig van die Ou en Nuwe Testamentiese gegewens beoordeel word. Die primêre ondersoek word tot die Ou en Nuwe Testament beperk sodat toepaslike gegewens in groter diepte ondersoek kan word. Binne hierdie beperking tot gegewens uit die Nuwe Testament is daar 'n verdere beperking tot enkele toepaslike gedeeltes wat indringend in konteks ondersoek sal word.

1.6 STUDIEMETODE

- Deur middel van analise en interpretasie word toepaslike gegewens gekeur en gerangskik om in te pas in die besondere opset van hierdie navorsing.

- Die Woord van God sal as primêre bron vir hierdie ondersoek dien.

Toepaslike Skrifgedeeltes sal eksegeties verken word. Die resultate van die eksegetiese verkenning behoort nadere Skriftuurlike gegewens te bied vir die ontwerp van basisteorieë vir die Kategetiek. Hieraan sal die praxis van die kerklike kategese in die onderskeie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getoets kan word. Vanuit die resultate van die Skrifondersoek sal ook standpunte van ander skrywers beoordeel word. Die bepaalde Skrifdeel wat telkens ondersoek word, word nie volledig uitgeput nie, aangesien gekonsentreer word op die dele wat direk van toepassing is vir die onderwerp.

Elke Skrifgedeelte wat ondersoek word, sal in breër Skrifkonteks gelees word. Die doel en hoofgerigtheid van die Bybelboek en hoofstuk word telkens verdiskonteer.

Die resultate van elke onderafdeling sal aan die einde daarvan gesistematiseer saamgevat word. Aan die einde van elke hoofstuk sal daar ten opsigte van die verskillende afdelings tot 'n slotsom gekom word met betrekking tot die plek van die

kategese in die geloofsopvoeding van die verbondskind.

Die resultate van die studie sal deurentyd op die praktyk van die kategese, gesien in die lig van sy plek in die geloofsopvoeding van die verbondskind, toegepas word.

- Voorts sal ander toepaslike literatuur nagegaan word met die fokus op die jongste literatuur. In 'n finale hoofstuk word die ontginde lyne saamgevat en - waar nodig - op grond daarvan in kritiese gesprek getree ten opsigte van sekere toepaslike standpunte in die verkende literatuur.

1.7 HIPOTESE VAN HIERDIE STUDIE

Dat daar 'n onderlinge verhouding is tussen die verskillende vorme/dimensies van geloofsonderrig in die Bybel. Hierdie verhouding kan bepalend wees vir die plek van die amptelike kategese.

1.8 VERLOOP VAN DIE STUDIE

Die studie begin deur geloofsopvoeding in die Ou Testament te bestudeer.

In hoofstukke 2,3 en 4 sal onderskeidelik die onderrig van die ouer, profeet en die priester ondersoek word soos dit in die Ou Testament na vore kom.

In hoofstukke 5 en 6 sal onderskeidelik die onderrig wat die kind deur die viering van die Pasga en die Sabbat ontvang het ondersoek word.

Hierna sal geloofsopvoeding in die tydperk tussen die Ou en die Nuwe Testament nagevors word.

In hoofstuk 7 sal die onderrig in die sinagoge ondersoek word om daarmee die oorgang van die Ou na die Nuwe Testament nader te belig.

Hierop volg dan die navorsing aangaande geloofsopvoeding in die Nuwe Testament.

In hoofstukke 8 en 9 sal onderskeidelik die onderrig van die ouers en dié van die voorgangers in die gemeente ondersoek word soos dit in die Nuwe Testament na vore kom.

Nadat die verskillend dimensies van geloofsopvoeding bestudeer is om sodoende die plek en taak van die kategeese te bepaal, sal in die laaste hoofstuk gepoog word om die verhouding van kategeese en geloofsopvoeding te bepaal en die praktiese konsekwensies daarvan aan te dui.

HOOFSTUK 2 ONDERRIG IN DIE OUERHUIS AS GELOOFSOPVOEDING IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6

2.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk sal die onderrig van die ouer nagevors word soos dit in die Ou Testament na vore kom. Vir die doel van hierdie hoofstuk sal gekonsentreer word op die verkenning van Deuteronomium 6. Die besondere eienskappe van die ouer se onderrig word rondom die volgende aspekte ondersoek: die grondslag, subjek, doel en wyse van onderrig. Voorts sal die betrokkenheid van die kind by hierdie onderrig nagevors word sodat die plek van die ouer se onderrig in die geloofsopvoeding van die kind aangedui kan word. Daar sal telkens deur die loop van die ondersoek afleidings gemaak word vanuit die navorsing ten opsigte van die opvoeding van ouers in Israel volgens Deuteronomium 6. Die afleidings sal in verdere hoofstukke vergelyk word met afleidings vanuit die ondersoek na ander dimensies van geloofsopvoeding. Uiteindelik sal dit konkreet op die probleemstelling van hierdie studie toegepas word.

2.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DEUTERONOMIUM AS ONDERSOEKMATERIAAL

Beredenering van die vraag na die geskiedenis van die samestelling van die boek en wie die skrywer daarvan is, val buite die bestek van hierdie studie. Saam met onder andere Mconville (1984:1 e.v.), Miller (1990:3), Coffman (1988:1) en Maxwell (1987:24) word aanvaar dat daar nie voldoende getuienis bestaan om in twyfel te trek dat die boek 'n eenheid is en dat die werklike onderrig van Moses aan Israel daarin deurgegee word (vergelyk Deuteronomium 1:1) nie (vergelyk Lion-Cachet, 1988:307 e.v. vir 'n opsomming van verskillende standpunte oor die skrywer en samestelling van die boek).

Die skrywer karakteriseer die inhoud van die boek as onderrig (Deuteronomium 1:1; 4:1,10,14; 5:31 en veral 6:1; vergelyk ook 31:19). Israel, die verbondsvolk van God, word herhaaldelik daarin opgeroep om aan hulle kinders onderrig te gee,

Deuteronomium 4:9; 6:7;11:19). Driver (1960:xix) sê dat die inhoud van die boek "is directed to the inculcation of certain fundamental religious and moral principles". Ook Delitzsch (1976:270,276) bevestig hierdie waarneming wanneer hy sê dat Deuteronomium (met uitsluiting van hoofstukke 31-34) niks anders bevat as die woorde van Moses waarin hy die wet vir die volk uitlê nie. Hy praat soos 'n vader met sy kinders om die lewe vanuit die wet op hulle harte te druk. Lion-Cachet (1988:305) sê dat Deuteronomium 'n samevatting is van die geloofswaarhede van Israel se godsdienst.

Clements (1989:95) en Swanepoel (1992:375) beklemtoon dat Deuteronomium die hart van die Ou - Testamentiese geloof weergee. Die wyse waarop Israel sy geloof beleef en beoefen het, word in Deuteronomium betroubaar weergegee.

Reeds uit 'n kursoriese verkenning is dit duidelik dat die boek Deuteronomium stof kan bied vir die ondersoek na die plek van die onderrig in die Ou Testament.

2.3 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DEUTERONOMIUM 6 AS ONDERSOEKMATERIAAL.

2.3.1 ONDERRIGSITUASIES WORD VERONDERSTEL IN DEUTERONOMIUM 6

Deuteronomium 6:6-9,20-25 gee duidelike opdragte ten opsigte van die geloofsopvoeding van kinders in Israel. Dat die opdragte ook aan ouers gegee word, is duidelik uit die tipiese situasies tussen ouers en kinders wat veronderstel word (Vers 6 "in jou huis...as jy gaan slaap as jy opstaan". "Wanneer jou seun jou in die toekoms vra..."). Wanneer gevra word na die onderrig in die ouerhuis as deel van geloofsopvoeding, KAN Deuteronomium 6 dus as toepaslike ondersoekmateriaal beskou word.

2.3.2 DIE STRUKTUUR VAN DEUTERONOMIUM 6 BINNE DIE WYER STRUKTUUR VAN DEUTERONOMIUM AS MOTIVERING VIR DIE KEUSE

'n Verdere motivering vir die keuse van Deuteronomium 6 is die plek van Deuteronomium 6 in die struktuur van die boek. Die boek Deuteronomium kan in twee hoofdele verdeel word (Keil-Delitzsch, 1976:271-273; Mayes, 1987:108-110; Driver, 1960:333). Die eerste deel (hoofstuk 1-30) bestaan uit drie onderafdelings van Moses se onderrig aan Israel (1:1-4:43; 4:44-26:19; 27:1-30:25). Die tweede deel (31:1-34:12) beskryf die afsluiting van Moses se lewe en die oordrag van die leierskap aan Josua. Deuteronomium 6 kom dus voor in die tweede onderafdeling van deel een. In hierdie onderafdeling word eers die wet herhaal (Deuteronomium 5) en daarna word die eerste twee wette nader toegelig (Deuteronomium 6).


Die opdrag tot onderrig van die kinders kom voor in Deuteronomium 6:7, 20-25. In vers 7 word opdrag gegee dat die gebooe by die kinders ingeskerp moet word en dat dit in die loop van die hele dag gedoen moet word. In vers 20-25 word opdrag gegee dat en hoe die kind geantwoord moet word wanneer hy vra na die sin van die gebooe ("waarom moet hierdie gebooe onderhou word?"). Vergelyk Mayes, 1987:179).

Deuteronomium 6 vertoon 'n besondere struktuur wat soos volg beskryf kan word:

Deuteronomium 6 begin met die herhaling van die opdrag (soos in 5:31) aan Moses om God se voorskrifte en bepalings aan Israel te leer (Deuteronomium 6:1). Die hoofstuk word afgesluit met die opdrag aan ouers om hulle kinders die betekenis van die verordeninge en voorskrifte te leer (Deuteronomium 6:20-25). Sowel in verse 2,3 as in verse 18,19 word die vrug van 'n lewe in gehoorsaamheid aan God beskryf, naamlik voorspoed en sukses in die land wat God beloof het. Die opdrag in vers 5 om God met volle oorgawe te dien, word in vers 13 herhaal. Beide hierdie opdragte word begrond in die feit dat daar maar een God is (vers 4,15) wat jaloers waak oor sy eer. Hierdie opdrag kan uitgevoer word deur God en sy gebooe te onthou en dit nie te vergeet nie (vers 6-9, 16-17). Vers 10,11 beskryf die land as genadegawe

van God (Miller, 1990:105). Hierdie verse word nie herhaal in die res van die hoofstuk nie.

Hierdie struktuur kan soos volg voorgestel word:



Die Skrifgedeelte Deuteronomium 6:1-25 word begin en afgesluit met die opdrag om te onderrig (A - A). In die middelpunt staan God se gawe van die land en alles daarbinne (D). Deur die herhaling van die woorde "wat jy nie gebou, geplant, uitgekap

het nie " word die klem geplaas op die land as onverdiende gawe. Voor en na hierdie middelpunt staan die bekendstelling van God as 'n enige jaloerse God (C - C). Hy eis onverdeelde diensbaarheid en gehoorsaamheid. Die belofte van voorspoed vorm telkens die verbinding tussen, aan die een kant, die imperatief om God alleen te dien en, aan die ander kant, die opdrag om te leer (B -B). Hierdie hoofstuk kan soos volg saamgevat word. Hoor Israel, Moses onderrig julle, en julle moet jul kinders soos volg onderrig: Die een en enige God gee aan julle die land uit louter genade op grond van sy verbondsbelofte, dien en gehoorsaam Hom alleen sodat dit altyd onder sy seën met jou kan goed gaan.

Uit bostaande struktuur en bespreking kom die volgende riglyne vir die onderrig van kinders deur ouers na vore.

2.4 GRONDSLAG VAN OUERS SE ONDERRIG

2.4.1 DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN OUERS SE ONDERRIG

Volgens bostaande struktuur vorm God se verbondsbelofte (B - B) telkens die verbinding tussen, aan die een kant, die imperatief om God alleen te dien (C - C) en aan die ander kant, die opdrag om te onderrig (A-A). Hierdeur word die noue verbinding uitgedruk wat daar bestaan tussen a) God se verbond b) 'n lewe in gehoorsaamheid aan God se wet en c) die onderrig. Hierdie verhouding kan so saamgevat word:

- Sonder die onderrig sal die volk en die kinders nie God se genade in sy verbond ken nie, hulle sal ook nie weet wat God in sy wet van hulle vra nie.

- As God Homself nie in getrouheid aan sy verbond aan Israel bekend maak het nie en 'n lewe in persoonlike gemeenskap met Hom moontlik maak het nie, sou onderrig aangaande God en sy wet geen sin gehad het nie.

- As God in getrouheid aan sy verbond nie die wet gegee het nie (Deuteronomium 30:5), sou die opdrag om te onderrig sodat die volk volgens sy gebooie kan leef, sinneloos wees. Onderrig deur iemand wat nie self in gehoorsaamheid aan die wet leef nie, is

eweneens sinneloos.

God se optrede in getrouheid aan sy verbond maak onderrig moontlik en sinvol.

Dat die onderrig van ouers berus op God se verbond word verder beklemtoon in vers 4-9:

God se eis dat die volk Hom met 'n onverdeelde hart moet dien op grond van God se onverdeelde trou aan sy verbondsbelofte (Deuteronomium 6:4,5), is nou verbonde aan die opdrag in vers 7 om die kinders te onderrig. In Deuteronomium 6:4 word Israel opgeroep om te luister. Hiermee word hulle volle aandag opgeëis vir die onderrig wat gaan volg (Mcbride, 1973:290). Vers 4 begin met 'n indikatief waarop die imperatief gebou is. Die indikatiewe deel dien in die eerste plek om Jahwe te identifiseer. Hy is die Een wat vir Israel "ons God" is.

Hierdie belydenis "Die Here is ons God" vloei voort uit die selfopenbaring van God toe Hy die wet gegee het "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte uit die slawehuis uitgelei het" (Deuteronomium 5:6, vergelyk ook Deuteronomium 4:34,35).

Hierdie is ook 'n openbaring van die liefdesband wat daar tussen God en Israel bestaan. Die grond van hierdie band is God se verbond met hulle voorvaders. Israel het die liefde van God beleef toe Hy hulle uitgelei het uit die slawehuis en daarin dat Hy nou aan hulle 'n land gaan gee (vergelyk Deuteronomium 4:37-39). Miller (1990:20) toon aan dat die begrip "uitlei" 'n tegniese of juridiese term is vir die bevryding van slawe. 'n Slaaf word uitgelei, bevry, volgens sekere bepalinge (vergelyk Exodus 21:1-11 en Levitikus 25:41) òf deur betaling van die prys van vryheid òf deur geweld. Laasgenoemde het gebeur met Israel. Jahwe het Hom as hulle God bewys deur hulle met mag uit Egipte te bevry.

God openbaar Homself aan Israel in hierdie oproep van Deuteronomium 6:4. Hierdie openbaring moet deur Israel "gehoor" word. Wie dit hoor en daarmee instem, maak dit deel van homself, sodat dit 'n belydenis word. Met die belydenis "Hoor Israel Jahwe is ons God" word dan gesê: Jahwe is ons God op grond van sy verbond met Abraham;

Jahwe is ons God want Hy het ons met mag uitgelei uit die slawe-huis;

Jahwe is ons God want Hy gaan nasies verdrywe om vir ons 'n land te gee.

In die eerste deel van die indikatief word God dus bely as die God wat 'n liefdesband met Israel het vanweë sy bemoeienis met hulle.

In die tweede deel van die indikatief ("Jahwe is een") word die identiteit van Jahwe nog verder openbaar. Die woorde "Jahwe is een" kan op twee wyses begryp word. In die eerste plek kan dit die betekenis hê van "Jahwe is die enigste God en daar is geen ander god buiten Hom nie" (vergelyk Deuteronomium 4:35,39). In die tweede plek kan dit die betekenis hê van God is onverdeelde in sy wese, sy liefde en sy trou (vergelyk Deuteronomium 7:9,10).

Braulik (1988:259) en Swanepoel (1992:383) wil slegs die tweede moontlikheid aanvaar met hulle standpunt dat Israel op hierdie stadium nog geen monoteïstiese godsbeskouing gehad het nie. Miller (1990:22) vertaal eersgenoemde betekenis moontlikheid met "the Lord alone" en laasgenoemde met "the Lord is one" en onderskei die twee soos volg: "...while to confess "the Lord alone" serves to remove any other direction or recipient of our ultimate loyalty, "the Lord is one" serves to underscore that the one who receives our ultimate allegiance and is the ground of being and value for us is consistent, not divided within "self" in any way". Beide hierdie betekenis moontlikhede word ondersteun deur die res van Deuteronomium (Mayes, 1987:176) sodat beide moontlikede gehandhaaf kan word (Driver, 1960:90; Labuschagne, 1987:78).

Israel kan alleen waarlik onderrig wanneer dit 'n belydenis in hulle hart is dat God vir hulle "ons God" geword het en dat Hy die unieke, onverdeelde God is op grond van die verbond. Israel word dus in die eerste plek opgeroep tot die onderrig deur die openbaring van God se verbondsliefde, sy uniekheid en sy onverdeeldeheid in bestaan en optrede.

Hierdie openbaring in Deuteronomium 6:4 bring egter ook die identiteit van Israel na vore. Hulle is diegene wat hierdie openbaring as belydenis uitspreek en dus glo dat die een en enigste God hulle God is deur sy verlossingsdaad. Hulle identiteit kom egter eers ten volle na vore wanneer die konsekwensies van hierdie belydenis duidelik word (Miller 1990:22). Op die belydenis volg die opdrag "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" (vers 5). Die opdrag om met heelhartige ongedeelde liefde op God gerig te wees, hoort onlosmaaklik by die openbaring dat Hy een is. Uit die insig in die wese van God word die konklusie getrek vir die juiste verhouding tot Hom. Die belydenis het alleen sin as dit gevolg word deur die liefde as reaksie daarop. Die gebod van liefde vind sy sin in die openbaring dat God een is (Labuschagne, 1987:79). Die liefde lei die een wat liefhet, onkeerbaar daartoe om vir ander van sy Geliefde en sy daade te vertel.

Dit is belangrik om die wese van hierdie liefde wat op grond van die voorafgaande belydenis beveel word, vas te stel. Daaruit sal die vraag hoe dit moontlik is om aan iemand opdrag te gee of te onderrig om lief te hê, beantwoord kan word. Moran (1963:77-87) en McCarthy (1965:144-147) toon aan dat liefde 'n verbondsterm is in sowel die Ou Testament as in die vredesverdrae van die antieke Midde-Ooste. Liefde (אָהבה) het dan die betekenis van eerbiedige vrees en lojaliteit asook gehoorsaamheid van 'n kind tot 'n vader. Liefde vir God dui op volkome liefde waarby die mens voluit betrokke is en "it includes a conscious act on behalf of the person who is loved ..." (Wallis, 1974:104,105).

In 'n ondersoek na die verband tussen liefde en gehoorsaamheid kom McKay (1972:433) tot die gevolgtrekking dat liefde en gehoorsaamheid tot 'n groot mate as sinonieme gebruik word in Deuteronomium (vergelyk Deuteronomium 5:10; 7:9; 10:12; 11:1,13,22; 13:4; 19:9; 30:6,16,20). Liefde is in Deuteronomium 6:5 nie 'n emosionele opwelling nie, maar eerbied en gehoorsaamheid en dit is iets waartoe opdrag gegee kan word (vergelyk Deuteronomium 8:5) en iets waartoe iemand deur die

onderrig begelei kan word. Liefde veronderstel egter ook 'n persoonlike, intieme vertrouensverhouding wat alleen deur die werking van God se Gees in die mens se hart kom. Hierdie liefde vind sy primêre uitdrukking in gehoorsaamheid aan die wet wat baie spesifiek in Deuteronomium uitgespel word (Swanepoel, 1992:384; Toombs, 1965:402). Ouers begelei kinders tot kennis van en gehoorsaamheid aan God se opdragte in biddende verwagting dat die Heilige Gees deur die Woord die liefde in die kind se hart sal werk.

In vers 6-9 word drieërlei wyses uitgespel waarvolgens Israel hierdie opdrag om God lief te hê, kan nakom: a) God se woorde moet in hulle hart wees, b) hulle moet dit vir hulle kinders inskerp en c) hulle moet dit as herinneringsteken aan hulleself en hulle huise en poorte aanbring.

Die onderrig van hulle kinders is dus deel van die uitlewing van hulle liefde vir die een en enige God wat hulle eerste liefgehad het en Hom aan hulle in sy verbondstrou openbaar het. Die kind ervaar dus die ouer se liefde vir God in die onderrig wat hy ontvang en so wek die Gees ook in sy hart die liefde.

2.4.1.1 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE OUERS SE ONDERRIG

- God se verbond is die grondslag van die ouers se onderrig aan hulle kinders. Dit hou prakties die volgende vir die ouers se onderrig in:

In die onderrig van die ouer aan die kind moet die kind deur die onderrig begelei word om vanweë sy band met God (deur die verbond) in gehoorsaamheid aan God se wet te leef.

Die ouer moet die kind leer dat God "ons God" is omdat Hy Homself aan Isael verbind het deur die verbond.

Die ouer moet die kind leer dat God onverdeel is in sy verbondsliefde en trou en dat ons antwoord daarop onverdeelde liefde en trou is.

Die onderrig moet die kind laat begryp dat ons liefde vir God, duidelik word uit ons gehoorsaamheid aan sy wil.

Die kind moet deur die onderrig begryp dat die onderrig aan hom 'n onlosmaaklike deel van liefde vir God is, want so word die verbond van God van geslag tot geslag voortgesit tot verheerliking van sy Naam.

2.5 SUBJEK VAN DIE ONDERRIG IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6

2.5.1 GOD SE OPDRAG AAN OUERS OM AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG OP TE TREE AS DEEL VAN SY OPDRAG AAN DIE HELE VOLK

In Deuteronomium vind ons die onderrig wat Moses aan die volk gee in opdrag van God. Die volk is op die punt om die beloofde land binne te trek (Deuteronomium 1:1. Vergelyk 2.2). In Deuteronomium 6 is dit duidelik dat die hele Israel teenwoordig is waar Moses hierdie onderrig gee (5:1, 6:1). Sy onderrig is aan die hele volk gerig (Pazmino, 1984:18) en so elke opdrag wat in hierdie onderrig opgesluit is. In vers 4 word Israel opgeroep tot die belydenis van wie die Here hulle God is. Die imperatief in vers 5 spel vir Israel uit wie hulle moet wees in die lig van hulle verbondenheid met Jahwe. Vers 6-9 beskryf die wyse waarop daar uitvoering gegee moet word aan die opdrag van vers 5 (Miller, 1990:104).

Israel gee gehoor aan hierdie opdrag deur onder andere die woorde van God by die kinders in te skerp. Die opdragte om die kinders te onderrig is dus by implikasie ook opdrag aan die hele volk.

Mckay (1972:426-435) toon die verband tussen Deuteronomium en die wysheidsliteratuur aan vanuit Deuteronomium 6:4-9 se ooreenkoms met die boek Spreuke (vergelyk Spreuke 6:22; 1:9; 3:3; 4:4,21). Hy kom vanuit sy vergelykende studie tot die volgende gevolgtrekking oor Deuteronomium 6:4-9: "...the writer is using the methods of the wisdom teacher to exhort his pupil to study. But in this instance the pupil is not a boy in a classroom or a son at his father's knee; the pupil here is Israel" (a.w.:431). Israel is die leerling van sy Vader Jahwe. Israel ontvang van sy

Leermeester die opdrag om die kinders in sy midde te onderrig.

Verder is die opdrag in Deuteronomium 6:7 om by elke geleentheid die kinders te onderrig waarskynlik nie beperk tot gesprekke met hulle eie kinders nie. Die opdrag is eerder "... that the Israelites are to keep these commandments alive in their everyday thoughts and to remind themselves and others of them" (Ridderbos, 1984:113,116; Smart, 1954:14; Adams, 1976:47). Die onderrig van die kinders deur die volk het in die loop van elke dag se kontak met mekaar plaasgevind. Kinders is onderrig deur die gesprekke wat hulle tussen volwassenes gehoor het, die optrede van volwassenes en kinders wat hulle waargeneem het en hulle eie gesprekke met volwassenes en mekaar.

Die verwisseling in die aanspreekvorm tussen die meervoud (julle - verse 1,3,14 - 17) en die enkelvoud (jou) beklemtoon dat sowel die hele volk as elke individu verantwoordelik is vir die uitvoering van elke opdrag.

God onderrig dus sy volk sodat hulle weer die kinders kan onderrig. Hierdie onderrig van die volk en die ouers kan egter net slaag deur God se genade. Alleen wanneer God deur sy Gees as subjek van die onderrig, die harte van die kinders nuut maak, kan die onderrig waarlik slaag.

2.5.2 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE OUER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

- God is die eerste, hoogste en finale (finaal beteken deurlopende) subjek van die onderrig aan die kind.
- God laat die onderrig aan sy volk deur menslike subjekte oordra. In hierdie verband word die hele volk geroep om as subjek van die onderrig op te tree. Die onderrig vloei voort uit hulle liefde vir God.
- Die ouer is binne die volk die primêre subjek waardeur God die kinders wil onderrig.

2.6 DOEL VAN DIE ONDERRIG IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6

2.6.1 BEGRIP VAN GOD SE GENADE AS DOEL VAN DIE OUERS SE ONDERRIG

Volgens die struktuur van Deuteronomium 6 staan God se genade in die sentrum van hierdie hoofstuk (D). God het die land aan Israel gegee uit louter genade op grond van sy verbondsbeloftes (vers 2-3,10-11,19-19). Ook in die onderrig van die kinders moet God se genade as die sin van al die gebooie aangedui word. Op die kind se vraag na die sin van die gebooie (vers 20), moet die antwoord wees dat God Israel uit die slawehuis uitgelei het om aan hulle die land te gee, volgens sy beloftes aan die vaders. Die kern van die antwoord op hierdie vraag is dat daar deur God se genade 'n verandering in eienaar (van Israel) gekom het (Lofhink, 1982: 48). Sonder God se genade sou Israel onder die wette en slawerny van die Farao gebly het, sy eiendom. Hy sou hulle uitgebuit en verdruk en uiteindelik vernietig het. Volgens God se beloftes was Israel bestem vir iets beters. Hulle God wou aan hulle 'n goeie lewe in die goeie land van belofte gee. Dit is die sin en betekenis van God se gebooie, dat sy volk deur gehoorsaamheid blywend die goeie sal ontvang tot verheerliking van God. God se genade is vir hulle die lewe.

Deur hulle onderrig moet ouers die kind begelei om:

- God se genade en krag te begryp waarmee Hy sy volk van die verslawende en vernietigende mag verlos.
- God se genade te begryp wat opgesluit lê in die gawe van die goeie land.
- God se genade te begryp wat opgesluit lê in die verordeninge wat Hy gee. So word die kind wat hierdie openbaring van God se genade aanneem, tot die lewe begelei, 'n lewe as deel van die volk van God. So leer Hy God steeds beter ken en liefhê.

2.6.2 DIE VREES VAN DIE HERE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

God openbaar Homself aan Israel as die een en enige God (vergelyk 2.1.2.3) en eis daarom van sy volk ook onverdeelde liefde en gehoorsaamheid (vers 5). Hy maak dit aan sy volk duidelik dat ongehoorsaamheid daartoe lei dat sy toorn teen hulle sal ontvlam

(vers 15). Beide die positiewe oproep tot liefde vir God en die waarskuwing teen sy toorn, word uitgedruk in die begrip "vrees van die Here" (Miller, 1990:107). Vrees vir die Here is dus nie 'n bang wees vanuit 'n drang tot selfbeskerming nie, maar 'n diepe ontsag wat voortvloei uit die wete dat hierdie Almagtige God "vir jou" is, maar ook insig in die vernietigende mag van die toorn waarvan jy verlos is.

Die doel van die onderrig van God se Woord word telkens in Deuteronomium 6 verbind aan die vrees van die Here. In vers 1 en 2 word die doel van Moses se onderrig aangedui met die woorde "dat jy die Here jou God kan vrees". In vers 24 word die seun onderrig oor wat die sin van die nakoming van God se verordeninge is. In hierdie onderrig begelei die ouer die kind om te begryp dat die lewe in die land alleen moontlik is wanneer hulle God vrees. In vers 7 is die opdrag om die kinders te onderrig 'n direkte uitvloeisel van die eis om God lief te hê en sy woorde in die hart te bewaar (vergelyk. 2.3.1). Om God met onverdeelde liefde te dien en Hom te vrees is dit vir die mens nodig om voortdurend herinner te word aan God se insettinge. Sowel die opdrag om die kinders te onderrig as die opdrag om die woorde as tekens op die hand en voorhoof te bind en dit op die deurkosyne en poorte te skryf (vers 8,9), staan in diens van die bewaring van die woorde in die hart (vers 6).

Vers 6 - 9 is nou verbind aan vers 12 - 17 (vergelyk die verbinding C-C in die gegewe struktuur van Deuteronomium 6 soos weergegee in 2.3.1). In vers 12 - 17 word Israel gemaan om die Here nie te vergeet nie maar Hom alleen te dien en vrees. Wanneer hulle God vergeet, sal hulle ander gode dien (vers 12) en God versoek (vers 16) en so die toorn van God laat ontvlam.

Die onderrig van God se Woord moet dus in die eerste plek die een wat die onderrig gee, help om God te onthou sodat hy Hom kan dien en vrees. In die tweede plek moet die onderrig God se woorde by die kind inskerp sodat hy dit altyd sal onthou en nie vergeet nie, so sal hy ook nie ophou om die Here te dien en te vrees nie.

Die vrees van die Here moet van geslag tot geslag (vergelyk.

kindskind in vers 2) oorgedra word deur die voortdurende herinnering (in die onderrig) aan God se Woorde en daade.

2.6.3 ANTWOORD OP GOD SE GENADE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die onderrig wat ouers aan kinders gee, hou direkte verband met die voortbestaan van God se volk. Israel moet God van geslag tot geslag dien en eer volgens sy openbaring van Homself anders sal hulle van die aarde verdag word (vers 15) en nie die goeie lewe in die goeie land geniet nie.

Mconville (1984:12 e.v.) ondersoek die gebruik van die werkwoord [ן] in Deuteronomium. Jahwe is 131 uit die 167 kere wat die begrip gebruik word, die subjek daarvan. Die objek van die werkwoord is gewoonlik die land en die goeie dinge van die land. Daar is ook 'n ander tipe objek van [ן] wat toon dat God, in sy gawe van die land en alles daarin, bedoel om Israel te seën: in 16:17 is die objek die "seën van God", elders is dit "barmhartigheid" (13:17), "rus" (25:19). "al die goeie dinge" (26:11). Deur die begrip [ן] word God se soewereine en weldadige optrede teenoor Israel geïllustreer. In Deuteronomium 6 word die begrip [ן] in vers 10 en vers 23 gebruik en die objek is die land en sy inhoud. Ook hier dui dit God se genadehandeling teenoor Israel aan. Lipinski (1986:694) sê hierdie begrip kan die betekenis hê: "die Hand austrecken, um einen Gegenstand an einen bestimmten Platz zu stellen oder um es einer anderen Person als Eigentum zu Übergeben, gegen oder ohne Engelt. Das Ergebnis der Aktion wird meistens als bleibend und definitiv angesehen". God gee die land as blywende besitting aan Israel.

Die gebruik van die werkwoord [ן] met die land as objek, verwoord ook die noodsaak vir Israel om te antwoord op God se gawe aan hulle. Israel is telkens die subjek van hierdie werkwoord - met soms as objek die medemens en soms dui hierdie begrip teruggawe aan God aan. God het gegee, en van Israel word verwag om ook te gee as aanduiding van hulle geloof dat God weer en weer sal gee. Mconville (1984:13) verwoord dit soos volg "He has not given in such a way that Israel may henceforth act autonomously. Rather,

when Yahweh gives, Israel's obedience is part of what he aims to produce. The 'given' is the land, with all its riches, occupied by an obedient people".

In Deuteronomium 6 word daar ook sterk klem gelê op Israel se antwoord op God se gawe. In vers 12 - 16 word Israel geroep om gehoorsaam te wees wanneer hulle reeds die land in besit geneem het en in vers 17,18 word die orde omgekeer - hulle gehoorsaamheid is 'n voorwaarde om die land in besit te neem. In vers 2,3 word die vrug van gehoorsaamheid geteken as 'n lang lewe in die land en groei in getalle. Lohfink (1963:67) verklaar hierdie skynbare teenstrydigheid in vers 12 - 18 deur daarop te wys dat Deuteronomium 6 as onderrigmateriaal tydens die kultiese samekoms van die volk (gemeente) gebruik is. Deur die tweërlei wyse waarop Israel in vers 12 - 17 opgeroep word om te antwoord op God se genade, word hulle telkens in die erediens teruggelei na die grens van die land. Deur die onderrig van Deuteronomium 6 word Israel telkens bewus gemaak daarvan dat hulle die land in besit geneem het en dat dit tog nie hulle eiendom is nie, dat hulle geseën word en tog voortdurend wag op die seën. Die gawe wat hulle ontvang het, dring hulle tot 'n lewe van gehoorsaamheid en toewyding sodat hulle langs hierdie weg die gawe en die seën inderdaad kan ontvang. Die genade van God is hier die voorwaarde vir die opdrag en terselfdertyd die beloning vir gehoorsaamheid aan die opdrag. Die gawe van 'n goeie en lang lewe in die land, die land waar God melk en heuning voorsien, is terselfdertyd 'n reeds gegewe werklikheid en ook die uiteindelijke beloning vir Israel se getroue en voortdurende onthou van "hierdie woorde". Deur die onderrig moet gesorg word dat "hierdie woorde" van geslag tot geslag onthou en onderhou sal word (Smart,1954:14).

Die onderrig van kinders deur hulle ouers het dus ten doel oorlewing van Israel as geseëndes in die goeie land wat God gee. In die onderrig moet die kind begelei word om te begryp dat gehoorsaamheid aan God van lewensbelang is. Elke kind moet begelei word om deur gehoorsaamheid te antwoord op God se genade.

Dit is belangrik om hierdie begeleiding tot gehoorsaamheid te stel teenoor dit waarby Von Rad (1958) uitkom in sy studie

van Deuteronomium. Von Rad (1958:91) beskryf die teologie van Deuteronomium as " 'n verval vanaf genade tot wet". Ook Perlitt (1983:47,48) en Smend (1983:98) is van oortuiging dat die eis om gehoorsaamheid in teenstelling is met die genade wat God bewys het. Helberg (1990:46) sê dat skrywers met hierdie oortuiging, glo dat die vervulling van die gebooe in Deuteronomium "nou die vereiste geword (het) vir die ontvangs en besit van die kultuurland" en dat die land " 'n funksie van die wet" geword het. Indien Von Rad en andere se oortuiging dat die land verdien en behou moes word deur gehoorsaamheid aan die wet, korrek sou wees, sou dit ingrypende konsekwensies vir die onderrig aan die kinders hê. Die kind sou begelei moet word om God se wet te onderhou, nie as antwoord op God se genade nie, maar om deur gehoorsaamheid die genade te verdien. Die mens se gehoorsaamheid sou dan God se genade voorafgaan. God sou antwoord op die mens se gehoorsaamheid en die mens sou nie meer met gehoorsaamheid antwoord op God se genade nie. Hierteenoor stel McConville (1984:18): "Indeed it would not be an exaggeration to say that the theology of Deuteronomy can be organized around the paradox between Yahweh's prior action and Israel's response". Helberg (1990:45-55) sê dat Von Rad en ander teoloë die voorwaardelike karakter van die besit van die land in Deuteronomium, oorbeklemtoon. In werklikheid vloei die eis om gehoorsaamheid voort uit die besondere verhouding wat daar tussen Jahwe en Israel tot stand gekom het. Jahwe is naamlik hulle God en Israel is sy volk, nie vanweë Israel se verdienste nie, maar vanweë God se genade. Die sterk "responskarakter" (Helberg, 1990:49) van Deuteronomium waardeur Israel tot "voortdurende" (Brueggemann, 1988:54) beslissing en keuse opgeroep word, moet verseker dat Israel sy God, as Gewer van die goeie, nie sal vergeet nie.

In die onderrig van die kind moet die balans gehandhaaf word tussen die sekerheid van die gawe uit God se hand (verlossing, vrede, vreugde) en die antwoord van die mens op hierdie sekerheid. Die kind moet benader word vanuit die sekerheid dat hy 'n verbondskind is en erfgenaam van die belofte. Op grond van hierdie vasstaande feit moet hy aangespoor word om God te leer ken

en vir Hom te leef.

2.6.4 KENNIS WAT BEGELEI TOT LIEFDE EN VERTROUE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Uit voorafgaande aanduiding van die struktuur van Deuteronomium 6 is dit voorts duidelik dat die onderrig wat die ouers aan hulle kinders moet gee, voortvloei uit die onderrig wat Moses aan hulle gegee het (A - A). God het die ouers van Israel onderrig (deur Moses). Die doel van die onderrig was onder andere die toerusting van die ouers sodat hulle op hulle beurt weer hulle kinders kan onderrig (Miller, 1990:197; Calvyn, 1979:362) om tot eer van God te kan leef. In vers 22 word die klem sterk daarop gelê dat die ouers ooggetuies ("voor ons oë") was van God se magtige daade en dat hulle vanuit die onderrig wat hulle so ontvang het, hulle kinders onderrig.

Hierdie waarneming word bevestig deur Deuteronomium 4:10 en Deuteronomium 11:1-7. In Deuteronomium 4:10 is die Here se opdrag duidelik aan Moses dat die onderrig aan die ouers ook bedoel is vir die kinders. In Deuteronomium 11:1-7 word Israel daaraan herinner dat alles wat hulle sien gebeur het tot hulle onderrig was en dat hulle dit aan hulle kinders moet onderrig, want dié het dit nie gesien of gehoor nie.

Hierdie onderrig wat die ouers ontvang (en gee), is nie blote objektiewe waarneming van sekere gebeure en verwerwing van sekere feitekennis nie. Die antwoord wat die vader gee in Deuteronomium 6:21-25, dui daarop dat hy leer verstaan het dat daar 'n band tussen God en sy volk gevestig is. Toombs (1965:400) druk hierdie band tussen God en sy volk soos volg uit: "The father is to reply with a narrative of the deliverance of Israel from slavery in Egypt. The Law has its significance, then, only in the context of a relationship established by Yahweh with his people through an unexpected and gracious act of deliverance. It is the witness to and the consequence of that relationship".

Wanneer Deuteronomium 6:21-25 vergelyk word met Deuteronomium

8:1-20 word dit duidelik dat God Israel doelbewus onderrig het deur dit wat Hy hulle laat ervaar het (Vergelyk Deuteronomium 8:5). Hierdie onderrig het met hulle harte te doen (8:2,5,14,17). Hy het hulle op die woestynpad gelei tot verootmoediging en beproewing om twee redes. Die eerste is dat God wou toets of die wet in die harte van sy nuutgebore volk was (8:2). Die tweede is dat God hulle wou leer "dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan" (8:3). Dit wil sê die mens moenie sy vertroue stel op dit wat hy self kan voorsien nie. Hy moet weet dat die lewe lê in gehoorsaamheid, aan die Woord van God en in vertroue dat Hy sal voorsien (bv. manna, klere wat nie verslyt nie (8:3,4) of later 'n goeie land (8:7,8)). Moses wil die Israeliete in hulle harte tot die erkenning bring dat die Here hulle God hulle onderrig soos 'n man sy seun onderrig (8:5) - daarom herinner hy hulle aan hierdie dinge.

Die ouers is dus deur God onderrig en word nou steeds onderrig sodat die kennis van sy genade en wet, kennis van die hart sal wees. Die Bybelse begrip "hart" het die totale innerlike lewe uitgedruk - in alle aspekte van wil, gedagtes en emosies (Pop, 1975:279-283). Israel word daarom ook opgeroep om hulle harte te besny, in samehang met die opdrag om God lief te hê en te dien. (Deuteronomium 10:11-16).

Wanneer die ouers hulle kinders onderrig met die onderrig wat hulle ontvang het, moet hulle, in navolging van God, hulle kinders begelei tot hartskennis - tot liefde en vertroue. Dit is egter vir die mens onmoontlik om sy eie hart te besny en net so onmoontlik om enige iemand daartoe te bring. Hierin geld die opdrag egter steeds dat die ouer in vertroue op God, moet bly onderrig, want hulle het die versekering van God: "En die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die Here jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe." (Deuteronomium 30:6).

Die ouers is dus deur God onderrig om in verhouding tot Hom te leef. Hierdie verhouding is een van gehoorsaamheid en vertroue wat voortvloei uit die liefde wat God deur die wedergeboorte en

geloof in hulle harte geskenk het. God wil die ouers as instrumente gebruik. So wil Hy dieselfde in hulle kinders bewerk, sodat hulle tot sy eer, waarlik kan leef. Dit hou prakties die volgende vir die ouers in: .

- Die onderrig van die ouer aan sy kind is onlosmaaklik verbind aan die onderrig wat die ouer self ontvang. God openbaar Homself aan die kinders deur die onderrig van ouers wat Hom liefhet.
- Die toerusting van ouers om hulle kinders te kan onderrig, is 'n voortgaande daad van God deur sy Woord en daade.
- Toerusting van ouers vind plaas, sowel deur mondelinge onderrig as deur God se daade, in die midde van die volk.
- God alleen kan die liefde, wat in gehoorsaamheid en vertrouwe na vore kom, bewerk in die harte van sy volk.
- Die kennis waarin die kind onderrig word, is nie blote feitekennis nie, maar geloofskennis, kennis van die hart.

2.6.5 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN ONDERRIG

Deur die onderrig moet die ouer die kind begelei om die genade van God wat Hy aan sy volk bewys het, sy eie te maak.

Deur die onderrig van die ouer moet die kind God se genade leer begryp wat opgesluit lê in: die verlossing uit slawerny, die ontvangs van die erfenis en die lewe in gehoorsaamheid aan God se gebooie.

Deur die onderrig van die ouer moet die kind begryp dat 'n lewe uit die genade van God die enigste moontlikheid van 'n vreugdevolle lewe is.

Onderrig het ten doel om sowel die ouer as die kind voortdurend aan God en sy gebooie te herinner sodat hulle in die vrees van die Here kan leef.

Die onderrig van die ouers moet die kind daartoe begelei om die Here te vrees.

'n Doel van die onderrig is die voortbestaan van die volk van God: hulle moet die onderrig laat voortklink van geslag tot geslag.

Onderrig van ouers aan kinders het ten doel dat die kinders God sal dien in elke opkomende geslag. So word die voortbestaan van die volk langs die weg van die onderrig verseker.

Die onderrig van ouers het ten doel om die kind te laat begryp dat onderrig van lewensbelang is, want wie nie antwoord op God se genade nie, verloor sy lewensruimte.

Die onderrig van ouers het ten doel om die kind te leer om in gehoorsaamheid elke dag opnuut God se genade uit sy hand te ontvang.

Die onderrig mag nooit die nakoming van die wet 'n wyse maak waarop God se genade verdien moet word nie. Gehoorsaamheid moet voortvloei uit die besondere verhouding en liefde wat daar tussen God en die kind bestaan (groei).

Ouers moet van die liefde en vertroue wat God in hulle bewerk het deur sy onderrig, getuig. Deur hulle getuienis kan God ook dieselfde liefde en vertroue by die kind bewerk.

2.7 DIE WYSE VAN ONDERRIG IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6

2.7.1 DIE ONDERRIG AAN KINDERS DEUR OUERS VIND PLAAS TYDENS HULLE SAAMLEEF MET MEKAAR - LEERGEMEENSAP AS LEEFGEMEENSAP

In Deuteronomium 6:7 word die ouer en kind in verskillende leefomgewings geskets - terwyl hulle saam sit in die huis, saam op pad is, as hulle saam lê en rus of in die aand reeds in die bed lê en gesels, en ook wanneer hulle saam opstaan. Elkeen van hierdie leefsituasies moet aangegryp word om die woorde van God in te skerp by die kind. Die saamleef moet geleentheid bied vir saam leer. Die woorde waarin die ouer onderrig is, en wat hy in sy hart het, dra hy ook aan sy kind oor by elke geleentheid.

Die oordra van die Woord van God kan nie bloot herhaling wees van

die presiese woorde wat die ouer gehoor het of die blote oorvertel van God se handeling in die geskiedenis nie (Miller 1990:107). In Deuteronomium 6:20 word die vraag weergegee van 'n kind in wie die begeerte leef om te leer. Die vraag veronderstel 'n gesonde verhouding tussen ouer en kind, en 'n positiewe ingesteldheid teenoor die God van die verbond. Die kind stel immers belang in dit wat God se handeling met sy ouers ingehou het en hy identifiseer homself met die God van die verbond (vgl. "die Here ons God"). Craigie (1976:174,175) sê dat dit die vraag is van 'n kind wat besig is om tot volwassenheid te groei, wat reeds onderrig is in gehoorsaamheid, maar wat die betekenis van die geboorte wat sy daaglikse lewe beheers, wil begryp. Dit is die vraag van 'n kind wat deur die vrees van die Here gedring word om te wil leer. Die vraag van die seun in vers 20 na die betekenis van die getuienisse, insettinge en verordeninge, ontlok 'n antwoord waarin die geskiedenis verhaal word (vers 21 - 23). Hierdie geskiedenis van die verordeninge word egter by "vandag" uitgebring (vers 24). Die opdragte van die Here moet uitgeleef word in die situasie "soos dit vandag is" (Lohfink, 1982:47,48).

Deur die onderrig pas die ouers God se liefde vir sy volk (soos dit na vore kom in sy woorde en daade) prakties toe op die lewe van die kind. Dit is ook die praktiese toepassing van die eis om God met 'n onverdeelde hart te dien. Om toepaslik (aktueel) te onderrig moet die ouer God voortdurend in sy woorde en daade leer verstaan. Die ouer moet ook voortdurend sy kind leer begryp in sy konkrete leefwêreld, in sy vreugde en nood. Die ouer moes voortdurend met God leef om voortdurend van God te leer wat die betekenis van sy openbaring in elke situasie is. So moes daar meeleding en meegevoel met sy kind wees. Miller (1990:98) bring dit soos volg onder woorde: "The struggle of faith was and is a constant effort to discover afresh in each situation the experience of the confession made in the Shema and the requirements of the demand imposed by it" (vergelyk 2.4). Ook Helberg (1990:52) wys op die konkrete karakter van Deuteronomium, die toekomsvisie van Deuteronomium is nie "op geestelike en hemelse seëninge gerig nie, maar op die lewe in die land, met die materiële gawes wat hulle daarin van God sal ontvang".

Abram (1980:22,63) karakteriseer die leeraktiwiteit wat plaasvind tydens die Joodse onderrig met die woorde "permanent leren". "Permanent leren" beteken nie ononderbroke leer nie, maar, steeds weer leer (Abram,1980:151,259). Onder leer verstaan hy nie die suksesvolle verwerwing van kennis nie, maar die poging om kennis te verwerf (Abram,1980:23). Die doel van die onderrig is nie bloot om iemand 'n sekere hoeveelheid kennis oor 'n saak te help baasraak nie, maar om iemand daartoe te bring dat leer 'n permanente en spontane deel van sy leefwyse word (Abram,1980:223,262). Die vrees van die Here dring elke ouer en kind tot "permanent leren". Elke ouer en kind moet steeds meer en meer onder die besef kom dat hulle voor God leef, so sal hulle in elke situasie daarna soek om die wil van die Here te begryp. Omdat hulle die Here vrees, sal elkeen op sy eie en saam met ander, elke dag opnuut die wil van God ken op die pad waarop hulle daardie dag moet gaan.

Die onderrig vind dus plaas in die vorm van persoonlike gesprekke waarin ouer en kind saam soek na God se wil vir "ons" vandag. In hierdie soeke word hulle saamgebind deur die feit dat albei kan sê "ons God" (vers 20,24). Elkeen moet egter van sy kant iets bydra om die onderrig te laat slaag. Die ouer moet sy ken en liefhê van God oordra aan die kind, die kind moet sy belewing van, vrae oor en worsteling met die wêreld aan die ouer oordra. Saam moet hulle God se wil vind in elkeen se konkrete situasie.

In hierdie persoonlike gesprek waarin die onderrig plaasvind, word die leraar soms leerling (hy moet die leerling se leefwêreld leer ken) en leerling soms leraar (hy moet die een wat hom leer, inlei in sy eie leefwêreld). Deur die onderrig wat hulle gee, leer die ouers steeds meer en meer hulle God ken. Die soeke om volgens God se wil saam te leef, lei tot saamleer ten opsigte van die praktiese toepassing van die kennis wat die leraar aan die leerling oordra (Gossmann, 1990:145).

2.7.2 ONDERRIG DEUR HERHALING

In Deuteronomium 6:6-9 word God se volk aangespoor om die gebooie,

wat die raamwerk verskaf waarbinne hulle hul liefde vir God kon uitdruk, in hulle harte te hou. Dit wil sê hulle moes daarvoor nadink en dit deurdink sodat dit deel word van hulle wese. So sou gehoorsaamheid daaraan voortvloei uit 'n groeiende begrip van die betekenis daarvan. Wanneer hulle hierdie wette van God self begryp en steeds beter leer begryp, moet hulle dit ook aan hulle kinders onderrig. Die begrip [] kan ook die betekenis hê van herhaal (vgl. Craigie 1976:170). Hierdie betekenismoontlikheid pas goed by dit wat op hierdie opdrag volg, naamlik dat die onderrig by verskeie geleenthede moet plaasvind. Daar moet deurlopende gesprek daarvoor wees.

Herhaling word ook uitgedruk deur die aandrang dat die gebooie op verskillende plekke aan die persoon self, aan sy huis en stadspoorte vasgemaak moet word. Hieruit is dit egter duidelik dat die herhaling nie telkens op dieselfde wyse gedoen word nie en nooit 'n meganiese memorisering is nie.

Die sterk klem wat geplaas word op "onthou" en op "nie vergeet nie" benadruk die belangrikheid van die herhaalde oordenking van God se opdragte.

Die wyse waarop ouers hulle kinders moet onderrig, was dus deur herhaalde gesprek oor en toepassing van God se opdragte.

2.7.3 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE WYSE VAN ONDERRIG DEUR DIE OUERS

Van elke leefomgewing moet ook 'n leeromgewing gemaak word.

Onderrig is nie resitering van woorde en gebeure nie, maar begeleiding tot toepassing van die betekenis van God se liefde vir sy volk in elke situasie.

Onderrig van ouers aan kinders vind in 'n persoonlike gespreksrelasie plaas.

Suksesvolle onderrig van ouers aan kinders vra die bydrae van beide partye.

Onderrig wat in 'n persoonlike gespreksrelasie plaasvind en waarin na konkrete toepassing gesoek word, bring soms die omkering van die rolle van leraar en leerling mee.

Kinders moet begelei word om "leer" 'n permanente deel van hulle lewe ('n leefwyse) te maak.

Ouers moet hulle kinders onderrig deur onder andere die leerstof gereeld te herhaal.

Herhaling vind plaas deur die stof telkens in 'n nuwe situasie toe te pas en ook deur dit op 'n ander wyse as die vorige keer aan te bied.

2.8 KONKLUSIES TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG VAN DIE OUERS AAN HULLE KINDERS IN DIE LIG VAN DEUTERONOMIUM 6

Die onderrig van ouers aan kinders in God se volk is gegrond op die verbond van God - dit wil sê op die unieke band wat deur God tussen Hom en sy volk daargestel is.

God se onderrig wat Hy aan ouers deur sy Woord en daad gee, en wat deur die hart van die ouer gegaan het, is die inhoud van die ouer se onderrig aan sy kind.

God is die hoogste, eerste en finale (finaal beteken deurlopende) Subjek van die onderrig.

Alhoewel die ouer, binne die volk van God, die primêre subjek van die onderrig is, bly die volk van God ook verantwoordelik vir die kind se onderrig.

Die doel van die onderrig van ouers is om die kind te begelei om vreugdevol in die verbond met God te leef. Om dit te bereik moet die ouer die kind begelei om God se genade te begryp, God te vrees en in gehoorsaamheid aan God uit die genade te leef.

Die wyse waarop die ouer die kind onderrig, is deur persoonlike gesprekke waarin ouer en kind saam God se genade op hulle lewens toepas (die genade sluit in verlossing, verordeninge en die gawe

van lewensruimte vgl. 2.6.1.1) . In die onderrig speel herhaling 'n belangrike rol.

2.9 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE

Die onderrig van die ouer bekleë 'n unieke en noodsaaklike plek in die verbondsoopvoeding van die kind.

Die hele volk van God is mede-verantwoordelik daarvoor dat die ouer sy opdrag uitvoer.

Ouers moet begelei word om in 'n nuwe verbondsverhouding met God te leef, sodat hulle God ken en liefhet: alleen dan kan hulle hulle kinders die ware verbondopvoeding gee.

Ouers moet leiding ontvang in hulle verhouding met hulle kinders sodat daar 'n vertrouensverhouding tussen ouer en kind sal wees.

In die opvoeding moet die onlosmaaklike eenheid tussen verbond, wet (gehoorsaamheid) en onderrig gehandhaaf word. Die kind moet begelei word om God te gehoorsaam uit liefde vir God wat, vanweë die verbond, sy God is. Onderrig en wet sonder verbond lei tot wettisisme. Onderrig en verbond sonder wet kweek bome wat nie vrug dra nie.

Ouers lei die kind om God se genade in die verbond, sy eie te maak.

Die kind word as deel van God se volk onderrig. Hy word dus nie net begelei in sy persoonlike verhouding met God nie, maar ook in sy verhouding tot God as deel van God se volk. Hy moet homself ken as deel van God se volk sodat hy verantwoordelikheid sal aanvaar vir God se volk.

Die kind moet deur die onderrig toegerus word, sodat hy weer op sy beurt ander kan en wil onderrig. Hy word deur die onderrig toegerus om deel te wees van die kommunikasiekanaal waardeur God sy openbaring oor die geslagte heen laat voortleef. Hy is 'n dienaar in God se koninkryk deur wie se onderrig God sy koningskap in harte wil vestig en so sy volk vergader.

HOOFSTUK 3 DIE ONDERRIG VAN DIE PROFEET AS GELOOFSOPVOEDING - VOLGENS DEUTERONOMIUM

3.1. DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk sal die onderrig van die profeet nagevors word soos dit in die Ou Testament na vore kom. Daar sal gepoog word om die besondere eienskappe van die profeet se onderrig uit te wys. Voorts sal die betrokkenheid van die kind by hierdie onderrig nagevors word, sodat die plek van die profeet se onderrig in die geloofsopvoeding van die kind nader aangedui kan word.

3.2. MOTIVERING VAN DEUTERONOMIUM AS ONDERSOEKMATERIAAL

Wanneer die onderrig van die profeet in die Ou Testament nagevors word, kom daar 'n beeld met 'n groot verskeidenheid fasette na vore (Pedersen, 1926:9). Harrison (1975:741) sê dat daar onder die begrip "profeet" 'n wye verskeidenheid persoonlikhede met baie verskillende funksies byeengebring is (vgl. ook Porter, 1982:11,12).

So is daar onder andere die onderskeiding gemaak tussen profete wat in 'n sekere opsig verbonde was aan die koninklike hof en die tempel (2 Samuel 7:1 e.v.; 1 Konings 1:34,45; 22:6) en die profete wat as onafhanklike individue opgetree het (Amos 7:14; Porter, 1982:13).

Onder eersgenoemde groep is daar dié wat deel gevorm het van 'n groep (1 Samuel 19:18-24) en ander wat as individue opgetree het (1 Samuel 22:5; 2 Samuel 24:11) (Rendtorff, 1969:799). 'n Verdere onderskeid word gemaak tussen ekstasies en nie-ekstasiese profete (Rowley, 1967:146).

Petersen (1981) ondersoek die verskillende begrippe wat in die Ou Testament gebruik word om die profeet aan te dui. Hy toon in sy studie aan dat kenmerke soos amp, ekstase en charisma nie een, opsigself, die profeet se werk kan omskryf nie. Wanneer

een kenmerk voorgehou en bestudeer word as dié belangrikste kenmerk, gee dit aanleiding tot eensydigheid. Die etimologiese ontleding van die begrippe נָבִיא, מְלָאכִים וְנָבִיא, נָבִיא en נָבִיא dra nie veel daartoe by om die taak van die profeet in Israel te begryp nie. Wanneer die optrede van die persone aan wie hierdie benaminge toegeken is, bestudeer word, kom daar egter belangrike inligting na vore. Die begrip נָבִיא was gebruik om 'n profeet te beskryf wat in 'n bepaalde dorp gevestig was, aktief was in die publieke seremoniële kultus en wat geraadpleeg kon word teen betaling (1 Samuel 9:15-17,21; 10:1,3-4). Die begrip מְלָאכִים וְנָבִיא het gewoonlik 'n profeet aangedui wat rondreisend was en wat verbonde was aan 'n groep of groepe profete genaamd מְלָאכִים וְנָבִיא. Elisa en die profete-seuns is hiervan 'n voorbeeld. Die begrippe נָבִיא en מְלָאכִים het dieselfde tipe profeet aangedui. Die begrip נָבִיא is in Juda en die begrip מְלָאכִים in Israel gebruik om die profeet aan te dui wat die Woord van God gebring het in toepassing op die konkrete situasie van die volk. Dit is dus twee begrippe wat deur verskillende mense vir dieselfde taak van die profeet gebruik is. Petersen (1981:99) kom uiteindelik tot die gevolgtrekking: "Considerable variety is therefore, present in Israelite prophecy -- variety in the behavioral involvement with which the prophetic role was enacted, and variety in the number of roles which made up the phenomenon we summarize as Israelite prophecy".

Al hierdie profete se optrede word beheers en saamgebind deur die roeping wat hulle van God ontvang het om sy volk te lei tot 'n lewende verhouding met Jahwe, die God van die verbond (Blank, 1969:35; Lindblom, 1962:182; James, 1981:28). Hierdie roeping was onlosmaaklik verweef met die "Woord" wat hulle van God ontvang het. Nie alleen was die Woord van God 'n integrale deel van die roeping nie (Jeremia 1:2,4,9; Esegïël 2:7), maar dit was ook herhaaldelik deel van die profeet se boodskap uitgedruk in die woorde "So sê die Here" (Rendtorf, 1969:810; Napier, 1962:90).

Dit is moeilik om vanuit gegewens uit die Ou Testament bo alle twyfel uit te maak in hoeverre die profete by amptelike kultiese seremonies betrokke was en of daar amptelike kultiese groepe van

profete was (vergelyk Harrisson, 1975:747, 741-763; Lion-Cachet, 1975:9;). Ook die spesifieke betrokkenheid van die profete by die onderrig van die kind word nie duidelik aangetoon in die Ou Testament nie (Porteous, 1962:11,12; Porter, 1982: 11-20; Flanders, 1988: 301 - 304). Dit sou dus moeilik wees om uit so 'n wye verskeidenheid gegewens die plek van die profeet se onderrig in die geloofsopvoeding van die kind te bepaal .

In die boek Deuteronomium word egter die onderrig van 'n profeet van God aan die volk weergegee. Moses word van die begin van die boek af voorgestel as die draer van die goddelike Woord (Miller, 1987:246). In ooreenstemming hiermee word hy as profeet uitgewys (Deuteronomium 18:15), 'n profeet wat glad nie sy gelyke in enige ander profeet het nie (Deuteronomium 34:10), maar wat as rolmodel sal dien vir komende profete wat die Here sal roep (Deuteronomium 18:15) om sy wil aan die volk bekend te maak (Harrison, 1975:741, Rendtorff, 1969:803, Miller, 1990:154). Ook elders in die Ou Testament word Moses as profeet erken. Hosea sê: "...deur 'n profeet het die Here Israel uit Egipte laat optrek, en deur 'n profeet is hulle opgepas" (Hosea 12:14). In Josua 14:6 word hy met die uitdrukking "Moses, die man van God" as profeet erken (vergelyk ook Deuteronomium 33:1). In Numeri 12:6-8 staan "... as daar 'n profeet onder julle is, sal ek, die Here, myself aan hom bekend maak in 'n gesig, Ek sal met hom praat deur 'n droom. So is dit nie met my kneg Moses nie: in my hele huis is hy getrou. Mond tot mond spreek ek met hom en nie deur duister woorde nie; en hy sien die verskyning van die Here". Rowley (1967:70) kom op grond van bogenoemde feite tot die gevolgtrekking dat 'n profeet beskou is as die mondstuk van God - so wys Jeremia juis die vals profete uit as dié wat net woorde spreek wat uit hulle eie hart kom (Jeremia 23:16,23). Rowley (1967:70) sê verder "If the function of the prophet is indeed to be the mouthpiece of God, no Old Testament figure more deserves this title than Moses".

Volgens Deuteronomium 1:5 het Moses egter nie net die woorde wat hy van God ontvang het, bloot aan die volk herhaal nie, maar hy het dit ook uitgelê, hy het die volk dus onderrig (Miller, 1990:70).

Hieruit is dit duidelik dat Moses in Deuteronomium as profeet voorgestel word wat God se volk onderrig. Dat die kinders by hierdie onderrig ingesluit was, is duidelik uit die feit dat die ouers herhaaldelik aangespoor word om dieselfde onderrig wat hulle ontvang het, aan die kinders deur te gee. Dit is verder duidelik daaruit dat Moses telkens die hele vergadering van Israel, waarby die kinders ingesluit is, (vergelyk Deuteronomium 29:10,11) onderrig.

Deuteronomium kan dus as geskikte ondersoekmateriaal beskou word om die plek van die onderrig van die profeet as deel van geloofsopvoeding van die kind te bepaal.

Die besondere kenmerke van die profetiese onderrig soos dit na vore kom in Deuteronomium, sal nou ondersoek word en ook met feite uit die res van die Ou Testament vergelyk word. Die betekenis wat hierdie kenmerke vir die geloofsopvoeding van die kind inhou, sal telkens aangetoon word.

3.3 DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

3.3.1 DIE PROFEET SE ONDERRIG RUS OP DIE VASTE GROND VAN GOD SE VERBONDSBELOFTE (VERBONDSONDERRIG)

In die boek Deuteronomium vorm die beloftes van God aan die aartsvaders 'n deurlopende lyn in die onderrig van Moses (vgl. Deuteronomium 1:8,34,35; 4:21; 6:10,18,23; 7:8,12,13; 8:1,18; 9:5; 10:11; 11:9,21; 19:8; 26:3,15; 28:11; 29:13; 30:20; 31:7). Dit kan met reg gestel word dat die verbond die grondslag van die onderrig is. Shechter (1981:21) toon dat die begrip wat vir die verbondsbelofte gebruik word, die betekenis het van 'n eed. Hiermee word die oorspronklike belofte aan die aartsvaders op 'n intensiewe wyse bevestig om daarmee aan Israel die absolute sekerheid te gee dat God aan hulle gaan gee wat Hy beloof het (a.w.:40; Swanepoel,1992:383,384).

In bogenoemde gedeeltes kom telkens verskillende fasette van die verbond na vore. Vervolgens word hierdie fasette nou ondersoek

met die oog op riglyne vir geloofsonderrig van die profeet aan die kind. Deuteronomium 6 is reeds ontleed in hoofstuk 2 en Deuteronomium 26 sal in 'n latere hoofstuk ontleed word, daarom sal dit nie nou hier nagegaan word nie.

3.3.1.1 Deuteronomium 1:8,34,35: God se trou en sy eis om geloof, as onderrig

In Deuteronomium 1:8,34,35 word aan die een kant sterk klem gelê op die land as 'n vrye gawe van God; God gee die land aan hulle oor. Aan die ander kant word sterk aanspraak gemaak op Israel om te glo dat dit wat God met 'n eed beloof het, waar sal word en daarom moet hulle die land in besit gaan neem. Die wat nie wou glo nie, en teruggeskrik het om die land te gaan inneem, kon nie in die land ingaan nie. God het oor hulle die teendeel gesweer, naamlik dat hulle nié die land sou binnegaan nié. Ook oor Moses het die Here gesweer, dat hy nie sal ingaan nie omdat Hy God nie voor die volk geëer het, toe hy die rots geslaan het nie (Deuteronomium 4:21).

Die profeet leer die volk hier dat die land 'n vrye gawe is, wat hulle, in vertroue op God se eed, in besit moet neem, anders word dit 'n eed wat hulle die land ontsê

3.3.1.2 Deuteronomium 7: God se unieke verhouding met sy volk as onderrig

In Deuteronomium 7 ontvang Israel die opdrag om die nasies in Kanaän met die banvloek te tref en al hulle kultiese bouwerke te vernietig, ook mag daar geen huwelike gesluit word tussen Israëliete en mense van die ander volke nie. Daar mag geen verbond tussen Israel en die nasies gesluit word nie (verse 1-5). Die rede vir hierdie streng verbod op enige goedgesinde kontak met die nasies word in vers 6 gegee : "Want jy is 'n volk heilig aan die Here jou God; jou het die Here jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is sy eiendomsvolk te wees." Verbondsluiting met die nasies sal daartoe lei dat die besondere verhouding tussen God en sy volk verbreek word (vers 4) (vgl. Miller, 1984:21-25). Israel sal die unieke verhouding

met God alleen kan handhaaf, indien hulle na die profeet se onderrig luister, en daaraan gehoor gee, sodat die verbondsbelofte vir hulle waar kan word.

Die profeet leer die volk dat hulle vanweë die verbond in 'n unieke verhouding tot God staan. Hierdie verhouding van die volk met God word in stand gehou wanneer die volk leef volgens dit wat God hulle beveel.

3.3.1.3 Deuteronomium 9: God se genade en die verantwoordelikheid wat dit meebring, as onderrig

Die profeet roep die volk op met die woorde "Hoor" (vers 1) en "weet dan" (vers 3,6) en "dink daaraan" (vers 7) om na sy onderrig te luister. Hy maak dit vir hulle baie duidelik dat dit nie vanweë enige verdienste van hulle kant is dat God die land aan hulle gee nie, maar alleen omdat God getrou is aan sy belofte en omdat Hy die nasies in die land deur hulle sou straf. Moses moes vir die volk intree en hom beroep op God se belofte, anders het God hulle verdelg vanweë hulle ongeregtigheid en hardkoppigheid.

Die profeet leer die volk dat God uit louter genade aan hulle die land skenk en dat hulle gehoor moet gee aan die onderrig, anders sal hulle ten gronde gaan.

3.3.1.4 Deuteronomium 10: God se uitverkiesing as onderrig

Die kenmerkende wat hier in die onderrig van die profeet na vore kom, is dat die antwoord van Israel op God se verbondsgenade (naamlik om die Here te vrees, lief te hê en in sy weë te wandel) opgesom word met die opdrag om hulle harte te besny (vers 16). Die antwoord van Israel moet dus 'n antwoord uit die hart wees. 'n Verdere belangrike klemtoon wat in die onderrig gelê word, is dat God wat oor alle dinge beskik, Israel uitgekies het uit al die volke, en daarom verheerlik moet word (vers 17-22).

Die profeet leer die volk dat God wat oor alle dinge beskik

hulle uitgekies het as sy volk; daarom moet hulle diens aan Hom uit die hart kom.

3.3.1.5 Deuteronomium 11: God se seën en straf as onderrig

Die profeet leer Israel dat die verlossingsdade van God wat hulle met hulle eie oë gesien het, God se onderrig aan hulle was. Hierop bou Moses voort en roep hulle op om God se gebooe na te kom. Die onderhouding van die wet is nou verbind met die woon in die land. Israel het die land ontvang om die wet daarin te onderhou en hulle hele lewe daarvolgens in te rig. Die wet is reeds voor die ontvangs van die land aan hulle gegee. Ook die verlies van die land is verbonde aan die nakoming van die wet (Helberg, 1990:87). Indien die wet nie onderhou word nie, sal hulle uitgeruk word uit die land (Deuteronomium 28:58,63). Daarom moet hulle hul kinders ook hierdie insettinge leer, sodat hulle ook 'n geseënde lewe in die land kan hê.

Die profeet roep die volk in sy onderrig om die God, wat hulle in sy verlossingsdade leer ken het, se gebooe na te kom. Hulle weet immers teen die tyd dat Hy die gehoorsames seën en die ongehoorsames straf. Daarom moet hulle ook hulle kinders leer - so sal ouer en kind nie God se gebooe vergeet nie. So sal die verbond van God nie verbreek word nie.

3.3.1.6 Deuteronomium 19: Ontvange genade, aansporing tot barmhartigheid - as onderrig

In Deuteronomium 19 word daar aan Israel voorskrifte gegee in verband met vrystede, waar iemand wat sonder opset 'n ander gedood het, skuiling kan vind. In vers 8 word die moontlikheid genoem dat God Israel se grondgebied kan vergroot volgens sy verbondsbelofte. Indien dit gebeur, moes hulle nog drie bykomende vrystede inrig. Hiermee verkondig die profeet weer eens die beginsel aan Israel dat hulle moet antwoord op God se genade in sy verbond. God gee mildelik aan Israel, daarom moet hulle ook bereid wees om grond, tyd en harde werk in te sit om aan die vlugteling 'n heenkome te bied. Die verbondsverhouding waarin Israel met God staan, kos hulle ook iets. Soos God hulle

genade gee, so moes hulle ook genade betoon.

Die profeet onderrig die volk tot barmhartigheid en genade vanuit die genade wat hulle in die verbond ontvang het.

3.3.1.7 Deuteronomium 28: Verbondseëninge en vervloeking as onderrig

In Deuteronomium 28 word aan Israel die seëninge voorgehou wat hulle sal ontvang indien hulle getrou is aan die verbond en die vervloeking wat hulle sal tref as hulle ontrou is.

Die profeet leer die volk dat om in die verbondsverhouding met God te leef, seëninge beteken, maar om die verbond te verbreek, vervloeking.

3.3.1.8 Deuteronomium 29: Verbondsluiting met elke individu as onderrig

In Deuteronomium 29:9 word die onderrig van die profeet ten nouste verbind met die verbond. In hierdie vers word na die onderrig van Moses verwys as "die woorde van hierdie verbond". Dat hier na Moses se onderrig verwys word, is duidelik uit die woorde wat direk daarop volg: "Onderhou die woorde van hierdie verbond en volbring dit sodat julle voorspoedig kan uitvoer alles wat julle doen". God se onderrig deur Moses word deurlopend voorgehou as die weg van die verbond.

Vanaf vers 10 word die verbondsluiting weergegee. Klem word daarop geplaas dat die verbond met elkeen in Israel gesluit is. Klem word ook gelê op die straf van die mens wat dink dat hy in die sonde kan volhard - hy sal na 'n ver land weggevoer word.

In vers 29 word afgesluit met die onderrig dat daar sekere dinge van die Here is wat verborge is - die is vir die Here. Die dinge wat egter openbaar is, is vir die verbondsvolk en hulle kinders tot in ewigheid om te doen al die woorde van die profeet se onderrig. God onderrig die volk deur die woorde van die verbond aan hulle te openbaar. Hierdie openbaring is bedoel om

die volk tot aktiwiteit in sy diens aan te spoor.

3.3.1.9 Deuteronomium 30: God se wederbarende werking as onderrig

In hierdie hoofstuk onderrig die profeet deur aan die volk te sê wat in die toekoms gaan gebeur. Hy praat met hulle oor die dag wanneer Israel wat vanweë hulle sonde in ballingskap weggevoer is, hulle tot God sal bekeer. God sal hulle terugbring na die land. God sal hulle harte en die harte van hulle nageslag wederbaar (vers 6) sodat die onderrig van die profeet nie vir hulle te swaar of te ver sal wees nie, maar baie naby hulle in hulle harte en monde, om dit te doen (vers 11-14). Deur sy onderrig stel die profeet die volk voor die keuse, of 'n lewe in ongehoorsaamheid wat op die dood uitloop of 'n lewe in gehoorsaamheid wat die ware lewe is.

Die profeet bring die volk deur sy onderrig daartoe om te begryp dat die uiteindelijke diensbaarheid voortvloei uit die werk van God in die volk se harte. So sal hulle in staat wees om die Woord van God te doen, en elke dag te kies vir die lewe wat God gee.

3.3.1.10 Deuteronomium 31: Aansporing tot geloofsdade as onderrig

In vers 7 kom die finale opdrag aan Josua om die land in besit te gaan neem. Hy kan sterk en vol moed wees, want God is volgens sy verbondsbelofte by hom. Deur die geloof mag hy nie bang wees om te doen wat God aan hom opdra nie.

Die profeet se onderrig bou op tot by die punt waar die hoorder tot aksie moet oorgaan in volle vertroue op God se verbondsbelofte en waar hy sonder vrees doen wat God sê.

Die volgende feite aangaande die verbond van God as grondslag van die onderrig van die profeet kom na vore:

Die onderrig van die profeet is alleen moontlik vanweë God se

openbaring in sy verbond met Abraham, Isak en Jakob (Brienen, 1990:38). God het hierdie verbond uit louter genade met Abraham, Isak en Jakob gesluit. God se genade word aan Israel geskenk in 'n verbondverhouding. Hy lei hulle uit die slawehuis en gee die land aan die volk, nie omdat hulle dit verdien het (Deuteronomium 9:5), of deur 'n inset van hulle kant nie (Deuteronomium 6:10,11), maar omdat Hy Homself in sy groot genade daartoe verbind het deur sy Woord (Deuteronomium 15:18). So gee Hy vanweë sy genade aan hulle deur Moses sy verordeninge sodat hulle in noue gemeenskap met Hom kan leef. Die onderrig van die profeet berus dus daarop dat God in die geskiedenis 'n besondere verhouding met die voorgeslag van Israel daargestel het waarin Hy gesweer het om vir hulle 'n God te wees. In die geskiedenis tree God op om sy planne vir sy volk te verwesenlik. Hierdie is nie maar impulsiewe planne van God wat môre, oormôre weer gewysig sal word nie. Wat vandag met Israel gebeur, is dit wat God aan die vaders beloof het. Die vervulling van hierdie belofte verkondig God se getrouheid aan sy Woord. God se belofte bind alle geslagte tot 'n eenheid - dit wat God aan die vaders beloof het, word nou vervul en sal vir komende geslagte in vervulling gaan. Deur sy onderrig bevestig die profeet aan die volk die sekerheid van hulle band met God en hy leer hulle hoe om uit hierdie sekerheid vreugdevol te leef. Deur sy onderrig word die volk gelei om hulle lewe te bou op God se Woord.

Die antwoord van die volk op hierdie sekerheid in God se verbond is 'n lewe van toewyding aan die Here. Israel was deur God afgesonder om aan hulle sy liefde te betoon, maar hulle is ook afgesonder sodat Hy Homself deur hulle aan die wêreld kan openbaar (Eksodus 19:5 e.v.) om so die einddoel van die verbond te verwesenlik dat al die nasies van die aarde in Abraham se nageslag geseënd sal wees (Genesis 12:1-3) (Shechter, 1981:153 en Clements, 1968:31-36).

Onderrig en verbond loop hand aan hand. God sluit eensydig met Israel 'n verbond, in genade verbind Hy Hom aan hulle. Binne hierdie verhouding openbaar Hy Hom as die lewewekkende en die reddende God. Terselfdertyd vra Hy Israel om hierdie verhouding

te beantwoord deur Hom as enigste God te ken en te dien (Verboom, 1989:11). So het die leer ken van God en sy woorde en daade, plek binne die verbond want die volk moet leer hoe om te antwoord op die verbond (Deuteronomium 4:13 e.v.; 5:1 e.v.) (Brienen, 1990:39).

3.3.1.11 Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van die grondslag van die profeet se onderrig

- Die kind word deur die profeet se onderrig begelei om te glo dat God sy belofte sal nakom.
- God se belofte en handeling in die verlede is die vertrekpunt van die onderrig.
- Deur die onderrig word die kind begelei om vanuit die band wat God tussen Hom en sy volk gelê het deur die verbondsluiting, vreugdevol te leef.
- Deur die onderrig word die kind begelei om sy verhouding tot God bo elke ander verhouding te stel.
- Deur die onderrig word die kind begelei om so (in sy verhouding tot God) te leef dat die werke van God in sy lewe sigbaar word.
- Die kind word deur die onderrig geleer om en hoe om in die verbond met God te leef.

3.4 SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

3.4.1. DIE PROFEET AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

In Deuteronomium 5:23-6:1 en Deuteronomium 18:15-22 word die profeet as subjek van die onderrig beskryf.

Hierdie twee gedeeltes sal nou nader ondersoek word.

3.4.1.1 Deuteronomium 5:1 - 6:1: Die profeet as tussenganger

In Deuteronomium 5 verhaal Moses die gebeure by Horeb toe die Here die wet aan Israel gegee het (vers 1- 3) en so 'n verbond met die volk gesluit het. God het uit die vuur, die wolk en die

wolkedonkerheid die wet "met 'n groot stem" aangekondig (vers 22). Die openbaring van God se heerlikheid het 'n diepe ontsag en vrees by die volk laat ontstaan sodat hulle Moses genader het om as tussenganger tussen hulle en God op te tree. In vers 27 word Moses se werk as tussenganger beskryf: Hy moet a) in die volk se plek na God gaan en b) alles hoor wat die Here sê, dan kan hy c) dit weer aan die volk oordra en hulle sal hoor en doen.

Die volk voel dus die noodsaak van iemand wat die mondstuk van God by hulle kan wees. God vind hierdie versoek goed omdat dit voortspruit uit eerbied vir Hom (vers 28,29). God stel Moses dan aan as sy mondstuk by die volk - die volk moet tente toe, maar Moses moet by God kom staan sodat God hom sy verordeninge kan meedeel. In Deuteronomium 18 waar Moses God se profeet genoem word, word verwys na dit wat hier in Deuteronomium 5 verhaal is, naamlik die volk se versoek vir 'n tussenganger en God se goedkeuring daarvan. Hieruit blyk dit duidelik dat Moses hier as profeet aangestel is.

Wanneer God egter Moses se taak by die volk beskryf, dan praat Hy nie van meedeel nie, maar van leer (Deuteronomium 5:31). Moses se taak sou wees om God se mededeling vir die volk te gaan verduidelik.

Die profeet is dus deur God geroep om die volk te onderrig. Sy onderrig bestaan uit die uitleg van God se mededeling. Deur die uitleg word die betekenis van God se mededeling vir die volk duidelik gemaak.

3.4.1.2 Deuteronomium 18 God se aktuele Woord deur die Gees, as onderrig van die profeet

Die hoofstuk begin met die herbevestiging van die Leviete se erfenis (18:1-8). Hierna word Israel gewaarsku dat hulle nie die praktyke van die nasies rondom hulle moet volg waarop hulle met die geesteswêreld probeer kommunikeer (18:9-14) om uit te vind wat in die toekoms gaan gebeur nie (James :1981:35,36). Die Here sal vir hulle 'n profeet soos Moses uit hulle midde verwek (18:15). Twee sake staan uit in die kontras tussen die

werkswyse van die nasies en die weg wat Israel moet gaan (Miller, 1990:151). Die eerste is God se inisiatief teenoor die menslike middele soos beskryf in vers 10,11: " 'n Profeet sal Ek vir hulle verwek.....en Ek sal my woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle alles sê wat Ek hom beveel." (18:18 klemtoon bygevoeg). Die tweede kontras lê opgesluit in God se Woord. Die openbaring van God se wil vind deur die Woord plaas wat God aan sy profeet gee en nie deur enige ander middel nie (vgl. Cate, 1982 :109-113). In sy vrymag lê God beslag op 'n mens se lewe. Hy roep die profeet persoonlik en vestig 'n direkte band tussen Hom en die profeet (Deuteronomium 34:10, vgl. ook Amos 3:7, Jeremia 23:22). God tree met die profeet in gesprek en gee aan hom opdragte wat hy ongeag die reaksie by die volk aan hulle moet oordra (Rendtorff, 1969:803; De Wilde, 1949: 12,13). Vriezen (1970:253) sê aangaande die wese van die profetiese onderrig die volgende: "Het wezen van het israëlitiese profetisme is slechts te verstaan vanuit het werken Gods zelf, spiritueel. De profeet is de door de Geest Gods gedrevene, de direct door God geroepene".

Die inhoud van die profeet se onderrig is dus God se Woord en die suiwere uitleg daarvan en nie iets wat die mens vir homself geproduseer het nie.

Brueggemann (1988:91) wys op 'n belangrike saak wat betrekking het op die inhoud van die profeet se onderrig. Hy sê: "The prophet is precisely for the time in the land: 'When you come into the land...the Lord wil raise up for you a prophet' (Deut. 18:9-15). At that time a prophet is needed and one is given." Die nuwe situasie waarin Israel ingaan in die land maak die onderrig noodsaaklik. Die inhoud van die profetiese onderrig is dus nie maar net God se Woord in die algemeen nie, maar God se Woord vir die situasie van die volk, hier en nou. Die profeet onderrig omdat hy deur God geroep is om 'n woord vir 'n bepaalde tyd te spreek. Dit beteken egter nie dat hierdie selfde woord nie ook geldig is wanneer die situasie verander en die volk uit die land weggevoer word nie. Die onderrig van die profeet is God se Woord wat telkens in elke nuwe situasie spreek tot God se volk. Israel kon juis "die verlies van die land oorleef omdat

hy nog die tora gehad het, soos voor hy die land gehad het" (Helberg, 1990:88).

3.4.2 DIE PROFEET SE ONDERRIG WORD AANGEVUL DEUR DIE ONDERRIG VAN DIE OUERS EN DIE VOLK

In Deuteronomium word die klem herhaaldelik daarop geplaas dat die ouer, dit wat tydens die samekoms van die gemeente onderrig is, aan sy kind by navraag moes verklaar en by elke geleentheid moes inskerp. Die profeet het dus primêr in die samekoms van die gemeente onderrig, maar die ouers moes seker maak dat die kinders dit begryp en hulle eie maak (vergelyk 3.3 van hierdie studie). Hierdie feit kom baie duidelik na vore in Deuteronomium 11:2. Die ouers sal die onderrig van die profeet beter kan begryp vanuit die onderrig wat hulle reeds van God ontvang het gedurende die uittog uit Egipte en die woestyntog. Die kinders het hierdie dinge nie gesien en gehoor nie, daarom is dit die taak van die ouers om dit vir die kinders in perspektief te plaas (11:19; vgl. ook 6:20-25).

3.4.3 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY TEN OPSIGTE VAN DIE PROFEET AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die profeet word deur sy roeping gedring tot betrokkenheid by die geloofsopvoeding van die kind.

Die profeet gee sy onderrig vanuit 'n unieke persoonlike verhouding met God wat voortvloei uit sy roeping.

Die profeet ontvang sy onderrig direk van God met die opdrag om dit aan die volk deur te gee.

Die toepassing van God se Woord is deel van die inhoud van die profeet se onderrig.

Die profeet spreek die Woord wat God gee as riglyn vir 'n lewe in 'n nuwe situasie.

Kinders het, as deel van die volk, onderrig ontvang van die

profeet tydens die samekoms van die volk.

Die onderrig van die ouer was aanvullend ten opsigte van die onderrig van die profeet.

3.5 DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

3.5.1 AANSPORING OM DIE GAWES VAN GOD IN BESIT TE NEEM AS DOEL VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG

In Deuteronomium 9 word Israel weer opgeroep om te hoor (vers 1). Daarna word hulle opdrag om die Jordaan oor te steek en die land te gaan inneem, aan hulle uitgespel. Die onmoontlikheid van hierdie taak word egter onmiddellik uitgespel - die nasies wie se land hulle moet gaan oorneem, is vir hulle heeltemal te sterk, dit is 'n nasie voor wie niemand kan standhou nie. Daarom moet Israel weet dat dit God is wat die nasies sal oorwin (vers 3). Hier in vers 3 kom 'n aspek van die profeet se onderrig na vore wat dwarsdeur die boek loop:

"Hy sal hulle vernietig en hulle voor jou onderwerp,
sodat jy hulle gou kan verdrywe en tot niet maak,
soos die Here jou belooft het."

Skynbaar weerspreek die profeet homself. Wie gaan uiteindelik die nasies vernietig, God of Israel? Israel se inset word ten volle omsluit deur God se aktiewe vernietiging en onderwerping aan die een kant en God se belofte aan die ander kant. God het die land en die inname daarvan belowe en Hy sorg aktief dat dit gebeur. Tog bly daar vir Israel 'n taak oor om te verdrywe en tot niet te maak. Om hierdie saak in perspektief te sien en toe te pas op die onderrig, is dit belangrik om dit oorsigtelik in die hele Deuteronomium na te gaan. Die land word in verskeie gedeeltes as gawe van God aangedui. In sommige van hierdie gedeeltes word gesê dat God die land aan Israel gee om in besit te neem (vgl. 1:8,21,39; 2:24; 3:18; 4:1; 5:4,28; 9:6,23; 10:11; 11:31; 12:1; 16:20; 17:14; 19:1,2,14; 21:1; 25:19; 26:1). Die begrip שָׁמַר word gebruik om die verantwoordelikheid van die volk om in besit te neem uit te

druk. Dit is dus duidelik dat die samehang van God se gawe op grond van sy verbondsbelofte en Israel se verpligting om die gawe in besit te neem, soos dit in hoofstuk 9 na vore kom, 'n deurlopende tema in die profeet se onderrig is.

Wat telkens, en veral hier in hoofstuk 9, egter uitgesluit word, is dat Israel op enige wyse die gawe verdien of dit in eie krag in besit sou kon neem. Hulle is nie sterker as die volke nie, dit is ook nie vanweë hulle geregtigheid voor God nie, maar alleen vanweë God se genade. Was dit nie dat Moses telkens vir die volk ingetree het nie, en by God gepleit het op grond van sy verbondsbelofte nie, dan het God hulle al vernietig.

Beide is dus waar: God skenk en Israel verower. Steeds staan Israel egter sonder enige verdienste. Hoe rym die profeet hierdie skynbare teenstelling ?

Die profeet antwoord hierdie vraag op tweërlei wyse in sy onderrig (Shechter, 1981:80,81): Ten eerste word God se gawe en Israel se taak om in besit te neem, bymekaar gebring om die volk te leer dat juis omdat die land en alles wat daarin is 'n gawe is, hulle dit in besit kan gaan neem. Vanweë God se besluit dat Hy aan Israel die land wil gee en die nasies wat nou daarin woon, wil straf, kan Israel die land met hulle eie inspanning verower. God gee, en Israel oorwin (vgl. Deuteronomium 7:2,16,24). Ten tweede word gawe en eie verantwoordelikheid so nou verbind om Israel te leer dat hulle nie die land alleen kan oorneem nie. Dit wat Israel moet doen, word voorafgegaan en gedra deur God se besluit en sy dade. Dit is God wat die nasies vernietig (Deuteronomium 7:1,22; 8:20; 12:23), Hy bring verwarring onder hulle (Deuteronomium 7:23). Hy dwing die nasies op hulle knieë (Deuteronomium 9:3). God verseker deur sy optrede die sukses van Israel se inspanning. Die profeet vermaan Israel om nie soos in die verlede te vrees vir die taak wat voorlê omdat hulle nie glo dat God die land aan hulle gee nie, maar hy waarsku ook dat hulle nie soos in die verlede sonder God die land probeer in besit neem nie (Deuteronomium 1:23-46).

Die doel van die profeet se onderrig is dus onder andere om die volk aan te spoor om dit wat God aan hulle skenk, in besit te neem deur eie inspanning. Die kind ontvang deur die onderrig van die profeet, die aansporing om die verantwoordelikheid wat God se genade op hom plaas, na te kom.

3.5.2 BEGELEIDING OM GOD TE DIEN AS DOEL VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG

In Deuteronomium word die land wat God aan Israel gee telkens as die "goeie land" bestempel (Deuteronomium 1:25,35,39; 3:25; 4:21,22; 6:3,10-11,18; 8:7-10; 9:6; 11:9-12; 12-14,17; 26:9,15). Hier kon Israel rus en veiligheid vind (Deuteronomium 3:20; 12:10; 25:19; 33:12) en die goeie lewe wat God aan hulle gee, leef (5:16,30; 6:3,10-11; 7:13-15; 8:10; 11:9,14,21; 15:4; 23:21;25:15; 26:10-11). Hieroor moet Israel verheug wees in die teenwoordigheid van God (Deuteronomium 12:12,18; 14:26; 16:11,15; 26:11).

In Deuteronomium 7 word sowel die moontlikhede as die gevare van die goeie land na vore gebring. Israel word daaraan herinner dat hulle deur God uitgekies is as sy eiendomsvolk, 'n volk heilig aan die Here. Al die volke behoort aan die Here, maar Israel is spesiaal in die oë van die Here. Die begrip אֲלֹהִים word hier gebruik. Dit is 'n tegniese term in die ekonomie wat 'n baie kosbare besitting aandui, 'n skat soos silwer en goud. Dit is hulle nie vanweë iets wat God by hulle raakgesien het nie, maar omdat Hy hulle onverstaanbaar, sonder enige rede liefgehad het.

In vers 7 word gesê dat die Here "'n welgevalle" aan Israel gehad het en hulle uitgekies het. Die begrip פֶּשַׁע wat hier met welgevalle vertaal is, word in Deuteronomium 21:11 en Genesis 34:8 gebruik om die sterk fisieke begeerte van 'n man vir 'n mooi vrou te beskryf. Die teks dui dus aan dat God hierdie sterk begeerte na Israel het wat deur 'n begrip uitgedruk kan word wat normaalweg in 'n fisiek-erotiese betekenis gebruik word (Miller, 1990:112). Hier kan Deuteronomium 10:14,15 vergelyk word - waar gesê word, dat Hy aan wie alles behoort, sy hart in liefde op Israel gesit het om hulle bo alle volke lief te hê.

Maar om God se spesiale besitting te wees hou vir Israel in dat hulle afgesonder sal wees van al die ander volke. Hulle moet in 'n besondere verhouding tot God leef, hulle ten volle aan Hom toewy en hulle doelbewus afsny van enige ander lojaliteit (vers 1-5). Hulle moet 'n voorbeeld wees van die weg wat God gaan met dié wat aan Hom verbonde is. Om deur God uitverkies te wees beteken om die voordele, die land en al sy rykdom, wat so oorvloedig gegee word te geniet. Dit hou egter ook in dat daar aan jou 'n taak opgedra word waardeur God sy wil tot uitvoer bring.

Die konsekwensies vir Israel word in vers 9,10 saamgevat: Die eerste opdrag wat die uitverkore volk ontvang, is dat hulle moet glo dat die Here hulle God, God is. Hy beskik oor die mense se lewe. Hy gee die verordeninge hoe mense moet lewe. Die wat in liefde teenoor Hom lewe, seën hy in duisend geslagte in sy getrouheid. Die wat Hom egter haat en dit toon deur hulle ongehoorsaamheid, daardie enkelinge sal Hy vergeld (vers 10). Die tweede opdrag wat Israel as konsekwensie van hulle verbondenheid aan God ontvang, is dat hulle die verordeninge van God moet volbring (vers 11).

Schechter (1981:224-264) ondersoek die verhouding tussen die verbondsbeloftes en die wet in Deuteronomium. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die belofte onvoorwaardelik is, die belofte sal stand hou selfs al sou die vervulling daarvan uitgestel word. Die belofte self word nooit ongeldig nie (Deuteronomium 4:31). Indien Israel sou sondig, sou die land hulle uitspuug; sonde lei tot ballingskap. Alhoewel die ballingskap dan die vervulling van die belofte (vir 'n tyd) tot niet maak, maak dit nie die belofte self tot niet nie. Die realisering van die belofte, Israel se besitname van en leef in die land, het as voorwaarde hulle gehoorsaamheid aan die wet van God (Osb, 1984:7,8). Hierdie gehoorsaamheid aan die wet, vloei egter nie voort uit die oortuiging dat hulle daardeur die seën van God kan verdien nie. Hulle is gehoorsaam omdat hulle glo God se weg is die weg van die lewe, en hulle is ongehoorsaam wanneer hulle in ongeloof hulleself wysmaak dat hulle sonder God kan leef. Craigie (1976:129) verwoord hierdie verhouding tussen verbond en

gehoorsaamheid aan die wet soos volg: "The life of the Hebrews as a nation would depend on the law, not in a totally legalistic sense, but in the law was the basis of the covenant, and in the covenant rested their close relationship to their God".

Ridderbos (1984:82) lê klem op die feit dat die wet wat aan Israel gegee is, die wet van die genadeverbond is. Die onderhouding van die wet beteken om vas te hou aan die verbond - en is dus ten slotte 'n daad van geloof. Israel moet glo dat dit wat God beveel, vir hulle goed en reg is, dat dit sin maak (Miller, 1990:54). Hulle moet glo dat 'n lewe in gehoorsaamheid aan die wet 'n lewe in gemeenskap met God is en daarom die ware lewe is. Ongehoorsaamheid is ongeloof wat lei tot ballingskap.

Israel moet dus altyd onthou dat die land en die lewe in die land 'n liefdesgawe uit God se hand is. Wanneer Israel aan bogenoemde versoekings toegee, maak hulle die gawe los van die Gewer, los van die verbond, los van die verordeninge wat hulle saam met die land ontvang. Die Profeet begelei die volk om, ook as gevestigde volk, te bly luister, te bly onthou, te bly leer. Die land mag nooit as besitting beskou word wat na eie goeddunke bestuur kan word nie. In Israel se gedagtes moet die land en Jahwe altyd aan mekaar verbonde bly, die gawes wat die land bied, moet telkens uit God se hand ontvang word. Wanneer die seëninge van die land nie bloot as produksie van die land en eie inspanning gesien word nie, maar as gawe ontvang word, dan sal die volk hom ook altyd deur God laat aanspreek. Dan word ontvang en luister 'n leefwyse wat lei tot diensbaarheid aan en verheerliking van God (Deuteronomium 14:22 e.v.; 16:15-16). Watts (1977:323) sê dat die profeet se onderrig ten doel het om die volk tot geloof te begelei, tot 'n keuse te bring en om hulle tot onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan te moedig.

3.5.3 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG

Deur die profeet se onderrig word die kind voortdurend begelei tot die sekerheid dat God se genade aan hom (as deel van die volk) geskenk is, en aangespoor om wat God skenk, met inspanning

sy eie te maak.

Deur die profeet se onderrig word die kind begelei tot volle afhanklikheid van God, sonder God se genade is sy inspanning vergeefs.

Die onderrig van die profeet begelei die kind om sy lewe en al die seëninge daarin as gawe uit God se hand te beleef en om hom daaroor te verheug voor God.

Die kind word deur die onderrig begelei om sy eie onverdienstelikheid en die intensiteit van God se liefde te begryp.

Die kind word begelei om die gevare te begryp wat dit inhou om te vergeet dat dit God is wat alles gee en niemand anders nie.

Deur die profeet se onderrig word die kind begelei om te glo dat God se wet die pad van die lewe aandui en om hom in te span om op die weg te loop.

Die kind word ook gewaarsku dat indien hy nie glo dat God se weg die enigste weg tot die lewe is nie en daarom in ongehoorsaamheid afdwaal, hy die seëninge van die verbond kan misloop.

Deur die onderrig word die kind begelei om uit God se hand te leef en daarom voortdurend na Hom te luister om so in diensbaarheid Hom te verheerlik.

3.6. WYSE VAN ONDERRIG

3.6.1. ONDERRIG IN DIE SAMEKOMS VAN DIE HELE VOLK

Daar word nêrens in Deuteronomium melding gemaak van individuele onderrig wat Moses aan kinders of 'n kind gee nie. Uit Deuteronomium 29:10,11 is dit egter duidelik dat die kinders

deel gevorm het van die vergadering van die volk waar Moses sy onderrig gee (Vgl. ook 5:1; 6:1,2; 31:1). Uit die res van die Ou-Testamentiese gegewens kan daar ook nie afdoende getuienis verkry word, waaruit aangetoon kan word, dat die profeet op individuele vlak onderrig het nie (Adams, 1977:59). Die naaste aanduiding wat verkry kan word van individuele onderrig by 'n profeet is in Jesaja 8:16 waar Jesaja sê "verseël die wet in die hart van my leerlinge". Rengstorff (1967:426-431) toon uitvoerig aan dat daar geen leermeester/dissipel-verhouding tussen die Ou-Testamentiese profeet en sy leerlinge bestaan het nie. Die hoofklem het op die openbaring van God geval waarin die profeet slegs 'n instrument of mondstuk was (De Wilde, 1949:12). Die selfopenbaring van God is op die voorgrond en die volk word aan God gebind, nie aan die profeet nie.

Hierby moet in ag geneem word wat Pedersen (1926:474-479) sê aangaande Israel se volksbeskouing. Vir Israel van Moses se tyd was die volk nie saamgestel uit los individue nie. 'n Volk vorm 'n fisiese geheel wat elke individu insluit selfs oor al die jare van die bestaan van die volk. Alle gesamentlike ervarings word deel van die volk as geheel (Clements, 1968:30,31). Die onderrig wat tydens die samekoms van die gemeente gegee is, was volksbesit, die kinders het voluit daarin gedeel.

Hieruit is dit te verstane dat in die weergawe van die profeet se onderrig die klem sal val op sy onderrig in die samekoms van die volk. Hiermee kan egter nie kategoriees uitgesluit word dat die profeet tog individueel onderrig het nie (Adams, 1977:60).

3.6.2 PROFEETIESE ONDERRIG AS AKTUELE PREDIKING

Hierdie aspek van die profeet se onderrig kom duidelik na vore in Deuteronomium 4. Hierdie hoofstuk sal nou nader ondersoek word in samehang met die res van Deuteronomium

Hierdie hoofstuk is 'n belangrike keerpunt in die boek Deuteronomium. Moses is nou klaar met sy terugskouing oor die geskiedenis van Israel en hy gaan nou die verordeninge van God


aan Israel onderrig (Miller, 1990:53).

Die onderrig, wat Moses as profeet aan Israel gee, is onderrig ter voorbereiding van 'n totaal nuwe lewe. Israel staan op die punt om die land binne te gaan. Die volk wat net slawerny geken het en daarna 'n swerwersbestaan, gaan nou 'n land verower waarin hulle hul as eienaars gaan vestig. Hulle gaan nou nie meer net 'n volk wees wat 'n belofte ontvang het nie, maar 'n volk in wie se lewe, die belofte waar geword het. Brueggeman (1977: 45) druk hierdie radikale verandering wat gaan plaasvind met die oorsteek van die Jordaan, soos volg uit: "The moment drastically redefines who Israel will be. Land entry requires of Israel that it cease to be what it had been in the wilderness and become what it had never been before" (vgl. ook Watts, 1977:324)

Die voorbereiding vir hierdie lewe in die land, doen God deur die onderrig van die profeet. Israel moet ter voorbereiding vir die nuwe lewe "hoor" (Deuteronomium 4:1) en Moses bring God se Torah. Die wyse van onderrig (torah) is onder andere aktuele en praktiese onderrig aan Israel oor hoe hulle moet optree in die land sodat God se beloftes waar sal word in hulle lewe (vers 5). Die woord wat Moses aan hulle oordra, is die volledige woord waarby niks gevoeg of weggeneem mag word nie (vers 4). Volgens vers 1 en 14 is die wet in Deuteronomium nie slegs 'n geskrewe kode nie, maar 'n wet wat onderrig word en toegepas word ("om te doen"). Dit dien vir Israel tot wysheid en begrip (Deuteronomium 4:6) sodat hulle bekend sal staan as 'n wyse en verstandige volk (Mckay, 1972:432)

Die onderrig van Moses vind plaas in die konkrete situasie van 'n volk wat 'n land van sy God ontvang (vers 1). Dit bepaal die wyse van onderrig, naamlik dat dit aktueel en toepaslik moet wees. Die wet word aan die volk geleer om te gaan doen in die land wat God gee (vers 14). God en land en Israel is onherroeplik aan mekaar verbonde. In Deuteronomium 4 is sprake van die God van die geskiedenis wat hierdie land gee, die land is 'n spesifieke geografiese gebied met besondere eienskappe, die volk is daardie spesifieke groep mense waarvan die meeste

afstammeling van Abraham, Isak en Jakob is, en wat deur God uit Egipte gelei is. En nog nader gepresiseer, hulle is daardie groep wat die Here aangehang het en bly lewe het, toe ander agter Baäl-Peor aangegaan en gesterf het (vers 3). Israel kan dus nooit aan die land dink sonder God nie. Schechter (1989:70) stel hierdie verhouding soos volg voor:



Geen een van hierdie punte kan uitgelaat word nie. Sonder Jahwe sou daar geen belofte wees van 'n groot nasie met 'n land nie, en geen vervulling nie. Die volk Israel, sonder God se belofte van 'n land, sou geen betekenis gehad het nie. As Kanaän nie die beloofde land was nie, sou dit net nog 'n stuk aarde wees. God bring in hierdie konkrete situasie, konkrete opdragte deur die onderrig van sy profeet. God verbind daarmee Israel, die beloofde land en die wet met mekaar. Deuteronomium 4:7-8 vertoon 'n besondere struktuur wat toon hoe nou God Homself met sy wet verbind:

Vers 7

Watter groot nasie het gode

wat vir hulle so naby is soos

die Here onse God...

Vers 8

Watter groot nasie is daar wat

sulke regverdige insettinge en

verordeninge het soos


hierdie hele wet

Die eerste deel van albei verse is sintakties volkome parallel. Hieruit kan afgelei word dat die nabyheid van God en die regverdige insettinge nou verbonde is. Deuteronomium 30:11-14 bevestig hierdie waarneming. Daar is "naby" en "ver" ook ter sprake en dit klink asof daar gepraat word van die nabyheid van God wat in die harte woon. Dit is egter die gebod wat naby is,

nie God nie. Miller (1990:56) sê in verband met hierdie vers: "What is happening is that the commandment, the law, is almost a surrogate for God." Die regverdigte insettinge, wat op die hart geskrywe is en onderhou word, is in 'n sekere opsig die manifestasie van God se teenwoordigheid. God kom by sy volk deur die leiding wat Hy aan hulle gee in sy wet. In Deuteronomium 4:11,12 kom dieselfde verbinding van God en sy wet wanneer God aan die volk verskyn, nie in 'n vorm nie maar in 'n stem wat die wet aan hulle gee. Ook in verse 29,30 word die verbinding tussen God en sy verordeninge gelê: Miller (1990:57) wys daarop dat die werkwoord *find* in sowel vers 29 as vers 30 voorkom. Hy stel voor dat die werkwoord ook in vers 30 met "vind" vertaal word. Hy vertaal vers 30 dan soos volg: "When you are in tribulation, then these words [that is, the Lord's words of instruction] will find you in the latter days and you will return to the LORD your God".

Vers 29 sê dat Israel in ballingskap God sal soek en Hom vind. Vers 30 sê dat God se Woord, Israel sal vind. Om God te vind word dus ook hier verbind met onderhouding van die wet.

Bostaande voorstelling van die verhouding van Israel tot God tot die land kan dan so gewysig word:



Hierdie verhouding kan soos volg verduidelik word:

- Wanneer God 'n uitverkore volk uit al die nasies wil hê wat naby Hom leef, leer Hy hulle sy wet, en gee hulle 'n land waar hulle die wet kan onderhou tot eer van sy Naam.
- Wanneer God sy wet onderhou wil hê in die daaglikse lewe, roep Hy 'n volk, leer hulle sy wet en gee hulle 'n land waarbinne hulle die wet kan uitleef in noue gemeenskap met Hom tot eer van sy Naam.

- Wanneer God 'n besondere land in hierdie wêreld wil hê waar, deur die onderhouding van die wet, verkondig word dat Hy die Here is, lei Hy 'n volk daarheen wat daar, naby Hom kan lewe deur die wet te onderhou tot eer van sy Naam (vgl Schechter, 1989:230).

Die onderrig van die profeet is dus nie 'n vreemde kode wat van buite af op land en volk afgedruk word nie. God wat sowel land as volk ken en weet hoe die volk in die land moet leef sodat sy Naam verheerlik sal word, Hy gee sy verordeninge wat pas by volk en land. Die wyse waarop die profeet onderrig, is dus deur konkrete toepassing van God se verordeninge. Veral in Deuteronomium 12-26 word God se verordeninge vir elke dag se lewe uitgespel - die modus operandi vir die volk se funksionering in hierdie land (Schechter, 1981:213). Hierdie voorskrifte begelei Israel onder andere in hulle omgang met: die ander volke en hulle godsdiens (12:1; 18:9-15; 25:19), mekaar (5:16; 15:1-6; 19:1-3; 23:20,21) die reg (16:18-20), 'n koning (17:14-20), die huwelik (24:1-4), die handel (25:13-16), feeste (16:9-12, 13-15) die priester (18:3-5; 26:1-4), die grond en vrug daarvan (22:9), hulle diere (22:10; 25:4).

3.6.3 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG DEUR DIE PROFEET

Kinders het, as deel van die volk, onderrig ontvang van die profeet tydens die samekoms van die volk.

Die kind word deur die profeet onderrig om God se wet toe te pas in sy lewe van elke dag.

Die profeet se onderrig begelei die kind om in radikaal veranderde omstandighede tot eer van God te kan leef.

Die profeet onderrig die kind om die nuwe lewe wat God skenk, te leef op die plek wat God aan hom gegee het om te leef.

Die profeet se onderrig verskaf aan die kind riglyne vir feitlik

elke faset van die lewe

Laasgenoemde twee afleidings het ook besondere betekenis vir die onderrig van mense wat uit die heidendom tot geloof gekom het.

3.7 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE PROFEET SE ONDERRIG

Die profeet onderrig, as iemand op wie se lewe God beslag gelê het, deur die roeping om die Woord van God te verkondig.

Die profeet onderrig hoofsaaklik in die samekoms van die gemeente. Die kind het deel aan die onderrig in die samekoms, maar die profeet se onderrig word ondersteun deur die verdere verduidelikings van die ouers.

Die profeet begelei ouer en kind deur sy onderrig tot 'n lewe in noue gemeenskap met God op grond van die verbond van God. Hy leer hulle om vanuit God se seëninge te leef en nie die vloek oor hulle te bring nie.

Die profeet se onderrig bring God se Woord soos dit van toepassing is op die konkrete situasie waarin die volk (ook die kind) hulle nou bevind.

3.8 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE

Uit die bestudering van die profeet se onderrig kan riglyne verkry word vir die amptelike dimensie van die verbondsoopvoeding. Verder in die studie sal vasgestel moet word wie die profeet in die kerk vandag is.

Die ouer voed die kind op vanweë die natuurlike verbintenis (of die feit dat hulle 'n kind aangeneem het) en ook die verpligting wat God se verbond op hulle plaas. Die ampsdraer onderrig vanweë God se beslaglegging op hom.

Die profeet se onderrig word daardeur gekenmerk dat dit direk van God ontvang word en dat dit 'n aktuele en konkrete boodskap

vir die volk of 'n individu is. Sy onderrig lê die grondslag vir die ouer se onderrig. Dit verskaf ook die toerusting vir en inhoud van die ouers se onderrig.

Die profeet se onderrig is hoofsaaklik gerig op die volk in vergadering. Die ouer onderrig individueel.

Die grondslag en doel van die onderrig van ouer en profeet stem hoofsaaklik ooreen. Die onderskeid tussen ouer en profeet se onderrig lê dus nie in die grondslag en doel van die onderrig nie.

HOOFSTUK 4 DIE PRIESTER SE ONDERRIG AS GELOOFSOPVOEDING

4.1. DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk sal die onderrig van die priester nagevors word soos dit in die Ou Testament na vore kom. Daar sal gepoog word om die besondere eienskappe van die priester se onderrig uit te wys. Voorts sal die betrokkenheid van die kind by hierdie onderrig nagevors word sodat die plek van die priester se onderrig in die totale geloofsopvoeding van die kind aangedui kan word.

4.2. METODE VAN NAVORSING IN HIERDIE HOOFSTUK

Enkele tersaaklike Skrifgedeeltes sal verken word om daaruit die onderrigtaak van die priester vas te stel. Vanuit hierdie inligting sal die plek wat die priester in die geloofsopvoeding van die kind ingeneem het, bepaal word.

4.3. GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

4.3.1 GOD SE VERBOND AS GRONDSLAG

4.3.1.1 Eksodus 28 EN 32: Getrouheid aan God se verbond as onderrig

Die oorsprong van die priesterdiens word in Eksodus 28 en 32 beskryf. In opdrag van God moet Aäron en sy seuns deur Moses van die res van die volk afgesonder word met die doel dat hulle vir God die priesteramp kan bedien. Hulle sou deur hulle kleredrag uitgesonder word van die res van die volk (28:1-43), maar ook deur 'n spesiale seremonie waardeur hulle aan die Here gewy sal word (Eksodus 29). In hierdie gedeeltes is nog geen sprake daarvan dat die taak van onderrig aan hulle opgedra is nie.

In Eksodus 32 word verhaal hoedat die volk sondig deur die goue kalf te aanbid. Wanneer Moses van die berg af kom met die twee

kliptafels waarop God die wet geskryf het, en hy sien die volk in hulle sonde, gooi hy die tafels stukkend. Hy doen dit "als een ... bewuste rituele handeling, waardoor getoond word dat het verbond verbroken is" (Fensham, 1977:218). In vers 25 word die begrip לָמַח gebruik om die volk se sonde te beskryf. Volgens Baumgartner (1958:779;780) het hierdie begrip die betekenis van "losmaak, nalaat, sonder terughouding". Fensham (1977:220) sê dat die begrip in die lig van Ugarities ook vertaal kan word met "eerste plaas". Die volk se sonde hou dus in dat hulle hulself doelbewus losgemaak het van God, sy geboorte nagelaat het en so hulle eie begeertes eerste geplaas het en hulle daarom oorgegee het aan losbandigheid.

In hierdie lig kan Moses se oproep tot die volk beter verstaan word. Moses roep almal wat "vir die Here is" na hom. Almal wat dus bereid is om die Here en sy eer bo hulleself en hulle eie begeertes te stel, moet na Moses kom. Hierop het die Leviëte gekom en in opdrag van Moses dwarsdeur die kamp gegaan en doodgemaak ongeag of dit familie, vriende of bure was. Hiermee het hulle die straf van God vanweë die verbreking van die verbond, uitgevoer (Om die oortreder te dood was 'n algemene voorskrif by die verbreking van 'n verbond). Deur hierdie keuse vir God teen hulle eie begeertes is die Leviëte soos Aäron en sy seuns gewy "vir diens aan die Here" (32:29). Die begrip wat met "wy" vertaal is, het 'n nuanse van "die hande vul" en is 'n terminus technicus vir die priesterwyding (vgl. 28:41; 29:9,29,33,35). Hulle word priesters van die Here omdat hulle God bo hulle familie, vriende en bure liefgehad en geëer het.

Uit hierdie hoofstukke is dit duidelik dat eers Aäron en sy seuns en daarna al die Leviëte op 'n besondere wyse aan God se diens gewy is. Die feit dat die Leviëte priesters was, sou 'n voortdurende onderrig vir Israel wees. Hulle priesterskap roep elkeen op om te ywer vir die eer van die Here en geen ander god te dien nie.

Die dienswerk, en daarmee ook die onderrig, van die priester is dus nou verbonde aan:

- die onderhouding van die wet,

- die onderhouding van die verbond
- die eer van God se naam.
- Alhoewel hier nie sprake is van doelbewuste mondelinge onderrig nie, het daar 'n kragtige onderrig van hulle optrede uitgegaan.
- Die onderrig van die priester is hier onderrig deur daad en voorbeeld.
- Die priester onderrig die kind dus in God se wet en verbond deur dit wat die kind van die priester sien en hoor.
- Hierdeur word die kind begelei om God te eer volgens die voorbeeld van die priester.

4.3.1.2 NUMERI 1: Taakvervulling as onderrig

Hier word die taak van die priesters beskryf as die versorging van (Numeri 1:53) en toesig oor (1:50) die tabernakel met die getuienis. Hulle moes dit op en afslaan en hulle moes hulle eie tente rondom die tabernakel met die getuienis opslaan. Alhoewel hier nog nie eksplisiet sprake is van onderrig, wat hulle moet gee nie, word hulle nou verbind met die tabernakel.

Die tabernakel was ontwerp om die ark te huisves. Die ark was ook die ark van die verbond genoem, aangesien die twee kliptafels waarop die wet geskryf was, daarin geplaas is. Die twee tafels was die tafels van die verbond wat God met sy volk gesluit het (vgl. Deuteronomium 10:8,9).

Die tabernakel was ook die tent van ontmoeting, hier het God vir Moses ontmoet en sy wil aan hom bekend gemaak (Numeri 3:25, Deuteronomium 31:14,15). Hier ontmoet God sy volk deur bemiddeling van die leiers.

Die onderrig van die priesters hier was geleë in die wyse waarop hulle met die tabernakel en alles daarbinne omgegaan het. Deur hulle getrouheid en gehoorsaamheid in die vervulling van hulle take ten opsigte van die tabernakel het hulle hulle ywer vir God en sy verbond getoon. Hulle moes in getrouheid die middele waardeur God sy volk wou onderrig en tot hulle kom, versorg. So kon die volk uit hulle optrede die ontsag vir God en sy verbond

leer.

Volgens Numeri 1 was die onderrigtaak van die priesters dus verbonde aan:

- die versorging van die tabernakel
- die verbond en die wet van God.
- God se nabyheid aan sy volk om sy wil bekend te maak in die tent van ontmoeting.
- Die priester het dus ook die kind onderrig in die betekenis van die verbond, die wet en die tabernakel deur hulle getrouheid in hulle dienswerk.
- Die kind is ook op die hierdie wyse begelei om te besef dat God naby sy volk is.

4.3.1.3 Deuteronomium 10:8: Middelaarswerk as onderrig

Moses voer die volk deur sy onderrig terug na die gebeure wat in Eksodus 28 beskryf word. In vers 8 verwys hy ook na die aanstelling van die Leviete as priesters. Hy noem drie take wat aan die priesters opgedra is. Wanneer hierdie drie take bestudeer word, is dit duidelik dat hier take aan die Levitiese priesters toegeken word wat volgens Eksodus, Levitikus en Numeri net aan die Aäronitiese priesters toegekom het. Hieruit is dit duidelik dat daar waarskynlik nie so 'n rigiede werksverdeling was as wat elders skynbaar impliseer word nie.

Die drie take wat aan die priesters opgedra word, is: Die dra van die ark, om voor die aangesig van die Here in sy diens te staan en om in sy Naam te seën.

Die betrokkenheid van die priesters by die ark en die betekenis daarvan vir die onderrig is reeds bespreek (vgl. 4.3.2.1.1, 4.3.2.1.2). Die dienswerk in die heiligdom - die bring van offers, die versorging van die lampe ens. (vgl. Eksodus 29) - staan in diens van die volk se verheerliking van God. Deur hierdie dienswerk stel die priesters die volk in staat om God te dien volgens sy voorskrifte. Hier in die heiligdom word versoening gedoen vir die volk se sonde sodat God in hulle midde kan woon. Na die offer word die seën van God oor hulle

uitgespreek en word die magtige teenwoordigheid van die Here openbaar (Levitikus 9:22-24). Hulle nader ook namens die volk tot God. So staan die priesters in diens van die verbondsverhouding tussen God en sy volk tot eer van God (De Klerk, 1987:21). Deur die seën wat hulle moet uitspreek, kom die priesters in die Naam van God na die volk (Numeri 6:23-27). Die volk word hierin verseker dat God sy verbondsbeloftes teenoor hulle sal nakom. Hulle word verseker van sy nabyheid, liefde en sorg. Die priesters lê daarmee ook die Naam van die Here op hulle, dit wil sê hulle word telkens weer tot eiendomsvolk van God verklaar, 'n volk wat onder die heerskappy en sorg van God staan. So word die priester die spreekbuis van God by die volk. Die onderrig wat die priesters so gee, lê opgesluit in die middelaarswerk wat hulle in diens van God en sy verbond verrig.

Die kind kon saam met sy ouers die dienswerk van die priester benut om so onderrig te word in die diens van God. Die kind kon ook die priester sien en hoor wanneer hy die seën oor die volk uitspreek. Sy ouers kon vir hom die betekenis van hierdie seën duidelik maak.

Volgens Deuteronomium 10 het die priesters die volk onderrig deur:

- die versorging van die ark van die verbond
- die dienswerk wat hulle in die heiligdom verrig het om die volk in staat te stel om God te verheerlik.
- die verbondseën wat hulle in God se naam oor die volk uitgespreek het.
- Die kinders is hierdeur, met die samewerking van die ouers, onderrig in hulle diensbaarheid aan God.

4.3.1.4 Deuteronomium 33:9 Volharding in die geloof tydens versoekinge as onderrig

Dit wat in Eksodus 28 en Numeri 1 implisiet na vore gekom het, word in Deuteronomium 33:8-10 eksplisiet gesê naamlik dat Levi die voorreg ontvang het om as priesters op te tree vanweë hulle troue onderhouding van die verbond in versoekinge (vers 8,9).

Hulle het alle eer aan God gegee en geweier om hulle deur ander lojaliteite te laat aftrek van hulle gehoorsaamheid aan God. Juis hierdie ywer vir God en sy eer, maak hulle geskik vir die diens aan die Here. In vers 10 word gesê dat Levi aan Israel onderrig sal gee in God se verordeninge en wet.

Die aanstelling van die Leviete as priesters vloei voort uit hulle getrouheid aan God se verbond en die feit dat hulle alle eer so aan God gegee het selfs ten koste van hulleself.

Juis vanweë die onderrig wat van hulle optrede uitgegaan het, ag God hulle aangewese om die volk ook mondeling te onderrig.

Hulle word aangestel om die volk voor te gaan in die onderhouding van sy verbond. Deel van hulle begeleiding van die volk hiertoe is die mondelinge onderrig wat hulle gee.

4.3.1.5 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE GRONDSLAG VAN DIE PRIESTER SE ONDERRIG

- Die priester was betrokke by die verbondsonderrig op grond van die verbond van God waarvoor hulle 'n besondere ywer getoon het.
- Die priester onderrig deur die ywer wat hy toon in sy dienswerk in die tabernakel- daardeur leer hy die volk ontsag vir God en sy verbond.
- Deur die dienswerk in die tabernakel het die priesters in diens gestaan van God se ontmoeting met sy volk sodat hulle onderrig kan word.
- Bo en behalwe hulle praktiese dienswerk in die tabernakel, moes die priesters God se volk ook met woord en daad leer aangaande God se wet en verordeninge waardeur sy verbond onderhou sou word.
- Die kind het ook deel gehad aan hierdie mondelinge onderrig van die priester.

4.4 SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

4.4.1 PRIESTERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Priesterlike werksaamhede was vroeër aan die familiehoofde

toevertrou, hulle het die paasoffer gebring as versoening vir die gesin, die vader moes die onderrig gee. In Eksodus 19:5,6 sê God dat Israel vir Hom 'n eiendom uit al die volke is en stel Hy ook in vooruitsig dat Israel vir Hom " 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie" sal wees. Die priesterskap is dus 'n spesialisasie van 'n funksie wat oorspronklik aan die gelowige self behoort het (Vriezen, 1974:256). Die oorsprong van die priesterdiens word in Eksodus 28 en 32 beskryf (vergelyk 4.3.1.1).

In Numeri 3 bevestig God die aanstelling van Aäron en sy seuns as priesters en die Leviëte as sy helpers, niemand anders mag hierdie dienswerk gedoen het nie (Numeri 3:10). In Numeri 3:12 en 13 word die plek van die Leviëte as verteenwoordigers van die volk uitgelig. God het tydens die dood van die eersgeborenes in Egipte al die eersgeborenes van Israel en hulle vee vir Hom geheilig (afgesonder). Hulle is in 'n besondere mate God se eiendom. Nou het God egter die Leviëte en hulle vee in die plek van Israel se eersgeborenes geneem. Hierdie heiliging was in die besonder verbind aan die diens van die tabernakel (Numeri 3:6-10). God se bedoeling was dat die hele volk as priesters (verteenwoordig deur die eersgeborenes) moes optree. Vanweë die volk se sonde en die ywer van die Leviëte het Hy nou die Leviëte aangestel. Hierdie taak, vanweë sy verbondenheid aan die heiligdom kon net bly bestaan solank die ark en die tabernakel of tempel bestaan het.

Die onderrigtaak wat Moses aan die priesters toeken (Deuteronomium 32), is skynbaar 'n taak wat later weer aan elke gelowige oorgedra sal word. In Jeremia 31:31-34 stel die Here dae in vooruitsig waarop Hy 'n nuwe verbond met Israel sal sluit wat anders sal wees as die verbond wat tydens die eksodus met Israel gesluit is. Die andersheid van die verbond is daarin geleë dat God sy wet in hulle binneste gee en op hulle harte skrywe. Hierdie daad van God sal alle uitwendige middele om aan hulle God se wet te leer onnodig maak (Keil, 1977:37).

4.4.2 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE PRIESTERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die priester is subjek van die onderrig in 'n beperkte mate:

- Hy is subjek van die onderrig in die plek van ander totdat God die volk se harte so verander dat hulle self die kennis sal hê.
- Hy is subjek van die onderrig in verbondenheid met die erediens in God se tabernakel en tempel.

4.5 DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die doel van die priester se onderrig kom onder andere baie duidelik na vore in die profesie van Maleagi. God se Woord kom tot priesters wat hulle doel gemis het. Daar word aan hulle uitgespel waarin hulle nie geslaag het nie. Hierdie boek sal nou nader ondersoek word om daaruit vas te stel wat die doel van die priester se onderrig was.

4.5.1 MOTIVERING VAN MALEAGI AS STUDIEMATERIAAL

Die boek begin met die aankondiging van die Here dat Hy Israel liefhet. Die boek sluit weer af met 'n blyk van God se liefde: nadat Hy die volk se sonde (hulle onwilligheid om op God se liefde te antwoord) ontbloom het en die oordeel aangekondig het, sê Hy dat Hy die profeet Elia gaan stuur om met die volk se harte te werk sodat Hy nie hoef te kom om die land heeltemal te vernietig nie (4:5,6). Maleagi bevat dus die liefdevolle vermaning van God, wat onwankelbaar in sy liefde en trou aan sy verbond, nie sy volk wil laat verlore gaan nie.

Hand aan hand met hierdie tema van God se getroue verbondsliefde loop die eis van God aan sy volk dat hulle Hom moet eer as Vader en vrees as Here (vgl. 1:6,11,14; 2:2,5; 3:5,8,16). Hiervoor hou God die priesters verantwoordelik (1:6; 2:6) (Calvyn, 1979:460; Van der Woude, 1982:111; Snyman, 1985:110).

Dat die onderrig van die priester in Maleagi belig word, is duidelik uit die feit dat die priesters se optrede telkens aanleiding gee tot 'n sekere reaksie by die volk (vgl. 1:6,7; 2:6; 3:3,4). Waar die priester se optrede nie eksplisiet

beskryf word nie, is dit duidelik dat die laksheid van die priesters bygedra het tot die sonde van die volk wat wel beskryf word (Mal.3:7). Hierdie stelling sal verder toegelig word wanneer die boek Maleagi meer intensief ondersoek word. Dit is dus duidelik dat daar in Maleagi onder andere gehandel word oor die onderrig van die priester deur woord en daad en dat die onderrig 'n bepaalde uitwerking het.

Die priesters word op vyf plekke direk aangespreek in Maleagi. In 1:6 en 2:1 word hulle aangespreek met die begrip קֹהֲנִים wat vertaal kan word met "priesters". In 2:4 is daar sprake van die verbond met Levi (בְּרִיתִי אֶת־לֵוִי) en so in 2:8 (וְלֵוִי הָיָה לְךָ). In Maleagi 3:3 word gesê dat die seuns van Levi (בְּנֵי לֵוִי) gesuiwer sal word soos goud. In Maleagi self is geen aanduiding dat daar met hierdie verskillende begrippe verskillende groepe mense aangedui word nie; intendeel dieselfde take word aan sowel die priester as Levi as die seuns van Levi opgedra. Daarom word saam met O'Brien (1990:28,47) en Glazier-McDonald (1983:119) aanvaar dat in al hierdie Skrifgedeeltes die priesters (sowel Aäronitiese as Levitiese) aangedui word.

O'Brien (1990:63) toon aan dat die hele boek Maleagi die vorm aanneem van 'n regsgeding op grond van verbondsbreuk. Sy ontdek vyf aanklagte in die boek. Uit die verkenning van die boek het dit duidelik geword dat elke aanklag voortvloei uit 'n stelling oor wat God is of doen (Vergelyk Snyman, 1985:44, Achtemeier, 1986:172). Hiervolgens sien die struktuur van die boek soos volg daar uit:

Inleiding (1:2-5) : God bevestig sy liefde aan Israel op grond van sy verbondstrou.

Aanklagte 1:6-4:3

Eerste aanklag (1:6-2:9): God vra na die eer en vrees wat Hom toekom as Vader en Here.

Klag: Julle het my verbond met Levi verbreek, verval in offerdiens.

Straf: Priesters word veragtelik.

Tweede aanklag (2:10-16): Ons het almal een Vader ons is deur een God geskep.

Klag: Ons het die verbond met ons voorvaders deur ons ontrou ontheilig.

Straf: Julle gebede is sinneloos.

Derde aanklag (2:17-3:5): God gaan die priesters suiwer.

Klag: Julle het die Here se regverdigheid en goedheid bevraagteken.

Straf: God hou 'n strafgerig.

Vierde aanklag (3:6-12) : Die Here het nie in sy trou verander nie.

Klag: Julle beroof God omdat julle nie na Hom wil terugkeer en glo dat Hy julle in oorvloed kan seën nie.

Straf: Julle is vervloek

Vyfde aanklag (3:13-4:3): God seën die wat Hom vrees.

Klag: Julle sê vir mekaar dat dit niks baat om die Here te dien nie.

Straf: God vernietig die vermeteles.

Finale vermaning (4:4) : Dink aan die wet van Moses

Herbevestiging van God se verbondsliefde (4:5,6) : Ek stuur Elia.

Die eerste en vierde aanklag stem ooreen in die opsig dat beide handel oor die gawes wat die volk aan God moet bring. Die tweede en die vyfde klag stem ooreen aangesien albei handel oor die sin daarvan om God te dien. Die klag wat in die sentrum te staan kom, handel oor God se regverdigheid in sy oordeel oor die wat kwaad doen. God se bewys dat Hy wel regverdig is, lê in sy aankondiging dat Hy die priesters gaan suiwer en teen die volk 'n strafgeding gaan voer. Hieruit is dit duidelik dat die suiwering van die priester in die sentrum van die boek staan. Die priesterdiens het nie aan sy doel beantwoord nie. In Maleagi word uitgewys waar die priesterdiens nie aan sy doel beantwoord nie en ook verkondig wat die doel moet wees. Dit is duidelik dat God deur sy profeet in hierdie vyf aanklagte die verwording van die volk aanspreek en sy oordeel daaroor aankondig. Dit is egter ook duidelik dat die verwording van die volk veroorsaak is deur die laksheid van die priesters. Die priesters het die volk mislei deur hulle raad en optrede eerder as om hulle te begelei deur die onderrig van God se wet.

Wat verder opval van hierdie struktuur, is dat ook die finale vermaning (4:4) soos die derde aanklag (2:17-3:5), nie verbind kan word met 'n ander deel van die struktuur nie. Alhoewel die wet van Moses nêrens anders in die boek direk genoem word nie, handel die hele boek juis daaroor. God verklaar sy liefde aan sy volk, hulle kan hulle liefde bewys deur gehoorsaamheid aan die voorskrifte wat God deur Moses gegee het, maar hulle doen dit nie. Die priesters moet die volk die voorskrifte leer en hulle voorgaan in die betoning van liefde en vrees vir God deur die voorskrifte stiptelik na te kom, maar hulle doen dit nie. Hieruit is dit duidelik dat die suiwering van die priesters (2:17-3:5) onder andere (primêr ?) daarin geleë was om hulle terug te bring tot die onderhouding en onderrig van die wet van Moses.

Maleagi is dus geskikte ondersoekmateriaal wanneer gevra word na die doel van die onderrig van die priester aan die volk. Soos in die geval van die onderrig van die profeet was die kind ook deel van die volk tot wie die onderrig gekom het. Selfs al sou die kind nie direk betrokke gewees het by die onderrig nie, was

hulle deur hulle ouers betrokke. Wanneer die priester deur sy optrede en onderrig 'n argeloosheid en minagting vir God by die ouer wek, word die kind weer deur die ouer se optrede mislei.

Die boek Maleagi sal nou verken word om die doel van die priester se onderrig vas te stel.

4.5.2 BEGELEIDING TOT SEKERHEID VAN GOD SE VERBONDSLIEFDE EN UITVERKIESING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (1:2-5)

God verklaar sy liefde aan die volk, maar hulle is verbaas daaroor omdat hulle nie kan sien waar God hulle liefhet nie. In hierdie verbasing word daar geen onderskeid gemaak tussen priester en volk nie, priester en volk begryp God se liefde nie. God bevestig sy uitverkiesing en verbondsliefde vir Israel. Hy het Jakob bo Esau liefgehad, daarom het Hy nou vir Israel lief en sal Hy nog in die toekoms groot wees in die gebied van Israel. Die volk het God se liefde in materiële voorspoed gesoek en nie gevind nie.

Die doel van die priesters se onderrig was om die volk tot begrip en sekerheid van God se verbondsliefde te begelei, hierin het hulle gefaai.

4.5.3. BEGELEIDING OM GOD TE EER EN VREES AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (1:6-2:9)

4.5.3.1 PRAKTIESE BEGELEIDING OM AANVAARBARE OFFERS TE BRING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (1:6-14)

God begin met sy vermaning by die priesters. Die eerste waaroor Hy hulle tot verantwoording roep, is die eer (לְהַאֲדֹתָ) wat Hom toekom as Vader en die vrees wat Hom toekom as Here (1:6). Hulle gee in plaas daarvan net veragting. God bewys hierdie stelling aan hulle deur hulle te wys op die wyse waarop hulle die offers bring. Hulle laat toe dat die mense die offers bring wat teen God se verordeninge is, daarmee leer hulle die mense om die offers te minag. God sou liewer wou hê dat die deure gesluit moet word. Met die woorde "maar julle" (1:12) word die

priester se optrede gekontrasteer met die eer wat God by die nasies ontvang. Hierdie valse onderrig lei daartoe dat die volk skelm word en hulle geloftes met verminkte diere probeer betaal. God roep die priesters dus hier tot verantwoording oor die taak wat Hy aan hulle opgedra het om die dienswerk in die heiligdom te verrig (Deuteronomium 10).

Die faset van die priesters se onderrig waaroor God hulle vermaan, is dus die praktiese onderrig aan die volk oor hoe en wat geoffer moet word. Ten diepste is dit egter onderrig aan die volk om God te eer en te vrees. Die kind was ten nouste betrokke by hierdie onderrig. Indien sy ouers 'n lam of siek dier geneem het en die priester sou hulle offer weier, sou dit 'n baie sterk onderrig vir die kind kon wees.

4.5.3.2 HOË AGTING VIR GOD SE SEËN AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:1-4)

In 2:1-4 word die priesters (כֹּהֲנִים) aangespreek. Weer eens word hulle daarop gewys dat alles wat hulle doen, uiteindelik gaan oor die eer van God (2:2), dit is hulle mees basiese opdrag. Indien hulle nie na God se vermaning wil luister nie, kondig God drieërlei straf oor hulle aan: Hy sal hulle seën in vloek verander. Hy sal hulle nakomelinge bedreig, dit wil sê hulle kinders sal nie as priesters optree nie (vgl. 1Samuel 2:27-36; 1 Konings 2:26,27). Ten laaste sal die mis van hulle feeste op hulle gesigte gegooi word en hulle sal daarmee saam weggedra word. God verwerp dus die diens van hierdie priesters ten opsigte van die seën wat hulle oor die volk moet uitspreek, die opvoeding van hulle kinders tot priesters en die feeste waarin hulle volgens God se verordeninge die volk moet voorgaan. In 2:4 word terugverwys na die gebod in 2:1 om God se Naam te eer en dit word as die wese van God se verbond met Levi aangedui. Deur hulle minagting van God, het die priesters hulle roepingsvervulling in gedrang gebring. In plaas daarvan dat hulle deur die seën wat hulle uitspreek, die volk leer om God lief te hê ter wille van sy genade, verlei hulle die volk om die seën te minag. So word die seën 'n vloek. In plaas daarvan dat hulle die volk tot voorbeeld is in die opvoeding van hulle

kinders, mislei hulle kind en volk deur hulle minagting van God. In plaas daarvan dat die feeste tot eer van God is, maak hulle daarvan en van hulleself 'n bespotting.

Die onderrig wat hulle nagelaat het, is dus om die volk voor te gaan in getroue roepingsvervulling ten opsigte van tempeldiens, ander godsdienstige feeste en die opvoeding van kinders tot diensbaarheid aan God. Weer eens is dit ook onderrig in die vrees en eerbied vir die Naam van die Here.

4.5.3.3. TERUGKEER TOT GOD SE WEG AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:5-7)

In Maleagi 2:5-7 word die lewe van die priester beskryf wat getrou is aan die verbond van God met Levi. God se verbond met die priesters het vir hulle ingehou dat hulle die ware vreugdevolle lewe en vrede sou geniet. Die getroue priester se reaksie op God se gawe word met twee begrippe beskryf אֱלֹהִים en יְהוָה. Soos voorheen (2.6.2) aangedui is "die vrees van die Here" 'n diepe ontsag wat voortvloei uit die wete dat hierdie Almagtige God "vir jou" is, maar ook insig in die vernietigende mag van die toorn waarvan jy verlos is. Die vrees van die Here hou in dat jy getrou is aan die verbond en die verordeninge selfs al sou dit ten koste van jouself wees (vgl. 4.3.1.1). Bogenoemde begrippe word ook in militêre terme gebruik (Deuteronomium 1:21) "Wees nie bevrees en wees nie verskrik nie". Hierdie begrippe verwoord 'n dryfkrag in die mens wat maak dat hy God bo elke ander ding sal stel. Kaiser (1984:60) verklaar dit so "Do not fear or stand in awe of men; rather, fear and stand in awe of God".

Vanuit hierdie diepe ontsag wat Levi vir God koester, vloei voort dat hy in die eerste plek God se wil reg aan sy volk geleer het en niks verdraai het nie - die regte Torah was in sy mond en geen onreg is op sy lippe gevind nie. Sy onderrig het oor elke faset van die lewe gehandel waar reg en onreg ter sprake was. Die reg wat hy verkondig het, was gehoorsaamheid aan die wil van God, onreg is selfsugtige en sondige soeke na eie belang (Keil, 1977:445; Rudolph, 1976:267). In die tweede

plek het "hy in vrede en opregtheid met God gewandel". Die vrede wat God op grond van sy verbond aan Levi gegee het, het hy aangeneem en daaruit gelewe sonder voorgee, dus in opregtheid. Om met God te wandel hou die mees intieme en vertroulike omgaan met God in (Achte-meier, 1986:178,179).

Deur sowel sy getroue, mondelinge onderrig van God se waarheid, as die getuienis wat van sy lewe en optrede uitgegaan het, het hy baie mense van hulle sonde laat afsien en hulle teruggelei na die vrees van die Here.

In vers 7 word die rede gegee waarom Levi so gehandel het. Die rede is eenvoudig dat God van 'n priester verwag om getrou te onderrig. Die lippe van die priester moet kennis bewaar en uit sy mond word onderrig gesoek. Waarom word dit by hom verwag? Omdat hy die boodskapper van die Here van die Leërs-kare is. Dit is waartoe die Here hom geroep en gestuur het.

Die priester se onderrig was dus nie blote mondelinge verkondiging nie. Die wyse waarop hy met God geleef het, in diepe ontsag, was onlosmaaklik deel van sy onderrig. Sy woorde van waarheid wat die onreg blootgelê het, en die vrede en opregtheid waarmee hy met God omgegaan het, dit alles het saam die inhoud van sy onderrig gevorm. Hierdie onderrig het baie tot insig van die waarheid gebring.

Die kind wat die priester sien leef en optree het, is ook hierdeur onderrig sowel deur sy eie waarneming as die onderrig wat hy van sy ouers ontvang het (vanuit die onderrig wat die ouers weer van die priester ontvang het).

In Maleagi 2:8,9 word die ontroue priesters geteken. Die kontras met die ware priester word weer (soos in 1:8,12) ingelei met die woorde "maar julle". In elke faset van die verbond van Levi wat in vers 5-7 geteken is, het hierdie priesters oortree.

LeviMaar julle

"in vrede en opregtheid
het hy met My gewandel"

"het van die weg afgewyk"

"baie mense het hy van
ongeregthoed teruggebring"

"het baie deur julle onderrig
laat struikel"

"My verbond met hom was lewe
en vrede"

"het die verbond met Levi
verbreek"

"uit sy mond word onderrig
veragtelik
gesoek want hy is 'n
boodskapper van die Here..."

"maak Ek ... dan ook
en gering by die hele volk"

"die lippe van 'n priester
moet kennis bewaar"

"omdat julle my weë nie hou
nie en partydig handel by die

regspraak"

Die priester moet self op God se weg wandel en sorg dra dat die volk daarop wandel, want God het met hom 'n verbond gesluit waarvolgens hy die volk moet leer om God te eer. Die priester leer die volk God se weë deur sy vrees en eerbied vir God met sy lewe te toon en deur God se wil op elke lewensterrein te verkondig. Die priester wat ongehoorsaam is aan sy opdrag om God te eer, verloor uiteindelik die respek van die volk en word veragtelik en gering.

Die doel van die priester se onderrig was om deur sy woorde en lewe die volk (kinders ingesluit) terug te bring en te begelei om in noue gemeenskap met God te leef.

4.5.4 DIE REGTE VERHOUDING TOT GOD IN DIE EREDIENS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:10-16)

Die eerste aanklag teen priester en volk in Maleagi (1:6-2:9) is gebou op God se verklaring van sy verbondsliefde. Die tweede

aanklag (2:10-16) word gebou op die verklaring dat daar maar net een God en Vader van almal is. Hierdie verklaring sluit aan by Deuteronomium 6:4 "Hoor Israel, Jahwe is ons God, Jahwe is een". Hiermee word God se onverdeelde trou en sorg uitgedruk. God is nooit verdeeld in Homself nie, daarom word Hy nooit ontrou nie. Daar is ook geen ander God nie, Hy is die enigste. Soos in Deuteronomium 6 word hier ook 'n reaksie verwag wat ooreenstem met dit wat God is. Van Israel word onverdeelde trou en liefde verwag. Daarom die vraag in vers 10b "Waarom handel ons dan troueloos deur die verbond van ons vaders te ontheilig?" Die onverdeelde trou en liefde vir die een Skepper en Vader moes Israel tot 'n eenheid saamgebind het in onderlinge trou (Verhoef, 1972:169). Maleagi noem twee voorbeelde waardeur hierdie onverdeelde trou geskend is. Albei hierdie voorbeelde het te doen met die huwelik en albei val duidelik op die terrein van die priester se onderrigtaak. Snyman (1985:120,121) wys op die chiastiese opbou van Maleagi 2:10-16: Vers 11 noem die sonde waaroor die volk aangespreek word, dit word gevolg deur die godsdienstige gevolg daarvan in vers 12. In vers 13 word die godsdienstige gevolg genoem van die sonde wat in vers 14 beskryf word (Achte-meier, 1986:182).

Die eerste voorbeeld van Israel se ontrou is die feit dat Juda met 'n dogter van 'n uitlandse god getrou het en dit het hom verlei om die heiligdom van God te ontheilig. Hy is deur sy vrou tot afgodsdienst verlei, tog wil hy nog kom offer vir God. In vers 12 word die gevolg van hierdie sonde verwoord. Keil (1977: 451) vertaal vers 12 soos volg: "May God not only cut off every descendant of such a sinner out of the house of Israel, but any one who might offer a sacrifice for him in expiation of his sin". Die feit dat die priester bereid is om 'n offer uit so 'n persoon se hand te ontvang en te offer het meegewerk tot die ontheiliging van die tempel. Deur sy ontrou het die priester dus die volk geleer dat God se tempel maar ontheilig kan word, dat afgodsdienst maar oorgesien kan word. Hiermee staan die priesters in kontras met Pinehas wat sterk opgetree het teen die verleiding van vreemde vroue (Numeri 25:7,8; vgl. Nehemia 13:23-31). God sluit met Pinehas 'n vredeverbond van ewige priesterskap (Vergelyk Numeri 25:12,13 met Maleagi 3:5).

Die doel van die priester se onderrig is dus om die volk deur sy weiering van 'n offer te leer dat iemand wat onheilig leef, die heiligdom onheilig deur sy offer en gevaar loop om deur God afgesny te word van die verbondsvolk.

Die tweede voorbeeld begin met die godsdienstige gevolg van die sonde - God vind Israel se offers onaanvaarbaar. Die volk bid nog en huil by die altaar, maar God verhoor hulle gebede nie. God gee die rede hiervoor - ontrou in die huwelik. Van besondere belang vir hierdie studie is vers 15. Vers 15 kan soos volg verklaar word: God skep 'n eenheid tussen man en vrou in die huweliksverhouding. God het die mens een gemaak in die huwelik ongeag die feit dat Hy nog lewensgees oorgehad het (Verhoef, 1972:183,184). Die 1983-Afrikaanse vertaling van die Bybel interpreteer vertaal vers 15 so dat die eenheid tussen man en vrou beskryf word as 'n eenheid in liggaam en gees. God het man en vrou so een gemaak in die huwelik vir 'n besondere rede naamlik dat daar uit hierdie eenheid 'n geslag (verbondsgeslag) vir God moes voortkom (Snyman, 1985:127) Wanneer man en vrou nie net in liggaam een word nie maar ook in gees, skep dit die ideale omgewing vir die opvoeding van 'n verbondsgeslag. Wanneer hierdie eenheid verbreek word en onbestraf deur die priesters voortgegaan word, het dit direkte gevolge vir die opvoeding van die kinders in God se wet en verordeninge. Wanneer daar egskeiding plaasvind, ly die onderrig van die kinders daaronder en is die mense ontrou aan God se verbond. Hierby was die priesters ten nouste betrokke in hulle onderrig.

Die doel van die priesters se onderrig is om vir die volk die verband te leer tussen ontrou in die huwelik en onverhoorde gebede. Hy moes hulle leer dat trou aan God as die enigste God en die daaruit voortvloeiende huwelikstrou, die basis is vir verbondsonderrig.

4.5.5. BEGELEIDING TOT 'N LEWE VOLGENS GOD SE WIL AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (2:17-3:5)

In antwoord op die beskuldiging (2:17) dat elkeen wat kwaad doen, goed is in die oë van die Here en dat God se reg nie sigbaar in werking is nie (Loader, 1975:334), kondig God die koms van sy boodskapper en van die Engel van die verbond aan (3:1). God gaan nou sy reg sigbaar maak.

Die taak van die Engel van die verbond is om in die eerste plek die tempel en tempeldiens te kom herstel. Hy kom na sy tempel (vers 1b), Hy reinig die seuns van Levi (vers 3) en die reiniging en loutering se doel is dat daar 'n offer in geregtigheid gebring sal word (vers 3), dan sal die volk se offers weer aangenaam vir die Here wees. Dit is egter opvallend dat hierdie kultiese suiwering (vers 1b-4) uitloop op 'n etiese reiniging (vers 5). Snyman (1985:150) maak dieselfde waarneming: "In die 'Ich-Rede' (...verse 1 en 5) kom die tempel en die kultus glad nie in die blikveld van die profeet nie. Die reg wat Jahwe laat geskied in antwoord op die vraag van die volk (...) beklemtoon eerder die etiese verhoudings tussen mense." Die verkeerde leiding wat van die Leviëte uitgegaan het, het sy gevolge in die harte van die volk gehad. Deur hulle ontrou het die Leviëte veroorsaak dat die volk nie meer die Here vrees nie en daarom towenaars geraadpleeg het, egbreuk gepleeg het, vals gesweer het, die dagloner in sy loon en die wees en die weduwee verdruk het. Daarom sal die Here teen hulle optree (vers 5). So sal die reiniging van die tempeldiens en die Leviëte 'n direkte uitwerking op die volk hê. Wanneer die Leviëte deur woord en daad die regte leiding (onderrig) gee, word die volk bestraf en begelei in hulle persoonlike etiek.

Die doel van die priester se onderrig is om die volk te begelei tot 'n suiwer erediens en daaruit voortvloeiend 'n lewe aan God toegewy.

4.5.6 'N LEWE IN VERTROUE OP GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (3:6-12)

In Maleagi 3:6 word God se onveranderlikheid as die grond van die aanklag gebruik. Die begrip ^{לָבַד} word gebruik om Israel se optrede teenoor die van God te stel. Hierdie begrip kan beteken "om te vergaan" (Waldman, 1974:543), dit kan ook beteken "voltooi" en in die passief in godsdienstige betekenis "jouself toewy aan" (vgl. Numeri 25:3,5) (Schippers, 1971:64). Van der Woude (1982:138) kies egter, na aanleiding van 'n sinonieme parallelisme wat hy in hierdie vers ontdek, vir die betekenis van "ophou". Daar word dan in hierdie vers gesê dat "beide Jahwe en Jakob (se nageslag) onveranderlik is. Jahwe is onveranderlik Jahwe, en Jakob (se nageslag) hou nie op om Jakob se nageslag te wees nie" (Snyman 1985:161). Hiermee word dan verwys na die volk se voortdurende onvermoë om te verander en terug te keer na God (vers 7) (vergelyk ook Verhoef, 1972:216). Beide laaste twee betekenismoontlikhede sluit aan by die daaropvolgende verse en is dus verkieslik bo die vertaling "ten gronde gaan" (1983-Afrikaanse vertaling) of "verteer" (1933-Afrikaanse vertaling).

Die volk bevestig hulle onvermoë om te verander in hulle onvermoë om te begryp waarin hulle moet verander (Vers 7c). God se antwoord op hulle vraag "Waar in moet ons terugkeer?", bestaan uit drie dele: 'n verduideliking dat hulle dit wat hulle aan Hom verskuldig is, nie gee nie (vers 8); 'n waarskuwing van die vloek waarmee hulle belaa is vanweë hulle sonde (vers 9) en 'n aanmoediging om te doen wat God vra en so die belofte van God te ontvang (vers 10-12). Hierdie belofte is 'n herhaling van die verbondsbeloftes van God soos onder andere in Deuteronomium 28 veral vers 11,12 weergegee..

Hier is dit weer eens duidelik, hoewel nie eksplisiet gestel nie, dat die priesters saam met die volk aangekla word. Hulle moet immers die volk die verordeninge leer en hulle moet toesig hou oor die tiendes wat gegee word. Die volk is onkundig oor hulle sonde. Hulle is volgens God met 'n vloek belaa, terwyl hulle heeltemal gerus is dat hulle verhouding met God reg is.

Hierdie onkunde bestaan onder andere vanweë die priesters se nalatigheid om die volk te berispe en te onderrig. Hulle moet die volk leer dat die God wat vir hulle die goeie land gegee het, altyd weer sal gee, daarom kan Israel maar die volle tiende gee.

Hierdie vierde klag sluit aan by die eerste klag. Soos in die eerste klag word die selfsug en ongeloof van die volk uitgewys. Soos in die eerste klag bring hulle nie voluit eer aan God nie.

Die doel van die onderrig wat die priesters nagelaat het, is om:

- die volk op te roep tot bekering
- die volk te begelei om in vertroue op die God wat sorg, 'n tiende van wat Hy gegee het, terug te gee.
- die volk die belofte te laat glo dat die een wat gehoorsaam is aan God, mildelik van God sal ontvang en dat die land gelukkig sal wees.

4.5.7 'N LEWE WAT SIGBAAR AAN GOD GEWY IS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG (3:13-4:3)

Die volk word aangekla van vermetelheid, hulle is van oortuiging dat dit geen sin het om die Here te dien nie. Die priesters het nie deur hulle onderrig die wysheid en sin van God se gebooie aan die volk geleer nie sodat hulle God versoek het en niemand het hulle bestraf nie. Die volk praat onder mekaar en kom tot die konklusie dat dit niks vir hulle beteken om die Here te dien nie. Hierin kom hierdie aanklag ooreen met die tweede aanklag. Die volk sien nie die nut van diens aan God in nie.

In vers 16-18 word verhaal hoedat die wat die Here vrees, bymekaar gekom het. Die uiteinde van hulle samekoms was dat dit duidelik was wie God dien en wie nie (soos dit op die dag toe Moses gevra het wie "vir God" is, ook duidelik geword het toe die Leviëte by hom vergader het (Eksodus 28). Die dag van die Here sal hierdie onderskeid finaal duidelik laat word (Achte-meier, 1986 : 194,195).

Die priester moet deur sy onderrig die volk begelei om 'n lewe

te leef wat sigbaar aan God gewy is. Ouers wat so leef, sal hierdie onderrig aan hulle kinders duidelik maak deur hulle lewe.

4.5.8 ONDERRIG MET AS DOEL OM DIE WET IN VOLK EN PRIESTER SE GEDAGTES TE LAAT BLY (4:4)

Voor die belofte van Elia wat gaan kom (4:5), gee God 'n finale vermaning "Dink aan die wet van Moses...." (4:4). Dit is 'n vermaning wat tot volk en priester kom. Vir die priester beteken dit dat hy sy eie lewe daarvolgens moet inrig en dat hy moet sorg dra dat die volk die wet ken deur sy onderrig. Die wet is die weg terug tot 'n lewe van vrede met God. Dit is die weg waarop die priesters die volk moet begelei.

4.5.9 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN DIE PRIESTER SE ONDERRIG

Kinders was deur hulle eie waarneming van die priester se woorde en daade asook die woorde en daade van hulle ouers betrokke by die volgende doelwitte van die priester se onderrig:

Om die volk tot begrip en sekerheid van God se verbondsliefde te begelei.

Om aan die volk praktiese onderrig te gee oor hoe en wat geoffer moet word. Ten diepste is dit egter onderrig aan die volk om God te eer en te vrees.

Om die volk voor te gaan in getroue roepingsvervulling ten opsigte van tempeldiens, ander godsdienstige feeste en die opvoeding van kinders tot diensbaarheid aan God. Weer eens is dit ook onderrig in die vrees en eerbied vir die Naam van die Here.

Om deur sy woorde en lewe die volk (kinders ingesluit) terug te bring na God en te begelei om in noue gemeenskap met God te leef.

Om die volk deur sy weiering van 'n offer te leer dat iemand wat onheilig leef, die heiligdom onheilig deur sy offer en gevaar loop om deur God afgesny te word van die verbondsvolk.

Om vir die volk die verband te leer tussen ontrou in die huwelik en onverhoorde gebede. Hy moes hulle leer dat trou aan God as die enigste God en die daaruit voortvloeiende huwelikstrou, die basis is vir verbondsonderrig.

Om die volk te begelei tot 'n suiwer erediens en daaruit voortvloeiend 'n lewe aan God toegewy.

Die doel van die onderrig van die priesters was om:

- die volk op te roep tot bekering,
- die volk te begelei om in vertroue op die God wat sorg, 'n tiende van wat Hy gegee het, terug te gee.
- die volk die belofte te laat glo dat die een wat gehoorsaam is aan God, mildelik van God sal ontvang en dat die land gelukkig sal wees.

Die priester moet deur sy onderrig die volk begelei om 'n lewe te leef wat sigbaar aan God gewy is. Ouers wat so leef sal hierdie onderrig aan hulle kinders duidelik maak deur hulle lewe.

4.6 WYSE VAN ONDERRIG

Uit bostaande studie van die doel van die priester se onderrig het verskeie riglyne na vore gekom met betrekking tot die wyse waarop die priester moes onderrig. Hierdie riglyne sal nou deurgegee word met verwysing na bostaande verkenning.

4.6.1 DIE PRIESTERS ONDERRIG DEUR HULLE HANTERING VAN GOD SE DIENSWERK (Maleagi 1:6-14)

Die priesters het die volk verkeerd geleer deur offers te aanvaar wat nie voldoen het aan die vereistes wat in die wet van Moses daarvoor gestel is nie. Hulle onderrig dus deur die wyse waarop hulle die dienswerk by die altaar hanteer.

4.6.2 DIE PRIESTERS ONDERRIG DEUR DIE WYSE WAAROP HULLE MET GOD OMGAAN (Maleagi 2:1-4, 2:6, 2:17-3:5)

Die priesters het God nie met hulle lewe geëer en Hom nie gevrees nie, hulle was nalatig in hulle roepingsvervulling. Van hulle lewe het 'n negatiewe onderrig uitgegaan. Hulle lewe het 'n bespotting gemaak van die seën wat hulle in God se Naam moes uitspreek en van die feeste waarin hulle die volk moes voorgaan. God waarsku hulle dat Hy hulle en hulle nageslag uit hulle priesterskap gaan afsit en van hulle 'n bespotting maak. Die getroue priester het naby God geleef en deur sy lewe is baie na God teruggebring (2:6). In 2:17-3:5 word die priesters gesuiwer tot onderrig van die volk in hulle persoonlike lewe.

Die priester onderrig dus deur sy lewenswyse waardeur sy verhouding tot God duidelik word.

4.6.3 DIE PRIESTER GEE MONDELINGE ONDERRIG VAN GOD SE WIL (Maleagi 2:5-7)

Met die woorde "Betroubare regsleer was in sy mond en onreg is op sy lippe nie gevind nie; Want die lippe van die priester moet kennis bewaar en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is die boodskapper van die Here van die leërskaare" (2:6a,7) word die mondelinge onderrig van die priester geteken.

4.6.4 DIE PRIESTER GEE INDIVIDUELE ONDERRIG AAN LEDE VAN DIE VOLK WAT DIE TEMPEL BESOEK (Maleagi 2:10-16)

In hierdie gedeelte word twee voorbeelde genoem van mense wat volhard in sondige verhoudinge in die huwelik. Hierdie verhoudinge veroorsaak dat die tempel ontheilig word as hulle kom offer met hierdie gesindheid. Dit veroorsaak ook dat God nie hulle gebede verhoor nie.

Wanneer daar by individue volhardende sonde is wat tot gevolg het dat hulle ongeskik is om offers te bring vir God, moet die priester nie die offers aanvaar nie. Hy moet die voornemende offeraar onderrig in God se voorskrifte. Hy moet hom begelei dat hy sal besef dat byvoorbeeld sy ontrou in die huwelik

oorsaak is van sy onverhoorde gebed. Deur sy onderrig moet die priester hom begelei tot die regte verhouding met God sodat hy weer 'n rein offer kan bring en sy gebede verhoor sal word. Die wyse van onderrig is dus 'n individuele (pastorale) gesprek.

4.6.5 DIE PRIESTER ONDERRIG DEUR VERMANING TOT BEKERING (3:6-12)

Op grond van sy onwankelbare liefde roep God die volk op om te verander, om nie meer vir hulleself te sorg deur van hulle tiendes terug te hou nie. Hulle moet voluit gee met die wete God sal weer gee. Hierdie vermaning moes reeds lankal van die priesters uitgegaan het. Hulle werk in die tempel waar die tiendes afgedra word.

Die priesters onderrig dus deur vermaning en onderrig oor God se troue sorg.

4.6.6 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN DIE PRIESTER SE ONDERRIG

Die priester onderrig deur sy lewenswyse waardeur sy verhouding tot God duidelik word.

Die priester onderrig deur die wyse waarop hulle die dienswerk by die altaar hanteer.

Die priester onderrig deur mondelinge onderrig.

Die priester onderrig deur individuele (pastorale) gesprek.

Die priesters onderrig deur vermaning.

4.7 SLOTSOM

Die priester se onderrig is onlosmaaklik verbonde aan die kultus waardeur die volk hulle God ontmoet.

Die priester begelei die volk deur woord en daad om God te dien in volle gehoorsaamheid aan sy voorskrifte vir die kultus.

Die priester onderrig die volk in die wet van God.

Die priester se onderrig word in die besonder daardeur gekenmerk dat hy ywer vir God se eer en daarom die volk begelei om God te eer en te vrees.

'n Groot deel van die priester se onderrig is deur die daad: onder andere sy getrouheid in die dienswerk, sy aandrang op offers volgens God se voorskrif en sy lewe.

Die onderrig van die priester bestaan ook uit pastorale begeleiding van individue om 'n heilige lewe in noue gemeenskap met God te leef.

Die onderrig van die priester aan die kind geskied grotendeels via die ouer wat die onderrig aan die kind oordra of duidelik maak.

4.8 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE

Onderrig in die betekenis en praktyk van die liturgie (kultus) is volgens die Ou Testament 'n noodsaaklike deel van verbondsopvoeding.

Daar sal vasgestel moet word of en deur wie hierdie taak in die kerk van Christus verrig moet word.

Die onderrig wat uitgaan van God se geroepe dienskneg se optrede in die erediens het sterk na vore gekom. Hiermee word 'n belangrike dimensie van die verbondsopvoeding duidelik. Die kind word onderrig deur die optrede, gesindheid en getrouheid van die ampsdraers. Ook deur hulle optrede teenoor hulle huisgesin.

Verbondsopvoeding het 'n sterk pastorale inslag. Lê die wese

van die kategeese moontlik hierin dat dit pastorale sorg aan kinders is ? Is die begeleiding om God te verheerlik in die midde van sy volk, die hoofklem van die kategeese ? Vanuit hierdie onderrig kan daar dan raakpunte wees met praktyk van elke dag se lewe.

Ouers speel 'n belangrike rol om seker te maak dat die onderrig van die ampsdraer vir die kind helder en duidelik is.

HOOFSTUK 5 ONDERRIG DEUR DIE ONDERHOUDING VAN DIE PASGA AS GELOOFSOPVOEDING VOLGENS EKSODUS 1-15

5.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk sal die geloofsonderrig wat die kind ontvang het deur sy betrokkenheid by die onderhouding van die Pasga, nagevors word. Eksodus 1-15 sal ondersoek word. Afleidings sal deurlopend gemaak word met die oog daarop om hierdie dimensie van geloofsopvoeding te vergelyk met ander dimensies wat reeds ondersoek is en verder in hierdie studie ondersoek sal word. Uiteindelik sal die afleidings en vergelykings konkreet toegepas word op die probleemstelling van hierdie studie.

Vir die doel van hierdie studie word die navorsing van die inhoud en betekenis van hierdie fees beperk tot Ou Testamentiese gegewens. Hierdie fees het waarskynlik in die een of ander vorm onder Israel of ander volkere bestaan voordat daar 'n bepaalde gebeurtenis in die geskiedenis van Israel daaraan verbind is (De Vaux, 1964:3 e.v.). God gee egter deur sy optrede en opdragte, 'n nuwe betekenis aan hierdie fees (Vriezen, 1974: 278). In hierdie hoofstuk sal nagevors word hóé die viering van hierdie fees (volgens God se voorskrifte soos dit in die Ou Testament weergegee word), bygedra het tot die onderrig van die kind. Die Skrifgegewens word ondersoek binne die konteks waarin dit in die Woord van God geskryf staan. Die gebeure in Eksodus word as geskiedenis aan die leser aangebied (Mowinckel, 1951:66-70), daarom sal die stof in hierdie ondersoek as geskiedenis hanteer word. Daar word dus nie ingegaan op die verskillende teorieë (vergelyk Houtman, 1989:139-156; Oosthuizen, 1989:1-8) in verband met die ontstaansgeskiedenis van die huidige teks nie. Pedersen (1934:166-169) se teorie dat Eksodus die resultaat van 'n proses is waardeur 'n aantal historiese gebeure rondom die voorskrifte vir die Paasfees versamel is, om 'n kultiese legende te vorm, word telkens slegs met die een of ander variasie deur ander skrywers herhaal. Geen skrywer sou egter daarop kon aanspraak maak dat sy teorie oor grondiger bewyse beskik as die volgende skrywer se teorie nie. Pedersen (1934:167) se bevinding dat die stof as 'n goed saamgestelde eenheid, eerder

as 'n los samevoeging van 'n klomp bronne, bestudeer moet word, kan as vertrekpunt aanvaar word (vergelyk ook Fensham, 1977:11; Childs, 1974:xiv; Childs, 1979:75-77)

5.2 DIE MOTIVERING VAN EKSODUS 1-15 AS ONDERSOEKMATERIAAL

Fretheim (1991:14) sê dat die kennis van God en sy selfopenbaring besondere klem ontvang in boek Eksodus. Farao vra die vraag "Wie is Jahwe" en God sê dat die farao en die Egiptenaars (7:17; 8:10,22; 9:14,29; 11:7; 14:4,18) en Israel (10:2; 29:46) sal weet wie Hy is.

Eksodus 11:1-13:16 beskryf die instelling van die pasga, die fees van die ongesuurde brood, die wyding van die eersgeborenes asook die aankondiging en uitvoering van die tiende plaag. Vir die doel van hierdie studie sal die Pasga, die fees van die ongesuurde brood en die wyding van die eersgeborenes, as 'n eenheid, met die begrip Pasga benoem word. In Eksodus 12:26 en 13:8,9,14,15 ontvang die ouers opdrag om hulle kinders te onderrig in die betekenis van die Pasga. Wanneer gevra word na die onderrig deur die onderhouding van die pasga as deel van geloofsopvoeding, is Eksodus 11:1-13:16 dus toepaslike ondersoekmateriaal.

Daar bestaan nie groot eenstemmigheid oor die struktuur van die boek Eksodus nie. Waaroor daar wel wyd eenstemmigheid bestaan, is dat die oorwinningslied van Israel (Eksodus 15:1-21) na die deurtog deur die Rooisee en die farao se finale vernietiging, die afsluiting van een deel van die boek is (Houtman, 1989:8; Fretheim, 1991:134; Fensham, 1977:5; Helberg, 1976:216). Keil en Delitzsch (1976:416,417) verdeel die boek in twee hoofdele. Die eerste deel sluit af met die lofsang (15:1-21) na die finale verlossing uit die farao se mag. Die tweede deel sluit af met die vervulling van die tent van samekoms met die heerlikheid van die Here (40:34-38).

Eksodus 11:1-13:16 maak dus deel uit van die groter geheel waarin die geskiedenis van Israel se verlossing uit die mag van

die farao (Eksodus 1:1-15:18), beskryf word (Houtman, 1989:7; Fensham, 1977:5). Hierdie onderafdeling word voorafgegaan deur:

- die beskrywing van Israel se posisie van verdrukking in Egipte wat deur God raakgesien word en Hom laat dink aan sy verbond (1:1-22).
- God se voorbereiding en roeping van 'n leier om sy volk te verlos soos Hy beloof het (2:1-4:31)
- God se bevestiging dat Hy sy verbondsbeloftes sal uitvoer (5:1-6:27)
- die manifestasie van God se krag in die verskillende plae wat aangekondig en uitgevoer word soos beskryf in Eksodus 6:28-11:10 (vergelyk Oosthuizen, 1989:i).

God se optrede teen die farao om hom te dwing om God se volk te laat trek, bereik 'n hoogtepunt in die aankondiging van die tiende plaag, die viering van die pasga, en die dood van die Egiptiese eersgeborenes (Eksodus 11:1-13:16). Eksodus 11:1-13:16 word gevolg deur die beskrywing van die deurtog deur die Rooisee, die farao se finale vernietiging (Eksodus 13:17-14:31) en die weergawe van die oorwinningslied van Moses (15:1-21).

Eksodus 11:1-13:16 sal dus nou ondersoek word binne die verband van Eksodus 1-15.

5.3. DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE PASGA

5.3.1. DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

Wanneer God se optrede op grond van sy verbond nagegaan word in Eksodus 1:1-13:16, kan met reg gesê word dat die finale plaag en die viering van die pasga 'n klimaks van die voorafgaande geskiedenis vorm (Oosthuizen, 1989:25,195). Reeds in Eksodus 4:23 sê God dat die hele stryd gaan uitloop op die dood van die farao se eersgeborene, sodat God sy eersgebore seun kan uitlei.

Die verskillende skrifgedeeltes (in Eksodus 1:1-13:16) waarin

God se optrede op grond van sy verbond beskryf word, sal nou ondersoek word. In die ondersoek sal voortdurend gevra word, hoe die verbond die grondslag vorm van die viering van die pasga en die gepaardgaande onderrig daaruit:

5.3.1.1 Eksodus 1:1-2:10 Onderrig deur die herdenking van God se getrouheid om sy volk te laat vermeerder ondanks lyding

In Eksodus 1:1-2:10 word verhaal hoedat die Egiptenare Israel as bedreiging begin ervaar omdat hulle 'n baie groot nasie begin word het. Die nuwe koning van Egipte wat nie vir Josef geken het nie (vers 8), sê Israel die stryd aan (vers 10). Die plan wat hy beraam, bedreig Israel se bestaan as volk aangesien alle seuntjies wat gebore word, doodgemaak moet word. Die farao sê egter, sonder dat hy dit weet, vir God die stryd aan - Israel se groei tot 'n groot nasie (vers 7,12) is immers die vervulling van God se belofte aan Abraham (Genesis 17:1-6).

Brueggemann (1972:400) wys daarop dat die terminologie van Eksodus 1:7 ooreenstemming toon met die seënformule wat handel oor die mens se vermeerdering op aarde (Genesis 1:28). Elemente van hierdie seën kom telkens in Genesis voor (vergelyk Genesis 8:27; 9:1,7; 17:20; 28:3; 35:11; 47:27; 48:3-4). Die konstante elemente in genoemde Skrifgedeeltes is die vaste volgorde waarin die woorde ׀׀׀ en ׀׀׀ voorkom (Lohfink 1978:218), soos ook in Eksodus 1:7. Deur die gebruik van die verlede tyd neem Eksodus 1:7 die karakter aan van 'n kennisgewing dat genoemde seën vir Israel in vervulling gegaan het (Lohfink 1978:219; Koch 1987:458). Hier kan dus met reg gesê word dat die vervulling van God se belofte aan Abraham, dat sy nageslag grootliks sal vermeerder, die verwagting skep dat die belofte aangaande Kanaän ook vervul sal word (Fretheim 1991:24-26; Oosthuizen, 1989:36).

Die farao se planne word in die wiele gery deur twee vroedvroue wat God gevrees het en nie die kinders wou doodmaak nie. Sy plan om sy eie volk in te span om die kinders dood te maak, slaag skynbaar ook nie - sy eie dogter maak die kind groot wat uiteindelik die volk sou uitlei uit Egipte. Die farao slaag dus

nie daarin om die aanwas van Israel tot 'n groot volk te stuit nie.

In hierdie Skrifdeel is daar nog geen eksplisiete verwysing na God se optrede op grond van sy verbondsbeloftes nie. Die opmerksame leser word egter in geen twyfel gelaat dat God besig is om sy verbondsbelofte in vervulling te laat gaan nie, al moet Israel nog bitter brood van lyding eet (Fretheim, 1991:26-41). Die volgende temas, wat met die onderrig deur die viering van die pasga verband hou, word hier na vore gebring:

Die lyding van die Israeliete wat hier beskryf word, sal herdenk word in die ongesuurde brood wat hulle saam met die Pasga en die sewe dae daarna moet eet. Wanneer die kind paradoksaal feesvier met bitter brood (van lyding), kan hy leer begryp, dat God se weg na verlossing vir sy verbondsvolk soms deur vernedering heen gaan.

Die bedreiging van die voortbestaan van God se volk deur die dood van hulle kinders (vers 15,16) sal herdenk word in die nag van die Pasga wanneer die verderwer by die huise verbygaan en elke eersgeborene se lewe bedreig. Deur die viering van die Pasga sal die kind die bedreiging van die vernietigende mag van die sonde as 'n werklikheid leer ken en ervaar.

Die redding deur die gehoorsaamheid aan God (vers 17) sal in die pasga gedenk word deurdat dié wat in gehoorsaamheid die bloed aan die deurposte smeer hulle eersgeborenes sal red. So sal die kind leer dat God genade skenk aan dié wat, in gehoorsaamheid aan sy verbondsbeloftes, doen wat Hy beveel.

Die seën van God soos aan die vroedvroue bewys (naamlik dat Hy aan hulle huisgesinne gegee het), sal in die pasga herdenk word. Dit sal daarin herdenk word dat dit onder andere 'n gesinsfees sal wees wat van geslag tot geslag in die gehoorsames se huise gevier kan word. Deur die viering van die Pasga leer die kind dat die vreugde van 'n huisgesin, God se seën in getrouheid aan sy verbond is.

Deur die viering van die Pasga leer die kind dat God getrou is aan sy belofte om Abraham se nageslag 'n groot nasie te maak. God se verbond is dus die grondslag van hierdie onderrig.

5.3.1.2 Eksodus 2:11-25 God se aktiewe betrokkenheid by sy volk as onderrig

Die gebeure wat in Eksodus 2:11-25 verhaal word, gee geen aanduiding van 'n daadwerklike verandering in die volk se lydenie. Moses moet uit Egipte vlug vanweë die moord wat hy pleeg en die volk se verdrukking gaan skynbaar ongehinderd voort. Tog is daar hoop, al het die Israëliete dit nie op daardie stadium besef nie. In Eksodus 2:23-25 word God se reaksie op die volk se verdrukking beskryf in vier opeenvolgende sinne waarin die Naam van God (Elohim) telkens herhaal word (Fretheim, 1991:48): God het die klag van die volk **gehoor**. Die begrip **שָׁמַע** het hier nie die betekenis dat God nou vir die eerste keer die volk se klaagstem hoor nie, maar dat God kennis neem en antwoord. God het **gedink** aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob. Weer eens dui die begrip **חָשַׁב** nie daarop dat God nou vir die eerste keer weer daaraan dink nie, maar God se dink aan sy belofte hou aksie in wat die toekoms gaan beïnvloed.

God het die kinders van Israel **aangesien**. Die begrip **רָאָה** het hier die betekenis van "om na die ander een toe te beweeg met goedheid en simpatie".

God het **geken** (sonder voorwerp). Die begrip **יָדָע** druk hier nie verstandskennis uit nie, maar dit dui daarop dat iemand op so 'n wyse deel in die ervaring van 'n ander, dat daardie ervaring sy eie genoem kan word (Fretheim, 1991:48). God het dus **gehoor** en **gedink**, **gesien** en **geken** (Greenberg 1969:54). God se betrokkenheid by Israel se situasie in Egipte vloei voort uit sy betrokkenheid by Abraham, Isak en Jakob, deur die verbond. Alhoewel hier geen spesifieke optrede van God tot verlossing van Israel beskryf word nie, veronderstel die beskrywing van God se waarneming (hoor en sien) en sy reaksie op die waarneming (dink en ken) dat God gaan optree (Cassuto 1967:29-30; Schmidt 1977:97-98). Die uitdrukking **וַיִּשְׁמַע יְהוָה וַיִּחְשַׁב וַיִּרְא וַיֵּדַע** dui aan dat God sy verbondsverpligting gaan nakom. Weimar (1973:60-65) sê dat die uitdrukking **וַיִּשְׁמַע יְהוָה וַיִּחְשַׁב וַיִּרְא וַיֵּדַע** as 'n daad van liefdesbetrokkenheid en

die werkwoord ׀ָׁ as 'n aanduiding van empatiese waarneming, die belofte inhoud van verdere aksie van God se kant. Fretheim (1991:25) sê dat God se aktiewe verlossingsdade nie gesien moet word as 'n ingrype uit die bloute nie, maar slegs as 'n intensivering van sy voortgaande aktiwiteit om sy wil met die skepping te volbring. Indien God nie ook werkzaam was in die tydperke waarin Hy skynbaar onbetrokke was nie, sou daar geen volk gewees het om te verlos nie.

Hierdie waarneming van God en sy reaksie daarop gaan uiteindelik uitloop op die viering van die Pasga. Hierdie eerste Pasga sal dan gevier word in afwagting van die finale slag wat God teen die farao gaan lewer. Wanneer God by die huise verbygaan en die bloed van die paaslam aan die deurkosyne sien, sal Hy dink aan sy belofte wat Hy gekoppel het aan die bloed. Hy sal hulle ken as sy volk wat sy belofte geglo het en daarom die bloed aan die deurkosyne gesmeer het. Die gekerm sal daarom net by die ongelowige Egiptenare gehoor word en nie meer by Israel nie. By Israel is daar nou vreugde en spoedig sal die lied van oorwinning by hulle gehoor word (Eksodus 15). In die viering van die Pasga sal die kind dus leer wat dit beteken dat God sy volk hoor, aan sy beloftes dink, hulle aansien en hulle ken.

5.3.1.3 Eksodus 3:1-17 God se verbondenheid aan Israel, sy volk en hulle antwoord daarop, as onderrig

In Eksodus 3:1-6 stel God Homself aan Moses bekend. God stel Homself in die eerste plek aan Moses bekend as die God van sy vader (vers 6a). Hiermee identifiseer God Homself met die geloof van Moses se familie in Egipte (Durham 1987:31). God identifiseer Homself egter ook met Abraham, Isak en Jakob. In vers 6 word die naam Jahwe telkens herhaal by die identifisering met 'n besondere persoon. Hiermee word Israel in Egipte (soos verteenwoordig deur Moses se vader) op een lyn met die aartsvaders geplaas. God is net so die God van die verdrukke Israel as wat Hy die God van Abraham is (Rendtorff, 1961:33; Zimmerli, 1963:25-26). Oosthuizen (1989:49) druk die betekenis hiervan soos volg uit: "the more immanent elements in the scene

shows the extent to which God is prepared to involve himself in the ebb and flow of human events....".

God se verbondenheid met Israel en optrede tot hulle verlossing op grond van sy verbond word hier dus nog verder gevoer en duideliker gestel.

In Eksodus 3:7-10 word God se betrokkenheid by Israel in byna dieselfde woorde herhaal as in 2:24,25. Wat hier opval, is dat God na Israel verwys as "sy volk". Vers 7-10 begin met 'n verwysing na Israel as God se volk en sluit daarmee af. God is dus inderdaad besig om Israel, volgens sy belofte, tot 'n nasie te maak. God gaan egter van hulle voluit volk maak deur hulle van die slawerny te bevry en aan hulle 'n eie land te gee volgens sy belofte aan Abraham. Om God se meeleeft met sy volk aan te toon, word hier gesê dat Hy neergedaal het om sy volk te verlos. Die feit dat God neerdaal, dui egter ook terselfdertyd aan dat God nie tot hierdie bepaalde situasie beperk kan word nie.

In Eksodus 3:13-15 openbaar God Homself verder aan Moses op grond van Moses se vraag in vers 13. God maak aan Moses die Naam Jahwe bekend. Dit is die Naam waarmee hulle Hom moet gedenk.

In God se openbaring aan en gesprek met Moses speel die begrippe sien, hoor, dink en ken 'n belangrike rol:

Moses sien die bos wat brand, hy gaan nader om die verskynsel te bekyk. Wanneer hy agterkom dat dit God is wat aan hom verskyn, bedek hy sy gesig want hy wou God nie aansien nie.

Moses hoor die stem van God wat met hom praat, maar hy wil nie gehoorsaam luister na die opdragte nie.

God openbaar Homself aan Moses sodat hy God kan ken as die God van sy vader, die God van Abraham, Isak en Jakob. Hy moet God ook ken as die God wat sy volk se ellende sien en hoor en hulle smarte ken en wat daarom neergedaal het om hulle te verlos en na die beloofde land te lei.

Op Moses se verdere navraag om God se naam te ken, dui God Homself aan met die Naam Jahwe. Dit is die Naam waarmee hulle

aan Hom moet dink. Die naam Jahwe is in die besonder God se verbondsnaam (Helberg 1976:207). Die naam verberg en openbaar. Dit druk God se absolute heiligheid en ongebondenheid uit, en tog sy "reddende, lewende verbondenheid met sy volk" (Helberg 1976:207). God bepaal self wat Hy wil openbaar daarom weier Hy om sy naam te noem en sê bloot: "Ek is wat Ek is". Daarmee sê Hy dat Hy die onbereikbare, onbegryplike en heilige God is wat nie deur 'n Naam omvat kan word nie. Aan die ander kant openbaar Hy juis met die begrippe "Ek is" sy lewende teenwoordigheid by en verbondenheid met sy volk. Die begrip "is" "dui nie slegs aan dat God bestaan nie, maar dit het 'n dinamiese betekenis wat aandui dat God lewend, aktief teenwoordig is" (Helberg 1976:208).

Schmidt (1977:132) wys 'n besondere ooreenkoms uit tussen Eksodus 3:15b en Psalm 135:13:

Eksodus 3:15b - Dit is my Naam vir ewig (אֶלֹהִים)
 Dit is my gedenknaam (זִכְרוֹנִי)
 van geslag tot geslag (לְדֹר וָדֹר)

Psalm 135:13 - Jahwe, u Naam is vir ewig (אֶלֹהִים),
 Jahwe, u gedenknaam (זִכְרוֹנִי)
 van geslag tot geslag (לְדֹר וָדֹר).

Hierdie bekendstelling van God het dus waarskynlik ontwikkel tot 'n liturgiese formule (vergelyk Schmidt 1977:132-133). Die begrip זִכְרוֹנִי stem ooreen met die begrip זִכְרוֹנִי wat in die konteks van die instelling van die pasga en fees van ongesuurde brood gebruik word (Eksodus 12:14). Hierdie begrip זִכְרוֹנִי dui die funksie van hierdie feeste aan om nie alleen die geskiedenis in herinnering te roep nie, maar om ook die beslissende ingrype van God as 'n werklikheid te laat herleef. Deur die gebruik van die begrip זִכְרוֹנִי in Eksodus 3:15b, dui God die Naam Jahwe aan as die hart van en die sleutel tot die liturgiese viering (Pasga) van sy daad in die eksodus (Oosthuizen, 1989:62; Childs, 1962:71-72).

Die Naam Jahwe word hiermee onlosmaaklik deel van Israel. Deur hierdie noue verbinding van Jahwe met Israel word twee dinge

gesê: dit is nie alleen 'n onderneming van God se kant om deel te bly van die volk se toekoms nie, maar dit gee aan die volk die opdrag om die Naam van Jahwe altyd te onthou. Hiertoë help die herdenking van die feeste mee. Solank die feeste na regte gevier word, sal die geskiedenis van die eksodus onthou word en sal Jahwe gedenk word van geslag tot geslag. Helberg (1988:284) wys daarop dat die Skrif egter nie met 'n Goddelike bekendstelling begin nie, maar met 'n getuïenis oor God en sy optrede. Die mens ontvang dus eers getuïenis oor God en daarna kom die selfbekendstelling van God aan die orde. Die mens se godsdiens begin dus met getuïenis aangaande God. Hierdie feit beklemtoon hoe belangrik die verbondsgemeenskap is waarin hierdie getuïenis van die Woord gehoor word. Kinders moet onderrig word deur ouers, in die kategeese, deur die prediking van die Woord en die viering van die feesdae. "Die inhoud daarvan moet veral wees wat God gedoen het, sy historiese optrede, in die besonder in sy verhouding tot die wat aan Hom behoort" (Helberg, 1988:284).

Tydens die viering van die Pasga moet die kind hoor van God se groot daad, hy moet die voorbereiding en viering van die Pasga sien, die sien het dan gepaard gegaan met proe en ervaar. Deur die hoor en die sien moet hy geleer word om Jahwe te gedenk in sy verlossingsdaad. So sal hy God leer ken as die God wat getrou aan sy verbond, sy volk hoor, sien en ken. Hy is die God wat bereid is om betrokke te raak by sy volk en afdaal tot hulle verlossing.

God se optrede op grond van sy verbond, vorm dus hier die grondslag van die onderrig deur die viering van die Pasga.

5.3.1.4 Eksodus 4:1-31 Onderrig deur God se eis tot geloofsgehoorsaamheid

Eksodus 4 begin (vers 1) met Moses se twyfel of die volk hom gaan glo dat God aan hom verskyn het en of hulle na sy stem sal luister (sal hoor). Eksodus 4 sluit af (vers 31) met die volk wat glo en in aanbidding neerbuig voor die Here. Die res van

die hoofstuk handel oor Moses en die volk se reaksie op God se genade wat Hy op grond van sy verbondsbeloftes bewys. In vers 2-9 gee die Here aan Moses tekens sodat die volk ook kan sien dat die Here aan hom verskyn het. Wanneer Moses beswaar maak dat hy nie 'n man van woorde is nie, antwoord die Here dat dit Hy is wat sorg dat die boodskap reg oorgedra (vers 11a) word, asook dat dit reg ontvang word (vers 11b). Op sy verdere beswaar gee God vir Aäron opdrag om namens Moses te praat, maar God lê ook klem daarop dat hy die staf waarmee die tekens gedoen moet word, moet saamneem (vers 17, vergelyk ook vers 20). Ook op sy terugreis sê God weer aan Moses om die wonders voor die farao te doen (vers 21).

Uit voorafgaande is dit duidelik dat God sy volk deur sy woord wil onderrig, maar dat Hy, om hulle tegemoet te kom, ook sterk klem lê op onderrig deur tekens.

'n Verdere klem op die belang wat God aan 'n teken heg, word gevind in die gebeurtenis met Moses op sy terugreis. Op Moses se terugreis na Egipte wou die Here sy seun (of Moses) doodmaak (Kaplan, 1981:65-74). Dit is duidelik uit Sippora se reaksie (die besnydenis van haar seun) en God se reaksie daarop ("Hy het hom laat staan") dat God Moses tot geloofsgehoorsaamheid wou dring deur sy dreiging (Fretheim, 1991:79-81). Net voor hierdie gebeurtenis het God aan Moses gesê om aan die farao oor te dra dat Israel God se eersgebore seun is (vers 22) en dat die doel waarom die volk moet trek, is dat hulle God moet gaan dien. Driver (1911:31) sê aangaande hierdie uitspraak (dat Israel God se eersgebore seun is) dat Israel hier "into the closest and dearest relationship to God" gebring word.

God lê dus ten volle beslag op Israel, hulle behoort aan Hom en aan niemand anders nie. Moses self het egter homself nog nie ten volle aan God gewy nie. Tot nou toe het hy hom nêrens bereid verklaar om te doen wat God hom beveel het nie. Hy het ook skynbaar nagelaat om die teken van God se seggenskap oor sy seun, die besnydenis as teken van die verbond, aan te bring (Childs, 1974:96, 101; Houtman, 1983:87-89). Met hierdie louheid in sy verhouding tot God, plaas hy die verbondsverhouding, maar

ook sy eie lewe op die spel op die vooraand van die stryd met die farao (Plastaras, 1966:106-107). Oosthuizen (1989:89) sê oor die betekenis van hierdie gebeurtenis: "In the first place God may be stressing that as long as Moses persists in his attitude, which is exemplified by his failure to dedicate his son to him, he is inherently no better than the Pharaoh whose stubborn refusal to accede to God's demands, and therefore to recognise him, will lead to the death of his first-born."

Die ooreenkoms van hierdie gebeure met die gebeure tydens die nag van die Pasga word deur verskeie skrywers uitgewys (Fishbane, 1979:70,71; Schmidt, 1983:220; Weimar, 1980:290). Die ooreenkomste lê hoofsaaklik opgesluit in die bedreiging vir die kinders, die verlossing deur die teken van die bloed en die eis om gehoorsaamheid. Die besnydenis wys heen na die Pasga wat net vir dié wat die teken van die besnydenis dra, oop is. Al wat Moses se kind (of Moses) gered het, was die feit dat Sippora in gehoorsaamheid gebuig het voor die eis van God se verbond dat haar kind besny moes word - al wat die eersgeborenes van Israel op Paasnag gered het, was die ouers se gehoorsaamheid aan die opdrag van God ten opsigte van die viering van die Pasga. Die status van Israel as die eersgeborene van God (vers 22) waarborg nie in sigself die voorreg om God se volk te wees nie. God sal die ongehoorsame kind saam met die vyand vernietig. Hierdie Skrifgedeelte hou 'n waarskuwing vir Israel in dat hulle hulle nie bloot oor die lot van die farao en hulle nuutgevonde vryheid moet verbly nie. Die plaes en die viering van die Pasga en die daaropvolgende verlossing, moet daartoe bydra dat hulle groei in hulle kennis van en gehoorsaamheid aan God. God se aksie teen Moses in Eksodus 4:24-26 openbaar dat God wat vir Israel is, ook téén hulle kan wees.

Deur die viering van die Pasga word die kind ook onderrig aangaande die eis van God se verbond. God eis dat sy volk sal glo en in alles aan Hom gehoorsaam sal wees. Uit die stiptelike nakoming van God se voorskrifte in verband met die paasmaaltyd leer die kind hierdie waarheid van die verbond. Die feit dat slegs diegene wat reeds besny is, aan die maaltyd deel mag hê, dra ook by tot hierdie onderrig. Ook hierin vorm die verbond van

God dus die grondslag van die onderrig.

5.3.1.5 Eksodus 6:2-8 : God se begeleiding van sy volk om te erken dat Hy die Here hulle God is, as onderrig

Eksodus 6:2-8 word gekenmerk deur die drievoudige herhaling van die selfidentifisering van God dat Hy Jahwe is (vergelyk vers 2,6,8). In noue aansluiting hierby sê God in vers 7b dat sy dade Israel daartoe sal bring om te erken dat Hy Jahwe, hulle God is. Rondom hierdie raamwerk van God se selfidentifisering word die verskillende fases waarvolgens God sy plan met Abraham en sy nageslag uitvoer, weergegee: God het Homself met die Naam Elohim aan Abraham, Isak en Jakob bekend gemaak. Hy het sy verbond met hulle opgerig om aan hulle die land Kanaän te gee. God het Israel se gekerm gehoor en aan sy verbond gedink, daarom sal Hy hulle uitlei deur groot dade en hulle as volk aanneem sodat hulle sal erken dat Hy Jahwe is. God sal hulle dan die land van die belofte as besitting gee.

Dit is dus duidelik dat God Homself deur sy dade aan Israel openbaar as Jahwe, hulle God. Deur sy dade wil Hy dat hulle Hom sal leer ken. Hy is dus besig om sy volk te onderrig. Die Pasga vorm dan ook deel van sy onderrig waardeur Hy Israel begelei om Hom te erken as Jahwe. Deur die viering van die Pasga as deel van God se verbondsonderrig aan sy volk, word die kind begelei om God as Jahwe te erken.

5.3.2 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE PASGA

God se verbond is die grondslag van die onderrig aan kinders deur die viering van die Pasga. Dit hou in dat die kind:

- deur die eet van die ongesuurde brood leer dat God sy verbondsvolk soms deur bitter lyding laat gaan.
- deur die verhaal van die nag waarin die eersgeborenes gered is, of gesterf het, leer dat hy alleen kan bly leef omdat God die lewensmoontlikheid skep.
- deur die gehoorsaamheid aan die voorskrifte van die Pasga, leer dat God genade skenk aan dié wat Hom gehoorsaam.

- deur die viering van die Pasga binne sy gesin, leer dat die vreugde binne die gesin, God se seën in getrouheid aan sy verbond is.

- leer verstaan wat dit beteken dat God sy volk hoor, aan sy beloftes dink, hulle met ontferming aansien en hulle in hulle nood ken.

- deur die viering van die Pasga God se Woord hoor, die beeld daarvan in die Pasga sien en so voortdurend dink aan wat Jahwe in Egipte gedoen het sodat hy Hom kan ken en dien.

- onderrig word aangaande die eis van die verbond. Die kind moet weet dat ongehoorsaamheid lei tot die verbreking van die verhouding met God, wat die dood beteken.

- as deel van God se volk deur God self onderrig word om Hom te erken as die Here sy God.

5.4. SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Uit die voorafgaande ondersoek het dit duidelik geword dat die kind in Israel verbondsonderrig ontvang het deur die viering van die Pasga. Daar sal nou gevra word na die subjek wat hierdie onderrig aan die kind oordra.

5.4.1 GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

God is die primêre subjek van die onderrig deur die viering van die Pasga. Die hele fees ontvang sy betekenis deur God se woord en daad.

God se verlossingsdade vorm die inhoud van die fees, sonder hierdie daad van God sou die fees geen sin gehad het nie. Die fees is egter nie 'n herdenking van die historiese feite nie, maar van die getrouheid van God aan sy verbondsbeloftes en sy liefde wat Hy daardeur aan Israel bewys het. Verder herdenk die fees ook die band wat God deur sy optrede met Israel gevestig het, naamlik dat Hy die feit dat hulle sy volk is, konkreet sigbaar laat word het. God is dus subjek van die onderrig daarin dat Hy die inhoud van die onderrig verskaf het deur sy daade.

God is ook subjek van die onderrig in die viering van die Pasga

deur sy Woord. God gee aan Moses opdragte aangaande die viering van die Pasga. Deur sy opdragte verbind God 'n sekere betekenis aan elke deel van die fees. Deur sy Woord verskaf God dus die middele waarmee die onderrig moet plaasvind. God gee ook opdrag dat die kinders deur die viering van die Pasga onderrig moet word (Eksodus 12:14,26,27,42; 13:8,9,14-16). God is dus subjek van die onderrig in die Pasga daarin dat Hy die simboliese betekenis van die Pasga vasstel en dat Hy opdrag gee om deur die Pasga te onderrig.

God is egter ook tydens die viering van die Pasga subjek van die onderrig deur sy Gees. Die verlossing het vir elke familie van Israel 'n werklikheid geword deur die gehoorsame viering van die Pasga. In hierdie viering het God Homself geopenbaar en die Gees werk deur die openbaring in die deelnemers se harte. Deur die viering van die Pasga kon die Gees mense tot geloof bring. Wie nie Pasga gevier het nie, het gedeel in die lot van God se vyand en was nie deel van die volk van God nie omdat hulle die getuigenis van die Gees nie aanvaar het nie. Die verlossing, wat God bewerk het, kan dus nie losgemaak word van die viering van die Pasga nie. God bewerk verlossing ook deur die viering van die Pasga. Telkens wanneer die Pasga weer gevier word, wanneer die gebeure van die eerste Pasga opnuut beleef word, word die verlossing vir elkeen wat daaraan deelneem, moontlik deur die kragtige werking van God se Gees. Wie glo wat deur die Pasga onderrig word, word uitgelei uit die slawehuis van die sonde, word waarlik deel van God se verlose volk. Fretheim (1991:139) stel dit so: "As such, it is passover which is act of God; in and through the celebration of the passover God works salvation initially, and ever anew, in the lives of the participants, (re)constituting them as the redeemed exodus community". Hierdie vernuwende werking vind plaas deur God se Gees.

God is dus ook die finale subjek van die onderrig deur die werking van sy Gees in die harte van deelnemers aan die Pasga sodat hulle die onderrig sal glo en daarvolgens sal leef.

5.4.2 DIE OUER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die voorskrifte wat God gee aangaande die viering van die Pasga, gee daaraan grotendeels die karakter van 'n familiefees (vergelyk Eksodus 12:3 "Op die tiende van hierdie maand moet elkeen 'n lam neem, volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin"). Die voorbereiding van die Pasga het grootliks binne gesinsverband plaasgevind: Die lam wat van die tiende van die maand in bewaring gehou moet word, die voorbereiding van die ongesuurde brood en die kruie, die bloed van die lam aan die deurkossyne, die gaarmaak van die lam, die feit dat die lam deur die gesin opgeëet moes word, die gereedheid vir die vertrek (12:11) asook die ongesuurde brood vir sewe dae lank, het alles binne die gesinsverband plaasgevind. Die ouer was dus van alle mense in die gunstigste posisie om deur sy nakoming van God se opdragte, die kind te onderrig. Die kind sou die ouer se geloof en gehoorsaamheid in die voorbereiding en viering van die Pasga kon sien. Die ouer ontvang egter ook opdrag om die betekenis van die viering van die Pasga aan die kinders te verduidelik (Eksodus 12:14,26,27,42; 13:8,9,14-16). Die Pasga moet van geslag tot geslag gevier word as 'n ewige instelling (Eksodus 12). Hierin speel die onderrig wat ouers aan kinders gee 'n kardinale rol. Wanneer ouers dit nie aan kinders leer nie, hulle kinders nie meer dink aan Jahwe se verlossingsdade nie en sal hulle Hom ook nie meer ken nie (Van Rooy, 1990:7).

Die dood van die eersgeborenes in Egipte is 'n treffende illustrasie van wat die ongeloof en ongehoorsaamheid van ouers aan hulle kinders doen. Ouers wat nie hulle kinders deur die onderrig aan Jahwe bind nie, bring die dood oor hulle kinders. Ook die wyding van die eersgeborenes van Israel aan die Here deur 'n offer spreek van die ouer se taak om die kind aan God te bind deur hom te begelei om God te ken en te dien. Houtman (1989:189) sê aangaande die wyding van die eersgeborenes dat dit die betekenis dra dat "heel het leven in het teken staan van de bij de uittocht bewezen weldaden".

Ouers is dus van alle mense hoofsaaklik die subjek van die onderrig deur die viering van die Pasga. Hulle onderrig die kind deur die wyse waarop hulle die Pasga vier en deur mondelinge

onderrig aangaande die betekenis van die Pasga.

5.4.3 DIE HELE VOLK AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Alhoewel die hoofklem van die viering van die pasga val op die huisgesin, speel die samebinding van die volk ook 'n belangrike rol daarin. God lê in die voorskrifte wat Hy aan Moses gee, klem daarop dat die hele volk die Pasga moet vier (Eksodus 12:3,6,19, 47). Iemand wat nie die voorskrifte nakom nie, verloor die voorreg om deel te wees van die volk van God. In Eksodus 12:6 is die voorskrif dat die hele vergadering (קָהָל) van die gemeente

(בְּנֵי יִשְׂרָאֵל) van Israel op die selfde tyd die paaslam moet slag. Uit Eksodus 12 is dit nie bo alle twyfel duidelik of elkeen die lam op daardie tyd by sy eie huis moes slag nie (vergelyk Houtman, 1989:162,163) en of die hele volk saam moes vergader en daar saam slag nie (Fensham, 1977:50). Die opstapeling van die begrippe לָאֵל, קָהָל en בְּנֵי יִשְׂרָאֵל maak dit waarskynlik dat hier sprake is van 'n volksvergadering waartydens elkeen sy lam geslag het (vergelyk Schmidt, 1965:527 en Oosthuizen 1989:195). Ook die feit dat daar in Deuteronomium 16:2 'n sentrale plek aangewys word waar die paaslam geslag moet word, dui op 'n vergadering van die volk tydens die slag van die lam. Die lam kon daarna in gesinsverband gaargemaak en geëet word (McConville, 1984:107-110). Oosthuizen (1989:195) sê met verwysing na die gebruik van die begrippe לָאֵל, קָהָל en בְּנֵי יִשְׂרָאֵל "These factors already indicate that, with the narration of God's decisive liberating act at its core, the Passover liturgy shapes Israel's identity as the community of God".

Wanneer die kind die hele vergadering van die gemeente aanskou het terwyl hulle in gehoorsaamheid aan God, saam (ten opsigte van tyd en of plek) die paaslam slag, is hy daardeur onderrig. Hy ontvang deur hierdie gesamentlike handeling van die volk, onderrig in gehoorsaamheid aan God se voorskrifte. Hy ervaar daarmee ook die eenheid van die volk van God en in sy hart kan die kennis vas kom lê dat:

- God getrou was aan sy belofte aan Abraham.
- God Abraham se nageslag grootliks vermeerder het

- God aan hulle die verlossing van die magte wat hulle wil vernietig, skenk.
- God Israel inderdaad tot 'n volk maak, waarvan hy deel is.

Hieruit is dit duidelik dat die volk deur die viering van die Pasga as subjek van die onderrig aan die kind optree.

5.4.4 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

- God, die ouers en die hele volk tree as subjek van die onderrig op tydens die viering van die Pasga.
- God is die primêre subjek van die onderrig:
 - Sy verlossingsdade vorm die inhoud van die onderrig
 - Sy Woord gee aan die middele waarmee fees gevier word hulle onderrigwaarde binne die konteks van die fees.
 - Hy gee opdrag dat die kinders deur die fees onderrig moet word.
 - Sy Gees laat die onderrig slaag deur sy vernuwende werking in die mens se hart.
- Die ouers is van alle mense die hoofsubjek van die onderrig, deur hulle voorbeeld en mondelinge verklaring van die gebeure.
- Die volk is subjek deurdát hulle as volk saam hulle gehoorsaamheid aan God toon deur die viering van die fees.

5.5 DIE DOEL VAN ONDERRIG AAN DIE KIND DEUR DIE VIERING VAN DIE PASGA

5.5.1 VERERING VAN DIE HERE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In Eksodus 12:14 word die Pasga 'n fees vir Jahwe genoem. Die betekenis van die uitdrukking "vir Jahwe" word deur Houtman (1989:172) weergegee as "ter ere van Jahwe" (vergelyk ook die 1933- en 1983- Afrikaanse vertaling van die Bybel). Baumgartner (1958:462-466) dui onder andere die volgende betekenismoontlikhede van die voorsetsel aan:

- dit dui die rigting aan waarin iets beweeg
- dit dui die voorwerp aan waarop vertrouwe geplaas word

- dit dui die doelwit van 'n aksie aan
- dit dui aan dat iets ter wille van iemand gedoen word

Hieruit blyk dat die vertaling "'n fees ter ere van Jahwe", geregverdig is. Die fees van die Pasga is toegespits op Jahwe, Hy is die einddoel van die hele fees, want dit word ter wille van Hom gevier.

Die opdrag van Eksodus 12:14 lui dat hierdie fees in die geslagte as 'n ewige insetting gevier moet word. Hierdie opdrag hou dus in dat die kinders onderrig moet word om die fees te vier. Die doel van hierdie onderrig is dan om die kind te begelei om die Pasga tot eer van die Here te vier.

5.5.2 DIE KIND SE DIENSBAARHEID AAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG IS

Die begrip לָוִי speel 'n baie belangrike rol in die geskiedenis van Israel soos dit in Eksodus 1-15 verhaal word. Reeds in Eksodus 1 word Israel se lyding in Egipte met hierdie begrip beskryf. Die begrip word vyf keer in vers 13,14 gebruik en 'n verdere twee keer in vers 23. In hoofstuk 5 word לָוִי gebruik om die verswarende diens te beskryf wat die farao op die volk lê na sy eerste gesprek met Moses. In hoofstuk 6 belowe God om Israel van hierdie harde diens te verlos. Dieselfde begrip word egter herhaaldelik gebruik om Israel se diens aan die Here te beskryf (Eksodus 3:12; 4:23; 7:16,26; 8:16; 9:1,13; 10:3,7,8,11,24,26; 12:25,26,31). Op grond van hierdie tweeledige gebruik van die begrip לָוִי sê Isbell (1982:45): "In a sense ... the real issue throughout the narrative is not slavery versus freedom, but merely the identity and character of the master whom Israel serve"

Dit is ook belangrik om raak te sien dat God aanvanklik nie vir Moses enige sigbare teken gegee het op sy twyfelvraag in Eksodus 2:11 nie. Moses se vraag is "wie is ek dat ek na die farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei ?"

God se antwoord is bloot dat Hy met Moses sal wees, daarom kan hy met die farao gaan praat en Israel uitlei. God gaan egter verder en gee aan Moses 'n teken waaraan hy kan weet dat God hom gestuur het. Die teken is dat die volk God by hierdie selfde berg waar Hy aan Moses verskyn het, sal dien nadat Moses hulle uitgelei het - die sukses van Moses se sending is daarom gewaarborg.

Oosthuizen (1989:57) sê dat God met hierdie teken, nie in die eerste plek aan Moses persoonlike gesag wil verleen nie, maar dat God die volk se diens opeis, wat daarop neerkom dat die farao se aanspraak op hulle diens verval. God se doel met die verlossing is nie maar bloot dat dit beter kan gaan met die volk, of dat hulle 'n land kan besit nie. God se genade lei die volk tot diensbaarheid.

In Eksodus 12:25,26 word die viering van die Pasga met die begrip *ליל* gekarakteriseer. Die Pasga is deel van die volk se diensbaarheid aan die God wat hulle bevry het van die diensbaarheid aan die vernietigende mag van die farao. Wanneer hulle die Pasga vier, herdenk hulle God in sy verlossingsdade aan hulle en so dien hulle Hom. Oosthuizen sê aangaande Eksodus 12:24,25: "Once again,....., the point is made that God's purpose does not primarily lie in liberation, but in the creation of a worshipping community". Dit is hier ook van belang om die tweërlei betekenis wat die begrip *ליל* het ten opsigte van die diens aan God, in ag te neem. Die begrip kan naamlik verwys na die diens wat aan God bewys word deur die kultus en ook na die algemene erkenning van God se koningskap (Westermann, 1976: 188- 200; Plastaras, 1976 : 32).

Wanneer die kind deur die viering van die Pasga onderrig word, sal die doel van hierdie onderrig dus onder andere moet wees om hom te begelei tot deelname aan die volk se diensbaarheid aan God. Hierdie onderrig sal insluit dat die kind God, deur die viering van die Pasga, sal dien. Die viering van die Pasga is dan 'n simboliese bereidsverklaring tot diensbaarheid in sy hele lewe.

5.5.3 HERBELEWING VAN GOD SE VERLOSSINGSDADE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In Eksodus 12:14 word die Pasga met drie verskillende begrippe beskryf. Dit is 'n gedenkdag (זִכְרוֹן) , 'n fees (מִצְוָה) en 'n ewige insetting. Die eerste begrip is van belang vir hierdie studie. Die begrip זִכְרוֹן druk meer uit as bloot dat daar weer aan sekere gebeure gedink moet word. Die begrip het eerder die betekenis van heraanbieding met die oog op herbelewing van gebeure van die verlede (Plastara, 1966:146). Elkeen wat deelneem aan die Pasga moet weer die gebeure in Egipte beleef, asof hy deel is daarvan. Hy moet God opnuut leer ken uit sy verlossingsdade in Egipte en so opnuut leer verstaan wat dit beteken om deel te wees van God se volk. Die verlossingskrag van God soos dit na vore gekom het in die oorspronklike gebeure word weer beskikbaar gestel aan die gemeente binne die konteks van die godsdiens. Wie deur die viering van die Pasga tot geloof kom dat God sy volk kan verlos, kry deel aan die verlossing en word deel van God se verlose volk.

Die kind moet dus deur sy deelname aan die Pasga leer verstaan wat daar in Egipte gebeur het. So moet hy God leer ken soos Hy Hom in Egipte aan Israel geopenbaar het, sodat hy in sy konkrete situasie op God sal vertrou om hom te verlos van die slawerny van die sonde en dat hy in sy hart bereid sal wees om hom in diensbaarheid aan God te onderwerp.

5.5.4 GEHOORSAAMHEID AAN DIE WET VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In Eksodus 13:8,9 ontvang die ouers opdrag van die Here om die betekenis van die Pasga (in die besonder die ongesuurde brood) aan die kinders te verduidelik. Die verduideliking van die betekenis van die fees, staan sentraal in die viering van die fees. Die onderrig in die betekenis van die fees is egter nie doel op sigself nie, die viering van die fees is 'n hulpmiddel (teken) sodat God se wet vir die feesganger aktueel (in sy mond) sal bly.

Die kind leer God ken in en deur die viering van die fees, hy voel hom deel van God se verlose volk sodat hy aan God

diensbaar wil leef, daarom vra hy ook nou na die wet van God (vgl. 2.7 van hierdie studie).

Die doel van die onderrig deur die viering van die Pasga is dus om die kind daartoe te bring om uit liefde en dankbaarheid vir God se verlossing, gehoorsaam aan die wet te leef. Hierdie is nie 'n slaafse gehoorsaamheid nie, maar 'n gehoorsaamheid wat voortvloei uit begrip. 'n Gehoorsaamheid wat steeds groei vanuit 'n voordurende gesprek oor die aktuele betekenis van die wet van God.

5.5.5 BEGRIP BY DIE KIND DAT HY AAN GOD BEHOORT MET ALLES WAT HY IS EN HET AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Eksodus 1-15 verhaal hoedat God vir Israel van die heerskappy van die farao verlos. Die farao se heerskappy het Israel se totale lewe beheers en was op hulle vernietiging gemik. God maak dit gaandeweg aan Israel, asook aan die farao en sy volk, duidelik dat die farao nie aanspraak op Israel se diens het nie, maar God.

Daar is reeds in hierdie studie (5.4.2) daarop gewys dat die verpligting van Israel om God te dien 'n deurlopende tema in Eksodus 1-13:16 is.

Hierdie verpligting word uitgespel in:

- God se aandrang by die farao om sy volk onvoorwaardelik te laat trek (4:23; 5:1; 7:16,26; 8:16; 9:1,13; 10:3)
- die onderhandelinge rondom die tema van 'n drie-dae-lange fees in die woestyn (3:18; 5:3; 8:21-24; 10:8-9,24-26; 12:31-32)
- God se aankondiging dat die volk Hom by Horeb sal dien (3:12).

God se optrede in Egipte loop dan uiteindelik uit op die farao se erkenning van God se beskikkingsreg oor Israel wanneer hy na die dood van die eersgeborenes Israel laat trek om God te gaan dien (12:31). In die nag van die Pasga verbreek God finaal die farao se beskikkingsreg, maar bevestig sy eie. Die feit dat dit God is wat beskikkingsreg oor Israel het, plaas 'n verpligting op Israel. Die Pasga is dan nie alleen 'n

(her)belewing van God se genade en getrouheid nie, maar ook 'n (her)bevestiging van Israel se bereidheid tot gehoorsaamheid en diens aan God.

God se eis om totale toewyding aan Hom, het ook duidelik geblyk uit die gebeure tydens Moses se terugkeer na Egipte, toe God Moses se seun (of Moses) wou doodmaak vanweë Moses en Sippora se nalatigheid om God se seggenskap oor hulle seun te erken deur die besnydenis (vergelyk 5.1.1.1.4 van hierdie studie). Israel se verpligting om hulle in gehoorsaamheid ten volle aan God te wy, kom ook duidelik na vore in God se eis (na aanleiding van die menigte van gemengde bloed wat saam met Israel uitgetrek het 12:38,43,44,48) dat niemand aan die Pasga mag deel hê as hy nie besny is nie (12:43-49). Die fees is alleen vir dié wat aan die vergadering van Israel behoort (12:47). Besnydenis is hierin 'n bepalende faktor aangesien dit die teken is van God se verbond met Israel, maar ook die teken wat getuig van iemand se geloof in die God van die Pasga - wie nie hierdie teken wil ontvang nie, verwerp God se seggenskap oor hom.

Ook God se eis dat die eersgeborenes van mens en dier aan Hom gewy moet word (13:1), beklemtoon God se seggenskap oor die volk.

In Eksodus 4:22 word Israel God se eersgebore seun genoem. God moes die farao se eersgeborene laat sterf om Israel te red. Hierdie gebeurtenis waarin God sy volk verlos deur 'n ander in sy plek te laat sterf, word gedenk deur God se eis dat die eersgeborenes aan Hom behoort (13:15). Alle eersgeborenes van die diere word aan God gewy in herinnering aan hierdie daad van God. Alle eersgeborenes van die mens word losgekoop deur 'n offer.

Die viering van die Pasga en die nakoming van die gepaardgaande eis van besnydenis en wyding van die eersgeborenes is dus onder andere simboliese uitdrukking van Israel se gewilligheid om God te dien. Deur die viering van die Pasga word die kind begelei om te begryp dat hy ten volle aan God behoort en homself daarom aan God moet wy.

5.5.6 BELEWING VAN DIE VREUGDE VAN DIE VERLOSSING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Na die finale nederlaag van die farao en sy manne in die Rooisee, sing Moses en die hele Israel 'n lied tot eer van die Here. Mirjam lei die vroue in koordanse met tamboeryne terwyl hulle sing (Eksodus 15). Dat hierdie feesvreugde 'n wesenlike deel van die viering van die Pasga en die sewe dae daarna geword het, is duidelik uit 2 Kronieke 30:21,22. Hier word gesê dat die fees met groot vreugde gevier is en dat die "Leviëte en die priesters die Here dag vir dag geprys het met kragtige instrumente tot eer van die Here" en dat die volk "die Here, die God van hulle vaders, geloof het" vir die sewe dae. So groot was die vreugde dat hulle besluit het om die fees met sewe dae te verleng (2 Kronieke 30:23), en hierdie sewe dae is ook met blydschap gevier.

Ook in Esra 6:22 word gesê dat die fees met blydschap gevier is. Die rede vir die blydschap word met die volgende woorde aangedui: "want die Here hulle God het hulle verbly en die hart van die koning van Assirië na hulle omgewend, om hulle hande te versterk in die werk aan die huis van God, die God van Israel.". Die fees was dus 'n fees van vreugde oor God se groot daad tot verlossing van Israel en tot diensbaarheid aan God. Wat hier van besondere belang is, is dat die blydschap in die viering van die Pasga nog steeds gaan oor God se sterke hand waarmee Hy sy volk bevry, maar hier het 'n belangrike oorgang plaasgevind. Die volk verbly hulle oor God se redding in hulle situasie, hier en nou. Die vreugde oor God se verlossing in Egipte gaan oor in vreugde oor God se verlossing nou - so word God in die viering van die Pasga leer ken as dié God wat verlos.

Die kind kon deur sy meedoen aan hierdie feesvreugde, die vreugde in God sy eie maak. Hy kon so deel voel van God se volk en ook ervaar dat hy deel is van die verlossing wat God bewerk. Die doel van die onderrig is dus om die kind die vreugde van die verlossing te laat beleef - ook oor sy eie verlossing in sy konkrete persoonlike situasie.

5.5.7 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die doel van die onderrig is om die kind te begelei om:

- God deur die viering van die Pasga te eer
- homself as deel van God se volk in diensbaarheid aan God te wy.
- die verlossing, wat God bewerk het en steeds bewerk, as 'n werklikheid te beleef.
- uit liefde en dankbaarheid God se wet te onderhou
- te besef dat hy ten volle aan God behoort.
- die vreugde van die verlossing te beleef.

5.6. DIE WYSE VAN ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE PASGA

5.6.1 ONDERRIG VIND PLAAS DEUR DEELNAME AAN DIE FEES

Aangesien die fees hoofsaaklik 'n gesinsfees was, kon die kinders by elke faset van die fees betrokke wees. Hulle kon sien hoedat 'n geskikte lam sonder gebrek uitgesoek word. Gedurende die tydperk vanaf die tiende tot die veertiende van die maand, Abib, kon hulle daaglik die lam sien, afgesonder om as paasoffer te dien. Wanneer die volk almal tegelyk die offer slag, teen sonder, kon hy dit saam met sy ouers beleef. So ook die smeer van die bloed aan die deurkosyne, die gaarmaak van die vleis en voorbereiding van die ongesuurde brood. Die ete saam met sy gesin sou die geleentheid skep om elke jaar opnuut te vra na die betekenis van dit alles. Die sewe dae daarna waarin ongesuurde brood geëet is en die offer van die eersgeborenes sou die onderrig wat hy ontvang het, weer en weer bevestig - God het Israel met 'n sterke arm uit Egipte bevry om hulle as sy eiendom aam Hom te wy, en jy het deel daaraan so seker as wat jy gelowig deel het aan die fees.

Die wyse van onderrig is dus deur praktiese meedoen en meeleeft.

5.6.2 ONDERRIG DEUR VOORBEELD

Aangesien die kind so betrokke is by die voorbereiding vir en die viering van die fees, leer hy ook deur die voorbeeld van sy ouers. Die kind neem die gesindheid waarmee die ouers die fees vier, waar. So word hy deur godvresende ouers onderrig in geloofsgehoorsaamheid en volle toewyding aan God.

Die wyse van onderrig is dus deur voorbeeld.

5.6.3 MONDELINGE ONDERRIG

Die praktiese meedoen en meeleef en die gepaardgaande waarneming van die ouers se voorbeeld, stimuleer die kind om te vra na die betekenis van die gebeure. God dra egter aan die ouer op om die betekenis van die fees, gevraagd (Eksodus 12:26; 13:14) of ongevraagd (Eksodus 13:8), aan die kinders duidelik te maak.

Die wyse van onderrig is dus mondeling deur vraag en antwoord of spontaan van die ouer se kant.

5.6.4 ONDERRIG DEUR SANG EN LIED (FEESVREUGDE)

Na die oorwinning oor die farao sing Moses en die Israeliete 'n lied (Eksodus 15). Die volgende sake val op in hierdie lied:

- dit is primêr 'n loflied tot eer van God.
- dit is 'n lied wat voortvloei uit spontane dankbaarheid vir die oorwinning en verlossing.
- die persoonlike reaksie van die gelowiges word in die eerste persoon enkelvoud verwoord. Alhoewel die volk dus die lied saam gesing het, het elke gelowige persoonlik tot God sy lof uitgespreek.
- die noue verbinding tussen herdenking van die gebeure en die verheerliking van God. Vanuit die herroeping van dit wat gebeur het, vloei die drang om God te loof (vergelyk Fretheim, 1991:134,161-165). Indien hierdie lied in later geslagte gesing sou word, sou dit die kinders tegelyk onderrig het aangaande die feite van die geskiedenis en hulle ook begelei het om God te loof. Daar is dus geen skeiding tussen onderrig en die

verheerliking ("worship") van God nie.

- die vreugde en lof aan God word ook deur liggaamstaal uitgedruk. Die vroue, met Mirjam as leier, speel op die tamboeryn, loop en dans en sing van God se groot daade (vergelyk Fretheim, 1991:161). Die kinders sou baie sterk aansluiting kon vind by hierdie sigbare, konkrete uiting van vreugde.

Ook die viering van die Pasga (veral die sewe dae waartydens ongesuurde brood geëet is) het gepaard gegaan met sang onder begeleiding van musiekinstrumente. Hierin is die vreugde oor die verlossing wat God bewerk, uitgedruk (vergelyk 5.5.6). Die kind het as deel van die volk hieraan meegedoen, of dit gehoor en gesien. Gaandeweg kon die kind self die liedere leer ken, hy het ook geleer om sy vreugde in God openlik te wys.

Die kind is dus ook by wyse van sang en lied (feesvreugde) onderrig.

5.6.5 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG

Die kind is gedurende die viering van die Pasga onderrig by wyse van:

- deelname aan die fees
- die voorbeeld van ouers en die hele volk
- mondelinge onderrig
- sang en lied

5.7 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE PASGA

- Deur die viering van die Pasga word God se optrede op grond van sy verbondsbeloftes herdenk. Die kind word begelei om verskeie aspekte van die verbond te begryp.

- God verskaf deur sy daade, Woord en Gees, die inhoud, stukrag en vrug van die onderrig deur die viering van die Pasga. God is dus die primêre subjek van die onderrig.

- Die ouer is as mens die hoofsubjek van die onderrig binne die milieu van die gesin, maar altyd in verbondenheid met die volk.

- Die volk as eenheid, tree ook op as subjek van die onderrig in hulle getrouheid aan God se voorskrifte en hulle vreugde oor God se verlossing.

- Die doel van die onderrig is dat die kind die verlossing wat God bewerk, as werklikheid ervaar, homself as deel van God se volk ten volle aan God wy deur sy wet te onderhou en so met vreugde tot eer van God leef.

-Die kind is gedurende die viering van die Pasga onderrig by wyse van:

- deelname aan die fees
- die voorbeeld van ouers en die hele volk
- mondelinge onderrig
- sang en lied

5.8 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE

- Kennis van God se daade, soos in die Woord van God opgeteken, is 'n belangrike element in die onderrig van die kind. In die onderrig van die kind sal daar ook feitekennis oorgedra moet word.

- God wil hierdie kennis aangaande sy daade lewend hou onder sy volk deur die feeste wat Hy sy volk gegee het om te vier. Die rol wat die gebruik van die sakramente en die herdenking van mylpale in die lewe van die Nuwe Testamentiese volk (byvoorbeeld die geboorte, kruisiging, opstanding, hemelvaart van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees) in die onderrig van die kind moet vertolk, sal ondersoek moet word.

- Bo en behalwe die oordra van kennis, is die viering van die fees ook daarop gemik om die kind die verlossingsdade van God as 'n werklikheid te laat ervaar. Die kind moet betrokke gemaak word by byvoorbeeld die erediens, doop en nagmaal, sodat hy daardeur God as 'n werklikheid kan beleef.

- Die belangrikheid van die gesin in die onderrig van die kind (vanuit die simboliese herdenking van God se daad), sal opnuut prakties deel van die onderrig gemaak moet word.
- Die feit dat beide die gesin en die gemeente as geheel 'n noodsaaklike rol te vertolk het in die onderrig, sal verdiskonteer moet word.
- Die praktiese uitvoering van die onderrig deur feesvreugde, waarin sang en lied 'n groot rol speel, in die lewe van die Nuwe Testamentiese volk van God, sal nader uitgewerk moet word.
- Dit is dus duidelik dat die onderrig deur die viering van herdenkingsgeleenthede (soos deur God gegee), 'n noodsaaklike en unieke dimensie van die verbondsonderrig uitmaak.

HOOFSTUK 6: ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT AS GELOOFSOPVOEDING

6.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk sal die onderrig nagevors word soos die kind dit ontvang het deur die viering van die Sabbat. Daar sal gepoog word om die besondere kenmerke van die onderrig deur die viering van die Sabbat uit te wys, soos dit in die Ou Testament na vore kom. Om vergelyking met die ander dimensies van die onderrig wat reeds ondersoek is te vergemaklik, sal weer op die volgende aspekte van die onderrig gekonsentreer word: die grondslag, subjek, doel en wyse van onderrig. Die betrokkenheid van die kind by die viering van die Sabbat asook duidelike opdragte tot onderrig van die kind oor en deur die viering van die Sabbat, sal in besonder ondersoek word. Daar sal telkens deur die loop van die ondersoek afleidings gemaak word om die plek van die onderrig deur die viering van die Sabbat in verhouding tot ander dimensies van die onderrig te kan bepaal.

6.2 METODE VAN NAVORSING

Enkele Skrifgedeeltes uit die Ou Testament sal verken word om daaruit die onderrig wat die kind deur die Sabbat moes ontvang, vas te stel.

6.3 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT

Dat die kind volgens die Ou Testament, deur die viering van die Sabbat onderrig ontvang het, is duidelik uit verskeie Skrifgedeeltes. In Eksodus 20:8 word die volk in die wet van God opgeroep om die Sabbat te onthou en dan word die begrip [111] (onthou) gebruik. Hierdie begrip is ook gebruik om die funksie van die feeste (soos byvoorbeeld die Pasga) aan te dui waardeur God se verlossingsdade in die verlede as 'n aktuele werklikheid in die hede beleef kon word (vergelyk 5.5 van hierdie studie) deur die viering van die fees (Yee, 1989:34). Hierdie wyse van onthou spoor die mens aan tot 'n bepaalde daad (vergelyk ook Franke, 1973:78,79). Dat die Sabbat ook 'n

geleentheid was waardeur God se optrede in die verlede, aktueel en konkreet gemaak moes word, word daardeur gestaaf dat die gebod telkens gemotiveer word met 'n daad van God in die verlede (Eksodus 20, 34).

In Deuteronomium 5:12-15 word die Israeliete aangespoor om die Sabbat te onderhou en deur die onderhouding van die Sabbat sal God se verlossingswerk onthou word. Die onthou van God se daad in die verlede is dan nie doel opsigself nie, maar 'n middel wat die volk begelei om God te bly dien asook om die kinders te onderrig om God te dien (vergelyk Eksodus 13:8,14, Deuteronomium 8:1-5). Hierby sluit aan Levitikus 19:3 waar die gebod om vader en moeder te eer en die gebod om die Sabbat te onderhou in een asem genoem word. Op die selfde wyse wat die kind onderrig moes word om sy pa en ma te eer, moes hulle dus ook onderrig word om die Sabbat te onderhou.

In Eksodus 20:10 word die ouers aangespoor om sorg te dra dat hulle kinders (jou seun of jou dogter) die Sabbat onderhou. In Eksodus 31:16 word die Sabbat 'n ewige verbond tussen God en Israel genoem wat in die geslagte gevier moet word. Hiermee gee God aan die volk, en die ouers in die besonder, die opdrag om die kinders te onderrig aangaande die viering van die Sabbat. In Deuteronomium 6:4-9 ontvang die ouers die opdrag om hulle kinders te onderrig in die wet van God (wat die sabbatsgebod insluit). Die onderrig sluit ook die praktiese toepassing op die lewe van die kind in (vergelyk hoofstuk 1 van hierdie studie).

Uit die kursoriese ondersoek van enkele tersaaklike Skrifgedeeltes is dit duidelik dat kinders in Israel onderrig ontvang het deur die viering van die Sabbat. Die onderrig deur die viering van die Sabbat is dus toepaslike studiemateriaal vir hierdie studie.

6.4 GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

6.4.1 GOD SE SKEPPINGSWERK AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

In Eksodus 20:8-11 word God se skeppingswerk as die rede aangegee waarom Israel die Sabbat moet onderhou. Hierdie verse vertoon 'n besondere struktuur:

A Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig (vers 8)

B Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen
(vers 9) maar die sewende dag is die Sabbat van
die Here jou God,
dan mag jy geen werk doen nie
jy
of jou seun of jou dogter
of jou dienskneg of jou diensmaagd
of jou vee
of jou vreemdeling wat in jou poorte is
nie (vers 10).

C Want in ses dae het die Here die hemel en die
aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en
op die sewende dag het Hy gerus (vers 11a).

D Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit
geheilig (vers 11b).

Die opdrag van God aan sy volk om die Sabbatdag te gedenk en dit te heilig, is volgens die struktuur (A-D), nou verbonde aan die feit dat God die dag geseën en geheilig het. Hierdie verbondenheid is veral geleë in die begrip *שבת* wat in beide verse voorkom en ook die feit dat in hierdie verse van die Sabbatdag sprake is en nie die sewende dag soos in verse 9-11 nie. In vers 8 word die hoofopdrag gegee ten opsigte van die Sabbat, naamlik dat dit gedenk en geheilig moet word. Die pi-el vorm waarin die werkwoord gebruik word, kan as kousatief gesien word met die betekenis "om heilig te laat wees". In vers 11b

word die hoofrede verskaf waarom die dag geheilig moet word naamlik omdat God dit geseën en geheilig het (Childs, 1974:415; Andreasen, 1972:170). Bo alles is hierdie 'n positiewe gebod om die dag aktief te heilig. Die opdrag om op te hou met werk (vers 10) staan in diens daarvan om die sewende dag as 'n besondere dag te vier (Childs, 1974:416).

Vers 9, 10 en 11a (B-C) word aan mekaar verbind deur die ooreenstemmende inhoud. In beide die dele kom die twee kontraste voor: ses dae teenoor die sewende, werk teenoor rus. In vers 9,10 word die wyse verskaf waarop die opdrag in vers 8 uitgevoer kan word. Hierdie wyse behels dat:

- daar ses dae gewerk móét word
- een dag gerus móét word
- toegesien móét word dat diegene onder jou toesig ook werk en rus (Fensham, 1977:136).

Vers 11a (C) verskaf die rede waarom dit juis die wyse is waarop hierdie dag geheilig kan word. God het naamlik tydens die skepping hierdie orde daargestel van werk (עֲבָדָה vergelyk Genesis 2:1-3) vir ses dae en rus vir één dag. Hierdie orde wat God deur sy optrede vasgestel het, was die aanleidende oorsaak (vgl. [] - עֲבָדָה vers 11b) daartoe dat God die dag geseën en geheilig het (Fretheim, 1991:229).

Hierdie sterk verbinding wat daar sowel tussen verse 8 en 11b, as tussen verse 9,10 en 11a is, dui daarop dat die opdrag om die Sabbat te vier, gegrond is op God se skeppingswerk (vergelyk Helberg, 1976:227,228; Yee, 1989:33). God se werk as Skepper word verbind aan die mens se werk as "bewerker en bewaker" (Genesis 2:15) van die skepping, die mens werk soos God vir ses dae en dit loop uit op die rus van die sewende dag (Fisher, 1990:119). Die rus van God op die sewende dag het die skeppingswerk afgesluit (Fretheim, 1991:230). Die mens sluit elke ses dae se werk af met een dag van rus.

Gispen (1974:84) wys op die ooreenstemmende gebruik van die werkwoord עָבַד (voltooi) in sowel Genesis 2:1,2 as Eksodus 39:32. Genesis 2:1,2 gee die afsluiting van die

skeppingswerk van God weer en Eksodus 39:32 beskryf die afsluiting van die werk aan die tabernakel van die tent van samekoms. 'n Verdere ooreenkoms kan ook gesien word tussen Genesis 1:31 (waar gesê word dat God na sy skeppingswerk gekyk het en "dit was baie goed") en Eksodus 39:43 (waar Moses die voltooide tabernakel bekyk en sien dat dit gemaak is soos die Here beveel het). Carson (1982:25) wys daarop dat God sy voorskrifte vir die bou van die tabernakel afsluit met die opdrag om die Sabbat te onderhou (Eksodus 31:12-17). Die orde wat God deur die skepping daarstel, is dus ses dae van werk, die terugkyk op en evaluering van die werk en daarna die rus. God evalueer sy werk volgens sy eie standaarde, die mens evalueer sy werk deur seker te maak dat dit volgens die opdragte van die Here geskied het.

Wanneer Genesis 2:1-3 (waarna in Eksodus 20:8-11 verwys word) ondersoek word, word dit duidelik dat die sewende dag as voltooiing van die skepping gesien kan word. In Genesis 2:1 staan dat God die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag voltooi het. In vers 3 word gesê dat God op die sewende dag gerus het van sy werk wat Hy geskep het "deur dit te doen" (Gispen, 1974:87). Die aktiewe skeppingswerk van God, soos beskryf in Genesis 1:2-30, word dus beskryf as werk wat Hy gedoen het (עָשָׂה).

Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling vertaal laasgenoemde begrip in aansluiting met die begrip שָׁפָא (skep = "die skeppingswerk wat Hy gedoen het"). Deur hierdie vertaling kom die onderskeid tussen die skeppingswerk van die eerste ses dae en dié van die sewende dag nie duidelik na vore nie.

In Genesis 2:2 word die rus beskryf as voltooiing van hierdie aktiewe skeppingswerk. God skep dus wel nog op die sewende dag, maar dit is nie aktiewe skeppingswerk nie, Hy skep 'n besondere dag deur sy rus. Francke (1973:48) verwoord hierdie waarheid soos volg "... het voltooiën van het scheppings- werkzaamheid op de zevende dag is dit, dat Hij de zevende dag maak tot rusdag, Sabbatdag, ja, tot feesdag. ... Op die manier voltooide de HEERE zijn scheppingswerk. Zo gaan by Hem werken en rusten

op de zevende dag samen". Helberg (1976:71) sê dat God se skeppingswerk op die sewende dag in 'n besondere en finale sin voltooi is. Die sewende dag is nie vir God 'n dag van niks doen nie, maar 'n dag waarop Hy op 'n gans ander wyse skep, naamlik deur te rus, en te seën en te heilig.

Die seën van God oor hierdie dag hou in dat die onderhouding van hierdie rus 'n voordeel inhou vir die mens. Hierdie seën sluit nou aan by die orde wat God deur sy werk en rus in die skepping ingeskape het. Fretheim (1990:230) druk dit soos volg uit "sabbath-keeping is an act of creation-keeping. To keep the Sabbath is to participate in God's intention for the rhythm of creation" Wanneer die Sabbat nie onderhou word nie, word die geskape orde versteur, sodat een aspek van daardie orde na die chaos voor die skepping terugkeer. Dit beteken nie dat voëls en diere byvoorbeeld anders sou optree op die Sabbat of Sondag nie. Dit gaan om die werklikheid dat God so geskape het dat sy skepsele rus nodig het. Die mens word gedwing om wisselbou toe te pas in die landbou anders raak die grond uitgeput en die oeste al swakker, om by veeboerdery die veld te laat rus anders neem skadelike plante oor, om jagseisoene te bepaal anders word diere uitgeroei. Waar diere in die natuur te veel raak vir die veld, kom daar grootskaalse vrektes van diere voor wat die veld weer tyd vir herstel gee. Hierin word hierdie skeppingsorde van God duidelik gesien.

In Genesis 1 word die woord "seën" gebruik om die voorsetting van lewe deur voortplanting aan te dui. In die geval van die mens word die woord "seën" ook gebruik in verband met sy opdrag om te heers oor die skepping en om die vrugte daarvan te geniet (Genesis 1:28), "met ander woorde seën het hier nie slegs betrekking op lewe en voortplanting of voortsetting van lewe as sodanig nie, maar op 'n ware, volheidslewe" (Helberg, 1976:72). Wie hierdie geskape orde van ses dae werk en een dag rus, onderhou, sorg dat hy met vreugde en vrede kan lewe omdat sy lewe dan in pas is met die wyse waarop God hom gemaak het en so kan hy 'n ware volheidslewe leef.

Die seën van God wat Hy aan hierdie dag toesê, hou egter ook 'n aktiewe seën van God oor die wat in geloofsgehoorsaamheid die dag onderhou, in. Die mens wat die Sabbat onderhou, is nie net in pas met die skepping nie, hy is in die eerste plek in pas met God self. Hy doen soos God gedoen het en die mens beveel het om te doen. So kan die mens as beeld van God in noue verbondenheid met God leef. Deur die onderhouding van die Sabbat, bely die mens dus dat hy God se skeppingsorde aanvaar as die enigste regte orde vir die lewe. Die mens betuig deur die onderhouding van die Sabbat dat hy hom onder God se sorg stel - hy probeer nie vir homself sorg deur elke moontlike oomblik te werk nie. God wat die skepping voltooi het en die sewende dag geseën het, sal ook al die ander dae seën. Elke sewende dag hou hy op met werk om die seëninge wat hy in die voorafgaande ses dae beleef het, in besondere mate op hierdie rusdag te beleef. Die antwoord van die mens op God se seën wat op hierdie dag rus, is dat hy die dag moet gedenk. Dit hou in dat hy die voltooiing van die skepping en die rus daarna as 'n werklikheid beleef wanneer hy op die rusdag terugkyk op die week se werk en God loof wat hom in staat gestel het om "al" sy werk vir die week te doen.

Die 1983 Afrikaanse vertaling vertaal die begrip (seën) met "as gereelde rusdag ingestel". Hiermee word uitdrukking verleen aan die feit dat God die Sabbat in die ry van die heerlike feesdae wat God aan sy volk gegee het, plaas. Dat die seën onder andere genoemde betekenis aan die dag verleen, is waar, maar die vraag is of die volle inhoud van die seën daarmee weergegee word. In die lig van die bespreking van die seën hierbo, lyk genoemde vertaling na 'n verskraling van die betekenis moontlikhede wat die begrip in hierdie konteks kan hê.

Dat God die dag heilig, hou in dat Hy dit afsonder as 'n dag wat anders is as al die ander dae. Dit is 'n dag wat God afsonder vir 'n besondere doel naamlik om aan die Here toegewy te word en om vir die mens tot seën te wees. Die sewende dag is immers die "Sabbat van die Here jou God" (Eksodus 20:10). Die sewende dag is daarom die kroon van die skepping en die doel waarvoor al die ander dae geskep is (Lincoln, 1982:348). Op hierdie dag seën

God sy skepping en sy skepping verkondig sy lof. Die feit dat God die dag seën en heilig het veral betrekking op die verhouding tussen God en die mens (Helberg 1976:72; Lincoln, 1982:353). As die mens die dag aan God wy om Hom te eer, sal hy 'n geseënde lewe hê wat uitloop op die ewige sabbatsrus.

Die onderrig wat die kind ontvang het deur die viering van die Sabbat, is gegrond in die skeppingswerk van God. Dit hou in dat die kind:

- leer dat die sabbat 'n unieke dag in die week is wat aan God gewy (geheilig) moet word.
- deur die onderrig sal begryp dat hierdie dag geheilig moet word omdat God hierdie dag geseën en geheilig het.
- God se skeppingsorde van ses dae werk en een dag rus, sal leer ken en as sy lewenswyse aanvaar.
- leer dat die seën van God op hierdie dag, inhou dat:
 - hy die vreugde van God se orde deur die onderhouding van die dag kan beleef, omdat hy in pas is met die wyse, waarop hy gemaak is
 - hy die vreugde van God se nabyheid kan ervaar omdat hy in pas leef met God se opdrag
- leer begryp dat daar chaos in sy lewe intree wanneer hy nie God se orde aanvaar deur die Sabbatdag te onderhou nie.
- leer dat "om die Sabbat te gedenk" beteken om:
 - in ses dae voluit te werk (al jou werk te doen) en elke Sabbat wanneer hy terugkyk op sy eie werk van die week die vreugde wat God ervaar het by die voltooiing van sy werk, as 'n werklikheid te beleef.
- leer dat "om die Sabbat te heilig" beteken om die dag voluit aan God te wy sodat God vreugde mag put uit sy skeppingswerk.

6.4.2 GOD SE VERBOND AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT

6.4.2.1 Eksodus 20:8-11 Onderrig in die onderhouding van God se verbond

Eksodus 20:8-11 waarin die sabbatsgebod weergegee word, vorm deel van die wet van God soos God dit aan Moses op die berg Sinaï gegee het.

Die wet van God word herhaaldelik met God se verbond met Abraham verbind (Fretheim, 1991:209; Francke, 1974:76; Childs, 1974:366)

In Eksodus 19:5 word die onderhouding van die wet gelykgestel met onderhouding van God se verbond. Dat hier van die verbond met Abraham sprake is, is duidelik uit die voorafgaande vers. In Eksodus 19:4 word Israel herinner aan God se genade wat Hy aan hulle bewys het deur hulle uit Egipte te lei. Besondere klem word geplaas op wat God aan die Egiptenare gedoen het in kontras met God se liefdevolle versorging van Israel ("Ek het julle op arendsvlerke gedra"). God het Israel op hierdie wyse uit Egipte gelei omdat hy gedink het aan sy verbond met Abraham (Eksodus 2:24; 3:6-9). God bevestig deur die verlossing uit Egipteland, dat Israel sy volk is op grond van sy verbond met Abraham. Hy lei sy volk uit sodat hulle nie meer slawediens vir die Farao hoef te verrig nie, maar dat hulle Hom kan dien (vergelyk 5.3.3.3 van hierdie studie) deur in sy nabyheid te leef. Daarom sê Hy in Eksodus 19:4 dat Hy hulle na Hom toe gebring het (Helberg, 1976:218). God lei hulle tot by Sinaï. Hier gee God dan die wet vir die volk en sê daarmee aan hulle hoe Hy wil hê dat hulle Hom moet dien sodat hulle in 'n noue persoonlike verbondsverhouding met Hom kan leef. Die onderhouding van die wet is dus onderhouding van die verbond van God met Abraham en sy nageslag (vergelyk Fretheim 1990:209). Hierdie gelykstelling van die wet van God met die verbond, vind ook in Deuteronomium 4:13 plaas "Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe." (vergelyk ook Eksodus 34:28).

Helberg (1976:217-225) wys daarop dat God deur die eis van die verbond, soos in die wet gegee, sy absolute seggenskap oor sy volk bevestig. Hy eis van sy volk afsterwing van hulle eie begeertes en 'n nuwe lewe volgens sy gebooie. "Die tien gebooie is die kern van die verbondsbepalings ... Die kern is nie gesoek in talle seremoniële of kultiese bepalings nie, maar in die religieus-etiese" (a.w.:223,224). Die gebod om die sabbat te onderhou, vorm binne die wet die oorgang tussen die eerste tafel en die tweede tafel, tussen die wette wat die mens se verhouding tot God reël en die wat die verhouding tot sy medemens reël. In die sabbatsgebod word sowel die verhouding tot God gereël (onderhou die orde deur God daargestel) as die verhouding tot die naaste (die mense in jou huis moet ook rus). Daar kan dus met reg gesê word, dat die sabbatsgebod in die sentrum van die verbond, soos uitgedruk in die wet, staan.

Wanneer die kind deur woord en voorbeeld onderrig word om die Sabbat te onderhou, ontvang hy verbondsonderrig. Deur hierdie onderrig word die kind begelei om in 'n nuwe persoonlike verhouding tot God te leef. Hy word verder geleer om God se seggenskap oor sy lewe te erken deur op God se gebod, te werk en te rus.

6.4.2.2 Deuteronomium 5:12-15: sabbatsonderrig as herinnering

Wanneer die sabbatsgebod soos weergegee in Deuteronomium 5:12-15, vergelyk word met die weergawe in Eksodus 20:8-11, kom daar 'n belangrike riglyn vir die onderrig na vore. Beide die weergawes gee die basiese opdrag dat ses dae gewerk moet word en dat die sewende 'n dag is wat aan die Here gewy moet word. Die onderskeid tussen die twee weergawes is nou verbonde aan die onderrig wat deur die viering van die Sabbat gegee word. In Eksodus word die opdrag gegee om God se skeppingsorde van ses dae werk en een dag rus, in herinnering te roep. Hierdie herinnering tesame met die wete dat God die dag geseën en geheilig het, sal jou daartoe bring om die Sabbat te gedenk.

In Deuteronomium word nie verwys na die skeppingsgeskiedenis nie. Hier word ook nie die opdrag gegee om te onthou sodat jy

kan onderhou nie, maar die omgekeerde, naamlik, onderhou die Sabbat sodat jy kan onthou. Die onderhouding van die Sabbat (op grond van die skeppingsorde [Genesis 2] en God se opdrag in Eksodus 20) sal Israel laat onthou dat hulle slawe was in Egipte en dat God hulle deur sy krag bevry het, daarom het Hy hulle beveel om die Sabbat te onderhou. Die gebod word in Deuteronomium 5:12-15 begin en afgesluit met God se bevel om die Sabbat te onderhou. Die Sabbat moet dus onderhou word omdat God dit beveel (Eksodus 20) - sodat die herinnering lewend kan bly (Blair, 1961:41-47). Die onderhouding van die Sabbat sal tot gevolg hê dat al die lede van die gemeenskap kan deel in die rus wat God aan Israel gegee het deur die verlossing (Fretheim 1990:79,80).

In Eksodus word die gemeenskap opgeroep om te onthou en om vanuit die herinnering te gehoorsaam. Hulle moet in die geloof God se skeppingsorde aanvaar en daarom gehoorsaam. In Deuteronomium word die gemeenskap opgeroep om te gehoorsaam sodat die herinnering deur die gehoorsaamheid lewend gehou kan word.

Die sabbatsgebod van Deuteronomium 5 bied dus nie 'n nuwe begronding vir die hou van die Sabbat nie - God se skeppingsorde bied daardie grond volgens Eksodus 20. In Deuteronomium 5 word aktuele (nie vervangende) en bykomende inhoud aan die sabbatsonderhouding gegee. Die rus volgens God se skeppingsorde, word nou ook 'n rus waarin die verlossing herdenk word. Dit gee aan die rus 'n verdere en vir Israel aktuele inhoud, naamlik dat God vir Hom 'n volk skep deur hulle uit die slawebande te verlos. Wanneer Israel (volgens Deuteronomium) aan die grens van die beloofde land staan, is die verlossing uit Egipte voltooi, God het vir Hom 'n volk geskep. Hulle kan nou die rus ingaan wat volg op voltooië skeppingswerk. In die sabbatsopdrag van Deuteronomium 5 word die ontwikkeling van die heilsgeskiedenis gereflekteer. Die herinnering aan die verlossing het reeds onlosmaaklik deel geword van die betekenis van die Sabbat, daarom word in Deuteronomium 5 van die veronderstelling uitgegaan dat hulle die verlossing sal onthou as hulle die dag onderhou.

Kennis van die grondslag (volgens Genesis 2 en Eksodus 20) word veronderstel en die inhoud van die Sabbat word verryk met die herdenking van die verlossing. So sou die verlossing uit die sonde en die rus wat Jesus Christus skenk, nog 'n verdere ontwikkeling in betekenis aan die rusdag verleen.

Deur die viering van die Sabbat is die kinders dus onderrig aangaande (herinner aan) God se verlossingsdade op grond van sy verbondsbeloftes. In die verlossing van Israel uit Egipte kon die kind die praktiese uitwerking van die sabbatsrus sien. God wat by die skepping sy werk voltooi het en gerus het, het ook in Israel se lewe sy verlossingswerk voltooi en aan sy volk rus gegee. God sal ook in die toekoms sy werk voltooi en rus gee sowel in die lewe van die volk as die individu. Hulle leer ook dat die belewing van die rus (telkens opnuut deur die viering van die Sabbat) wat God deur sy verlossingsdade skenk, die verantwoordelikheid meebring om te verseker dat mens en dier onder hulle beheer deel in die rus. Hier word die verantwoordelikheid van elke Israeliet om God se openbaring ook na ander uit te dra beklemtoon. In Eksodus 20 en Deuteronomium 5 word die opdrag gegee dat ook die vreemdeling deel moet wees van die viering van die Sabbat. Die viering van die Sabbat dien dus nie net as 'n herinnering aan die afgehandelde skepping van God se volk nie, maar is ook 'n opdrag aan elke Israeliet tot voortdurende betrokkenheid by die voortgaande skepping/uitbreiding van God se volk. Deur die viering van die Sabbat moet God se getuienis weerklink en moet mense tot geloof in Hom begelei word.

6.4.2.3 Eksodus 31:12-18: Onderrig deur die Sabbat as teken van die verbond

Eksodus 31:12-18 vorm die afsluiting van God se voorskrifte in verband met die bou van die tabernakel (Fensham, 1977:211, Keil-Delitzsch, 1976:218). In Eksodus 31:12-18 bevestig God met groot klem (vergelyk "sekerlik" in vers 13 en die doodstraf vir ongehoorsaamheid in vers 15) aan Israel dat hulle die Sabbat moet onderhou. Die Sabbat word aangedui as 'n teken tussen God

en sy volk, dat Hy die Here is wat hulle heilig (vers 14). Dit wil sê telkens wanneer hulle die Sabbat vier, is dit vir Israel 'n bevestiging dat God hulle as sy eiendom vir hom afgesonder het uit al die nasies - soos hy aan die begin een dag afgesonder het vir Homself. Israel se antwoord op die bevestiging, wat hierdie dag vir hulle inhou, moet wees dat hulle hulle toewyding aan God bevestig deur die dag vir God af te sonder. Iemand wat nie die dag heilig nie, toon daardeur dat hy nie deel is van dit wat die dag be-teken nie - hy is nie deel van God se afgesonderde volk nie en moet gedood word (vers 15). In vers 16 word dit duidelik dat onderhouding van die Sabbat onder andere inhou dat dit as 'n ewige verbond gevier word in die geslagte. Die Sabbat word hier 'n verbond genoem. Uit die voorafgaande is dit duidelik wat hierdie verbond inhou naamlik dat God vir Israel afsonder vir homself en as teken daarvan aan hulle die rusdag gee en dat Israel hulle vir God afsonder en as teken daarvan die Sabbat onderhou. God bevestig in vers 17 dat die Sabbat 'n ewige teken is tussen Hom en sy volk, want die siklus van ses dae werk en een dag rus is deur God as skeppingsorde daargestel.

In Eksodus 31:12-18 is daar 'n duidelike opdrag om die kind te onderrig sodat hy die Sabbat as verbondsteken sal ken en onderhou. Hierdie opdrag is geleë in God se voorskrif dat die Sabbat 'n teken is vir Israel in hulle geslagte (vers 13) en dat die Sabbat in die geslagte gevier moet word (vers 16). McCarthy (1972:57,58) sê dat die gereelde viering van die Sabbat "was a medium which handed on knowledge of the covenant as a relationship and a doctrine".

6.4.3 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE SABBAT

Die onderrig wat die kind ontvang het deur die viering van die Sabbat, is gegrond in die skeppingswerk van God en word verryk deur die verlossing waardeur God Israel tot volk gemaak (geskep) het. Dit hou in dat die kind:

- leer dat die Sabbat 'n unieke dag in die week is wat aan God

gewy (geheilig) moet word, 'n dag waarop God se verlossingsdade herdenk kan word.

- deur die onderrig sal begryp, dat hierdie dag geheilig moet word, omdat God hierdie dag geseën en geheilig het.

- God se skeppingsorde van ses dae werk en een dag rus sal leer ken en as sy lewenswyse aanvaar.

- leer dat die seën van God op hierdie dag, inhou dat:
hy die vreugde van God se orde deur die onderhouding van die dag kan beleef, omdat hy in pas is met die wyse, waarop hy gemaak is,
hy die vreugde van God se nabyheid kan ervaar omdat hy in pas leef met God se opdrag
hy in sy hart telkens kan bevestig dat God verlos en rus skenk

- leer begryp dat daar chaos en verslawing in sy lewe intree wanneer hy nie God se orde aanvaar deur die Sabbatdag te onderhou nie.

- leer dat "om die Sabbat te gedenk" beteken om:
in ses dae voluit te werk (al jou werk te doen)
elke Sabbat wanneer hy terugkyk op sy eie werk van die week die vreugde wat God ervaar het by die voltooiing van sy werk, as 'n werklikheid te beleef.

- leer dat "om die Sabbat te heilig" beteken om in dankbaarheid vir sy verlossing die dag voluit aan God te wy sodat God vreugde mag put uit sy skeppingswerk.

- leer dat God in sy voortgaande openbaring 'n verdere dimensie aan die rusdag gegee het deur sy volk uit die slawehuis uit te lei. En dat die herdenking van God se verlossingswerk onlosmaaklik deel geword het van die viering van die Sabbat.

Wanneer die kind deur woord en voorbeeld onderrig word om die Sabbat te onderhou, ontvang hy verbondsonderrig. Dit hou in dat

die kind:

- begelei word om in 'n noue persoonlike verhouding tot God te leef.
- geleer word om God se seggenskap oor sy lewe te erken deur op God se gebod te werk en te rus.
- leer dat die belewing van die rus wat God deur sy verlossingsdade skenk, die verantwoordelikheid meebring om te verseker dat mens en dier onder hulle beheer deel in die rus.
- betrokke is by die uitdra van God se openbaring na die wat nog 'n vreemdeling in God se volk is om hulle tot geloof te roep, ook deur die viering van die Sabbat.
- die Sabbat as verbondsteken sal ken en onderhou in dankbaarheid vir en sekerheid van die reeds bewerkte verlossing.

6.5 SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Uit die voorafgaande ondersoek het dit duidelik geword dat die kind in Israel verbondsonderrig ontvang het deur die viering van die Sabbat. Daar sal nou gevra word na die subjek wat hierdie onderrig aan die kind oordra.

6.5.1 GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

God is die primêre subjek van die onderrig deur die viering van die Sabbat. Die Sabbat ontvang sy betekenis deur God se Woord en daad.

God se skepping- en verlossingsdade vorm die inhoud van die Sabbat. Deur God se optrede tydens die skepping naamlik dat Hy ses dae geskep het en die sewende gerus het, kom die Sabbat tot stand. Die Sabbat is 'n herdenking (herbelewing) van God se rus van en vreugde oor sy voltooide skeppingswerk. God voeg deur sy

verlossingsdade toe aan die betekenis van die viering van die Sabbat. Deur die verlossing wat Hy bewerk, skenk hy aan Israel rus van hulle slawe-arbeid in Egipte, Hy gee ook aan hulle rus deur hulle in die beloofde land in te lei (Deuteronomium 6:10,11). Deur die viering van die Sabbat herdenk Israel God se verlossingswerk waardeur Hy vir Hom 'n nuwe volk "geskep" het wat Hom kan dien en eer. God is dus subjek van die onderrig daarin dat hy die inhoud van die onderrig verskaf het deur sy dade.

God is ook subjek van die onderrig in die viering van die Sabbat deur sy Woord. God gee aan Moses opdragte aangaande die viering van die Sabbat. Deur sy opdragte ken God 'n besonder betekenis toe aan die dag. Deur sy Woord laat God die mens deel word van die skeppingsorde. Deur sy Woord stel God die Sabbat as teken van sy verbond met Israel. God gee ook opdrag dat die kinders deur die viering van die Sabbat onderrig moet word. God is dus subjek van die onderrig daarin dat Hy die Sabbat daarstel, die betekenis van die Sabbat vasstel, en dat Hy opdrag gee om deur die viering van die Sabbat te onderrig.

God is egter ook tydens die viering van die Sabbat subjek van die onderrig deur sy Gees. Wanneer iemand in geloofsgehoorsaamheid die Sabbat vier, ervaar hy deur die werking van die Gees die vrede en vreugde wat God deur sy seën aan die dag toegesê het, God se rus word vir hom 'n werklikheid. Deur die viering van die Sabbat word die verlossing uit die slawediens van die vernietigende vyand, 'n werklikheid. Die Heilige Gees bring die sekerheid in die hart, dat God, wat verlos het, weer sal verlos en eendag die volkome verlossing sal bewerk en die ewige rus sal gee. Die rus van die oorwinning wat God bewerk, kon op die Sabbat in die besonder beleef word deur die kragtige werking van die Gees. Deur die viering van die Sabbat leef die mens deur die werking van die Gees uit God se genade in noue gemeenskap met God.

God is dus ook die finale subjek van die onderrig deur die werking van sy Gees in die harte van deelnemers aan die Sabbat sodat hulle die onderrig sal glo, daarvolgens sal leef en die

vrug daarvan sal geniet.

6.5.2 DIE OUERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die ouer se taak om die kind oor en deur die viering van die Sabbat te onderrig kom in verskeie Skrifgedeeltes na vore:

In Eksodus 16 word verhaal hoe God vir Israel in die woestyn sorg deur aan hulle manna te gee. Elkeen moes vir die wat in sy tent is, dit is vir sy huisgesin, insamel (vers 16). Op die sesde dag moes die volk 'n dubbele porsie insamel en ook die voedsel gereed maak vir die sewende dag. Op die sewende dag sal daar nie manna wees nie omdat dit die heilige Sabbat van die Here is. Dan moet elkeen in sy huis bly en nie gaan probeer insamel nie. As daar dan tog mense is wat op die Sabbat uitgaan om manna in te samel, verwyf die Here hulle oor die ongehoorsaamheid.

Die insameling van die dubbele porsie op die sesde dag en die voorbereiding van die helfte daarvan vir die Sabbat asook die weerhouding om op die Sabbat in te samel vind alles binne die huisgesin plaas. Die ouers moet die voorbeeld stel vir die kinders deur hulle gehoorsaamheid. Die ouers kan dan ook na aanleiding van hierdie orde aan die kinders die betekenis van die Sabbat verduidelik het. Die ouers tree dus as subjek van die onderrig op, deur in geloofsgehoorsaamheid te doen soos die Here beveel. Hulle gee ook mondelinge onderrig.

In Eksodus 20:10 word aan ouers die opdrag gegee om toe te sien dat hulle kinders die Sabbat reg vier. Die ouers is dus subjek van die onderrig deur mondelinge onderrig, deur voorbeeld en indien nodig, deur tug en vermaning. Die ouers ontvang egter self ook die opdrag om die sabbatsrus en die vreugde van God se verlossing (Deuteronomium 5) in hulle lewe 'n werklikheid te laat word. Die ouers is dus subjek van die onderrig deur vreugde en vrede wat hulle deur die viering van die Sabbat beleef.

In Eksodus 31:13,16 gee God opdrag dat die Sabbat van geslag tot geslag gevier moet word. Volgens Deuteronomium 6:6-8 het die ouers 'n besondere verantwoordelikheid om die wet van God aan die kinders oor te dra sodat hulle daarvolgens kan lewe. Aangesien die sabbatsgebod deel is van die wet van God, is die ouer dus in die besonder verantwoordelik vir die opdrag wat God in Eksodus 31:13,16 gee.

Die ouers is dus van alle mense die primêre subjek van die onderrig deur die viering van die Sabbat. Hulle onderrig die kind deur die wyse waarop hulle die Sabbat vier, die vrug van die viering van die Sabbat wat in hulle lewe sigbaar word, en deur mondelinge onderrig aangaande die betekenis van die Sabbat.

6.5.3 DIE HELE VOLK AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die volk tree, as 'n belangrike subjek van die onderrig deur die viering van die Sabbat, na vore. Dat die volk as subjek van die onderrig deur die viering van die Sabbat opgetree het, kom veral duidelik na vore in Eksodus 25:1-40:38.

Fretheim (1990:263) sê aangaande hierdie hoofstukke dat die belangrikheid van "ere-diens" ("worship") beklemtoon word deur die feit dat dertien hoofstukke in Eksodus afgestaan word om die bou van die tabernakel in detail te beskryf. Hy sê verder "Moreover, the movement in the book of Exodus as a whole is one from slavery to worship, from the service to Pharaoh to service of God. More particularly, it is a movement from Israel's enforced construction of Pharaoh's buildings to the glad obedient offering of themselves for a building for the worship of God".

In Eksodus 25:1-31:18 word die Sabbat ten nouste verbind met die bouwerk aan die tabernakel (Childs, 1974:541; Fretheim, 1991:270) en veral rondom die skeppingsmotief. God spreek Moses sewe keer in hierdie hoofstukke aan (25:1-30:10; 30:11-16; 30:17-21; 30:22-34; 30:34-38; 31:1-11; 31:12-18) in aansluiting by die sewe dae van die skepping. Die sewende toespraak gee voorskrifte aangaande die Sabbat. Die tabernakel word verbaal

en tematies aan die skepping verbind (Kearney, 1977:375-387; Blenkinsopp, 1976 : 275-296). Die werkers aan die tabernakel moes die Sabbat onderhou (Dressler, 1982:30) sodat hulle die werk wat gedoen is, kon aanskou en vreugde daaruit put om so die skeppingswerk van God te erken en te vier. In 'n sekere sin is die betrokkenheid by die aanmeekaarsit en weef van die tabernakel, betrokkenheid by die skep van 'n nuwe wêreld (Fretheim, 1991:277). Rondom hierdie tabernakel kom daar vir Israel 'n totaal nuwe wêreld tot stand in hulle verhouding tot God. Die tabernakel verteenwoordig die vervulling van verbondsbelofte dat God onder sy volk sal woon en dat Hy vir hulle 'n God sal wees en hulle 'n volk vir Hom (Eksodus 29:45). Die volk hoef nou nie meer hulle God op 'n berg te ontmoet nie, maar by die tabernakel wat onder hulle is en saam met hulle trek. By hierdie tabernakel kan daar vir die volk versoening gedoen word. Dit is ook 'n plek waar God vir Moses ontmoet en met hom van aangesig tot aangesig praat (Eksodus 25:22; 29:42) en waar God ook die volk ontmoet (Eksodus 29:43). Die tabernakel sal dus 'n plek wees waar die Here geraadpleeg kan word deur enige iemand. Die Sabbat word voorgestel as die hoogtepunt van die bou van die tabernakel, die dag waarop die vrug van die arbeid aan die tabernakel geniet kon word - daarom sluit God sy voorskrifte aangaande die bou van die tabernakel af met voorskrifte oor die Sabbat (Eksodus 31:12-18). Na die verbondsbreuk deur die dien van die goue kalf (Eksodus 32,33), begin God sy voorskrifte oor die tabernakel met voorskrifte oor die viering van die Sabbat (Eksodus 35:2,3). Die Sabbat is dus die hoogtepunt van alles waarvoor die tabernakel gemaak is. Die Sabbat is by uitnemendheid:

- die dag van God se samekoms met sy volk,
- die dag waarop versoening bewerk word,
- die dag waarop God tot sy volk spreek
- die dag waarop die volk sy God kan aanbid in blydschap oor sy skeppings- en herskeppingswerk,
- die dag waarop die volk God se heerlikheid kan aanskou.

Hier by die tabernakel tree die volk in hulle samekoms as subjek op om die kind in al hierdie dinge te onderrig deurdat hy sien en ervaar en meedoen.

Childs (1974:541) beskryf die bou van die tabernakel en die viering van die Sabbat as twee kante van dieselfde werklikheid. Net soos die tabernakel die vervulling van God se verbondsbelofte simboliseer, is die Sabbat ook teken van God se verbond met Israel (Eksodus 31:17). Levenson (1988:86) verwoord die betekenis van die ooreenkomste tussen tabernakel en skepping soos volg: "The function of these correspondences is to underscore the depiction of the sanctuary as a world, that is, an ordered, supportive, and obedient environment, and the depiction of the world as sanctuary, that is, a place in which the reign of God is visible and unchallenged, and his holiness is palpable, unthreatened and pervasive". Net soos die Sabbat 'n bevestiging is van Israel se heiligheid vir God (Eksodus 13:13), so dien die ontmoeting van God met sy volk by die tabernakel dieselfde doel (29:43). Beide tabernakel en Sabbat getuig van God se heerskappy oor die skepping (31:17). In Eksodus 31:13 word die viering van die Sabbat 'n getuienis genoem waaruit die mense kan weet dat dit God die Here is wat Israel heilig. Daar gaan dus na die wêreld daarbuite (en elkeen wat die viering beleef) 'n verkondiging uit deur die viering van die Sabbat. Die inhoud van die verkondiging is dat God heers oor die skepping, Hy heers oor Israel en Hy is besig om sy heerskappy uit te brei oor alle volke deur Israel se verkondiging. Die onderhouding van die Sabbat is 'n teken in die hede van die nuwe skepping wat God besig is om deur Israel tot stand te bring.

Die volk leer die kind, wat deel het aan die samekoms, dus dat hy onder die heerskappy van God staan, en dat hy die opdrag het om deel te neem aan die uitbreiding van God se heerskappy. Die kind dra by tot die uitbreiding van God se heerskappy wanneer hy met sy lewe getuig dat hy met vreugde onder God se heerskappy werk en leef. Hierdie getuienis kan hy op 'n intensiewe wyse lewer deur die Sabbat te heilig saam met die volk. Hier kom die opdrag tot getuienis ook na buite ter sprake. Die volk en elke individu is geroep om God se heerskappy uit te brei deur ook mense wat buite God se volk is, te roep om deel te hê aan God se genade en rus. Die kind word dus ook onderrig om getuienis te lewer (Vergelyk Breed, 1989).

Volgens Levitikus 23:3 (... op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus - dit is 'n Sabbat van die Here in julle woonplekke) was die Sabbat 'n gesinsfees. Uit die voorafgaande ondersoek is dit duidelik dat die Sabbat, ook 'n volksfees was. Die fees staan egter nie primêr in diens van die gesin of volk nie, maar in diens van die uitbreiding van God se heerskappy. Juis wanneer elke gesin en die volk as geheel, in God se diens saamgebind word deur die viering van die Sabbat, weerklink hulle getuienis die suiwerste. So word die viering van die Sabbat 'n roepstem tot elke waarnemer om deel te hê aan God se genade.

Die kind wat saam met sy ouers op die Sabbat deelgeneem het aan die feesvieringe is dus ook deur die volk as vergadering onderrig.

6.5.4 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

God is subjek van die onderrig deur die viering van die Sabbat deur sy skeppings- en verlossingsdade wat die inhoud van die Sabbat vorm.

God is ook subjek deur sy Gees en Woord waardeur Hy 'n besondere betekenis aan die dag toeken en ook die mens daarin laat deel.

Ouers is deur hulle optrede, mondelinge onderrig en die vrug van die viering van die rusdag, subjek van die onderrig.

Die hele volk onderrig deur hulle gehoorsame samekoms en eerbetoon aan God.

6.6 DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

6.6.1 DIE LOF VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die sabbatsgebod word gemotiveer deur die feit dat God op die dag gerus het en dit daarom geseën en geheilig het. Francke (1973:52) sê in verband met die heiliging van die dag die volgende: "De hoofgedachte en grondgedachte van het heiligen is

in de bijbel dat het scepsele en het geschapene dienstbaar wordende gemaakte aan die verheerlikende van God. God verheerlikende, zyne roem en lof verkondigende, zyn naam prysende verheffen - zie, dat is die zin en het doel van alle scepsele !" In Genesis 1 staan die skepping in die sentrum, in Gen 2:1-3 word God in die sentrum geplaas. God lê beslag op een uit die sewe dae van die week. Deur op die sewende dag beslag te lê, lê God op al die dae beslag. Omdat alle werk op die sewende dag voltooi word en gesien word, eien God Hom op die sewende dag alle werk toe.

Hierdie waarneming, dat sewende dag 'n dag tot eer van God is, word bevestig deur die wyse waarop die Sabbat beskryf word. In Eksodus 16:23 en 25 word die sewende dag beskryf as 'n heilige Sabbat van die Here. Hier word soos by die beskrywing van die Pasga (Eksodus 12:14) die voorsetsel ־ gebruik. Baumgartner (1958:462-466) dui onder andere die volgende betekenismoonlikhede van die voorsetsel ־ aan:

- dit dui die rigting aan waarin iets beweeg
- dit dui die voorwerp aan waarop vertrouwe geplaas word
- dit dui die doelwit van 'n aksie aan
- dit dui aan dat iets ter wille van iemand gedoen word

In 5.5.1 van hierdie studie is aangetoon dat die vertaling van hierdie voorsetsel in Eksodus 12:14 met "ter ere van", geregverdig blyk te wees. Daar staan dan "En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees ter ere van die Here vier. Aangesien die Sabbat ook in die Skrif as een van die feesdae aangedui word (Levitikus 23:3) en dit ook 'n gedenkdag (זִכְרוֹן) is, sou die begrippe זִכְרוֹן לַיהוָה - שַׁבָּת in Eksodus 16:23 en 25 ook vertaal kon word met " 'n heilige Sabbat ter ere van die Here". So word hierdie begrippe inderdaad in Eksodus 35:2 deur die vertalers van die 1933- en 1983-Afrikaanse vertaling, weergegee.

Ook uit die feit dat daar op die Sabbat 'n dubbele hoeveelheid offers as normaalweg gebring moes word, dui op die verheerliking van God op hierdie dag.

Deur die viering van die Sabbat is die kind dus geleer om God te

verheerlik, op die Sabbat, maar ook elke dag van die week.

6.6.2 DIE ERKENNING VAN GOD SE HEERSKAPPY AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Wanneer Israel volgens Eksodus 16:27,28 nie die Sabbat onderhou nie, kom dit neer op die verwerping van God se gesag ('n weiering om sy gebooie te onderhou). Die sabbatsgebod is deel van die verbond wat God met sy volk by Sinaï sluit (Eksodus 19,20) en die Sabbat moet ook as 'n verbond deur Israel onderhou word (Eksodus 31:16). God handhaaf deur die verbond absolute seggenskap oor sy volk, daarom is die straf vir die verbondsverbreking die dood (Eksodus 31:15; Num 15:32-36). God beskou die Sabbat as 'n teken tussen Hom en die volk waardeur almal sal weet dat Hy Israel vir Homself afgesonder (geheilig) het uit al die volke (Eksodus 31:13). Dit hou in dat Israel die Here met volle oorgawe moet dien en glad nie 'n verbond mag hê met die heidense nasies nie (Deuteronomium 7).

Die kind word dus deur die viering van die Sabbat geleer om te buig voor God se opdragte, en om veral deur die onderhouding van die Sabbat homself onder God se heerskappy (troue sorg) te stel.

6.6.3 'N LEWE VOLGENS GOD SE ORDE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Deur die daarstelling van die sewende dag as rusdag na ses dae van werk, skep God 'n lewensorde vir die ganse skepping. Wie sy lewe volgens hierdie lewensorde inrig in geloofsgehoorsaamheid, ervaar die seën van God op sy lewe. Andreassen (1972:192) sê dat die rus van God (Genesis 2:1-3) op die sewende dag nie 'n ontspanning vanweë fisiese uitputting is nie, maar dat dit rus van werk is in die betekenis van "turning away from work". Daarmee toon God dat daar 'n ander doel is met die skepping as bloot dat dit afgehandelde werk is. Dit is nie werk ter wille van werk nie. God maak die skepping om Hom te verheerlik. Die ganse skepping bereik sy doel wanneer dit op die sewende dag onttrek van die werk, om hom ten volle aan God te wy. Alhoewel God nie in Genesis 2:1-3 direk die opdrag gee nie, kan die feit dat God die dag geseën en geheilig het, tog aanvaar word as 'n

aanduiding dat God wil hê dat die ganse skepping in hierdie rus moet deel (Elliger, 1952:122; Von Rad, 1961:60; Westermann, 1966:236).

Hierdie lewensorde wat God skep, is dus deel van die wese van elke skepsel. Wanneer die skepping volgens hierdie orde bestuur word, sal dit ten beste funksioneer. Wanneer God hierdie lewensorde as 'n wet vir Israel voorskryf, word elke mens daarby ingesluit, maar ook die fauna en flora (Eksodus 20; Deuteronomium 5). Dat die Sabbat 'n genadegawe aan die skepping is, kom baie duidelik uit in die viering van die sabbatsjaar (Eksodus 23:10-11). Vir ses jaar moet die land bewerk word, maar die sewende jaar moet dit onbewerk bly lê. Hierdie instelling van God is tot voordeel van die land self (Levitikus 25), die armes in die land en ook die diere. Die armes en die diere kan gedurende hierdie jaar vryelik van die natuurlike opbrengs van die land eet. Gedurende hierdie jaar ontvang die mens kwytskelding van hulle skuld, asook vryheid as hy hom as slaaf verkoop het (Deuteronomium 15:1-6, 12-18). Die sabbatsjaar bevry die mens van die swoeg en sweet van die land, of van die heerskappy deur besittings, en laat die mens sonder werk eet van die vrug van die land, wat deur die vorige ses jaar se arbeid daar gestel is. Diegene wie se werk in die vorige ses jaar nie suksesvol was nie, het in die sewende jaar die geleentheid om te rus en weer nuut te begin (Brueggemann, 1988:63-67; Shapiro, 1965:45-65). God lei sy volk hierdeur tot 'n lewenswyse en gesindheid waarin land, diere en jou naaste nie uitgebuit word nie, maar met genade behandel word. God leer die volk deur die Sabbat om nie te verslaaf en self slaaf te word nie, maar om volgens die orde van ses tot een te werk en te rus, te laat werk en te laat rus. Hiermee erken die mens dat dit God se skepping is en dat Hy heers en nie die mens nie.

Dat die Sabbat deur God bedoel is om tot voordeel van Israel te wees, is duidelik uit die gebruik van die uitdrukking dat die Sabbat "vir jou" is עָלֶיךָ (Eksodus 31:14, 35:2) met die betekenis van tot jou voordeel of tot jou eer (vergelyk 6.6.1 hierbo) (Koch, 1958:44; Andreassen, 1972:207).

Wanneer die kind deur die viering van die Sabbat onderrig ontvang, sal die doel van die onderrig onder andere wees om hom te begelei om die doel en wysheid van hierdie lewensorde van God te begryp en sy eie te maak deur die Sabbat te heilig. Dit sal inhou dat die kind die genade van God, soos Hy dit skenk in en deur die Sabbat, sal ervaar en aan ander sal laat toekom.

6.6.4 BEGRIP BY DIE KIND DAT HY DEEL HET AAN GOD SE VERLOSSINGSDADE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In Deuteronomium 5:15 word Israel beveel om die Sabbat te onderhou sodat hulle sal onthou dat hulle slawe was in Egipte en dat God hulle met 'n sterke hand en uitgestrekte arm uitgelei het. Om hierdie bevryding van die slawejuk en die gevolglike rus in die beloofde land te gedenk, moet hulle die Sabbat vier. Die begrip ¹¹¹ word ook hier, soos by die viering van die Pasga (vergelyk 5.3.3.3 van hierdie studie), gebruik om die herinnering aan die gebeure in Egipte aan te dui. Soos voorheen gesê is, druk die begrip ¹¹¹ meer uit as bloot dat daar weer aan sekere gebeure gedink moet word. Die begrip het eerder die betekenis van heraanbieding met die oog op herbelewing van gebeure van die verlede (Plastara, 1966:146). Elkeen wat deelneem aan die Sabbat moet weer die gebeure in Egipte beleef, asof hy deel is daarvan. Hy moet God opnuut leer ken uit sy verlossingsdade in Egipte en so opnuut leer verstaan wat dit beteken om deel te wees van God se volk. Hy moet opnuut die verligting voel as die slawejuk van hom afval. Die verlossingskrag van God, soos dit na vore gekom het in die oorspronklike gebeure, word weer beskikbaar gestel aan die gemeente binne die konteks van die godsdiens. Wie deur die viering van die Sabbat tot geloof kom dat God sy volk kan verlos, kry deel aan die verlossing en word deel van God se verlore volk. Hierdie waarheid kom duidelik na vore in Jesaja 56:1-8 waar aan die uitlander en die ontmande verkondig word, dat hy, indien hy die sabatte hou en God met sy hele hart dien en so sy verbond onderhou, deel sal wees van die volk van God. God se genade sal vir sy tekortkoming vergoed (Young, 1972:390-394).

Die kind moet dus deur sy deelname aan die Sabbat leer verstaan wat daar in Egipte gebeur het. So moet hy God leer ken soos Hy Hom in Egipte aan Israel geopenbaar het, sodat hy in sy konkrete situasie op God sal vertrou om hom te verlos van die slawerny van die sonde en dat hy in sy hart bereid sal wees om hom in diensbaarheid aan God te onderwerp.

6.6.5 BEGELEIDING TOT GETUIENIS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In die 1933 Afrikaanse vertaling word Eksodus 31:13 soos volg weergegee: "Julle moet sekerlik my Sabbatte onderhou, want dit is die teken tussen My en julle en julle geslagte, sodat die mense kan weet (יָדְעוּ) dat ek die Here is wat julle heilig". Uit hierdie vertaling vloei die betekenis voort dat die Sabbat 'n teken is tussen God en sy volk, en as Israel die Sabbat onderhou, sal dit 'n getuienis vir ander mense (buite Israel) wees, dat God vir Israel uitgekies het. Die 1983 Afrikaanse vertaling vertaal die begrip (יָדְעוּ) in hierdie vers (Eksodus 31:13) met "sodat julle kan weet" (vergelyk ook Francke, 1973:86). In die Hebreeuse teks van Eksodus 31:13 word die werkwoord יָדַע in sy Kal infinitivus konstruktus vorm gebruik met die voorsetsel הַ, sonder 'n subjek. Op grond van die Hebreeuse teks is beide bogenoemde vertalings moontlik. Die infinitivus konstruktus kry met die voorsetsel הַ veral doelaanwysende betekenis (Gemser, 1968:222). Koehler en Baumgartner (1958:365) gee onder andere die volgende betekenis aan vir die begrip:

- besef dat (vergelyk Genesis 3:7)
- weet deur waarneming (Rigters 13:21)
- bemerk (Levitikus 5:3).

Die begrip יָדְעוּ kan dan in Eksodus 31:13 vertaal word met "sodat dit duidelik is". Die volk se getroue onderhouding van die Sabbat laat almal, wat dit waarneem, besef, dat dit die Here is wat hulle vir Hom afgesonder het.

Die doel van die onderrig is dus onder andere dat die kind deur die onderhouding van die Sabbat, getuienis sal lewer van die band tussen hom en God. Hierdeur onderrig die volk mekaar en

word ander nasies ook geroep om hulle by God se volk te kom aansluit.

6.6.6 BEGELEIDING TOT VOORTDURENDE VERBONDSVERNUWING, AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In Eksodus 31:13 word die Sabbat 'n teken genoem tussen God en sy volk, en in vers 16 word gesê dat die Sabbat as 'n verbond gevier moet word. Elke keer wanneer die Sabbat gevier word, is dit 'n bevestigende teken dat Israel vir die Here heilig is en elke sabbatsviering is 'n vernuwung van die verbond.

Die kind word dus geleer om voortdurend die verbond tussen hom (as deel van die volk) en God te bevestig (hernu).

6.6.7 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die doel van die onderrig is om te kind te begelei om:

- God te loof en prys vir sy skeppings- en verlossingsdade.
- God se heerskappy oor hom te erken deur gehoorsaamheid aan God.
- God se seënninge te ontvang deur te leef volgens God se skeppingsorde.
- te leef as iemand wat deur God verlos is van die slawejuk van die sonde
- deur die onderhouding van die Sabbat te getuig van sy band met God.
- elke Sabbat die verbond met God te bevestig en nuut te maak in sy hart.

6.7 DIE WYSE VAN ONDERRIG

6.7.1 ONDERRIG VIND PLAAS DEUR DEELNAME AAN DIE VIERING VAN DIE SABBAT

Uit die vergelyking van die sabbatsgebod in Deuteronomium 5 met dié in Eksodus 20 kom tweërlei wyses van onderrig na vore. In

Eksodus word die kind deur die belewing van God se daad (indikatief) aangespoor om die gebod te gehoorsaam. In Deuteronomium word die kind geleer om aan die gebod gehoorsaam te wees en deur die gehoorsaamheid word die herinnering aan God se daad lewend gehou by hom (sien 6.4.2.2).

In Levitikus 23:3 word die Sabbat as een van die feestye wat God vir Israel laat uitroep, aangedui. Die feestye word in vers 2 "heilige samekomste" genoem. So word die sewende dag ook in vers 3 as 'n heilige samekoms beskryf. Dit kan dus met reg aanvaar word dat die volk op hierdie dag by die tabernakel en later die tempel bymekaar gekom het. Die verloop van die samekoms word nêrens aaneenlopend in die Ou Testament beskryf nie. Die inhoud van die samekoms kan egter tot 'n groot mate uit verskillende Skrifgedeeltes saamgestel word. In Numeri 28:9,10 word gesê dat daar op die Sabbat dubbel die normale verskeidenheid offers (vergelyk Levitikus 1-7) gebring moes word.

Saam met die offers was daar musiek en sang (Numeri 10:10; 1 Kronieke 16). Baie van die Psalms was bestem vir die erediens soos byvoorbeeld Psalm 92. Gedurende die erediens is daar tot God gebid (1 Konings 8:29, Ps. 42:3,5). Die volk is ook uit die tora onderrig gedurende die samekomste (Levitikus 10:11; Nehemia 8). Die Leviëte het ook die seën oor die volk uitgespreek tydens die samekoms (Numeri 6:22-27). Volgens Levitikus 24:8 is elke Sabbat vars toonbrode voor die aangesig van die Here neergesit in die tabernakel. Na aanleiding van die twaalf stamme van Israel was daar twaalf toonbrode om daarmee te erken dat die daaglikse brood 'n genadegeskenk van die Here is, 'n gawe van die verbond. Israel het op die Sabbat gerus van die werk vir die daaglikse brood. Op die Sabbat verskyn hulle met die resultaat van die werk voor God. Die toonbrode word met nuwe, vars brode vervang omdat die Sabbat 'n dag van vernuwing van kragte is, vanuit die rus van die Sabbat kon in die nuwe week weer tot eer van God gewerk word.

Deur sy deelname aan die viering van die Sabbat het die kind geleer om

- die versoening met God te ervaar deur die bring van die offers

- God te loof in sang en musiek
- God te aanbid
- die seën van God te ontvang en te verstaan.
- deur die simboliek van die toonbrode te begryp dat jou daaglikse brood uit God se hand kom.

Die wyse van onderrig is dus meedoen en meeleeft.

6.7.2 ONDERRIG DEUR VOORBEELD

Die kind kon die ouers se viering van die Sabbat waarneem. Elke Sabbat het hy ervaar, dat sy ouers nie gaan werk nie, en dat hulle die samekoms van die volk bywoon. Hy kon ook die gesindheid van geloofsgehoorsaamheid en vreugde oor God se skeppings- en verlossingswerk by sy ouers waarneem. Deur hierdie voorbeeld word hy onderrig om God lief te hê en hom aan God se heerskappy te onderwerp.

6.7.3 MONDELINGE ONDERRIG

In Deuteronomium 6:6,7 word die ouers beveel om die wet vir hulle kinders in te skerp. Aangesien die sabbatsgebod deel is van die wet van God, is die kinders ook mondeling daarin onderrig.

6.7.4 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG

Die kind is deur die viering van die Sabbat onderrig by wyse van:

- deelname aan die viering van die Sabbat
- die voorbeeld van ouers en die hele volk
- mondelinge onderrig

6.8 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN DIE SABBAT

- Die onderrig is gegrond op God se skeppingswerk en op sy

verbond.

- Die onderrig begelei die kind tot begrip van die konkrete betekenis van die lewensorde, wat God met die skepping daargestel het, in sy en ander se lewe.
- Deur die viering van die Sabbat word die verbondsverhouding tussen God en sy kinders telkens weer bevestig.
- God verskaf deur sy daade, Woord en Gees, die inhoud, innerlike motivering en vrug van die onderrig. God is dus die primêre subjek van die onderrig.
- Die ouer is as mens die hoofsubjek van die onderrig binne die milieu van die gesin, maar altyd in verbondenheid met die volk.
- Die volk as eenheid tree ook op as subjek van die onderrig in hulle getrouheid aan God se voorskrifte en hulle vreugde oor God se verlossing.
- Die kind as deel van God se volk word deur die viering van die Sabbat ook 'n getuie na buite om mense na God te roep.
- Die doel van die onderrig is, dat die kind God sal loof daarin dat hy God se heerskappy oor hom erken en daarom volgens God se skeppingsorde leef, hom te verheug dat God hom vry gemaak het van die slawejuk en so 'n getuie van God se wonderbare genade te word.

-Die kind is gedurende die viering van die Sabbat onderrig by wyse van:

- deelname aan die viering by die huis en in die samekoms van die volk.
- die voorbeeld van ouers en die hele volk
- mondelinge onderrig

6.9 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE

- Die kind moet God se motivering vir die viering van die

rusdag ken en begryp.

- Die kind moet God as subjek van die onderrig tydens die viering van die rusdag ontmoet.
- Veral in die erediens moet die kind die geleentheid hê om God saam met die gemeente te loof en te prys. Die kind moet dus kan begryp wat gesing, gebed, gelees en gesê word.
- Die rusdag moet so gevier word dat die kind op hierdie dag in die besonder die werklikheid van die bevryding uit die mag van die Satan beleef. Die ywer en kundigheid om die boodskap van verlossing ook aan ander uit te dra, moet deur die onderrig by die kind gevestig word.
- Die kind moet begelei word om hom bewustelik aan God se wil te onderwerp. Die viering van die rusdag moet dus nie die gedwonge nakoming van 'n wet wees nie, maar 'n wilsdaad wat voortvloei uit kennis, liefde en dankbaarheid.
- Die rusdag moet so gevier word dat die kind die vrede en vreugde beleef wat 'n lewe in ooreenstemming met God se wil meebring.
- Die ouer en die hele volk moet as subjek van die onderrig optree tydens die viering van die rusdag. Die rol van die ampsdraers, gemeente en ouer in die onderrig tydens die erediens en alle ander gemeentebyeenkomste sal verder ondersoek moet word.
- Die onderrig deur die viering van die Sabbat moet die kind begelei om deur woord en daad na binne en buite te getuig van God se genade.
- Ouers moet toegerus word om hulle kinders te onderrig.

HOOFSTUK 7 ONDERRIG IN DIE SINAGOGA EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR DIE KATEGESIS

7.1 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

In die Nuwe Testament word die sinagoga as 'n gevestigde instelling geteken. Die eerste Christene was hoofsaaklik Jode wat van jongs af deel was van die sinagogale diens. Na hulle bekering tot die Christelike geloof het hulle spontaan voortgegaan om in die sinagoga te aanbid en onderrig te ontvang (Neal, 1990:1). Die erediens van die Christene was ten nouste verbonde met die sinagoga. Volgens die evangelies het Jesus die sinagogale eredienste gereeld in die week en op die sabbat bygewoon en daar onderrig gegee (vergelyk Matteus 1:21,39; 3:1; 6:2; Lukas 4:15,16,44; 6:6; Johannes 4:59; 18:20).

Die Christene is inderdaad as slegs nog 'n sekte van die Jode gesien (vergelyk Handeling 24:14). Selfs na die verstrooiing van die kerk, wat gevolg het op die steniging van Stefanus het die sinagoga nog 'n prominente rol in die kerk gespeel. In Handeling word die sinagoga geteken as die instansie waaruit die kerk gebore is (Handeling 13:5,14; 14:1; 17:2,10,17; 18:4,19; 19:8). Neal (1990:136 e.v.,166) toon dat die sinagogale erediens invloed uitgeoefen het op verskeie aspekte van die praktyk van die vroeë Christelike kerk. Hieruit is dit duidelik dat dit in hierdie studie belangrik is om die onderrig in die sinagoga te bestudeer.

Daar kan na twee kante toe gefouteer word wanneer die invloed van die sinagoga op die Christelike kerk ondersoek word. Aan die een kant kan ontwikkelinge in die sinagoga, wat na die skeiding tussen kerk en sinagoga plaasgevind het, behandel word, asof dit nog 'n invloed op die kerk sou uitgeoefen het.

As voorbeeld van 'n gebruik uit 'n later tyd waarvan die invloed op die vroeë kerk geprojekteer kan word is die sogenaamde "bar mitswa" seremonie (Spoelstra,1990:4). Tydens hierdie seremonie ontvang 'n seun op sy dertiende verjaarsdag wetlike en godsdienstige volwassenheid. Voor 70 nC. het die

seun wel (onder die Romeinse invloed) op dertien wetlik aanspreeklik geraak. Dit was egter eers in die veertiende eeu dat dertien jaar ook in die sinagoge die ouderdom geword het waarop die kind die godsdienstige verpligtinge van die volwassene moes aanvaar. Die begrip "bar mitzwah" het nie eens voor die veertiende eeu bestaan nie (Millgram, 1971:466; Swift, 1919:58)

Aan die ander kant is dit belangrik dat die krag van mondelinge oorlewering na sy volle waarde geskat word. Getuienis aangaande die onderrig in die sinagoge is grootliks afkomstig uit 'n tydperk na die tweede vernietiging van die tempel in 70 nC. Daar kan egter tot 'n groot mate aanvaar word, dat die onderrigsituasie en filosofie van die tydperk voor 70 nC. in latere dokumentasie daarvan, getrou weergegee word (Barnard, 1981:90). Die Mishna en die kommentaar daarop naamlik die Jerusalemse en Babiloniese Talmud verskaf hierin die meeste inligting (Neusner, 1985:13).

Dit is verder van kardinale belang dat die praktyk van onderrig in die sinagoge krities beskou sal word. Hierdie praktyk het immers die wettiese godsdiens van die Fariseërs voortgebring. Die godsdiens van die Fariseërs en ook hulle onderrig is deur Jesus totaal afgewys. Jesus sê van hulle onderrig dat hulle pakke saambind wat swaar en moeilik is om te dra, en dat hulle dit op die skouers van mense sit, maar self wil hulle dit nie met 'n vinger verroer nie (Matteus 23:4) en verder dat hulle die koninkryk van die hemele voor mense toesluit (Matteus 23:13), hulle maak van hulle bekeerlinge " 'n kind van die hel" (Matteus 23:15). Jesus ontmasker die Fariseërs se godsdiens as iets wat net by die uiterlike vertoon bly terwyl die innerlike onaangeraak, "vuil" en "vol doodsheid" bly (Matteus 23:18-33). 'n Godsdiens (en onderrig) wat so in die detail van eie bepalinge verstrengel geraak het, dat die waarheid van God se Woord daardeur verlore gegaan het (Matteus 23:23). Die kern van Jesus se kritiek teen die Fariseërs kan in Matteus 23:3 gevind word. Jesus raai die mense aan om wel die dinge te onderhou en

te doen wat die Fariseërs vir hulle mag sê om te onderhou. Hulle moet egter nie soos die Fariseërs optree nie "want, hulle praat (net) en doen nie". Jesus veroordeel die Fariseërs dus omdat hulle nie doen wat hulle onderrig nie. Die onderrig en daarmee saam die godsdiens het net by praat gebly.

Viviano (1978) doen 'n vergelykende studie tussen die rabbyne traktaat Aboth, die Ou Testament en die Evangelies oor die onderwerp "Study as worship". Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Rabbyne voortgebou het op die beginsels van die Ou Testamentiese onderrig, alhoewel daar verskille is. Hy toon ook aan dat Jesus met sy tydgenote die oortuiging gedeel het dat die Tora blywende en normatiewe waarde het. Jesus verskil egter met die Rabbyne veral oor die volgende twee sake.

- Jesus verwerp die wyse waarop die Rabbyne die wet interpreteer, aangesien hulle die wet daardeur ontkrag.
- Jesus verwerp hulle hoogmoed. Hulle het toegelaat dat geleerdheid 'n voorvereiste vir deelname geword het, so het hulle baie mense uitgesluit van volle deelname aan die gemeenskap van gelowiges. Die omvang van die interpretasie van die wet (Halaga) het die gewone mens (am ha-aretz) meer en meer afhanklik gemaak van die Skrifgeleerdes. Iemand moes 'n lewenslange student word om volle geregtigheid voor God te bekom (a.w.:172).

Die Christelike kerk sien hulleself later nie as 'n party binne die judaïsme as voortsetting daarvan nie, maar as die enigste ware Israel volgens die profesieë van Ou Testament. In Jesus Christus het 'n totale nuwe tyd aangebreek vir die volk van God (Neusner, 1991:18,19). Neusner (1989:246) waarsku dat gewaak moet word teen 'n omgekeerde Marcionisme waar, nie die Ou Testament ter wille van die Nuwe Testament verwerp word nie, maar die betekenis van die Ou Testament verskraal word ter wille van die Rabbynse geskrifte. Wanneer gevra word na die betekenis van die onderrig in die sinagoge, moet sowel die Christendom se verbondenheid met die Judaïsme as die radikale onderskeid tussen Jodendom en Christendom in ag geneem word.

7.2 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

Die doel van die hoofstuk is om vas te stel wat die grondslag, subjek, doel en wyse van onderrig in die sinagoge was in die tydperk vanaf die ballingskap in 586 vC. tot met skeiding tussen die sinagoge en die Christene in ongeveer 66 tot 70 nC. Die invloed van die onderrig in die sinagoge op die onderrig in die vroeg-Christelike kerke sal ondersoek word. Verder sal daar in hierdie ondersoek gepoog word om dit wat in die sinagogale - onderrig van belang is vir die onderrig in die kerk vandag te ontgin.

7.3 GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

7.3.1 DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VIR DIE ONDERRIG

Die presiese ontstaantyd van die Sinagoge kan tot dusver nie bepaal word nie (Sanders, 1992:198; Levy, 1963:6). Die onderrig wat in die Sinagoge gegee is, het egter voortgevloei uit die oortuiging van God se volk dat die Tora onderrig moet word, sodat hulle as heilige volk sal bly voortbestaan (Schürer, 1979:415; Safrai, 1987:102; Sanders, 1992:195,196) en dat God se volk gereeld hiervoor moes vergader (Finkelstein, 1975:3-8). Hierdie oortuigings het hulle oorsprong in die verkondiging van die Ou Testament. Wanneer God Homself aan Moses openbaar en sy voorneme te kenne gee om sy volk uit Egipte te lei, gee Hy dadelik ook aan Moses opdrag om die oudstes van die volk te vergader (חֲזָנִים) en aan hulle God se openbaring deur te gee (Eksodus 3:16; vergelyk ook Eksodus 35:1). Ook in Deuteronomium 4:10 kry Moses die opdrag om die volk te versamel (קָהָל) sodat God hulle kan leer om Hom te vrees. In Deuteronomium 5:1 roep (קָהָל) Moses die volk bymekaar om hulle aangaande die verbond van God te onderrig. In die Mishna (Abot, 1:1) word die oorlewering van die Tora so beskryf, "Moses het die Tora by Sinai ontvang en dit aan Josua oorgelewer, Josua aan die oudstes en die oudstes aan die profete; en die profete het dit aan die manne van die Groot Sinagoge (הַגָּבֹהֹת הַגְּדוֹלוֹת) oorgelewer. Hulle het drie

dinge gesê: Wees noukeurig in jou oordeel, maak baie dissipels en plaas 'n heining rondom die wet". Josephus (Aion, 2, 17) en Philo (Vita, Moses 2,39) Moses toe.

Goldman (1975:1) sê dat die fondament van groepsonderrig in Deuteronomium 6:6,7 gelê is. In die Talmud (Yalkut Shimoni) word gesê dat hierdie vers die opdrag inhou dat die woorde van Moses daaglik op vasgestelde tye bestudeer moet word. Die ouers in die besonder moet die Tora bestudeer, sodat hulle hulle kinders kan onderrig (Morris, 1937:4,6,21). In Deuteronomium 31:9-13 word verhaal hoe Moses die wet opgeskryf het en dit aan die priesters en die oudstes oorhandig het. Hy gee opdrag dat die wet elke sewe jaar tydens die huttefees gelees moet word voor die hele volk wat mans en vrouens en kinders insluit (vers 12). Die doel van die byeenkoms en die lees van die wet is, dat elkeen wat dit hoor, kan leer om die Here te vrees en sorgvuldig sy wet te onderhou. Die kinders word uitgesonder in vers 13 - hulle moet hoor en leer.

Daar word in vers 9 klem daarop gelê, dat die priesters aan wie die wet oorhandig word, die verbondsark gedra het. Die wet het naamlik ook in die verbondsark gelê. Wet en verbond word direk aan mekaar verbind (vergelyk 6.4.1.2.1 van hierdie studie). Onderrig in die wet is ook verbondsonderrig.

Uit ander Skrifgedeeltes is dit duidelik dat dit staande praktyk geraak het dat priesters en ander mense verbondsonderrig aan die vergaderde volk gegee het (Morris, 1937:8):

- In 2 Kronieke 17 word koning Josafat se hervorminge beskryf. Hy stuur onder andere van sy amptenare, saam met priesters en Leviete om in die stede van Juda te onderrig (vers 7). "En hulle het in Juda onderrig gegee met die wetboek van die Here by hulle, en in al die stede van Juda rondgegaan en onder die volk onderrig gegee" (vers 9).
- Uit Nehemia 8 word dit duideliker wat waarskynlik by hierdie onderriggeleenthede gebeur het. In Nehemia 8 word gesê dat mans en vrouens en almal wat kon verstaan bymekaar gekom het en dat Esra die priester uit die wetboek voorgelees het. Daarna het Esra die Here geloof, die volk het geantwoord met "Amen, amen !

met opheffing van hulle hande" en hulle het saam die Here aanbid. Daarna het die Leviete die volk onderrig sodat hulle die gelese gedeelte kon begryp.

In teenstelling met Goldman (1975:5) wat slegs klem plaas op die onderrig, wat die volwassenes ontvang het, is dit opvallend dat die kinders telkens teenwoordig is by hierdie byeenkomste (vergelyk Nehemia 3:4 : "Mans en vrouens en die wat kon verstaan", dit wil sê, ook elke kind wat reeds kon begryp wat daar gesê word; vergelyk ook Joël 2:15,16).

Ook die profete was leermeesters van die volk (Hosea 4:6; Jesaja 1:3; 50:4 Esegïël 2:7) en het die betekenis van God se verbond met sy volk vir die aktuele situasie verkondig. Die profete het waarskynlik hulle onderrig in openbare plekke en privaat huise gegee waar 'n groep mense rondom hulle vergader het (Goldman, 1975:5; Gutmann, 1975:6).

Die onderrig wat hulle ontvang het van die priesters, profete en ander mense was dus 'n onlosmaaklike deel van Israel se lewe. Die volk was daarvan oortuig dat die mens deur sy hele lewe onderrig moet ontvang in die Tora (Mishna, Abot: 1.4; 1.6; 1.15; 1.16; 2.7; 2.12; 2.14; 3.2; 3.3; Josephus, Against Apion 2.17).

Die Tora het sentraal gestaan in die onderrig van die priesters en die profete. Ook in die onderrig, wat in die Sinagoge gegee is, het die Tora sentraal gestaan. Hiervan getuig Jakobus in Handeling 15:21: "Want van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy elke sabbat in die sinagoges gelees word".

Die sinagoge het waarskynlik gegroei uit die byeenkomste rondom die verbondsonderrig van die priesters en die profete. Die belangrikheid van hierdie byeenkomste het, veral na die vernietiging van die tempel en die ballingskap, toegeneem. Die volk kon nie meer offer nie, want die offers kon net in die tempel in Jerusalem gebring word. Die Jode was nou afgesny van die gemeenskap met God. Die voorgeskrewe en aanvaarde wyse om tot God te nader, om sy hulp en leiding te verkry, om Hom te

loof en dank en om die feesdae te onderhou, was nou onmoontlik. Vir hierdie situasie moes 'n radikale oplossing gevind word. Millgram (1971:64,65) gee 'n geloofwaardige rekonstruksie van die ontwikkeling van die sinagoge vanuit byeenkomste van Jode wat

spontaan in die vreemde rondom die profeet en priester vergader het. Die profeet of priester kon hulle dan uit die Skrifte vertroos en die oorsake van die ballingskap aantoon. Oral het die volk gereeld bymekaar begin kom om die wet en die profete te bestudeer (Duvenage, 1975:408; Schrage, 1971:810-812; Gutman, 1975:52-54; Goldman, 1975:11,12; Sanders, 1992:198; Philo, Embassy, 132,134,152,155).

Die grondslag van die onderrig in die sinagoge was dus gehoorsaamheid aan God se opdrag om sy verbond te onderhou en Hom in liefde te dien deur sy wet te ken en te gehoorsaam.

7.4 SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

7.4.1 DIE PRIESTERS EN PROFETE AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG IN DIE SINAGOGE

Die profeet en priester wat oor soveel jare die geestelike leiers van die volk was, het spontaan hierdie funksie voortgesit in die ballingskap. Esegïël is die duidelikste voorbeeld van 'n profeet wat sy verkondiging in die ballingskap voortgesit het. Hy word 597 vC. deur Nebukadnesar saam met koning Jojagin en ander Israëliete na Babel weggevoer. Hier in die vreemde verkondig Esegïël eers aan die volk die algehele ondergang van Juda om daardeur alle ongegronde verwagtinge die nek in te slaan. Daarna, toe die slag gelewer is, bring hy aan hulle 'n boodskap van troos en herstel (Aalders, 1955:11). In Esegïël 20:1 lees ons hoe daar van die oudstes by Jeremia vergader om hom te raadpleeg.

Die profeet het dus aanvanklik sy posisie as leraar van die volk behou. Deur sy onderrig aan die ballinge het hy ook bygedra tot die vorming van die sinagoge.

Dat die priesters en Leviete ook 'n besondere plek beklee het in

die onderrig van die volk, word duidelik uit die boek Nehemia. Esra was beide priester en skrifgeleerde. Hy keer in 458 vC. na Jerusalem terug saam met 'n tweede groep van die volk wat teruggekeer het. Vanweë sy hervormings word die wet weer gereeld gelees en vir die volk verklaar (Millgram, 1971:68). Hierdie taak word spontaan deur hom en die Leviete gedoen, waaruit afgelei kan word dat dit vir hulle nie iets nuuts was nie. Sanders (1992:170-182) toon aan dat die priesters ook gedurende die tydperk na die voltooiing van die tweede tempel voortgegaan het om die volk in die sinagoges te onderrig. Hiermee verwerp hy die teorie dat skrifgeleerdes wat nie priesters was nie, sedert 200 vC. die onderrigtaak ten volle by die priesters oorgeneem het. Priesters het saam met ander voortgegaan om die volk te onderrig (Swift, 1919:80; Schürer, 1979:323; Millgram, 1971: 78,79).

7.4.2 DIE SKRIFGELEERDES AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die priesters was aanvanklik die kenners en die bewaarders van die Tora. Gaandeweg het daar egter 'n verandering plaasgevind. Hoe belangriker die Tora vir die volk geword het, hoe meer het die studie en interpretasie daarvan onafhanklik van die priesters geword. Die Tora was die onderrig van God. Kennis van en gehoorsaamheid aan die Tora was net soveel die taak van elke individu as van die priesters. Naas die priesters het gaandeweg 'n groep ontstaan van mense wat hulle verdiep het in die Tora en kenners daarvan geword het (Schürer, 1979:323). Die sinagoge het 'n belangrike rol gespeel in die opkoms van hierdie groep wetsgeleerdes (0' 790) in Israel. Tydens die byeenkomste van die volk is die Tora gelees deur enige man wat Hebreeus kon lees. Aangesien die spreektaal tot 'n groot mate Aramees was (en later Grieks) en die meeste mense Hebreeus moeilik kon begryp, moes daar iemand wees wat die gelese gedeelte vers vir vers vir die volk vertaal. Hierdie was 'n vrye vertaling in die vertaler se eie woorde, gerig op die begrip van die hoorders. Uit hierdie vrye vertaling het gaandeweg die preek as deel van die sinagogale diens ontwikkel (Goldman, 1975:17,18). Hierdie gebruik en die feit dat elkeen, wat die vermoë besit het om Hebreeus te lees of te vertaal, kon voorgaan - het die ontstaan

van die volksleraars

naas die priesters gestimuleer (Sanders, 1992:191,192).

Hierdie mense was gewoonlik ook die oorskrywers van die wet.

Hulle het egter nie blote kopieerders gebly nie. Hulle was teoloë en eksegete wat die Tora verklaar en toegepas het op die konkrete situasie van die volk. Hulle was egter ook juriste wat regsuitsprake moes maak.

So het daar naas die geskrewe Tora, die mondelinge wette van die skrifgeleerdes gegroei. Vir elke situasie, krisis of gewoonte moes hulle uit die Tora die regte weg aanwys. Met elke volgende afleiding het die (aanvanklik) mondelinge toepassing (הלכה) gegroei. Teoreties mag hierdie verklarings en toepassings nie verder gegaan het as die Tora self nie. Daar is gepoog om die skyn van getrouheid aan die Tora te bewaar. הלכה het egter onafhanklike bindingskrag verkry, selfs sonder, dat bewys kon word dat dit op die Skrif berus (Fairweather, 1926:69, Schürer, 1979:343). Hulle oortuiging dat die wet verskans moes word deur dit in altyd groter detail uit te spel, het daartoe gelei dat die Bybelse beginsels deur mensgemaakte wette verdring is. Die volk is belas met uiterlike nakoming van wette waarvan hulle die onderliggende Bybelse waarheid nie geken het nie.

Tradisie wil dit hê dat Esra 'n georganiseerde liggaam van geestelike leiers saamgestel het waaruit die skrifgeleerdes gegroei het. Hierdie liggaam is genoem die Manne van die Groot Sinagoge. Hulle sou, volgens die oorlewering, seënformules en gebede opgestel het waardeur Israel onderrig is (Talmud, Berakhot 33a; Megila 17b). Daar is nie baie bekend oor die bydrae van hierdie liggaam tot die onderrig van Israel nie (Millgram, 1971:71). Hulle opvolgers, die Fariseërs, se werk is egter duidelik gedokumenteer. Die Fariseërs het in hulle huise opgetree "asof" hulle priesters in die tempel is. Hulle hele lewe is gekenmerk deur hierdie "asof". Hulle het geleef "asof" hulle in hulle huise die wette moes nakom wat vir die tempel gegeld het. Toe die tempel in 70 nC. verwoes is, was hulle gereed. Hulle het bloot voortgegaan "asof" daar 'n nuwe tempel was, bestaande uit die Joodse volk (Neusner, 1991:12). Die Fariseërs het 'n groot bydrae gelewer tot die onderrig van die

volk en die bewaring van die volkseie teenoor die Hellenistiese invloede. Hulle het besef dat kennis van die Tora noodsaaklik is om die volk te help om hulle identiteit te behou (Spoelstra, 1990:4). Onder hulle leiding het die onderrig in die sinagoge gegroei tot waar dit vir elke lid van die volk toeganklik was (Goldman, 1975:12).

7.4.3 DIE VOLK AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG IN DIE SINAGOGE

Sanders (1992:200-202) beskryf die binnekant van 3 Sinagoges wat dateer uit die tydperk voor 70 nC. Uit die rangskikking van die sitplekke kom hy tot die gevolgtrekking dat die klem baie sterk geplaas is op die gemeente se deelname. Bevestiging van die deelname van die gemeente word gevind in Markus 1:14,15; 6:1-5 en Handeling 13:15 waar Paulus en Jesus uit die midde van die gemeente kom om die onderrig waar te neem. Tot sewe mense kon deelneem aan die voorlesing op die Sabbat (Mishna, Megillah 4:2). Enige-iemand wat in staat was om Hebreeus te lees kon die voorlesing en vertaling waarneem, selfs kinders (Mishna, Megillah 4:6). Selfs die armste mense (met flenter klere) kon deelneem aan die erediens deur die volk voor te gaan in die belydenis (Shema) (Mishna, Megillah 4:6). Op elkeen, wat die Tora bestudeer, het die verpligting gerus om ander daarin te onderrig. Tora wat geleer is, maar nie onderrig is nie, is nutteloos.

Die volk was dus subjek van die onderrig.

7.4.4 OUIERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG IN DIE SINAGOGE

Die onderrig van die kind was in die tydperk van die eerste ballingskap tot 70 nC. grootliks in die hande van die ouers (Morris, 1937:4,11,21; Schürer, 1979:418; Swift, 1919:50; Goldman, 1975:2). Die familie het die beste omgewing geskep vir die onderrig van die kind. Die gesin was die basiese eenheid van die Joodse opvoeding. Die seun was hoofsaaklik in die hande van sy vader vir sy opvoeding en die dogter in die hande van haar moeder. Die onderrig van die kind het begin sodra hy/sy kon praat. Die kind het ook van kleins af deelgeneem aan die

huisgodsdiens en sinagogale diens.

Die onderrig, wat kinders van ander mense ontvang het, was grootliks beperk tot onderrig deur die voorlesing en verklaring van die wet tydens die volk se byeenkomste in die sinagoge asook onderrig op informele wyse (Carpenter, 1988:25). Dit is moontlik dat daar reeds privaat onderwysers was waar die kinders van gegoede mense onderrig gekry het, maar die getuienis daarvoor is nie betroubaar nie (Morris, 1937:4). Die eerste getuienis van 'n beweging na formele onderrig (Talmud, Baba Batra 21a), getuig van die ouer se primêre rol in die opvoeding van die kind. Ene Simon ben Shetah het in 75 vC. 'n verklaring uitgereik dat alle seuns bo 7 jaar skool toe moet gaan. Volgens hierdie aanhaling uit die Babiloniese Talmud het verpligte skoolonderrig ontwikkel omdat sommige kinders (byvoorbeeld weeskinders) nie in die huis onderrig is nie en daar vir hulle onderrig voorsiening gemaak moes word. Die nalatigheid van ouers om hulle kinders te onderrig het ook as 'n verdere stimulus gedien vir die totstandkoming van georganiseerde, afsonderlike onderrig aan kinders deur mense anders as ouers (Swift, 1919:95; Drazin, 1940:43; Carpenter, 1988:48-50). 'n Verdere oorsaak van die ontwikkeling na georganiseerde gesamentlike onderrig was die omvang wat die mondelinge tradisie gaandeweg aangeneem het, en die aandrang van die skrifgeleerdes dat die kinders ook in die mondelinge tradisie onderrig moes word. Die skrifgeleerdes het soveel bepalinge rondom die wet gemaak, dat ouers nie meer op hoogte kon bly nie en daarom hulle kinders aan skrifgeleerdes moes toevertrou. Die feit dat die Hebreeuse taal in onbruik verval het sodat vele vaders dit nie meer kon lees of verstaan nie, het die onderrig uit die Tora (wat net in Hebreeus beskikbaar was) onmoontlik gemaak in die huisgesin (Carpenter, 1988:80-83).

Hierdie verandering in die gevestigde, oorgelewerde, Bybelse gebruik, naamlik dat dit die ouer se taak is om geloofsonderrig te gee, het om regverdiging gevra. Die Fariseërs het hierdie regverdiging gevind in Deuteronomium 11:19. Om hulle eksegeese te laat klop moes hulle 'n ingrypende en skrifkritiese kwinkslag toepas. Hulle het die vokale in die Skrifgedeelte verander

sodat die woorde se betekenis verander het van "Julle moet hulle leer" na "Julle moet hulle bestudeer". Verder het die Fariseërs Jesaja 2:3 "Want uit Sion sal die wet uitgaan en die Woord van die Here uit Jerusalem" buite verband aangehaal om hierdie verandering te regverdig.

Hieruit is dit duidelik dat die oordrag van die geloofsopvoeding van die kind vanaf ouer na leermeester, nie bybels verantwoord was nie. Hierdie oordrag was eerder 'n verkeerde antwoord op 'n krisis, sonder dat die werklike probleem naamlik liefdeloosheid teenoor weeskinders, ouers se agtelosigheid, 'n taalprobleem en wettisisme, aangespreek is.

Op hierdie wyse het eers die Bet ha-midrash (huis van studie) as skool vir seuns vanaf 15 jaar ontstaan en later die Bet ha-sefer (huis van die boek) as skool vir seuns vanaf 6 jaar oud. Daar bestaan egter geen sekerheid dat hierdie proses plaasgevind het voor die skeiding tussen Jodendom en Christendom nie (Cohen, 1987:120).

Die onderrig deur die ouer was dus die ideaal volgens die Woord en tradisie, toe hierdie ideaal egter vanweë omstandighede (byvoorbeeld by weeskinders en deur nalatigheid van ouers) nie bereik kon word nie, het ander persone as plaasvervangers opgetree (Drazin, 1940:43; Carpenter, 1988:51).

Baie Jode het egter bly glo dat die kind aan Jahwe behoort en dat die ouers direk aan Hom verantwoording verskuldig is oor die geloofsopvoeding van hulle kind (Carpenter, 1988:94).

7.4.5 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die priester en profeet het, vanuit die Ou Testamentiese tradisie, tydens die ballingskap en met die terugkeer na Kanaän as subjek van die onderrig bly optree. Die sinagoge het waarskynlik uit die byeenkomste rondom profeet en priester ontstaan.

Die belangrikheid van die studie van die Tora het gaandeweg gegroei by die volk. Meer en meer mense het hulle verdiep in die studie van die Tora. Naas die profete en priesters het 'n groep skrifgeleerdes gegroei wat die volk onderrig het. Hulle onderrig het gaandeweg in wettisisme verloop.

Vanweë die geleentheid wat aan elke lid van die volk gegee is om deel te neem in die sinagoge kon elke persoon wat Hebreeus kon lees, deelneem aan die onderrig in die sinagoge.

Die ouers was in ooreenstemming met die Ou Testament die primêre subjek van die onderrig. Die oordrag van die ouer se taak na die sinagoge het ontstaan, vanweë 'n onvermoë om Bybelse antwoorde te bied op bepaalde probleme, waardeur kinders onderrig ontsê is.

7.5 DOEL VAN DIE ONDERRIG IN DIE SINAGOGE

7.5.1 DIENS AAN GOD MET 'N ONVERDEELDE HART AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die shema (Deuteronomium 6:4-5) het sentraal gestaan in die godsdienst van die Sinagoge (Sanders, 1992:195). Israel word hierin opgeroep om God met 'n onverdeelde hart te dien. Dit word onder andere bereik deur voortdurend die gebooe in gedagte te hou, daaroor te praat en hulle kinders daarin te onderrig. In praktyk het die Jode gepoog om hierdie opdrag uit te voer deur elke dag die shema twee keer op te lê (Mishna, Berakhot 1.1-3). Uit die Dooie-See-rolle is dit duidelik dat hierdie mense die opsê van die shema as hernuwing van die verbond met God gesien het (1QS10.10; Sanders, 1992:196). Die belang van die shema word ook duidelik uit die gebruik om Skrifgedeeltes aan deurklosse en arms vas te maak (Sanders, 1992:196).

Wanneer 'n kind vier jaar oud geword het, moes die vader aan hom die shema begin leer en verduidelik (Babiloniese Talmud Sukkah 42a; Carpenter, 1988:44). Die verkorte shema (Deuteronomium 6:4; 33:4) was die belydenis van Israel (Carpenter, 1988:44) waardeur elke Israeliet aangespoor is om God met 'n onverdeelde hart te

dien.

Die doel van die onderrig was dus om die kind te begelei om God met 'n onverdeelde hart te dien.

7.5.2 VERERING VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Na die vernietiging van die tempel kon die volk God nie meer vereer en sy aangesig opsoek deur offers aan Hom te bring nie. In die plek van die offers het die studie van die Tora gekom as wyse waarop God vereer en met Hom gemeenskap beoefen kan word (Goldman, 1975:31). Wanneer die Jood gaan sit het om die Tora te bestudeer, het hy 'n heiligdom geskep waar hyself die priester was wat die kommunikasie met God bemiddel het. Op hierdie wyse het studie 'n plaasvervanger vir die tempeldiens geword.

Heschel (1972:42) sê hieroor: "Genuine reverence for the sanctity of study is bound to invoke in the pupils the awareness that study is not an ordeal but an act of edification; that the school is a sanctuary, not a factory; that study is a form of worship."

Die onderrig het dus ten doel gehad om die kind te begelei om God te verheerlik deur toegewyde bestudering van God se Woord sowel in die sinagoge as individueel.

7.5.3 KENNIS VAN DIE WOORD VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Josefus (Apion 2.175) sê dat Moses opdrag gegee het, dat die volk een maal per week moet vergader om na die wet te luister en om 'n deeglike en akkurate kennis daarvan te bekom (vergelyk ook Philo, On the creation of the world, 128; Apion 1,12; 2,18; Legat 16,31). Hierdie oortuiging is deur die Jode uitgeleef deur die weeklikse byeenkomste in die sinagoge waar die wet gelees en uitgelê is. Hier het hulle as volk van God onderrig ontvang (Philo, Embassy 155 ev.). 'n Kind moes van sy/haar vierde jaar die ouers vergesel na die Sinagoge (Carpenter, 1988:44). 'n Seun moes sodra hy te groot was om op sy pa se skouers van Jerusalem na die tempel te ry, teenwoordig

wees in die tempel tydens die Pasga, Pinkster en Huttefeeste (Mishna, Hagiga 1,1).

Wilson (1989:279) sê aangaande die kennis van God se Woord as doelwit van die onderrig: "The primary purpose of education in Bible times was to train the whole person for lifelong, obedient service in the knowledge of God". Die doel van die onderrig was 'n lewe toegewy aan God. Vir hierdie toewyding was kennis aangaande God se daad in die geskiedenis noodsaaklik asook 'n voorneme om volgens God se gebooie te leef. Die vader moes die historiese en etiese erfenis aan die kind oordra (Talmud, Kiddushin 29a). "Thus, of all the 613 commandments found in the Tora, none was more important for understanding the Jewish heritage of learning than these words: 'Teach them to your children and to their children after them' (Deut.4:9; cf. Ps 78:1-8)" (Wilson, 1989:280).

Die doel van die onderrig was dus onder andere om kennis oor te dra wat die kind sou aanspoor en in staat sou stel om 'n lewe te leef, toegewyd aan God.

7.5.4 DIE DOEN VAN DIE WET VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Wanneer die godsdiens van die Jode vergelyk word met die heidense godsdienste, kom daar 'n belangrike doel van die onderrig na vore. Die heidense godsdienste het ten volle opgegaan in die kultus. Die belangrikste saak in hierdie kultus was om die voorgeskrewe, dikwels ingewikkelde, kultushandeling korrek te volvoer (Sanders, 1992:190). Hierteenoor was die Joodse godsdiens 'n godsdiens van eenvoud. Die kultushandeling was blote middele waardeur God gedien is en waardeur die liefde vir en toewyding aan God uitgedruk is. Die Joodse godsdiens het nie by die uiterlike kultushandeling gestop nie, maar het elke deel van die lewe ingesluit. Hierdie klem op die uitlewing van die godsdiens is oorgedra na die sinagoge. Die volgende verklaring van Josefus (Apion 1,12; 2,19) illustreer hierdie feit baie goed: "Die grootste deel van die mensdom is inderdaad so ver verwyder daarvan om volgens hulle eie wette te leef dat hulle die wette skaars ken. Wanneer hulle gesondig het, verneem

hulle van ander dat hulle die wet oortree het. Ons hoofdoel met al hierdie dinge is om ons kinders reg op te voed. Ons beskou die uitlewing van die wette wat aan ons gegee is en nakoming van die reëls van vroomheid wat aan ons oorgelewer is, as die noodsaaklikste deel van ons lewe.

Ons wetgewer (Moses) het die twee metodes van onderrig saamgebind. Hy het nie die praktiese uitlewing sonder mondelinge onderrig toegelaat nie en ook nie dat luister na die wet sonder oefening in die praktyk plaasvind nie." Drazin (1940:12) lewer soos volg kommentaar op hierdie woorde van Josefus : "The emphasis of Jewish education is hence not on the pursuit of knowledge and attainment of culture but rather on conduct.". Hand aan hand met die teoretiese onderrig het die oefening in die godsdienstige praktyk gegaan. Alhoewel kinders nie verplig was om die Tora ten volle te onderhou nie, is hulle van hul vroegste jare daarin ingelei. Dit was byvoorbeeld die volwassenes se roeping om toe te sien dat die kind die sabbatsrus onderhou (Mishna Shabbat 16.6). Die kinders is geleidelik gewoond gemaak aan die vas tydens die Groot Versoendag (Mishna Yoma 8:4). Dit is gedoen deur hulle saam met die volwassenes te laat vas twee jaar voor dit verpligtend sou wees vir hulle. Sekere handeling was ook vir die kinders verpligtend. Hulle is nie gevra om die Shema te lees of om tefillin te dra nie, maar hulle moes die Shimoneh Esreh kon opsê en die seën vra aan tafel (Mishna, Berakhot 3.3.; Schürer, 1979:420).

Joodse onderrig was ook nooit iets wat los van die lewe gestaan het nie, iets wat bloot die kind vir die lewe moes toerus en daarna nutteloos was nie. Joodse onderrig was sinoniem met die lewe (Sanders, 1992:191). Die wese van die onderrig in die sinagoge word uitgedruk in die woorde van Spreuke 22:6: "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy ook as hy oud word, daarvan nie afwyk nie". (Drazin, 1940:12). Tydens die sinagogale erediens kon die kind die wet hoor asook die verstaanbare verklaring daarvan.

Die feit dat die Joodse godsdienst die geskrewe Woord van God as

grondslag gehad het, het daartoe aanleiding gegee dat elke Jood die Woord kon bestudeer. Uit die bestudering van die wet, het toepassing op die lewe gevolg. Godsdienst moes uitmond in die daad tydens elke dag se lewe (Apion 2.171). Kennis van die skepping en die daaglikse lewe is nie aan die kind as losstaande kennis oorgedra nie. Wanneer byvoorbeeld die wette, aangaande kos wat toegelaat of verbode was, geleer is, is daar indirek kennis oorgedra aangaande plante en diere, higiëne en anatomie. Om die Joodse kalender te kon verstaan moes die kind sekere feite aangaande die astronomie bemeester. Wanneer die kind geleer is aangaande toegelate loopafstande op 'n Sabbat, het sekere rekenkundige feite ter sprake gekom. So was die geloofsonderrig geïntegreer met die daaglikse lewe (Carpenter, 1988:168). Die kind het sy beroepsopleiding gewoonlik van sy vader deur vakleerlingskap ontvang (Mishnah, Kiddushin 4:14). Tydens hierdie saamleef en werk het die vader die ideale geleentheid gehad om die opdrag van Deuteronomium 6, om God se wette voortdurend by sy kind in te skerp, uit te voer. Die wette van God kon op die werksituasie, in die hantering van mense, geld en goedere, prakties toegepas word.

Die doel van die onderrig was dus om die kind uit die Woord toe te rus om te kan doen wat die wet van God hom beveel en hom daarin te oefen.

7.5.5 HARTSVERANDERING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG IN DIE SINAGOGES

Abram (1980:155,156) haal die volgende verhaal aan:

"There is a story about a learned man who came to see the Kotzker. No longer young - he was close to thirty - the visitor had never before been to a rebbe. 'What have you done all your life?' the master asked him. 'I have gone through the whole Talmud three times' answered the guest. 'Yes, but how much of the Talmud has gone through you?' Reb Mendl inquired."

Dit gaan dus nie hier oor die hoeveelheid kennis wat die leerling verwerf het nie, maar wat die kennis, wat hy verwerf het, aan hom doen. Die kennis moet sy hart verander en daarmee saam sy gedrag. Neusner (1992:117) sê die Tora was vir die

skrywers van die Mishna nie bloot filosofiese onderneming om feite van die ondermaanse te orden nie, maar "...a gnostic process of changing persons through knowledge". Hieruit is dit duidelik dat die doel van die onderrig die vorming van die leerling is volgens die kennis wat weer en weer bestudeer word.

7.5.6 GETUIENIS EN SENDING AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Neal (1988:169 e.v.) toon dat die opkoms van die sinagoge 'n keerpunt in die Joodse geskiedenis ten opsigte van hulle kontak met ander nasies gebring het. Die sinagoge was 'n ontmoetingsplek tussen Jood en heiden. In die sinagoge was onderrig, gemeenskap, aanbidding en regspraak toeganklik vir elkeen. Die sinagoge het gedien as oornagplek vir vreemdelinge. By die sinagoge is daar aan behoeftiges hulp verleen vanuit goedere wat van die gemeente verkry is. Op hierdie wyse het die Sinagoge 'n brug geword waardeur die Joodse godsdiens na ander nasies versprei is. Kuhn (1968:728-744) ondersoek die betekenis van die begrip *προσήλυτος* in die na-Ou Testamentiese tyd en die begrip *ל* in die Ou Testament. Hy toon 'n betekenisverandering aan. Die begrippe het gegroei van die betekenis "vreemdeling" tot die betekenis "bekeerling". Die betekenisverandering kan toegeskryf word aan die groter sendingywer wat daar by die Jode ontstaan het vanweë hulle kontak met ander volkere tydens die ballingskap. Die Jode wou die volkere begelei om in die Een God te glo en volgens die basiese etiese norme van die Ou Testament te leef. Jesus verwys na die sendingywer van die Fariseërs in Matteus 23:15 "... julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; ...". Die Fariseërs se sendingywer het egter skeefgeloop omdat hulle godsdiens skeefgeloop het.

Vanweë die sendingywer was daar 'n groot groep mense wat wel die Tora wou bestudeer maar, nie kans gesien het vir die besnydenis nie. Hierdie mense is die "godvresendes" genoem. Hierdie mense het later 'n ideale werksveld vir Christene geword (vergelyk Neal, 1988:169-201).

Die onderrig in die sinagoge was dus onder andere daarop gerig

om mense tot bekering en geloof te bring. Die kind in die sinagoge was bewus van hierdie mense en het die onderrig gehoor. So is die kind bewus gemaak van die roeping om ander na God te lei.

Die doel van die onderrig was dus om getuienis te lewer aan mense wat God nie ken nie, maar ook om die gelowiges toe te rus om self getuienis te lewer.

7.5.7 VOORTDURENDE LEER AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Voortdurend leer beteken hier nie "sonder ophou elke oomblik van jou lewe nie", maar gereeld elke dag. In die Rabbynse geskrifte kom herhaaldelik die oproep om 'n vaste tyd af te sonder vir studie van die Tora (Mishna Abot 1:15; Talmud Menahot 99a; Yad Talmud Torah 1:8). In Yad Talmud Torah 2,2 word vereis dat die onderwyser die kinders die hele dag en deel van die nag moet onderrig om hulle so daarin op te lei om dag en nag te studeer. Die doel van die onderrig is hier dus nie in die eerste plek die bybring van sekere kennis nie. Die kind word deur die onderrig geoefen om te leer. Wanneer die kind geleer het om self die tora te bestudeer en dit daagliks te doen, het die onderrig sy doel bereik.

7.5.8 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN ONDERRIG

Die onderrig in die sinagoge en tuis moes die kind begelei om God met onverdeelde oorgawe te dien en so as deel van God se uitverkore volk te leef.

Die onderrig moes die kind kennis gee van God, sodat hy in vertroue op en in noue gemeenskap met God kon leef.

Die onderrig het die kind begelei om te doen wat God beveel en hom daarin geoefen.

Die onderrig was daarop gemik om die kind se hart aan te spreek sodat kennis en daad nie maar uiterlike handeling gebly het

nie, maar getuig van 'n hartsverandering.

Die kind se kennis en hartsgemeenskap met God moes hom ook daartoe bring om ander na God te lei om ook die een en enige God te dien.

Die doel van die onderrig was ook om die kind te begelei om studie 'n permanente deel van sy lewe te maak.

7.6 DIE WYSE VAN ONDERRIG IN DIE SINAGOGE

7.6.1 MONDELINGE ONDERRIG DEUR HERHALING

Aangesien daar voor die vyftiende eeu geen maklike manier was om dokumente te dupliseer nie, was die materiaal wat vir die onderrig gebruik is, skaars. Die onderrig was dus hoofsaaklik mondeling gedoen. In die Ou Testament dui die opdrag om te onderrig telkens op mondelinge onderrig (Eksodus 13:8, Deuteronomium 6:7). Elke les (in die huis of sinagoge) het daarom ook grootliks uit herhaling bestaan. Die begrip mishnah wat die mondelinge tradisie aandui, dra onder andere die betekenis van "herhaal". Die Talmud (Sanhedrin 99a) sê dan ook van iemand, wat die Tora bestudeer, en nie hersien, wat hy geleer het nie, dat hy is soos iemand wat saai, maar nie oes nie.

Herhaling het egter nie beteken dat die stof bloot soos 'n papegaai geleer moes word nie. Die doel van herhaling was om telkens met elke herhaling weer tot nuwe insigte en nuwe toepassings te kom. Die Tora is beskou as die lewende deel van die Joodse tradisie, as kennis wat hul waarde behou, sodat dit telkens opnuut in elke nuwe situasie nuwe betekenis kan kry.

Daar word verskillende redes in die Talmud aangevoer waarom iemand moet herhaal:

- die leerling wat herhaal, sal die stof beter onthou as die een wat nie herhaal nie.
- herhaling skep die moontlikheid, dat die leerling dinge kan begryp, wat hy eers nie begryp het nie.

- herhaling lei daartoe, dat leer 'n gewoonte by die leerling kan word (Abraham, 1980:154,155; Goldman, 1975:56,57).

7.6.2 ONDERRIG DEUR VOORLESING EN VERKLARING IN DIE EREDIENS

Die voorlesing in die gemeentevergadering was die sinagoge se primêre wyse van onderrig. In Nehemia 8 word hierdie praktyk baie duidelik beskryf. Esra, die priester, het in die vergadering van die volk aan hulle die wet van God voorgelees. Saam met die Leviete het hy dit verklaar (vergelyk Esra 7:10). Teenwoordig was elkeen wat met verstand kon luister, en hulle is in die wet onderrig sodat hulle die wet kon verstaan. Uit hierdie gebruik om die wet aan die volk verstaanbaar en toepaslik te maak, het die gebruik gegroei om die volk te stimuleer tot selfstandige nadenke oor die wet (Goldman, 1975:19).

7.6.3 INDIVIDUELE EN GESAMENTLIKE LEER

Die hoogste waarde is geheg aan gesamentlike studie aangesien "die woorde van die Tora nie bly by iemand wat homself beperk tot individuele studie nie" (Talmud, Ta'anit 7a). Die leerling word aangespoor om in groepe te studeer en plekke te besoek waar die Tora bestudeer word, sodat hy nie op sy eie insig sal staatmaak nie (Talmud, Berakhot 63b; Mishna, Abot 4:13). Die kind groei in hierdie wyse van onderrig aangesien hy aanvanklik nog intensief deur iemand anders begelei moet word. Tog het die kind ook 'n plek in die gesamentlike studie gehad. Talmud Ta'anit 7a het hierop betrekking: " Net soos 'n klein stukkie hout 'n groter stuk aansteek, so skerp mindere studente (van die Tora) hulle meerderes op deur hulle vrae." (Vergelyk Goldman, 1975:56-58; Abram 156-160).

Hierdie wyse van onderrig het 'n belangrike rol gespeel tydens die familie se besoek aan die sinagoge. Die kind kon alles in die sinagoge waarneem en hoor, wanneer hy weer alleen by sy ouers is, kon hy hulle vra na die betekenis, van dit wat hy

gesien en gehoor het - so het hy sy ouers opgeskerp en ook self van hulle geleer. Onderrig was dus hoofsaaklik voor 70 nC. in die sinagoge volwasse-onderrig met die veronderstelling, dat die volwassenes die kinders moet onderrig, waar hulle alleen bymekaar is.

7.6.4 LEER DEUR IN DIE PRAKTYK TE BRING

Mishna (Abot 1:17) sê: "... not the learning is the main thing but the doing". Abram (1980:163) sê na aanleiding van hierdie spreuk dat nog leer, nog lewe as onveranderlike groothede opgevat moet word. Hy (Abram, 1980:163) sê verder : "In de Tora worden de leer en het leven op elkaar afgestemd door beide weer te analyseren. Pas door het geleerde in de praktyk te brengen (....) ontdek de leerling wat het geleerde betekent of althans kan beteken en wat de relasie tussen de leer en het leven is of althans kan zijn". Die menslike handeling is nie alleen die vrug van die kennis wat iemand besit nie, maar die handeling op grond van die kennis kan die kennis beïnvloed en nuwe kennis bybring. Die mens kan dus leer deur die kennis, wat hy ontvang het, in die praktyk te bring.

Die kind kan dus onderrig word deur hom daartoe te begelei om dit, wat hy geleer het, in die praktyk toe te pas en terugvoering te gee van dit wat hy bygeleer of watter kennis bevestig is.

7.6.5 ONDERRIG AS HULP IN DIE GELOWIGE SE EIE LEERPROSES

In die Joodse onderrig val die klem nie op die onderrig (deur die leraar gegee) nie maar op leer (deur die leerling). Abram (1980:168) wys daarop dat die Tora eerder 'n saamleer van leraar en leerling ken, as dat die leraar net onderrig (gee) en die leerling net leer (ontvang). Die inisiatief van die kind se studie gaan byvoorbeeld nie van die sinagoge uit nie, in die sinagoge word hulp aan ouer en kind verskaf om die kind te kan onderrig. Omdat ouer en kind oortuig is van die noodsaak van onderrig, besoek hulle die sinagoge. Hierdie oortuiging vloei

voort uit en hang saam met die studie, wat 'n permanente deel van ouer en kind se lewe is.

Ouer en kind maak dus met dankbaarheid gebruik van die hulp, wat aan hulle verleen word, in hulle eie studieprogram.

7.6.6 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG

Mondelinge onderrig, met klem op herhaling, was die vernaamste wyse van onderrig.

Die kind het ook onderrig ontvang van sy ouers. Die ouers is in die sinagoe toegerus vir hierdie taak.

Onderrig het ook plaasgevind in klein groepies, wat saamgekom het om die Tora te bestudeer.

Die kind is aangespoor om dit wat hy geleer het in die praktyk te beoefen aangesien die dóén van wat geleer is opsigself ook onderrig kon inhou.

Die verantwoordelikheid vir die onderrig van die kind het by die ouer berus. Die onderrig in die sinagoge was (noodsaaklike) hulp aan die ouer in die opvoedingstaak van sy kind.

7.7 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG IN DIE SINAGOGES

Die onderrig in die sinagoge het voortgebou op die onderrig van die Ou Testament. Die verbond van God en God se opdrag om die wet te onderrig vorm die grondslag en inspirasie vir die onderrig.

Die priester het, soos in die Ou Testament, steeds 'n belangrike rol gespeel in die onderrig van die sinagoge. Die volk het egter al meer betrokke geraak by die studie en onderrig van die Tora sodat elkeen, selfs kinders kon deelneem tydens die erediens in die sinagoge. Gaandeweg het daar egter 'n groep ontstaan wat hulle baie intensief toegelê het op die verklaring

van die wet, hulle is die skrifgeleerdes genoem. Die skrifgeleerdes en veral 'n groep van hulle, naamlik die Fariseërs, het die onderrigtaak ingepalm en dit vir ander gelowiges moeilik gemaak om deel te neem. Hulle brei die onderrigstof geweldig uit deur 'n massa mondelinge verklarings van die Tora die volk ten laste te lê. Dit het daartoe gelei, dat dit ook vir ouers moeilik geraak het, om hulle kinders te onderrig. Vanweë 'n onvermoë om Bybelse antwoorde te bied op bepaalde probleme het 'n groot aantal ouers hulle verantwoordelikheid gaandeweg aan sinagogeskele oorgedra.

Die doel van die onderrig het baie nou aangesluit by die doel van onderrig volgens die Ou Testament. Die onderrig het egter nog sterker klem (as in die Ou Testament) en 'n nuwe betekenis gekry, aangesien studie van die wet ook die wyse geword het, waarop God vereer kon word, as plaasvervanger vir die tempeldiens. Die onderrig moes die kind begelei om God met 'n onverdeelde hart te dien. Dit kon hy alleen doen as hy God reg ken, as die kennis ook 'n hartsverandering by hom bring en hy daarom God ook met sy daade dien. So lewer hy getuigenis en laat 'n roepstem na ander uitgaan om die een en enige God te dien. Om God so te kan dien moes die onderrig die kind begelei om studie van die Tora 'n daaglikse instelling in sy lewe te maak.

Die onderrig is hoofsaaklik mondeling gedoen en die kind is deur gereelde herhaling begelei tot groeiende insig en kennis. Die kind kon vanweë gereelde bywoning van eredienste in die sinagoge en die hulp van sy ouers sinvol deelhê aan hierdie onderrig. Onderrig het ook plaasgevind tydens informele gesprekke waar twee of drie bymekaar was. Die kind kon leer deur dit, wat hy in die onderrig ontvang het, in die praktyk te bring. Die wyse waarop onderrig is, het die klem gelê op die eie verantwoordelikheid om die wet te bestudeer.

7.8 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE

Onderrig en studie van God se Woord is 'n wyse waarop God vereer word. Die liturgie moet sowel 'n onderrigtende as 'n vererende dimensie hê. Prakties hou dit in, dat byvoorbeeld tydens die

viering van die sakramente seker gemaak moet word, dat almal sover moontlik begryp waaroor dit gaan, sodat elkeen God kan verheerlik oor dit wat beteken en verseël word. Wanneer gesing word, moet seker gemaak word, dat die volle gemeente begryp wat gesing word, sodat hulle tot lof van God kan saamsing. So sal God verheerlik word, sowel deur die onderrig wat plaasvind as die lofoffer, wat deur elke gelowige se hart tot Hom gebring word.

Toerusting van ouers vir hulle taak om hulle kinders te onderrig is van kardinale belang, sodat die ouer se onderrigtaak nie verskraal of oorgeneem sal word deur ander mense nie. Ouers moet gehelp en aangemoedig word om hulle kinders te begelei tot beleving van die erediens. Ouers moet begryp, dat God hulle daar gestel om sorg te dra, dat hulle kinders in die erediens God kan loof en in sy Woord en weg onderrig kan word.

Daar sal weer gekyk moet word na die praktyk van die kategeese vandag. Is die kategeese nie so ingerig, dat dit die ouer passief maak, omdat sy taak skynbaar deur ander verrig word nie ?

"Verpligte" kategeese van jongs af kan moeilik verantwoord word in die lig van die ouer se omvattende verantwoordelikheid. Die kategeese moet slegs aanvullend tot en as hulp van die ouers se onderrig dien, dit mag nooit die eintlike (enigste) onderrig word nie.

Kennisoordrag is 'n belangrike deel van die onderrig. Daar moet egter seker gemaak word, dat die kennis ook hartskennis word, wat aanspoor tot daad en tot getuienis.

Kinders moet die geleentheid kry om ook buite die erediens in klein groepe onderrig te word.

HOOFSTUK 8 ONDERRIG IN DIE OUERSHUIS AS GELOOFSOPVOEDING - NUWE TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE

8.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is om ook in die Nuwe Testament na te gaan wat die taak van die ouer in die onderrig van hulle kinders is. Die resultate van hierdie ondersoek sal dan met dié van die ondersoek in die Ou Testament vergelyk kan word, sodat die unieke karakter van die ouer se onderrig bepaal kan word. Hierdeur sal die ouer se onderrig ook met die ander dimensies van verbondsonderrig vergelyk kan word. Tersaaklike Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament sal nou ondersoek word.

8.2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN EFESIËRS AS ONDERSOEKMATERIAAL

Die Efesiërbrief sal 'n belangrike plek inneem in hierdie navorsing na die verbondsonderrig van die ouer. Dit is daarom belangrik om kortliks die gebruik van hierdie brief as ondersoekmateriaal te motiveer.

Efesiërs kan as geskikte ondersoekmateriaal beskou word, aangesien verskillende dimensies van geloofsonderrig in hierdie brief ter sprake kom (vergelyk Lincoln, 1993:91-142; Schnackenburg, 1991:5,6).

Die opvoeding van ouers aan hulle kinders word direk behandel in hoofstuk 6;

die onderrig van Paulus, as apostel, aan kinders, word ook in hoofstuk 6 weergegee;

die plek en die taak van die besondere ampte ten opsigte van geloofsgroei, word in hoofstuk 4 aangespreek;

die dienswerk van elke gelowige kom in hoofstuk 4 ter sprake; verskillende liturgiese elemente soos gebed (hoofstuk 1,3) en sang (hoofstuk 5) word in verband met groei in kennis en onderrig ter sprake gebring (vergelyk Roberts, 1979:9).

Begrippe wat nou verwant is aan onderrig kom dwarsdeur die hele brief voor (vergelyk: 1:9 - προεφето; 1:13 - ευαγγελειν; 1:17 - σοφια, αποκαλυψεωσ εν επιγνωσει; 1:18 - ειδεναι; 3:19 - γνωσεωσ; 4:13 - επιγνωσεωσ; 4:20 -εμαθετε; 4:21 - εδιδαχθητε; 6:4 - εκτρεφετε.)

Die opbou van die gelowiges word ook in verband met die verbond van God aan die orde gestel. In hoofstuk 2 word die nuwe gelowige se deelkry en opbou in die verbond van God en sy plek in die volk/ huisgesin/ tempel van God bespreek.

Paulus handel in die Efesiërbrief oor die kerk van Christus. Paulus skryf aan mense wat onlangs tot geloof gekom het en so deel geword het van die kerk van Christus (Hendriksen, 1976:62,63). Die brief kan in twee hoofdele verdeel word naamlik hoofstuk 1-3 en hoofstuk 4-6 (Bruce, 1977:21; Schnackenburg, 1991:158; Lincoln, 1993:81). In die eerste deel van die brief (hoofstukke 1-3) word die grondslag van die lesers se verhouding tot God en hulle deelwees van die volk van God bespreek. Dit kan gestel word, dat die eerste drie hoofstukke die identiteit van die gelowiges beskryf, hoe hulle hierdie identiteit van God ontvang het en hoe hulle daarin kan groei (Lincoln, 1993:145-148). In hoofstuk 4 - 6 word beskryf hoe die gelowiges hierdie identiteit konkreet moet uitleef (vergelyk Lincoln, 1993:82). Omdat leer (dogma) en praktyk in hierdie brief byeengebring word, is dit doeltreffende ondersoekmateriaal vir hierdie studie. Hierdie studie wil juis die praktyk van kategeese op die fondament van die beginsels uit God se Woord, ondersoek.

Efesiërs sal dus nou, saam met enkele ander Skrifgedeeltes, ondersoek word om die plek van die ouer se onderrig in die geloofsopvoeding van die kind te bepaal.

8.3 GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

8.3.1 DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

8.3.1.1 Efesiërs 6:4 Onderrig deur navolging van God se troue verbondsorg

In Efesiërs 6:4 word aan die vaders opdrag gegee om hulle kinders te onderrig. Hierdie is een van die min gedeeltes in die Nuwe Testament waar 'n direkte opdrag aan ouers gegee word om hulle kinders te onderrig.

Die opdrag aan die ouers is in die eerste plek negatief : moenie julle kinders vertoorn (παροργίζετε) Die positiewe opdrag word uitgedruk met die begrip εκτρέφετε) wat weer nader omskryf word deur die twee begrippe παιδεία en νοθεύειν. Hierdie twee begrippe word nader gekwalifiseer deur die genitief κυρίου. Paulus stel hier dus doelbewus twee sake teenoor mekaar. Om jou kind te vertoorn staan teenoor die opvoeding van die Here. Die betekenis van beide, die positiewe en die negatiewe opdragte, sal duideliker na vore kom wanneer die punt van kontras uitgelig kan word. Die punt van kontras word duidelik wanneer die voorafgaande hoofstukke van Efesiërs ondersoek word. Vanaf Efesiërs 4:17 het Paulus die nuwe lewenswyse aan die jong Christene verduidelik deur dit te kontrasteer met die ou lewenswyse. Die nuwe lewenswyse moet voortvloei uit die kennis van Christus (4:20), uit navolging van God (5:1,2) en uit die vervulling met die Gees van God (5:18). Die groot onderskeid tussen die ou en die nuwe lewenswyse lê daarin, dat die heidene verdwaas en verduister is, en daarom deur hulle eie begeertes beheers word en ten gronde gaan (4:17,22). Dié wat egter nuut gemaak is deur God, span hulle in om die ou lewenswyse af te lê en as nuwe mense te leef (4:23-25). Die nuwe lewenswyse bestaan daarin dat die mens homself nou aan die wil van God onderwerp (5:10,17). Hierdie kontras geld ook in die huweliksverhouding (Efesiërs 5:22-33). Die gelowige word nou deur die Gees beheers en nie deur sy eie begeertes nie daarom kan man en vrou aan mekaar onderdanig wees in gehoorsaamheid aan die Here (Lincoln,

1993:123). Dit kan met reg aanvaar word, dat ook hier in Efesiërs 6:4, dieselfde kontras na vore sal kom, naamlik optrede gemotiveer vanuit die bevrediging van eie begeertes in kontras met optrede gemotiveer vanuit navolging van God. Hierdie waarneming word bevestig deur die feit, dat die positiewe opdrag, opvoeding "van die Here", in kontras staan met opvoeding volgens eie insig.

Die ouer sal sy kind vertoon wanneer hy hom vanuit sy eie insig (of gebrek daaraan) onderrig, gemotiveer deur die soeke na eie belang. Die kind word deur die ouer se soeke na eie belang, aangespoor tot selfhandhawing wat uiting vind in woede.

Die ouer moet dus sy kind opvoed soos die Here hom beveel en nie soos hy wil nie. Die opvoeding soos die Here beveel, is verbondsoopvoeding soos beveel in byvoorbeeld Deuteronomium (waarby hierdie gedeelte aansluit - Bruce, 1977:121; Hendriksen, 1976:263; Schnackenburg. 1991:262).

Die positiewe opdrag aan die ouers sal nou nader ondersoek word.

Die begrip $\epsilon\kappa\tau\rho\epsilon\phi\omega$ kan in die volgende betekenis voorkom (vgl. Louw & Nida, 1988b:80; Louw & Nida, 1988a:249, 463, 464):

- om voedsel te verskaf met die implikasie van voldoende voeding vir 'n beduidende tydperk. In hierdie betekenis word die begrip byvoorbeeld gebruik in Matteus 25:37 om die liefdesorg van gelowiges aan behoeftiges te beskryf. Hierdie sorg word deur die Here gereken as sorg vir Homself en toon dat daar ware geloof in hulle harte was, sodat hulle deel het aan sy Koninkryk. Dit is dus 'n sorg wat die diepste hartsingesteldheid van die gewer daarvan openbaar. In Lukas 12:24 word die begrip $\tau\rho\epsilon\phi\omega$ gebruik om God se troue liefdesorg vir die kraaie aan te dui as vergelyking om die gelowiges te verseker, dat God soveel te meer vir hulle sal sorg. God se getrouheid en liefde word dus deur hierdie sorg openbaar. Deur hierdie sorg kan die een, wat versorg word sy lewe op God rig en hoef hy nie vasgevang te word in 'n angstige soeke om vir homself te sorg nie (Geldenhuys, 1977:358, 359).

- Om totale sorg te verleen wat beskerming teen die bese insluit. In Openbaring 12:14 word die begrip gebruik om God se sorg vir sy volk (die vrou) en sy beskerming teen die Satan (die slang) se aanvalle te beskryf. Hierdie is dus God se omvattende versorging, liggaamlik en geestelik, van sy volk. Die doel van hierdie versorging is die bewaring van die volk, die oorwinning van Satan, en die gevolglike uitvoering van God se raadsplan in die koms van sy koninkryk.

- Om 'n kind tot volwassenheid te begelei deur aan hom alles wat hy geestelik en liggaamlik benodig te verskaf. In Lukas 4:16 word die begrip gebruik om die opvoeding aan te dui wat Jesus as kind ontvang het. In 1 Timoteus 5:10 word 'n vorm van hierdie begrip (ἐκτροφὴν) gebruik om die vereiste aan te dui vir die weduwees wat gekies kan word, naamlik dat sy haar kinders goed grootgemaak het.

Dat die begrip ἐκτρέφω in al drie hierdie betekenismoontlikhede verstaan moet word in Efesiërs 6:4, is duidelik uit die feit dat hierdie drie betekenismoontlikhede ook deurlopende temas in Efesiërs is.

Ten opsigte van die eerste betekenismoontlikheid naamlik liefdevolle en troue sorg: God se liefdevolle en troue sorg kom duidelik na vore daarin, dat Hy "ons geseën het met alle geestelike seëninge, wat daar in Christus in die hemele is" (1:4). Hierdie seëninge word nader beskryf met onder andere die uitverkiesing (1:4) die openbaring van sy wil (1:9), die verseëling met die Heilige Gees (1:13), die wedergeboorte (2:4-6), die deel kry aan die volk van God (2:11-19) en ook die gawes wat Christus aan sy gemeente gegee het (4:4-12). Al hierdie seëninge vloei voort uit God se liefde en barmhartigheid (1:6; 2:4,8).

Wat die tweede betekenismoontlikheid betref, naamlik totale versorging met die oog op die koms van die koninkryk: Paulus stel dit in sy brief duidelik, dat hy skryf oor die uitvoering van God se ewige raadsplan (1:4) en dat die gelowiges aan wie hy skryf 'n besondere moment in die koms (gang) van God

se koninkryk beleef (1:7-10; 2:13-22; 3:1-7). Hy maak dit ook duidelik, dat al hierdie genade "eindelik" (6:10), ook moet dien as toerusting vir die worstelstryd teen die duiwel en sy magte (6:10-18). Ook in Efesiërs 5:22-33 kom hierdie tema duidelik na vore. Die einddoel van Christus se liefdesorg vir sy gemeente is om die gemeente voor God te stel, "verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergliks, maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees".

Wat die derde betekenismoontlikheid betref, naamlik totale versorging en voorsiening in alle behoeftes:

Hierdie tema kom die duidelikste na vore waar die verhouding van Christus tot sy gemeente belig word met die beeld van die huwelik tussen man en vrou (Efesiërs 5). Die begrip $\epsilon\kappa\tau\rho\epsilon\phi\omega$ kom ook in Efesiërs 5:29 voor, waar dit gebruik word om die versorging te beskryf, wat die man aan sy vrou moet gee as uiting van sy liefde. Die begrip beskryf daar ook die versorging van die gemeente deur Christus. Dit is 'n versorging wat, voortvloei uit onbaatsugtige liefde, 'n versorging wat geen beloning verwag nie, soos die mens vir sy liggaam sou sorg (Allen, 1982:298-300). Efesiërs 5:22-33 is nou verbonde aan Efesiërs 6:1-9. Sowel Efesiërs 5:22-33 as Efesiërs 6:1-9 dien as 'n praktiese illustrasie hoe mense leef, wat vervul is met die Gees van God (4:18,21) en daarom aan mekaar onderdanig is in die vrees van God (Lloyd-Jones, 1974:237; Roberts, 1983:165). Die begrip $\epsilon\kappa\tau\rho\epsilon\phi\omega$ druk dus sowel die liefdevolle sorg van die geesvervulde man teenoor sy vrou uit as die sorg van die geesvervulde vader teenoor sy kind waardeur hy uit ontsag vir God aan hulle diensbaar word.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die betekenismoontlikhede van die begrip $\epsilon\kappa\tau\rho\epsilon\phi\omega$ die volgende praktiese betekenis inhou vir die opvoeding van die ouers: Die ouers se opvoeding moet:

- voortvloei uit 'n troue liefde vir hulle kinders waardeur hulle hulleself aan die kind openbaar en aan die kind die nodige sekerheid verskaf dat die kind, los van bekommernis oor kos en klere of geborgenheid en liefde, God kan leer ken en dien (God se koninkryk kan soek).

- die kind beskerm teen en toerus vir die aanslae van Satan. Die kind se vordering in heiligmaking werk mee aan die koms van God se koninkryk.
- in gehoorsaamheid aan God, deur onbaatsugtige liefde, hulleself diensbaar stel aan die voorsiening in elke behoefte van die kind.

Die ouer voed dus sy kind op in navolging van die Drie-enige God. Die ouer moet die troue liefde van die Vader aan sy kind betoon, deur die krag van die Heilige Gees moet hy sy kind toerus en soos Christus moet hy bereid wees om homself vir sy kind te offer.

Die ouer se opvoeding vloei dus voort uit en is gegrond op God se troue verbondsorg.

8.3.1.2 Efesiërs 6:4b Opvoeding gegrond op God se tug en vermaning

Die begrip $\piαιδεια$ het die betekenis van "to provide instruction, with the intent of forming proper habits of behavior" (Louw & Nida, 1988:414). Hierby sluit Bertram (1967:620) aan wanneer hy sê dat in Handeling 22:3 en Romeine 2:19 met die begrip $\piαιδεια$ nie na die intellektuele verstaan van die wet verwys word nie, maar na die praktiese beïnvloeding van die lewe en optrede.

$\piαιδεια$ is praktiese rigtinggewende leiding. Dat $\piαιδεια$ hier in Efesiërs 6:4 verstaan moet word as begeleiding van die kind om 'n bepaalde lewenswyse aan te leer, word duidelik uit die plek van hierdie vers in die brief. Hierdie ouers (wat nou die opdrag ontvang om hulle kinders op te voed) kom uit die heidendom, hulle het eers geleef (gewandel 4:17) volgens die lewenswyse van die heidene. Nou het hulle egter Christus leer ken (4:20) en die roeping waarmee God hulle geroep het in Christus (4:1). Hierdie verandering, wat God in hulle teweeggebring het deur aan hulle die nuwe lewe te skenk (2:4-6), dra vrug in hulle lewe. Die verandering het meegebring, dat hulle voortdurend die vorige lewenswandel moet aflê, nuut moet word in hulle gesindheid en oortuiging, en hulle met die nuwe

mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid (4:22-24). Hulle het baie goed begryp wat dit beteken om 'n bepaalde lewenswyse aan te leer (Lincoln, 1993:94). Hulle sou na alle waarskynlikheid die begrip παιδεία verstaan het as 'n opdrag om die verkeerde lewenswyse aan die kinders uit te wys, die kinders te leer hoe hulle oor bepaalde sake moet dink en voel, en die regte lewenswyse by hulle in te skerp.

Die begrip νοουθεσίᾳ het basies dieselfde betekenis as παιδεία maar die klem val meer op die voorligting oor die regte lewenswyse teenoor die meer praktiese begeleiding aangaande gewoontes wat deur παιδεία geïmpliseer word (Louw & Nida, 1988:414). Adams (1970:44-50) wys drie basiese betekenisvelde van die begrip νοουθεσίᾳ uit. Νοουθεσίᾳ veronderstel:

- 'n probleem by die persoon wat onderrig moet word, God wil iets in daardie persoon verander.
 - mondelinge gesprek tussen dié een wat begelei word en die begeleier.
 - dat die voordeel van die een wat begelei word, gesoek word.
- Dus nie straf nie maar konfrontasie met die oog op hulp vanuit liefde.

Hierby kan ook die betekenismoontlikheid van waarsku om van die kwaad te red, gevoeg word (Louw & Nida, 1988:415).

Die kind word dus deur die παιδεία prakties begelei om die regte lewenswyse aan te kweek. Hy word ook deur die νοουθεσίᾳ in persoonlike gesprekke ingelig oor en begelei in God se wil vir sy lewe - dit sluit in waarskuwing vir die kwaad en raad tydens problemsituasies.

Hierdie νοουθεσίᾳ en παιδεία is "van die Here". Die begrip "van die Here" kan as 'n subjektiewe genitief verstaan word (Bertram, 1967:624). Die betekenis kan dan soos volg weergegee word (Wilson, 1978:124; MuBner, 1982:163):

- die tug en vermaning wat van die Here kom deur die ouer (inhoud)
- die tug en vermaning soos die Here dit toepas (wyse)

Die ouer mag dus nie maar na eie goeë dinge die kind opvoed nie, hy is slegs maar instrument om die Here se opvoeding aan die kind te verskaf. Die opvoeding, wat die ouer aan die kind gee is dus gegrond op die tug en vermaning van die Here.

Telkens in hierdie ondersoek is verwys na die regte lewenswyse wat deur die $\nu\omicron\upsilon\theta\epsilon\sigma\iota\varsigma$ en $\pi\alpha\iota\delta\epsilon\iota\alpha$ aan die kind oorgedra moet word. Hierdie lewenswyse is die lewenswyse van die mense wat deel gekry het aan die verbond van God. In Efesiërs 1:11 en 2:11-22 verduidelik Paulus aan hierdie mense, wat pas uit die heidendom tot geloof gekom het, dat hulle nou deel geword het van die volk van God. Hulle was vroeër sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang. Nou het hulle egter naby gekom, hulle het toegang deur die Gees tot die Vader. Hulle is nou medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. Die Here wie se tug en vermaning hulle aan hulle kinders bedien, is die God van die verbond. Sy tug en vermaning is bedoel om die verbondsverhouding te dien. Die tug en vermaning, wat die ouers aan die kinders bedien is dus gegrond op God se verbond.

8.3.1.3 Efesiërs 1:11 en 2:19-22 Die apostels en profete as grond van die onderrig

In Efesiërs 2:20 word die kerk vergelyk met 'n gebou. Hierdie gebou is opgerig op die fondament van die apostels en die profete met Jesus Christus as die hoeksteen. In Hom vind alle bouwerk plaas waardeur die kerk opgebou word tot 'n geestelike huis waarin God woon (Lincoln, 1993:101; Schnackenburg, 1991:122-124).

Die $\nu\omicron\upsilon\theta\epsilon\sigma\iota\varsigma$ en die $\pi\alpha\iota\delta\epsilon\iota\alpha$ waardeur die ouers hulle opvoedingswerk (bouwerk) moet doen, het dus ook die Ou en Nuwe Testament (apostels en profete) as fondament en Jesus Christus as Hoeksteen (Roberts, 1983:74,75). Aangesien hierdie bouwerk deel is van die vervulling van God se verbond, is die verbond uiteindelik die grondslag van die ouers se onderrig.

8.3.2 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

Die onderrig van die ouer is volgens die Nuwe Testament gegrond op God se verbond. Die ouer volg God in sy troue verbondsorg na. Dit hou in dat die ouers se onderrig:

voortvloei uit 'n troue liefde vir hulle kinders en dat hulle in 'n openlike verhouding met die kinders leef, sodat die kind hulle kan ken en liefhê;

aan die kind die nodige sekerheid verskaf sodat die kind, los van bekommernis oor kos en klere of geborgenheid en liefde, God kan leer ken en dien (God se koninkryk kan soek).

die kind beskerm teen en toerus vir die aanslae van Satan;

in gehoorsaamheid aan God, deur onbaatsugtige liefde, hulleself diensbaar stel aan die voorsiening in elke behoefte van die kind;

God se tug en vermaning aan die kind bedien deur hom prakties te begelei om die lewenswyse van God se verbondsvolk aan te kweek, en hom mondeling met kennis toe te rus en te begelei om die probleme op die pad te oorkom;

die kind vanuit die Ou en Nuwe Testament sal onderrig.

8.4 SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

8.4.1 DIE OUERS, DEEL VAN DIE VOLK VAN GOD, AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Paulus rig sy brief "aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo" (Efesiërs 1:1). Later in die brief word die "almal" nader beskryf, onder andere, as die volk van God (1:11), die kerk (1:22; 3:10), Christus se liggaam (1:22; 4:4),

die huisgesin van God (2:19) en 'n heilige tempel vir die Here. Al hierdie gelowiges is tot 'n hegte eenheid saamgebond (4:3). In elkeen werk God bepaalde gawes (4:7) en as elkeen sy bepaalde funksie verrig, bou die liggaam homself op in liefde (4:16). Vir die toerusting van die gelowiges vir hulle diens tot opbou van die liggaam het Christus apostels, profete, evangeliste, herders en leraars gegee (4:11,12). Die doel van die opbou is, dat die gemeente soos 'n volgroeiende mens sal wees, volmaak en volwasse soos Christus, so sal hulle nie meer maklik verlei kan word tot dwaling nie, maar sal hulle in alle opsigte groei na Christus toe (4:15). Op grond daarvan, dat hulle deel is van hierdie groeiende liggaam, doen Paulus in Efesiërs 4:17 tot 6:20 'n beroep op die gemeente om in die praktyk van elke dag te leef vanuit hierdie nuwe lewe wat hulle ontvang het. In Efesiërs 6:1-4 roep hy die gemeente op om in die verhouding van ouers en kinders ook hulle roeping na te kom.

Die ouers moet, vanuit hulle nuwe verhouding tot God en die volk van God, hulle kinders opvoed. Hiervoor ontvang hulle toerusting van, onder andere, herders en leraars (4:11,12) en van die res van die gemeente. Die ouers het as deel van die volk van God die opdrag om die kinders op te voed, daardeur word die hele liggaam ook opgebou. Die ouers word egter uitgelig as die persone, wat in die besonder deur God in staat gestel is, om die kind te bedien, sodat hulle kan groei tot volwassenheid in Christus. Die ouers word dus hier as die primêre menslike subjek van die onderrig aangetoon (Hendriksen, 1976:263).

8.4.2 DIE OUERS AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG VAN DIE EERSTE OOMBLIKKE VAN HULLE KIND SE LEWE

In 2 Timoteus 3:15 sê Paulus aan Timoteus dat hy die Skrif van kleins (βρεφους) af ken. In sommige Skrifgedeeltes word die begrip (βρεφους) gebruik om 'n ongebore kind aan te dui (Lukas 1:41-44), in ander weer 'n baie klein kindjie of baba (Lukas 2:12,16; 18:15; Handeling 7:19; 1 Petrus 2:2). Hendriks (1976:299) sê van βρεφους in 2 Timoteus 3:15 : "he is not thinking only of Timothy's early childhood, but is referring to

Timothy's life from the days of his infancy to this very moment. Throughout that entire period Timothy had known the sacred writing, having learned to know them better and better right along.". Die kind hoor en ervaar sy ouers se lewenshouding reeds terwyl hy nog in sy moeder is. Die Heilige Gees kan reeds voor geboorte in die kind werk (Lukas 1:15, 41-44, 80). Die ouers se taak om die kind te onderrig begin dus reeds van voor die geboorte af.

8.4.3 DIE HERE AS DIE PRIMERE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Aangesien die ouers hulle kinders moet opvoed deur die tug en vermaning van die Here, bly die Here nog die primêre subjek van die onderrig.

8.4.4 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN ONDERRIG

Die ouers is as deel van die volk van God die primêre subjek van die onderrig van die kind.

Die ouers tree van voor die geboorte as subjek van die onderrig op.

Die Here bly die primêre subjek van die onderrig.

8.5 DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

8.5.1 GROEI AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Vanuit die ondersoek na die betekenis wat die begrip *εκτρέφειν* in Efesiërs 6:4 het (vergelyk 8.2.1.1 hierbo), is dit duidelik dat die doel van die ouer se onderrig die totale fisiese en geestelike versorging van die kind is, sodat hy kan opgroei tot volwassenheid. Die liefde van die ouer, wat blyk uit hierdie onbaatsugtige en onverdiende toewyding, is deel van die versorging van die kind.

Dat die groei van die kind tot volwassenheid 'n doel van die onderrig is, is ook duidelik uit Lukas 2:51,52. In Lukas 2:51,52 word Jesus se groei tot volwassenheid beskryf. Hierdie

groei word duidelik in verband gebring met sy ouers se opvoeding, deurdat gesê word, dat Hy aan sy ouers onderdanig was.

Jesus is uniek in sy groei tot volwassenheid. Hy is God. Tog moes Hy as mens die pad loop van kind tot volwassene. Op hierdie weg is ook onderrig gebruik. Aangesien Jesus die volmaakte kind was en tog voluit mens, kan in hierdie ontwikkeling die ideaal gesien word vir die ontwikkeling van elke kind (Geldenuys, 1977:128).

Jesus se ontwikkeling word in die eerste plek met die begrip $\pi\rho\kappa\omicron\pi\tau\omega$ beskryf. Hierdie begrip word in die Nuwe Testament gebruik om 'n ontwikkeling in 'n persoon of groep te beskryf. So word daar in 2 Timoteus 3:13 gesê dat die "goddelose mense sal voortgaan ($\pi\rho\kappa\omicron\psi\upsilon\sigma\iota\nu$) van kwaad na erger". In 1 Timoteus 4:15 moedig Paulus vir Timoteus aan om te leef uit die Woord sodat sy vooruitgang ($\pi\rho\kappa\omicron\pi\eta$) vir almal duidelik kan wees. Die begrip $\pi\rho\kappa\omicron\pi\tau\omega$ dui dus 'n sigbare groei wat daar in 'n persoon se lewe plaasvind (Hendriksen, 1976:160). Dat hierdie groei ook deur ander mense bevorder kan word, is duidelik uit Filippense 1:25 waar Paulus sê, dat hy vertrou, dat hy nog sal bly lewe en dat dit sal dien tot die vooruitgang van die gelowiges in Filippi (Stählin, 1969:715).

Die krag agter alle ware $\pi\rho\kappa\omicron\pi\tau\omega$ is egter die Gees van God (2 Korintiërs 10:15-18, 2 Tessalonisense 1:3). Van Johannes die Doper staan daar geskrywe "En die kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees" (Lukas 1:80). Die kind groei dus ook in die vervulling met en werking van die Heilige Gees.

Hieruit is dit duidelik, dat 'n doel van die ouers se onderrig moet wees, dat daar voortdurend sigbare groei tot geloofsvolwassenheid by die kind moet wees. Hierin kan die kind egter nie passief wees, asof alles van die ouer se kant moet kom nie. Die kind moet geleer word, dat God hom roep om te groei tot voorbeeld vir ander mense. Hierdie groei vind plaas deur die kragtige werking van die Gees (Handelinge 6:3,10).

8.5.2 VESTIGING VAN DIE REGTE LEWENSWYSE AS DOEL VAN DIE OUER SE ONDERRIG

In Lukas 2:52 word Jesus se vordering nader beskryf " En Jesus het toegeneem in σοφία en ἡλικία en in χάρις by God en die mense".

Die eerste saak waarin die kind moet toeneem, is dus σοφία. Die begrip σοφία dui die vermoë aan om te begryp en daarom in wysheid te kan optree (Louw & Nida, 1988:384). Goetzmann (1978:1030) sê aangaande die gebruik van die begrip σοφία in die evangelies "The use of the word-group in the Gospels is in general tied to the traditional OT and Jewish conception, where wisdom is a man's approach to life, arising out of his life in the covenant bestowed by God, and so must be regarded as the gift of God.". Jesus se insig in die wet en die profete word duidelik geteken in Lukas 2:47 waar hy almal verbaas het met sy verstand en sy antwoorde. Vers 52 stel dat hy nog verder gegroei het in hierdie wysheid. Christus self as gekruisigde, word uiteindelik die wysheid van God genoem (1 Korintiërs 1:24-30; 2:1-16). Paulus verkondig hierdie wysheid op so 'n wyse dat dié wat hom hoor se geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God (1 Korintiërs 2:5). Hierdie wysheid wat Paulus verkondig, is Christus en die versoening wat Hy bewerk het volgens God se ewige raadsplan (2:7). Die wysheid is 'n verborgenheid, wat alleen diegene kan begryp, wat die Gees van God het, want die Gees openbaar dit aan die mens (2:10-16). In Efesiërs 5:32 word hierdie wysheid 'n diep geheimenis genoem en het dit betrekking op die eenheid wat daar tussen Christus en sy gemeente bestaan. In Filippense 2:1-18 word die praktiese konsekwensie van die wysheid van Christus as gekruisigde vir die gelowige se lewe uitgewerk - hulle moet soos Christus in gehoorsaamheid aan God, deur vernedering en diensbaarheid heen, God se heerlikheid ontvang.

Die ouer moet dus deur sy opvoeding die wysheid van Christus aan die kind verkondig met die doel, dat hy deur die werking van die Gees in hierdie wysheid sal groei. Die onderrig in die wysheid sal vir die kind prakties toegepas word, soos byvoorbeeld:

- die eenheid tussen Christus en sy gemeente beteken dat elke gelowige sy gawes tot opbou van die liggaam moet gebruik.
- die weg van gehoorsame diensbaarheid deur vernedering heen beteken, dat jy ander se belange voor jou eie kan stel in die wete dat God vir jou sal sorg.

Hierdie doel van die ouer se onderrig word ook bevestig deur die gegewens wat na vore gekom het uit die ondersoek na die begrip $\piαιδεια$ in Efesiërs 6:4 (vergelyk. 8.2.1.2). Die ouer moet by die kind 'n lewenswyse vestig wat ooreenstem met sy roeping en uitverkiesing in Christus.

8.5.3 RYPHEID EN STANDVASTIGHEID AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In Lukas 2:52 word Jesus se groei ook met die begrip $\etaλκια$ beskryf. Hierdie begrip kan die leeftyd van 'n mens aandui (Matteus 6:27), dit kan volwassenheid aandui (Johannes 9:21), dit kan ook die grootte van 'n objek aandui (Louw & Nida, 1988:649,708). Die feit dat $\etaλκια$ in Lukas 2:52 saam met $\proκοπτω$ gebruik word, maak dit waarskynlik dat $\etaλκια$ hier die betekenis het van groei tot volwassenheid (Schippers, 1975:92). Wat Christus se groei tot volwassenheid presies ingehou het, is nie uit hierdie Skrifdeel duidelik nie. Wat vir hierdie ondersoek van belang is, is die feit, dat die doel van die groei waaraan in die opvoeding gewerk word, volwassenheid is (Craddock, 1990:41-43).

Wat hierdie volwassenheid vir ander kinders (Jesus uitgesluit) beteken, kan verstaan word, wanneer Lukas 2:52 vergelyk word met 'n beeld wat Paulus in Efesiërs 4:13,14 gebruik. In Efesiërs 4:13,14 word die ideaal vir die kerk gestel om tot die volle grootte ($\etaλκιας$) van Christus te groei (vergelyk, "so volmaak en volwasse soos Christus" in die 1983-Afrikaanse vertaling). Die teenoorgestelde van hierdie volgroeidheid is om nog kind te wees (Eadie, 1977:314,315). Die kind is nog nie in beheer van sy lewe en begeertes nie, maar word soos 'n boot deur golwe heen en weer geslinger (Hendriksen, 1976: 200,201). Die groei van kind tot volwassenheid was dus duidelik vir Paulus nou verbonde aan groei in selfstandigheid en standvastigheid - die volwassene kan

op 'n ingeslane weg volhard ondanks kragte wat hom daarvan wil aftrek.

Die doel van die ouers se onderrig was dus om hulle kind te begelei tot die mate van geestelike rypheid dat hulle in die lewenswyse wat die volk van God kenmerk, standvastig kan volhard.

8.5.4 GROEI IN GUNS BY GOD EN DIE MENSE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die derde kenmerk van Jesus se groei wat in Lukas 2:52 genoem word naamlik dat Hy in guns by God en die mense toegeneem het, is 'n aanhaling van wat in 1 Samuel 2:26 aangaande die seun Samuel gesê is (Craddock, 1990:43). Daarom word 1 Samuel 2:26 ook ondersoek. Die belangrike vir hierdie ondersoek is die betekenis daarvan dat 'n kind in guns by God en die mense toeneem. Uit 1 Samuel 2:11-26 word die betekenis duidelik. In hierdie Skrifdeel word sterk klem gelê op Samuel se diens aan God in die tempel (vergelyk vers 11,18,26). Hertzberg (1960:100) ontsluit 'n belangrike perspektief as hy van 1 Samuel 2:11-26 sê "hier gehen zwei Handlungen neben einander her. Die eine ... beschreibt des Heranwachsen Samuels und sein Hineinwaschen in den ihm zugedachten Dienst. Die andere schildert die Sünde des Hauses Elis und schlieszt den Ausblick auf seine Bestrafung an" (vergelyk ook Brueggemann [1990:25] in verband met dieselfde lyne in 1 Samuel 3:9,10; 15-18). Die goddeloosheid van Eli se seuns en hulle selfsugtige veragting van God se diens (vers 12-17;22-25), word telkens gekontrasteer met Samuel se diens aan God (vers 11,18,19,26). Eli se seuns word geskets in hulle toenemende verval, totdat God oor hulle die oordeel aankondig (vers 29-34). By Samuel word 'n stygende lyn in sy diens aan God geteken (vers 11 sê hy het die Here by Eli gedien, vers 18 sê hy het voor die aangesig van die Here gedien, omgord met 'n linne-skouerkleed. Vers 22 sê Samuel het grootgeword by die Here, vers 26 sê hy het toegeneem in grootte en in guns by die Here en by die mense, in vers 35 sê God, dat Hy vir Hom 'n getroue priester sal verwek, wat sal handel "soos

dit in my hart en siel is", waarmee Hy na Samuel verwys (Brueggemann, 1990 :22-24; Goslinga, 1968:126)).

God interpreteer self die verloop van hierdie geskiedenis in vers 30 : "... die wat My eer, sal Ek eer; maar die wat My verag, sal veragtelik wees". In 1 Samuel 3:19-21 word 'n verdere hoogtepunt in Samuel se diens aan God beskryf: "En Samuel het grootgeword en die Here was met hom, en Hy het nie een van sy woorde onvervuld laat bly nie. En die hele Israel van Dan tot by Berseba het erken dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here. En die Here het weer verskyn in Silo; want die Here het Hom geopenbaar aan Samuel in Silo deur die Woord van die Here."

Samuel se toename in guns by God het geblyk uit die wyse waarop God vir Samuel in sy diens gestel het om Hom te openbaar. Samuel se toename in guns by die mense het voortgevloei uit hulle erkenning dat hy God aan hulle openbaar.

Hieruit is dit duidelik wat dit beteken as 'n kind groei in grootte en guns by God en die mense. Hy groei in guns by God deurdat God hom in 'n al groter mate in sy diens gebruik. So vertoon hy almeer die beeld van God deur sy lewe en kan ander mense in die waarheid van God se Woord lei.. Hy groei in guns by die mense, deurdat hulle al meer en meer erken, dat hy waarlik in diens van God staan en God se Woord bring.

Van besondere belang vir die onderrig aan die kind is die verkondiging van God se Woord wat 'n vrug is van die groei by die kind. Die ouer wat getrou aan God se verbond sy kind onderrig, rus hom ook daarmee toe om die Woord uit te dra en die koninkryk van God daarmee uit te brei. Verbond en koninkryk is gerig op die uitbreiding van God se koninklike heerskappy oor alle dinge.

Dit is opvallend hoe daar in 1 Samuel 2 klem gelê word op die rol van die ouers in die lewe van die betrokke kinders. In vers 19-21 beeld die Heilige Gees (as Outeur van die boek) Hanna en Elkana se voortdurende betrokkenheid by Samuel en sy dienswerk

uit deur te verhaal, dat hulle hom jaar na jaar besoek het en dat Hanna elke jaar vir hom 'n manteltjie gemaak het (vergelyk: "En sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar". Lukas 2:51). God seën Hanna met nog kinders. Eli word in sy halfhartige betrokkenheid geteken in vers 22-25 - hy moet van ander die wandade van sy kinders hoor. In kontras met God se seën oor Hanna kondig Hy aan dat Eli se kinders albei sal sterf (vers 34).

Jesus het in guns by God en die mense toegeneem daarin dat Hy gegroei het in sy diens aan God, van die Seun wat in die tempel gesit en luister het en vrae gevra het (Lukas 2:46) tot sy oorwinning oor Satan (Lukas 4:1-13), sy gesagvolle verkondiging (Lukas 4:14-32), sy dood (Lukas 23), opstanding (Lukas 24) en hemelvaart terwyl Hy sy dissipels seën (Lukas 24:50,51). Sy guns by mense bereik 'n hoogtepunt waar sy dissipels Hom aanbid met sy hemelvaart in erkenning dat Hy waarlik God is, en hulle het God gedurig geprys en gedank (Lukas 24:52,53).

Die doel van die ouer se onderrig is om deur noue betrokkenheid by die kind, hom te laat groei in sy verhouding tot God, sodat hy meer en meer diensbaar sal wees aan God en die mense en so in guns sal groei.

8.5.5 KENNIS VAN GOD SE RIGLYNE VIR 'N LEWE IN SY DIENS AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die ondersoek na die betekenis van die begrip $\nuουθεσια$ in Efesiërs 6:4 het aan die lig gebring dat 'n ouer sy kind mondeling moet onderrig aangaande die riglyne vir 'n lewe volgens God se wil. Dit sluit in die waarskuwing vir moontlike struikelblokke asook raad wanneer daar reeds probleme in die kind se lewe is. Die doel van die onderrig is, dus om aan die kind die nodige kennis te verskaf om 'n lewe in diens van God te leef, asook om probleme te oorkom, wat hulle kan verhinder om God te dien.

Hierdie doel van die onderrig word bevestig in 2 Timoteus

3:10-17 waar Paulus in vers 13 die pad van die goddelose mense beskryf as een wat van kwaad na erger gaan. Om hieraan te ontkom moet Timoteus bly by wat hy van sy ouma en ma en ook van Paulus geleer het. Hy moet vanuit sy kennis, wat hy van die Skrif het, ontkom aan die dwaalleer (Guthrie, 1978:161,162).

Die doel van die onderrig is om die kind die nodige kennis te gee uit die Woord van God, sodat hy die struikelblokke in sy lewe kan oorkom en so op die pad van God kan bly.

8.5.6 GELOOF AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Uit 2 Timoteus 1:5 is dit duidelik, dat die onderrig (vergelyk 1 Timoteus 3:14,15) wat Timoteus van sy ma en ouma ontvang het die vrug van geloof in sy lewe gedra het. Dieselfde (ἡ πίστις) geloof wat in hulle was, is nou in Timoteus (Smelik, 1980:94). Timoteus staan nou in dieselfde persoonlike verhouding met Jesus Christus as sy ma en ouma. Towner (1989:146, 147) sê dat geloof hier as 'n kenmerk van die Christen se lewe aangedui word. Die begrip πίστις druk die Christen se gesindheid teenoor Christus uit, 'n gesindheid wat gegrond is op korrekte kennis. Hierdie ouer(s) het dus meer as kennis aan die kind onderrig. Hy het van hulle die kennis geleer soos dit deur die geloof in die praktyk uitgeleef is. Hy het die kennis aktief, konkreet, toegepas gesien en beleef. Die onderrig was dus geloofsoordrag. Die geloof, wat hy in hulle gesien het, het hy sy eie maak, sodat gesê kan word, dat dieselfde ongeveinsde geloof nou in hom leef.

Die doel van die onderrig is dus om die kind deur woord en voorbeeld te leer hoe om uit die geloof in Jesus Christus te leef, maar ook om die kind te roep om hierdie leefwyse sy eie te maak.

8.5.7 EER VAN OUERS IN GEHOORSAAMHEID AAN DIE HERE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In Efesiërs 6:1 word die kinders opdrag gegee om hulle ouers

gehoorsaam te wees "in die Here". Roberts (1983:165) sê dat die benaming Here, Jesus as Heerser beskryf, Hy is die "Heerskappyvoerder". In hierdie vers word ὑπακούετε nader omskryf deur κυρίῳ. Die kinders se gehoorsaamheid aan die ouers is 'n daad onder bewind van die Koning en Here, Jesus Christus. Die gehoorsaamheid is dus volgens opdrag van die Here. In 1 Timoteus 3:4 word die vereiste aan die opsieners gestel, dat hulle hulle huise goed moet regeer en hulle kinders met waardigheid in onderdanigheid hou (Hendriks, 1976:119). Die ouer (vader) moet dus deur sy opvoeding, deur die wyse waarop hy sy huis regeer, daartoe meehelp dat die kind, in gehoorsaamheid aan die Here, aan sy ouers onderdanig is. Die vader se regering leer die kind om hom aan Christus se regering te onderwerp sodat hy dan aan sy ouers gehoorsaam is (Schnackenburg, 1991 :262).

Die doel van die onderrig is dus dat die kind die ouers sal eer in gehoorsaamheid aan die Here.

8.5.8 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN ONDERRIG

Die doel van die ouer se onderrig is:

- om die kind deur woord en voorbeeld te roep om in Jesus Christus te glo.
- om by die kind 'n lewenswyse te vestig wat ooreenstem met sy roeping en uitverkiesing in Christus.
- dat daar voortdurend sigbare groei tot volwassenheid by die kind moet wees.
- om hulle kind te begelei tot die mate van geestelike rypheid, dat hulle in die lewenswyse, wat die volk van God kenmerk, standvastig kan volhard.
- om deur noue betrokkenheid by die kind, hom te laat groei in sy verhouding tot God, sodat hy meer en meer diensbaar sal wees aan God en die mense en so in guns sal groei.

- dat die kind die ouers sal eer in gehoorsaamheid aan die Here.

8.6 WYSE VAN ONDERRIG

8.6.1 ONDERRIG DEUR LIEFDEVOLLE VERSORGING

Die begrip $\epsilon\kappa\tau\rho\epsilon\phi\epsilon\iota\nu$ beskryf telkens die onderrig van ouers aan kinders (vergelyk Efesiërs 6:4, Handeling 7:20, 1 Timoteus 4:10). Die begrip dui ook die liefdevolle sorg van God teenoor sy kinders aan (vergelyk 8.3.1.1 hierbo). Daar kan dus met reg gesê word, dat die ouer deur hulle liefdevolle sorg, God se sorg, aan die kinders illustreer en hulle dus onderrig aangaande die liefde van hulle Vader in die hemel.

8.6.2 ONDERRIG DEUR PRAKTIESE OEFENING

Uit die ondersoek na die betekenis van die begrip $\pi\alpha\iota\delta\epsilon\iota\alpha$ (vergelyk 8.3.1.1 hierbo) het dit duidelik geword dat die begrip in Efesiërs 6:4 die betekenis het van praktiese leidinggewende onderrig. Die klem val hier op die praktiese leiding teenoor die begrip $\nu\omicron\upsilon\theta\epsilon\sigma\iota\alpha$ waardeur die klem in Efesiërs 6:4 op mondelinge oordrag van kennis geplaas word. Die onderrig wat $\pi\alpha\iota\delta\epsilon\iota\alpha$ aandui, is begeleiding om 'n bepaalde lewenswyse, wat besondere gewoontes insluit, by die kind te vestig. Die ouer sal die kind dus begelei om byvoorbeeld:

- wanneer die kind kwaad geword het, voor die einde van die dag die saak met die ander persoon te gaan deurpraat en vrede maak (Efesiërs 4:26).
- wanneer die kind afbrekende woorde gesê het, die alternatief te vind hoe die situasie hanteer kon gewees het deur opbouende woorde (Efesiërs 4:29)
- wanneer die kind 'n bepaalde besluit in sy lewe moet neem, uit die Woord, biddend vas te stel wat God wil dat hy moet doen (Efesiërs 5:10,17).

Op hierdie wyse sal die ouer die kind oefen om op God se weg te wandel deur die lewenswyse, wat God beveel, in sy lewe te vestig.

Dit gaan hier dus oor inoefening van 'n bepaalde lewenswyse in

gehoorsaamheid aan God. Die onderrig gee aan die kind die gereedskap waarmee hy sy lewe op God se wyse kan hanteer.

8.6.3 ONDERRIG DEUR PROBLEEMHANTERING

Die begrip $\nuουθεσια$ dui in Efesiërs 6:4 op openhartige gespreksvoering tussen ouer en kind waarin die kind gewaarsku word vir bepaalde probleme en/of gehelp word om sekere probleme, waarin hy verkeer, in perspektief te sien en oplossings daarvoor te kry. Hierdie onderrig sluit ook vermaning in. Dit gaan in hierdie onderrig dus primêr oor 'n ad hoc-situasie waarin die kind die ouer se leiding nodig het. Hieruit vloei ook lang termyn onderrig ($\παιδεια$) voort aangesien die kind leer hoe om 'n krisis te hanteer. Ouers onderrig hulle kinders dus deursaam met hulle die probleme van die lewe te hanteer.

8.6.4 ONDERRIG DEUR TUG

Die begrip $\παιδεια$ kan ook tug (onder andere in die sin van straf, maar nooit vergelding nie) met die oog op verbetering van optrede, impliseer (Louw & Nida, 1988:490). In Hebreërs 12 word die tug ($\παιδεια$) van die vaders na die vlees (vers 9) vergelyk met die tug van die hemelse Vader. Beide God en die aardse vader se tug is nie op die oomblik aangenaam nie, maar lewer later 'n vrug in die kind se lewe. Die vrug van die tugtiging word gepluk in die mens se lewe wat deur die tugtiging geoefen ($\γυμνασμενοις$) is. Die begrip $\παιδεια$ dui dus op onderrig waardeur 'n kind in die praktyk van God se wil geoefen word. Die wyse waarop hierdie oefening plaasvind, kan soms vir die kind onaangenaam wees, die doel is altyd dat hy deel sal kry aan die vrede van God.

8.6.5 ONDERRIG DEUR VOORBEELD

In 1 Timoteus 3:14 sê Paulus aan Timoteus dat hy moet bly by wat hy geleer het en wat hy vas glo. Ter aanmoediging om hierdie opdrag uit te voer sê hy aan Timoteus dat hy tog weet wie sy leermeesters was. Dit wat Timoteus in die lewe van sy ma en ouma en in die van Paulus gesien het, kan vir hom die waarheid

van die evangelie bevestig. (Guthrie, 1978:162). Sy leermeesters se uitlewing van hulle geloof het dus 'n voortgaande onderrigtende invloed op Timoteus se lewe. Hulle voorbeeld van lewe is 'n anker in sy stryd teen die trekkrag van die dwaalleer, hy kan voortdurend daarin bevestiging kry, dat hy maar kan bly in dit wat hy geleer het aangesien die waarheid daarvan in die lewe van sy leermeesters bevestig is.

Die ouer onderrig dus die kind deur sy voorbeeld.

8.6.6 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG

Die ouer onderrig sy kind deur:

- liefdevolle versorging
- praktiese oefening
- probleemhantering
- tug
- voorbeeld

8.7 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE OUER SE ONDERRIG VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT

Die onderrig van die ouer is in die lig van die Nuwe Testament gegrond op God se verbond. Dit hou in dat die ouer in sy onderrig:

- God navolg in sy troue verbondsborg deur aan die kind geborgenheid, beskerming en onbaatsugtige liefde te gee.
- God se tug en vermaning aan die kind bedien deur hom prakties te begelei om die lewenswyse van God se verbondsvolk aan te kweek, en hom mondeling met kennis toe te rus en te begelei om die probleme op die pad te oorkom.
- die kind vanuit die Ou en Nuwe Testament sal onderrig.

Die ouers is as deel van die volk van God die primêre menslike subjek wat die kind van voor sy geboorte reeds onderrig.

Die Here bly die primêre subjek van die onderrig.

Die doel van die ouer se onderrig is:

- om die kind deur woord en voorbeeld te roep om in Jesus Christus te glo, 'n Christelike lewenswyse by hom te vestig waarin hy standvastig sal volhard deur voortdurende groei in sy volwassenheid en diensbaarheid.

Die ouer onderrig sy kind deur liefdevolle versorging, praktiese oefening, begeleiding in probleemhantering, tug en voorbeeld.

8.8 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE OUER SE ONDERRIG VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT

Soos in die Ou Testament is die verbond van God die grondslag van die ouer se onderrig in die Nuwe Testament. Die ouers se onderrig begelei die kind in die praktiese uitlewing van sy verhouding met God sowel deur hom te help om die regte lewensgewoontes in sy lewe te vestig as om verkeerde gewoontes af te leer. Dit is dus noodsaaklik dat die ouer die Bybelse riglyne sal ken waarvolgens 'n gelowige God se lewenswyse in sy lewe vestig. Die ouers moet ook toegerus word in die metodiek van hierdie praktiese onderrig.

Die ouer is primêre menslike subjek van die onderrig vanweë die feit dat hy soveel meer as enige ander mens by die kind en sy ontwikkeling van voor geboorte af betrokke kan wees. Hieruit kan 'n unieke vertrouensverhouding groei waardeur die ouer God se liefdesorg aan die kind kan bedien soos geen ander mens nie. Die unieke van die onderrig van die ouer moet vir die ouer duidelik wees. Die ouer se onderrig mag dus nie opgaan in en beperk word tot voorbereiding vir katechese nie.

Die ouer en die kind is deel van die volk van God, daarom staan die ouer se onderrig aan die kind in noue verbondenheid met die lewe in die gemeente. Die ouer het as deel van die gemeente in die besonder die gawe (in die sin van tyd en geleentheid asook kennis van die kind) ontvang van Christus, die hoof van sy kerk, om die kind te onderrig. Die ouer ontvang sy toerusting in die gemeente om sy kinders te onderrig. Die volk van God moet dus verantwoordelikheid neem om die ouers aan te spoor, toe te rus

en te help in die onderrig van hulle kinders.

Die ouer moet die doel van die onderrig duidelik begryp, sodat die kind deur die geloof sal groei in volwassenheid, sodat hy God steeds beter sal dien. Die ouer se doel moet dus die groeiende verbondenheid en gehoorsaamheid aan God wees en nie blote onderwerping aan sekere reëls nie.

Die ouer sal begelei word om die verskillende wyses, waarop die kind onderrig kan word, te begryp en toe te pas sodat die onderrig nie opgaan net in die mondelinge oordra van kennis nie.

HOOFSTUK 9 DIE ONDERRIG BINNE DIE GEMEENTE AS DEEL VAN DIE GELOFSOPVOEDING - IN DIE LIG VAN DIE NUWE TESTAMENT

9.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk sal die geloofsonderrig, wat die kind volgens die Nuwe Testament ontvang, deur sy betrokkenheid by die gemeente nagevors word. Dit sluit in die onderrig, wat die kind deur die besondere ampte ontvang en die onderrig deur ander gemeentelide.

Verskeie Nuwe Testamentiese gedeeltes sal ondersoek word. Vanuit die ondersoek na die onderrig in die Nuwe Testament, sal lyne getrek word na die geloofsonderrig van die kind vandag.

9.2 DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

9.2.1 DIE VERBOND VAN GOD AS GRONDSLAG

9.2.1.1 Johannes 1: Onderrig op grond van God se openbaring in die Seun ter vervulling van sy verbondsbeloftes

Johannes 1 sal nou ondersoek word om die grondslag van die onderrig binne die gemeente te bepaal. Hierdie Skrifdeel is geskikte ondersoekmateriaal aangesien die temas: onderrig aangaande en kennis van God (verse 5,7,15), geloof (verse 9-11) en openbaring (vers 9) deurlopend hier voorkom. Sloyan (1988:20) sê : "It is essential to grasp at the start the insight that the entire Gospel will be a disclosure of God by the one in the bosom of the Father who would say 'I know Him' (8:55)..." Johannes wil met sy evangelie (soos in geloofsopvoeding van kinders) mense tot geloof bring deur die openbaring van Jesus Christus aan hulle te verkondig (Adkisson, 1990:49,50,77,87,122,123,124).

Dat Johannes in sy eerste hoofstuk dit duidelik wil maak, dat God vir Hom in Christus 'n nuwe volk skep (vergelyk Sloyan, 1988:15), is duidelik wanneer Johannes 1 met die boek Eksodus

vergelyk word.

- God begin die skepping van sy volk in Eksodus met sy selfopenbaring aan Moses.

In Johannes 1 gaan dit baie duidelik oor God se selfopenbaring deur die Woord, Jesus Christus (Breed, 1989:116; Dodd (1968:277)). Die Woord is God self soos Hy Hom openbaar (De Klerk, 1987:32). Die Woord is, in Paulus se woorde, το γνωστος του θεου; dit wat van God kenbaar is. Johannes beskryf dus hier die wyse waarop God in die nuwe bedeling kennis aangaande Homself oordra. Hierby sluit hy aan by wat die skrywer van die Hebreërbrief sê : "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in die laaste dae tot ons gespreek deur die Seun" (Hebreërs 1:1). Sowel in die ou bedeling as in die nuwe bedeling vorm die openbaring van God die grondslag vir die vorming van God se volk (vergelyk Venter, 1986:11,13).

Daar kan dus met reg gesê word dat Johannes 1 die grondslag van alle onderrig (ook die aan kinders) in die Nuwe Testament beskryf. Sonder hierdie openbaring is geen onderrig moontlik nie. Dat hier ook van geloofsonderrig sprake is, is duidelik uit vers 11,12 waar die reaksie van die mense op die openbaring van Christus beskryf word in terme van "aanneem/glo" en "nie aanneem nie".

- In Eksodus word beskryf hoe God die volk Israel tot stand bring deurdat Hy die skeppingseën (Genesis 1:28), maar ook sy verbondsbelofte aan Abraham (Genesis 17:20) in vervulling laat gaan (vergelyk 5.3.1.1 van hierdie studie).

Met die begrippe ζωη, φως, σκoria sluit Johannes aan by die skeppingsgebeure in Genesis 1. "Dit is dus nie ongegrond om te sê dat Johannes sy lesers voorberei op 'n tweede skeppingsverhaal nie" (Breed, 1989:115). Johannes sluit ook aan by die verbond van God. In die skepping van sy Ou Testamentiese volk op grond van sy verbond, speel geloof 'n belangrike rol, alleen dié wat deur die geloof God se Woord aangeneem het en byvoorbeeld die Pasga volgens sy voorskrifte gevier, en die verbondsteken in geloof aan hulle kinders aangebring het, kon

deel wees van die volk van God (vergelyk 5.3.1.4 en 5.5.5 van hierdie studie). Dié wat God se Woord nie aangeneem het nie, moes afgesny word van die volk van God. Hierby sluit Johannes 1:11,12 aan - alleen dié, wat die Woord in geloof aanneem, het die reg om kinders van God genoem te word. Hiermee sê Johannes, dat God in Christus besig is om vir hom 'n nuwe volk te skep. In Eksodus 4:22 word Israel die eersgebore seun van God genoem, en in Efesiërs 4:19 word gesê, dat die "heidene" lede van die huisgesin van God word deur die geloof. So ook in Galasiërs 3 word die gelowiges, sowel kinders van God, as kinders van Abraham genoem. Wanneer daar van iemand gesê word, dat hy kind van God is, word daar dus ook implisiet van hom gesê, dat hy deel is van die volk van God.

Deur 'n chiastiese struktuur van die proloog (Johannes 1:1-18) plaas Johannes, vers 12,13 in die middelpunt. Die chiasme kan soos volg weergegee word (Pryor, 1992:9,10):

- A 1-2 Die Woord by God van ewigheid af
- B 3-5 Die Woord as die oorsprong van alle geskape dinge
- C 6-8 Die getuienis van Johannes die Doper
- D 9-11 Die Woord verwerp deur Israel en die wêreld
- E 12-13 Kind van God deur geloof in die Woord
- D 14 Die Woord het onder ons kom woon
- C 15 Getuienis van Johannes die Doper
- B 16-17 Die Woord is die bron van die Waarheid
- A 18 Die Seun verklaar die Vader

Die wyse, waarop mense kinders van God word en daarom ook deel van God se volk, staan dus in die sentrum van Johannes se proloog.

- Johannes verkondig, dat die kindskap van Israel, in die lig van hulle verwerping van die Woord (vers 11), nou oorgegaan het op dié wat glo. God is weer besig om vir Hom 'n volk uit te lei uit die duisternis van die slawerny. Daarom sluit Johannes ook

aan by die stryd in Egipte, waar die Farao voortdurend gepoog het om God te oorwin. Soos Satan deur die Farao nie daarin kon slaag om God te oorweldig nie, so sal die duisternis ook nie vir Christus, die lig, oorweldig nie. Soos God sy volk verlos het, en ingelei het in die beloofde land, so sal Christus dit ook doen.

- Die boek Eksodus sluit af met die voltooiing van die tabernakel en God se heerlikheid wat dit vul (Eksodus 40). Johannes sluit waarskynlik hierby aan in sy proloog (Collins, 1990 : 198-216). In Johannes 1:14 word die begrip *εσκηνώσεν* gebruik om die Woord se verblyf "onder ons" te beskryf. Michaelis (1971:386) sê, dat hier vertaal moet word "Hy het onder ons kom tabernakel" (vergelyk ook De Klerk, 1987:32). In Openbaring 7:15 en 21:3 word God se teenwoordigheid onder die verlostes met hierdie begrip uitgedruk. Johannes verwys ook na die heerlikheid van God, wat deur sy volk aanskou is. Vanweë die feit, dat Hy onder "ons" kom woon het, het "ons" sy heerlikheid aanskou. Pryor (1992:10) sê dat die terminologie, wat Johannes hier gebruik, ook terugverwys na God se openbaring aan Moses by Sinai in Eksodus 33,34 ("woon onder ons" Eksodus 33:7; "ons het sy heerlikheid aanskou" Eksodus 33:18-23; "vol genade en waarheid" Eksodus 34:6; vergelyk ook Eksodus 25:8; 29:45,46; Numeri 14:14; 1 Konings 18:36; Deuteronomium 12:11). God se volk is nie gebonde aan 'n plek, (soos Sinai) waar God aanbid moet word en waarheen hulle moet terugkeer nie. By Sinai het God sy wet aan sy volk gegee sodat hulle in 'n noue persoonlike verhouding met Hom kan leef. Hierdie wet is in die tabernakel geplaas as ontmoetingsplek van God met sy volk. God het onder sy volk gewoon, en hiervan was die tabernakel, met die wet daarin, simbool. Jesus Christus het onder ons kom tabernakel, Hy het ook die wet vervul. Daarom is Hy die eintlike sentrum van ontmoeting met God. In en deur Hom het God se volk toegang tot God en kom God tot sy volk.

Alle Nuwe Testamentiese onderrig is gegrond op die Woord, Jesus Christus, se openbaring van God. Hierdie openbaring, en daarom ook die onderrig, is egter ten nouste verbonde aan God se selfopenbaring in die Ou Testament op grond van sy verbond met

Abraham (Vergelyk: Van Tilborg, 1986:31-43; Kee, 1989:70-102). Tankersley (1983:147-183) toon aan hoe Lukas van Deuteronomium gebruik maak in die sentrale deel van sy evangelie. Hiermee word daar 'n verbinding gelê tussen Moses en Jesus, Israel en die Nuwe Testamentiese volk van God. God se verbond in Ou Testament gaan in vervulling in die Nuwe Testament, en so brei God se Koninkryk uit totdat dit finaal kom met die wederkoms van Christus.

Die openbaring, en daarom ook die onderrig, het ten doel die verlossing van elkeen wat glo en die daaruit voortvloeiende vorming van die volk van God. So openbaar God sy heerlikheid onder sy volk en in die wêreld tot koms van sy Koninkryk.

9.2.1.2 Efesiërs 6:1-3: Onderrig op grond van die Here se heilswerk

In Efesiërs 6:1-4 handel Paulus oor die opvoeding van kinders deur hulle ouers en die kinders se reaksie op hierdie opvoeding.

Uit hierdie gedeelte sal daar dus waarskynlik riglyne getrek kan word, wat van belang is vir hierdie studie.

In Efesiërs 6 vers 1 tot 3 word die kinders tot gehoorsaamheid aan hulle ouers aangespoor. Dit is duidelik, dat Paulus aanvaar, dat die kinders as deel van die gemeente teenwoordig sal wees wanneer sy brief gelees word, daarom spreek hy hulle direk aan. Paulus sluit met die uitdrukking "in die Here" baie duidelik aan by dit wat in die voorafgaande hoofstukke weergegee is. Die begrip *ev*, saam met verskillende begrippe waardeur Jesus Christus aangedui word, kom deur die hele brief voor: 1:1,3,4,7,11,13; 2:2,6,7,10,13,15,16,22; 3:6,12,21; 4:1,17,21,30,32; 5:8 (Usami,1983:94,95). Roberts (1963:45) sê aangaande die begrip *ev* dat dit, wanneer dit saam met God as subjek gebruik word, 'n besondere pregnante betekenis kry: "dit gaan hier, nie alleen om 'n bepaalde heil wat verkry word o.g.v. 'n toebehore tot, o.g.v. die gemeenskap of eenheid met Iemand wat die Kurios is nie, maar dit gaan hier óók daarom, dat die heil deur hierdie Persoon tot stand gebring is, bewerkstellig

is, deur sy optrede in die geskiedenis"

Wanneer die kinders dan opgeroep word om "in die Here" gehoorsaam te wees beteken dit dat hulle, vanuit hulle eenheid met Christus, vanuit die heil wat hulle van Hom ontvang het, gehoorsaam moet wees. Hierdie opdrag veronderstel by die kind die volle indikatief wat in die voorafgaande hoofstukke beskryf is - die heil, wat die volk van God in Christus ontvang het. Hierdie heil sluit in die uitverkiesing in Christus, die deel wees van die volk van God, die verseëling met die Heilige Gees asook die toerusting deur die gawes wat Christus aan sy gemeente gegee het.

Die onderrig is dus gegrond op die heilswerk van Jesus Christus. Hierdie heilswerk is volgens Efesiërs 'n vervulling van God se ewige raadsplan soos dit onder andere vergestalt word in die vervulling van sy verbond met Israel en die koms van sy Koninkryk (Efesiërs 1:9-11; 2:13-22; 3:5-9).

9.2.1.3 Onderrig op grond van Jesus se gesagsvolle en permanente teenwoordigheid

In Matteus 28:18-20 gee Jesus aan sy dissipels opdrag om mense deur onderrig tot dissipels van Hom te maak. Hierdie gedeelte handel dus oor die onderrig aan mense, wat nog onkundig is ten opsigte van die leer en praktyk van God se volk. Hierdie gedeelte kan dus ook riglyne bied vir die onderrig van kinders.

Jesus se bevel in Matteus 28:18-20 aan sy dissipels om na die nasies te gaan om mense Jesus se dissipels te maak vloei voort uit sy Messiaanse ἐξουσία (vers 18). Die opdrag wat Hy aan sy dissipels, as verteenwoordigers van die hele kerk gee, word deur twee begrippe beskryf: μαθευσατε met διδασκουτεο bepaling daarby. Hierdie mense moet dissipels van Jesus word, hulle moet aan Hom gebind word deur hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus die elf dissipels geleer het. Jesus het deur sy onderrig dissipels gemaak, die dissipels moet ook weer dissipels maak, wat weer op hulle beurt dissipels moet maak. Op die grondslag

van Jesus se onderrig word daar oor al die eeue heen onderrig gegee (Breed, 1989:40; Barth, 1945:13; Firet; 1974:86). Vers 20 sluit af met die herinnering, dat die dissipels moet onthou, dat Jesus met hulle is al die dae tot die voleinding van die wêreld. Die opdrag tot onderrig word ingelei deur 'n versekering van die mag van Jesus (vers 18) en dit word afgesluit deur die versekering van sy permanente teenwoordigheid (vers 20).

Hierdie openbaring van Christus stem ooreen met God se beloftes wat Hy aan sy volk in die Ou Testament gegee het. God sê aan Abraham, dat Hy hom 'n groot nasie sal maak, en sal seën dié wat hom seën en sal vervloek dié wat hom vervloek (Genesis 12:2,3). Verder beloof God aan hom om vir hom en sy nageslag 'n God te wees en aan hulle die land Kanaän te gee (Genesis 17:7,8). Met hierdie beloftes openbaar God, dat Hy in beheer van die wêreldgeskiedenis is en dat niemand sy krag en die koms van sy Koninkryk kan weerstaan nie.

Ook die belofte aan Moses op grond van dié aan Abraham spreek van God se krag en sy heerskappy oor alles. God sal sy volk uitlei met 'n uitgestrekte arm nadat Hy sy mag openbaar het deur Farao se hart te verhard. Ook in Josua 1:5 is dit duidelik dat God sy verbondsbeloftes in vervulling laat gaan deur sy nabyheid en sy krag waarmee Hy aan sy kinders die oorwinning gee. Jesus se opdrag om te onderrig is dus duidelik gegrond in God se verbond.

Jesus se onderrig vorm die inhoud van alle onderrig, en hierdie onderrig is gegrond op sy Messiaanse gesag wat Hy uitoefen deur sy teenwoordigheid. Hierdeur gaan God se verbondsbeloftes in vervulling en kom sy Koninkryk in hierdie wêreld.

9.2.2 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE VERBOND AS GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

Alle Nuwe Testamentiese onderrig is gegrond op die Woord, Jesus Christus, se openbaring van God.

Hierdie openbaring, en daarom ook die onderrig, is egter ten

nouste verbonde aan God se selfopenbaring in die Ou Testament op grond van sy verbond met Abraham en vra van die mens geloof. Daar is 'n noue band tussen God se volk van die Ou Testament en die van die Nuwe Testament.

Die openbaring, en daarom ook die onderrig, het ten doel die verlossing van elkeen wat glo en die daaruit voortvloeiende vorming van die volk van God.

God openbaar sy heerlikheid onder sy volk ook langs die weg van onderrig.

Verbondsonderrig is gegrond in en bou voort op die genade, wat die kind reeds, vanweë die soenverdienste van Christus deur die uitverkiesing, wedergeboorte en geloof, ontvang het.

Onderrig word moontlik gemaak deur God se krag en nabyheid in vervulling van sy verbondsbeloftes.

9.3 DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

9.3.1 DIE HEILIGE GEES AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Johannes 16:7-15 handel duidelik oor onderrig in die waarheid deur die Gees en is dus geskikte ondersoekmateriaal vir hierdie studie.

In Johannes 16:7-15 word Jesus se onderrig aangaande die koms van die Heilige Gees weergegee. In Johannes 16 begin Jesus in sy onderrig handel oor dit wat na sy hemelvaart sal gebeur (Hendriksen, 1976:319). In vers 7-15 leer Jesus sy dissipels wat die taak van die Heilige Gees sal wees. Die Heilige Gees sal optree as advokaat om die wêreld te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (vers 7-11). Die Gees sal ook die dissipels verder onderrig in die dinge, wat hulle nie nou in staat is om te begryp nie. Die Heilige Gees sal mense deur sy onderrig bring tot die insig van hulle sonde en doemwaardigheid voor God, maar Hy sal hulle ook oortuig van die geregtigheid, wat daar in Christus is. Dit sal die Gees deur die getuienis

van die dissipels en ander gelowiges doen. Daarom sal die Gees ook die dissipels in die hele waarheid lei, dieselfde waarheid wat Christus van die Vader ontvang en aan die dissipels geleer het.

Die Gees sal egter nie net bloot herhaal, wat Christus geleer het nie, maar Hy sal hulle leer aangaande die "toekomstige dinge". Die Gees sal die volk van God leer om die waarheid van Christus telkens nuut toe te pas op aktuele gebeure in elke tyd (Sloyan, 1988:193,194; Tasker, 1977:179, 180; Morris, 1975:697-701; Pryor, 1992:147,148).

Die Gees as Subjek van die onderrig stel die volk van God in staat om subjek van die onderrig te wees. Alleen vanweë sy oortuigingswerk kan daar sukses op enige onderrig wees. Die volk van God kan dus met ywer en sekerheid die Woord uitdra. Selfs wanneer daar skynbaar geen vrug op die arbeid is nie, hoef hulle nie moedeloos te word nie. Hulle mag verseker weet dat Hy hulle sal leer, wat om te sê en dat Hy die groei sal gee volgens God se wil.

9.3.2 DIE AMPSDRAER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

In die Nuwe Testament word alle werk in die gemeentes gekarakteriseer deur die begrip *διακονία*. Die diensbaarheid van gelowiges binne die volk van God word deur hierdie begrip uitgedruk (Versteeg, 1988:49). Dit is diens, wat in nederigheid en liefde gelewer word, in gehoorsaamheid aan die Here. So 'n mens word dan instrument in die Here se hand waardeur Hy sy volk seën (Fung, 1981:130). Fung (1980:195 e.v.) verken verskeie Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes en toon, in weerlegging van Käsemann (1964:63-94) aan, dat daar besondere gespesialiseerde dienste (ampte) in die gemeentes bestaan het. Versteeg (1988:49) sê in antwoord op die vraag "waardoor een dienst tot een ambt wordt" dat almal in die kerk geroep is om te dien, maar dat almal se diens nie 'n amptelike karakter dra nie. Versteeg (1988:49) sê verder: "Een dienst is ambtelijk van karakter, wanneer die dienst niet slechts naast, maar ook tegenover de dienst van anderen verricht wordt." Die ampsdraers vorm 'n groep, wat vir die ander lede van die gemeente duidelik

uitkenbaar is. Hulle diens staan in diens van die res van die gemeente om hulle toe te rus vir hulle dienswerk en moontlike struikelblokke in die weg van hulle dienswerk te verwyder (Van Eck, 1991:675-679). Die apostels en die ander voorgangers (besondere ampte) in die gemeente as subjek van die onderrig sal nou ondersoek word.

9.3.2.1 Die apostels as subjek van die onderrig

Die apostels, as oor en ooggetuies van Jesus Christus, is uniek as subjek van die onderrig. Ná hulle kan daar nie weer onderrig gegee word vanuit oog en oorgetuienis van Jesus se woorde en daade nie (Breed, 1989:62-66). Alle verdere onderrig sal voortvloei daaruit, dat die gemeente hulle heelhartig toelê "op die leer van die apostels" (Handelinge 2:42). Yung (1980:202) wys op "the apostles' unique importance as custodians - and, indeed, also originators by letter-writing - of tradition" (vergelyk ook Robberts, 1976:10-12).

Uit die Evangelie van Johannes word dit duidelik, dat Jesus sy dissipels gesien het as die fondament van die kerk. Veral in Johannes 13 word die dissipels geteken as diegene wat in die plek van die ongelowige Israel geroep word. In Johannes 13 vind 'n radikale verandering in die adres van Jesus se bediening plaas (Pryor, 1992:55, Adkisson, 1990:133). Jesus onttrek sy aandag aan Israel en rig van nou af sy volle aandag op die dissipels. Israel het Hom immers herhaaldelik verwerp as die Mesias en die Fariseërs soek om Hom dood te maak (Shirock, 1993:15-29). Johannes dui hierdie verandering aan deur na die dissipels te verwys as *τοις ιδίοις* (Johannes 13:1). Hierdie selfde begrip is in Johannes 1:11 gebruik om die volk Israel aan te dui (Sloyan, 1988:170). Hier aan die vooraand van Jesus se kruisiging dui Johannes deur die identifisering van die dissipels as *τοις ιδίοις*, aan, dat hierdie dissipels nou Israel se plek ingeneem het as volk van God.

Dit is belangrik, dat die bevinding, dat die dissipels reeds die nuwe volk van God, die kerk van Christus was, nog verder

bevestig sal word. Die belang van hierdie feit is geleë in die vraag, of die apostels as subjek van die onderrig die kerk gestig het en of hulle as kerk van Christus net die werk van Christus voortgesit het en nog ander toegevoeg het tot die kerk. Die vraagstuk kan ook anders geformuleer word: Gaan die amp aan die kerk vooraf, of is die amp uit die kerk tot opbou van die kerk (vergelyk Spoelstra, 1990:42).

Ou Testamentiese temas in die evangelie van Johannes sal nou verken word om vas te stel of die dissipels reeds volk van God (kerk) was en of hulle die kerk amptelik moes vergader.

9.3.2.1.1 Kennis en gehoorsaamheid as kenmerke van Israel en die dissipels

Om God te ken en te gehoorsaam is in die Ou Testament tipierend van die verbondsverhouding tussen God en sy volk (Eksodus 29:45,46; Jeremia 9:24; 31:31-34; Jesaja 11:2,9) en 'n gebrek aan kennis was 'n verbreking van die verbondsverhouding (Jesaja 1:3; Jeremia 4:22; 5:4; 22:15,16; Hosea 4:6). In die evangelie, volgens Johannes, vorm die kennis van die Vader en die Seun een van die fundamentele skeidings tussende dissipels en die wêreld (vergelyk 1:10; 6:69; 7:17; 8:32,55; 10:14,27; 14:7,17; 16:3; 17:3,7,8,25). In Johannes 17:3-6 word die Ou Testamentiese kombinasie van kennis en gehoorsaamheid baie duidelik na vore gebring. Die dissipels se kennis van God het uitgeloop op hulle gehoorsaamheid aan God. Vanuit hulle kennis en gehoorsaamheid kan hulle as die nuwe volk van God subjek van die onderrig wees.

9.3.2.1.2 Eenheid met God as kenmerk van God se volk

In die Griekse vertaling van die Ou Testament speel die werkwoord *μενειν* 'n belangrike rol in die uitdrukking van die verbondsverhouding tussen Jahwe en sy volk (Malatesta 1978:60). Die verhouding van liefde en toewyding, wat God met Israel sluit, bring die verantwoordelikheid vir hulle om te volhard (bly) in gehoorsaamheid aan die wet (Deuteronomium 27:26) en die verbond (Jeremia 38:32 LXX) en om in Jahwe te bly (Jesaja 30:18

LXX). In Johannes word die begrip $\mu\epsilon\upsilon\epsilon\iota\nu$, in die eerste plek, gebruik om diegene wat die Woord van Jesus/God as iets blywends in hulle het te onderskei van dié wat dit nie het nie. Deur hulle weiering om te glo, bewys die Jode, dat hulle die Woord nie as iets blywends in hulle het nie (5:38). In sy onderrig aan sy dissipels gebruik Jesus sy verhouding met sy Vader as voorbeeld - Jesus is in die Vader en die Vader in Hom (14:10). Die ware dissipel van Jesus sal dieselfde eenheid ervaar:

Wie in Jesus glo, eet sy "liggaam" en drink sy "bloed" en hy bly in Jesus en Jesus in hom (6:56).

Die wêreld kan nie die Gees ontvang nie, maar die ware dissipels, die Gees sal by hulle bly en in hulle wees (14:17).

Hierdie eenheid van die gelowige met Christus word duidelik uitgedruk in die beeld van die wingerdstok en die lote (15:1-17). In hierdie gedeelte kom die begrip $\mu\epsilon\upsilon\epsilon\iota\nu$ elf keer voor (Pryor, 1992:161). Om in Christus te bly is geen mistieke ervaring nie, maar sal soos in die Ou Testament duidelik word in die gehoorsaamheid aan die wil van God (Hartin, 1991:350). Indien 'n loot vrug dra, bewys die vrug dat hy in die wingerdstok bly (vers 5). Hiermee word baie sterk aangesluit by die verbondsverpligting wat op Israel gerus het om die verordeninge van die Here te onderhou (Deuteronomium 12:28; 13:1; 17:19; 28:58; 29:8).

Die dissipels, as volk van God, is subjek van die onderrig omdat hulle een is met Christus deur die geloof en in Hom bly deur gehoorsaamheid aan sy Woord.

9.3.2.1.3 God skep en rus sy volk toe

In Johannes 20:21-23 bereik Jesus se verkondiging, dat die dissipels sy nuwe verbondsvolk is, 'n klimaks. Jesus blaas oor sy dissipels en sê "Ontvang die Heilige Gees!". Die begrip $\epsilon\mu\phi\upsilon\sigma\alpha\omega$ word in die LXX gebruik aangaande God wat die lewensasem in mense blaas deur sy Gees (Genesis 2:7; 1 Konings 17:21; Esegieël 37:9). Van besondere belang is die aansluiting van Jesus by die skepping in Genesis en die herskepping van die volk

van God in Esegïel. Johannes wil, dat die leser hier in Jesus se optrede 'n skeppingsdaad sien, Jesus blaas die lewensasem in sy nuwe verbondsvolk (Pryor, 1992:89). Die belofte van Johannes 7:37-39 is nou vervul (Olivier en Van Aarde, 1991:398). Pryor (1992:89) sê aangaande hierdie vers: "In the community now gathered around Jesus, the new Adam finds the breath of life, and the reunited bones of the people of God take on living flesh. At the very climax of his gospel, John makes a statement which identifies the Christian community as the heirs of God's creative and redemptive purposes. We are taken back to the theology of the prologue: the source of life has created his people".

Hierdie ontvangs van die Gees, dien as toerusting vir die opdrag wat Jesus in Johannes 20:21 gegee het: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook". In die lig van die voorafgaande verkenning van die betekenis van vers 22 kan met reg gesê word, dat Jesus aan hulle die opdrag gee om betrokke te raak by die skepping van die nuwe volk van God. Soos die Seun gekom het om 'n volk te vergader, verlos en toe te rus - so moet hierdie dissipels as volk van God, nog ander dissipels toevoeg tot die volk van God. Jesus het reeds in sy gebed vir sy dissipels, na hierdie opdrag verwys (17:18). Dàar is hierdie opdrag baie nou verbind met God se Woord, wat die waarheid is en waardeur hulle geheilig of afgesonder word van die wêreld (17:16,17,19). Hierdie opdrag word in Johannes 17 ook nou verbind met die opdrag om die woord aan ander te verkondig - Jesus bid nie net vir sy dissipels nie, maar ook vir dié wat deur hulle woord in Hom sal glo. Die doel van Jesus se gebed is "dat almal een mag wees net soos u Vader, in My en Ek in u; dat hulle ook in ons een mag wees" (17:21). Hierdie eenheid het weer ten doel dat nog meer mense ("die wêreld" 17:21) kan glo.

Die dissipels is dus subjek van die onderrig deur die werk van die Heilige Gees wat hulle tot volk van God maak en hulle toerus vir hulle dienswerk.

Uit die voorafgaande ondersoek kan die volgende konklusie gemaak word:

Jesus vergader vir Hom 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32, vergelyk Johannes 10) wat Hy toerus met sy leer en voorbeeld (Matteus 28:19; vergelyk Johannes 13:13-17; 20:21), sodat hulle ook ander wat nog tot Jesus se kudde behoort (Johannes 10:16), deur hulle woord (Johannes 17:20) kan bring om na Jesus se stem te luister.

Die dissipels, wat pas hierna apostels word, vorm die begin van die nuwe volk van God en hulle taak is om deur die onderrig 'n volk van God te vergader wat weer op hulle beurt nog meer mense tot die volk van God sal lei. Deur hulle verkondiging en geskifte dra die apostels die leer van Christus op 'n unieke wyse voort (vergelyk Linton, 1952:107). Hierdie verkondiging en geskifte moet as die gesagvolle Woord van God beskou word (1 Korintiërs 14:37; 2 Thessalonisense 3:14; Galasiërs 1:11).

Bruce (1977:116,146) sê dat die begrip *ἐκκλησία* dieselfde betekenis het as die begrip *בְּרִיָּה* (vergadering). Die begrip *συνάγωγη* is gebruik as 'n vertaling van die begrip *גִּמְלוּת* (gemeente). Aangaande die Christelike *ἐκκλησία* sê Bruce (a.w.:116), dat dit beide oud en nuut was. Nuut vanweë sy verbintenis met Jesus Christus en sy verkondiging van Jesus se woorde en daade, oud "because it was the continuation and successor of the old 'congregation of Jehovah' "

Kallikuzhyppil (1985:85-93) toon aan, dat ook in die Evangelie volgens Matteus, die twaalf dissipels as die ware Israel en die begin van die Nuwe Testamentiese kerk voorgestel word. Hy toon die verhouding tussen Koninkryk en Kerk aan. Kerk en Koninkryk is nie identies nie. Die Koninkryk is wyer as die kerk, die Koninkryk verteenwoordig God se heerskappy oor alles en almal van die begin tot die einde van die tyd (Andersyds is die kerk natuurlik wyer as die Koninkryk - eersgenoemde sluit ook skyngelowiges in). Die Koninkryk van God het sigbaar op aarde gekom in en deur Jesus Christus se vervulling van God se wil. Die kerk bestaan uit die mense, wat gehoor gegee het aan die roepstem om deel te hê aan God se Koninkryk. Die kerk is die vergadering van die mense in wie se harte God regeer en hulle dien dus as voorbeeld van die lewe in God se Koninkryk onder sy regering. Hulle neem die plek van Israel, as volk van God in,

aangesien hulle die vrugte sal dra wat Israel nie wou dra nie (Kee, 1990:21). Hulle is ook die mense wat ander moet roep tot die Koninkryk (O'Niell, 1993:130-132). Shirock (1993:15-29) toon aan dat Israel as volk, nie deel het aan die Koninkryk van God nie.

Die apostels is subjek van die onderrig deurdat hulle, as deel van die volk van God, getuienis lewer van dit, wat hulle van Jesus gesien en gehoor het. Hulle het hierdie beslissende momente in die koms van die Koninkryk beleef en is as die kern van die nuwe volk van God deur Jesus self toegerus. Die konklusie waartoe Fung (1981:131) kom aangaande die ampsbediening is hier van toepassing: "The ministry is therefore neither constitutive of the Church nor independent of it; rather, it is a part of the Church with the specific function of serving the rest of the Church.".

Die kind het onderrig ontvang, wanneer hy die apostel self gehoor het, of wanneer hy sy getuienis lees, of daaruit onderrig ontvang. Die onderrig is daarop gemik om dié, wat aan Jesus behoort, na Hom te bring en hulle te laat groei in die geloof tot opbou van sy volk. Hiermee kry die verbondsonderrig 'n belangrike klemtoon.

Die verbondsonderrig was ook in die Ou Testament gerig op die versameling van die mense buite die verbond, maar met die koms van Christus en die verkondiging van die Koninkryk, wat naby is, val die klem nou nog baie sterker op die uitdra van die evangelie. Nog meer as in die Ou Testament, sal in die onderrig van die kind die klem moet val ook op toerusting tot getuienis (Vergelyk Breed, 1989).

9.3.2.2 Die voorgangers in die gemeente as subjek van die onderrig

Dit word wyd aanvaar dat daar, volgens die Nuwe Testament van die begin af mense in die gemeentes was met besondere gawes, wat leiding geneem het (Du Plessis, 1976:28; Du Rand, 1988:79; Venter, 1988:95; Raja, 1985:108,109 en veral Robberts, 1963:141-161). Uit Paulus, as apostel, se onderrig aan Timoteus is dit duidelik hoe die onderrig in die volk van God voortgesit

is na die apostels se grondleggingswerk. Paulus sê aan Timoteus, dat hy sy navolger geword het in leer, lewenswandel, planne, geloof, lankmoedigheid, liefde, lydsaamheid, vervolginge en lyding (2 Timoteus 3:10), dit wil sê in leer en lewe. In 2 Timoteus 2:2 gee Paulus aan Timoteus die opdrag om dit, wat hy van Paulus geleer het, weer op sy beurt toe te vertrou aan "getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer". Dit gaan vir Paulus hier om die getroue oordra van die onderrig soos Jesus dit aan die apostels gegee het (Smelik, 1980:100). Hierdie onderrig moet van een geslag na 'n ander oorgedra word, sonder dat die dwaalleer kans kry om dit te verdraai. Dit gaan in hierdie vers vir Paulus om die óórdra van die leer, nie die oordra van 'n amp nie (Fung, 1980:208; Kümmel, 1966:269). Die vereiste vir hierdie mense, bo en behalwe hulle getrouheid, is bekwaamheid om ander te onderrig. Die voorgangers moes binne die gemeente die taak van die apostels oorneem (Versteeg, 1988:63; Malan, 1976:67).

Veral die volgende voorgangers word in die Nuwe Testament verbind met die onderrig (vergelyk Ridderbos, 1975:447-459; Versteeg, 1985:58-68): Profete (Romeine 12:6, 1 Korintiërs 12:10, 28 en Efesiërs 4:11); Leraars (Romeine 12:7, 1 Korintiërs 12:28 en Efesiërs 4:11: 'herders en leraars'); Evangeliste (Efesiërs 4:11, vergelyk 2 Timoteus 4:5); Opsieners (Filipense 1:1, 1 Timoteus 3:2; Titus 1:7); Ouderlinge (1 Timoteus 5:17, 19, Titus 1:5).

Aangaande die profete kom Roberts (1963:148, 149) tot die konklusie, dat daar nie vanuit Bybelse gegewens so alle twyfel uitgemaak kan word, dat diegene met hierdie gawe in 'n besondere amp gestaan het nie, aangesien daar nêrens van 'n persoonlike aanstelling sprake is nie. De Klerk (1987:69) sê dat profesie "die gawe is om die lig van die Woord van God op 'n bepaalde konkrete situasie te werp, om die gemeente te vermaan, te bemoedig en te leer" en dat dit "die een gawe is waarvoor, almal in die gemeente, hulle moet beywer". Daar kan dus nie so alle twyfel gesê word dat profete in 'n besondere amp gestaan het nie.

Aangaande die evangeliste kom Roberts (1963:149) tot die konklusie dat daar baie min gegewens beskikbaar is oor hierdie amp, sodat daar nie 'n presiese beeld van hierdie groep gevorm kan word nie.

Om onderrig van die voorgangers in die gemeente te ondersoek sal daarom in hierdie hoofstuk gekonsentreer word op die onderrig deur die herders en leraars, opsieners en ouderlinge.

9.3.3 DIE GEMEENTE AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

In Hebreërs 5:11-6:2 word gehandel oor die resultate wat op die onderrig in 'n gemeente verwag kan word naamlik dat die gemeente ook subjek van die onderrig sal word.

In Hebreërs 5:11-6:2 word dit duidelik gemaak dat die doel van die onderrig van die leraar is om die gemeente te lei van leerlinge tot leermeesters in die Woord van God - dit wil sê "vaardigheid in die hantering van die Woord van God om ander te kan leer" (Venter, 1986:15). Die skrywer (prediker) van die brief verwyd die gemeente, naamlik omdat hulle nog suigeling is in die hoor en hantering van die Woord (5:11), hy moet hulle daarom nog met melk voed en hulle is nie geoefen om reg en verkeerd van mekaar te onderskei nie (5:14). Vanweë die tyd, wat hulle reeds die voorreg ontvang het om die Woord van God te hoor, kon met reg verwag word dat hulle reeds leermeesters sou wees (5:12). Die skrywer van die Hebreërbrief was dus oortuig en het dit skynbaar voorheen herhaaldelik so ervaar, dat die normale groei in die gelowige inhoud, dat hy binne 'n sekere tyd in staat sal wees om ander te leer, as dit nie so is nie, dan is daar iewers fout (Bruce, 1977:107,108). Hieruit is dit duidelik, dat die gemeente subjek van die onderrig behoort te wees. Dit sal ook daartoe lei, dat die evangelie uitgedra word na buite tot verbreiding van God se Koninkryk.

In 1 Petrus 2:9,10 word verskeie begrippe waarmee Israel in die Ou Testament as volk aangedui is, vir die Nuwe Testamentiese kerk gebruik (Fung, 1981:89): "julle is 'n uitverkore geslag

(Jesaja 43:20), 'n koninklike priesterdom (Eksodus 19:6), 'n heilige volk Deuteronomium 7:6), 'n volk as eiendom verkry (Deuteronomium 7:6), om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig". Vir hierdie studie is van belang, dat daar in vers 9 gesê word, wat die dóél van hierdie volk van God is, naamlik dat hulle die deugde van God moet verkondig. Die verkondiging van God se deugde hou in, dat ook God se daade, waardeur Hy sy heerlikheid openbaar, verkondig sal word. Gesien in die lig van die Ou Testamentiese agtergrond van hierdie verse, kan met reg gesê word dat die opdrag tot verkondiging aansluit by onder andere Deuteronomium 4:5-10. In hierdie gedeelte word Israel beveel om God se gebooie te onderhou, sodat die nasies verwonderd kan staan oor die God van Israel, wat so naby hulle is en aan hulle sulke wysheid gee (4:6-8). Israel word egter ook beveel om hulle kinders te onderrig, sodat hulle die Here hulle God kan vrees (Deuteronomium 4:9,10). Daar kan met reg uit 1 Petrus 2:9,10 afgelei word, dat God, soos in die Ou Testament, ook in die Nuwe Testament sy volk roep om as subjek van die onderrig op te tree. Die doel waarom God 'n volk vir Hom uitverkies en tot sy eiendom gemaak het, is dat hulle deur hulle woorde en daade leraars moet wees, leraars van die volke, maar ook leraars van hulle kinders. Daarom word hulle geroep om op te groei deur die onvervalste melk van die Woord (1 Petrus 2:2). Die klem word hier dus weereens geplaas op die taak van die gemeente om die evangelie uit te dra na buite. Die onderrig van die kind staan onder andere ook in diens van die verbreiding van God se Koninkryk op hierdie wyse.

In Kolossense 3:12 word die gelowiges aangedui met begrippe wat sterk ooreenstemming vertoon met dié wat in 1 Petrus 2:9,10 gebruik is: "uitverkorenes, heiliges en geliefdes" (Hendriksen, 1974:156). Paulus praat hier met die kerk as volk van God. In vers 16 gee hy aan die gemeente die opdrag "Laat die Woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere...". Die Woord van Christus, dit wat hy sy dissipels geleer het, moet 'n permanente blyplek in die gemeente hê. Dit beteken dat daar gehoorsaamheid aan die Woord binne die gemeente moet wees.

Alhoewel die opdrag ook 'n individuele konsekwensie het, is die opdrag in die eerste plek aan die gemeente as eenheid gerig (Carson, 1978:90). Die Woord sal ryklik onder hulle woon, wanneer dit in sy volheid aanvaar word, daar moet 'n voortdurende soeke na die volle rykdom van die Woord wees. Hiertoe sal bydra as die Woord ook "in alle wysheid" onder hulle woon, dit wil sê, die Woord moet met wysheid prakties in die gemeente se lewe toegepas word. Carson (1978:90) sê aangaande hierdie vers: "Their experience of the word is not a merely individual one, for it is in the context of the fellowship of the Church that they are to learn its truths. Thus there must be mutual sharing of the word. It is from the indwelling word that they learn the wisdom of God, and the wisdom will then become the atmosphere in which they move as they seek to build one another up in knowledge". Die gemeente word geroep om mekaar te onderrig tydens die erediens - hierin speel die sang van die gemeente 'n belangrike rol.

Die gemeente is dus ook subjek van die onderrig en in die besonder tydens die erediens.

9.3.4 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die Heilige Gees, die ampsdraers en die hele gemeente is subjek van die onderrig.

Die Heilige Gees leer die een wat onderrig gee wat hy moet onderrig en gee aan hom insig daarin. Hy oortuig ook die hoorder van die waarheid.

Jesus self lê die grondslag van sy nuwe volk deur die apostels te roep, hulle te leer hoe sy volk moet lewe en aan hulle die Heilige Gees te gee, sodat hulle ander kan roep om deel te word van die volk.

Christus roep mense uit die gemeentes om as voorgangers die werk van Christus en die apostels voort te sit.

Die nuwe volk van God word nou verbind met die Ou Testamentiese volk. Hulle ontvang dieselfde opdrag, naamlik om God se woord deur hulle lewe en woorde te onderrig. Die onderrig aan die kind maak hiervan 'n belangrike deel uit.

9.4 DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

9.4.1 DIE EER VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In die brief aan die Efesiërs skryf Paulus aan 'n gemeente, wat bestaan uit mense, wat pas uit die heidendom na die Christendom oorgekom het (Efesiërs 2:11-22). Dat hy besig is om hulle te onderrig is duidelik onder andere uit Efesiërs 3:4. In Efesiërs 3:4 verwys Paulus terug na dit, wat hy in die vorige hoofstukke geskryf het (Roberts, 1983:82, Lloyd-Jones, 1979:40,41) en sê dat hulle deur die lees daarvan kan kom tot die insig in die verborgenheid van Christus - die insig waartoe Paulus ook gekom het deur die openbaring aan hom. Die deelwoord ἀναγινωσκοντες in die teenwoordige tyd, veronderstel dat daar 'n voortdurende voorlesing (onderrig) uit die brief sal wees, waardeur die gemeente of gemeentes insig kon verkry in dit, wat aan Paulus openbaar is (Grosheide, 1960:51).

In Efesiërs 3:14-21 vra Paulus in sy gebed dat die gemeente tot begrip (vers 18) en kennis (vers 19) sal kom. Hy is dus duidelik begaan daarvoor dat sy onderrig aan hulle vrug móét dra. Soos voorheen aangetoon (vergelyk hoofstuk 7 van hierdie studie), was die kinders ook betrokke by hierdie onderrig (vergelyk Efesiërs 6:1).

Paulus sluit sy gebed in Efesiërs 3:14-21 af met lofprysing aan God. Die plek waar God geloof moet word, is in die gemeente. Hierdie gemeente, wat tot begrip en kennis van God se onuitspreeklike magsvermoë gekom het, moet Hom voortdurend prys (Roberts, 1983:99).

Paulus is van oortuiging, dat die onderrig sy hoogste doel vind in die lof, wat uit die gemeente tot God se eer opklink. Hierdie afleiding word bevestig deur die feit, dat Efesiërs

3:20-21 ook die afsluiting vorm van die eerste helfte van die brief. Hierdie lofprysing vorm saam met die lofprysing in Efesiërs 1:3a die raamwerk waarin die onderrig van hoofstukke 1-3 staan (vergelyk Roberts, 1983:96,12-19).

Daar kan met reg gesê word, dat die doel van Paulus se onderrig die eer van God is - elke gelowige moet aan God hierdie eer bring, maar dit moet ook vanuit die gemeente as eenheid kom.

9.4.2 DIE VERWERKLIKING VAN GOD SE BELOFTES IN DIE LEWE VAN DIE GEMEENTE AS DOEL VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE PREDIKING

Dat Paulus sy onderrig in kontinu sien met die onderrig van die Ou Testament, is duidelik uit Titus 1:1-3.

In Titus 1:1-3 gee Paulus 'n verduideliking van die aard van sy bediening as apostel. Opvallend is die feit dat hy homself beskryf as "'n dienskneg van God". In sy ander briewe beskryf hy homself uitsluitlik as "dienskneg van Christus" (Guthrie, 1976:181). Hierdie klem op God (die Vader) kenmerk sy hele bekendstelling in hierdie brief:


- Die gelowiges word die "uitverkorenes van God genoem". Hierdie is 'n Ou Testamentiese uitdrukking waarmee Israel as die dienskneg van die Here beskryf is.
- Paulus se bediening is gebou op dit, wat God van ewigheid af beloof het (vers 2).
- Sy bediening is ook deel van God se ewige raadsplan en hy verkondig die evangelie, omdat God hom daartoe opdrag gegee het (vers 3).

Hieruit is dit duidelik, dat Paulus sy onderrig sien as 'n voortsetting van die verkondiging aangaande die werk van God, die Vader, soos dit reeds in die Ou Testament beskryf is.

In Titus 1:1-3 beskryf Paulus sy dienswerk met drie sinne. Die eerste twee *κατὰ πίστιν ἐκλεκτῶν* en *(κατὰ) ἐπίγνωσιν ἀληθείας* dui die doel van sy onderrig aan, naamlik om God se uitverkorenes tot geloof te bring deur aan hulle die kennis van die waarheid te verkondig. Nadat die wese van die kennis van

die verlossing met 'n ondergeskikte sin (της κατ' εὐσέβειαν - 'n nuutgemaakte lewenstyl) beskryf is, volg die derde sin. Hierdie sin word ingelei deur die voorsetsel ἐπι en beskryf die grond van Paulus se onderrig (ἐπ' ἐλπίδι ζωης αἰωνίων). Hierdie grond van sy onderrig is die hoop op die ewige lewe. Die hoop op die ewige lewe word in vers 2b en vers 3 verder beskryf deur twee parallelle sinne. Die gedagtelyn van Titus 1:1-3 kan soos volg voorgestel word (vergelyk Towner, 1989:128):

ην ἐπηγγείλατο πρό χονων αἰωνίων ὁ αψευδης θεος



Towner (1989:128) sê dat die εφανέρωσεν δε τον λογον in twee aspekte verdeel kan word. In die eerste plek word die vervulling van die beloftes met die koms van Christus hierdeur aangedui en in die tweede plek word die vervulling deur die verkondiging tot in die hede van Paulus en dié aan wie hy skryf, gebring.

Uit hierdie ontleding is duidelik, dat Paulus die belofte, die openbaring op die regte tyd en sy verkondiging, as verskillende fases in die uitvoering van God se raadsplan tot koms van sy Koninkryk sien. Wat God beloof het, en vervul is in Christus, word deur die verkondiging in die hede aan mense bedien.

Paulus onderrig die gemeente deur die verkondiging aangaande die beloftes van God, wat in Christus vervul is. Deur hierdie onderrig kan die gemeente begryp, wat die beloftes en die vervulling daarvan vir hulle in hulle lewe beteken. So word die beloftes deur die onderrig, wat hulle in die prediking ontvang, vir hulle 'n werklikheid en leef hulle met vreugde vanuit hierdie beloftes. Omdat God en sy Koninkryk vir hulle 'n werklikheid is, word hulle lewe, in woord en daad, 'n verkondiging wat ander roep om te deel aan hierdie werklikheid.

Die doel van die onderrig is, dat die beloftes van God deur die onderrig 'n werklikheid in die lewe van die gemeente moet word, sodat hulle 'n lig kan wees, wat skyn in hierdie wêreld ter uitbreiding van God se Koninkryk.

9.4.3 DIE ONDERRIG TOT 'N EERVOLLE LEWE (WAARDEUR ANDER ONDERRIG WORD) AS DOEL VAN DIE AMPTELIKE ONDERRIG

Titus 2:1-15 begin met die opdrag aan Titus om te spreek (onderrig te gee) wat by die gesonde leer pas. Dit moet hy doen in teenstelling (de) met die verleiers, wat tugteloos is en onsin praat (1:10) en hulle met dwase strydvrage ophou (3:9). In vers 15 word die gedeelte afgesluit met dieselfde opdrag, naamlik om hierdie dinge te spreek (onderrig) met die byvoeging, dat hy in alle erns moet bestraf en vermaan. In vers 6 word Titus opgeroep om te vermaan en in vers 7 kry hy opdrag om 'n voorbeeld van goeie werke te wees met onvervalste leer en waardige, opregte optrede. In vers 8 ontvang hy opdrag dat sy onderrig gesond en onweerspreeklik moet wees.

Daar kan dus met reg gesê word, dat Paulus hier onderrig gee aangaande die wyse waarop Titus moet onderrig. In vers 2-10 word verskillende groepe mense in die gemeente geroep om deur hulle lewenswyse getuigenis te lewer aangaande die leer van God en so ander te onderrig.

Titus moet spreek, wat by die gesonde leer pas (vers 1), sodat:

- hy die ouer manne kan leer om die eienskappe, wat ook van die opsieners verwag word, te vertoon, hierdie eienskappe kom voor by iemand wat gesond is in geloof, liefde en lydsaamheid.
 - die ouer vrouens se gedrag net so (ὡσαύτως) kan wees - soos dit heiliges betaam. Teenoor die onheilige gedrag van kwaadpraat en dronkenskap moet hulle geleer word om leraresse te wees.
 - die ouer vrouens die jongeres die regte lewenswyse kan leer.
- Die doel van die onderrig is 'n lewenswyse, wat die Woord van God bevorder (onderrig) en nie belaster nie (vers 5).
- hy en die jongmanne, net soos die vorige groepe, met die regte

lewenswyse ander kan onderrig. Titus word as deel van hierdie groep onderrig, daarom sluit vers 8 ook af met die meervoud ($\eta\mu\omega\nu$). Alles wat dus in vers 6-8 gesê word, is gerig tot al die jongmanne, insluitende Titus. Die jongmanne moet in alles 'n voorbeeld wees van goeie werke, met onvervalstheid in leer, waardigheid en opregtheid en die woord moet gesond en onweerspreeklik wees.

- die diensknegte so optree teenoor hulle base, dat hulle "die leer van God ons Verlosser in alles kan versier"

Die onderrig aan elkeen van hierdie groepe moet hulle begelei om 'n lewe te leef waardeur hulle die voorskrifte van die Woord uitdra na ander. Deur Titus se onderrig moet hulle in staat gestel word om ander deur hulle lewenswyse te onderrig sowel in die gemeente (vers 4) as daarbuite (vers 5,8).

Die doel van die onderrig is om die gelowiges te begelei tot 'n lewe volgens die Woord van God waardeur hulle ook leermeesters kan word.

9.4.4 ONDERLINGE SORG AS DOEL VAN DIE AMPTELIKE ONDERRIG

Efesiërs 4 begin met die vermaning aan die gemeente om waardig die roeping waarmee hulle geroep is, te wandel (4:1). Hierdie roeping is in die eerste deel van die brief (Hoofstuk 1-3) beskryf. Die kenmerke van 'n lewenswyse, wat waardig die roeping is, word in 4:2,3 beskryf. 'n Baie belangrike doelwit van hierdie lewenswyse is die ywer vir die bewaring van die eenheid, wat die Gees bewerk, deur die band van vrede. Hierdie eenheid en die bewaring daarvan word in vers 4-6 begrond in die werk van die Drie-enige God waardeur die een liggaam tot stand kom (Roberts, 1963:77). In vers 7-16 word die werk van Jesus Christus nader beskryf. Hy word geteken as die Oorwinnaarkoning, wat die volheid, wat Hy deur sy verlossingswerk verdien het, met sy onderdane deel. Aan elkeen in die liggaam word gawes gegee soos Christus wil (vers 7-10). In vers 11 word die klem daarop geplaas dat Christus self ($\alpha\upsilon\tau\omicron\omicron\varsigma$ staan belemtoond) aan sy gemeente gawes gee. Hier is

egter van besondere gawes sprake. Hierdie besondere gawes staan in diens van die gawes wat elkeen ontvang het (Robberts, 1983:114). Volgens vers 12 is die doel van die besondere gawes die toerusting van die heiliges. Die begrip *καταρτισμον* wat hier met toerusting vertaal is, het ook 'n betekenisnuanse van "regstel", "laat pas", maar ook afgeleide betekenissoos "herstel", "voorberei", "toerus" (Schipper, 1978:349,350; Delling, 1968:476). Die besondere gawes moet dus die gelowiges toerus, sodat hulle gereed en bekwaam sal wees om hulle roeping te vervul, wat die eenheid in die gemeente sal dien.

Die taak van die gemeente word met die begrip *διακονία* beskryf. Hierdie begrip het 'n nuanse van "om iemand aan tafel te bedien". Hieruit het die betekenis ontwikkel "om vir iemand te sorg" of "om te dien" (Hess, 1978:544-549). Van besondere belang is die feit, dat die woord persoonlike diens aan ander beskryf het (Beyer, 1968:81). Die gemeente is 'n eenheid deur die werk van God, hulle word toegerus deur die besondere gawes, wat Christus gee en sorg vir mekaar in 'n noue persoonlike verhouding. Hierdie dienswerk aan mekaar dien tot opbou van die hele liggaam en hierdie opbou sal aanhou totdat almal, wat by die liggaam hoort, daaraan toegevoeg is (Robberts, 1983:119) en elkeen volkome is soos Christus (Allen, 1982:214). In vers 14 en 15 word die doel van die opbou van die liggaam deur die dienswerk van die gelowiges verder beskryf. Vers 14 stel die doel negatief, die gemeente moet nie meer onstandvastig wees, sodat hulle maklik van die waarheid kan afdwaal nie. In vers 15 word die doel positief gestel, naamlik dat die gelowige se lewe tweërlei kenmerk sal hê. Die gelowige sal aan die waarheid vashou en sy lewe sal gedra word deur die liefde as beheersende beginsel van sy bestaan (Loncoln, 1993:117,119).

Onderrig in die lig van Efesiërs 4 is dus nie die blote vermeerdering van feitekennis nie. Onderrig vind plaas deur die praktiese beoefening van liefde deur die bediening van mekaar. Die persoon, wat bedien word met 'n ander se gawe, leer uit die ander se optrede en woorde (Iemand wat in hartseer deur 'n ander vertroos is, kan by 'n latere geleentheid 'n ander vertroos). Die een wat bedien, doen ervaring op en kan ook leer van die

een, wat hy bedien. (Wie 'n ander bystaan in langdurige lyding, kan van daardie een geduld en volharding leer). Die Heilige Gees kan deur die liefde, wat aan 'n mens betoon word, liefde in daardie mens se hart werk.

Die onderrig, waarvan in Efesiërs 4 sprake is, kan wel die vermeerdering van feitekennis inhou, maar lê in die eerste plek op die vlak van:

- praktyk (leer hoe iets gedoen word),
- ervaring (bou die sekerheid op van iemand, wat iets reeds gedoen het en weet hy kan dit doen) en
- emosie (groei in liefde).

Die doel van die onderrig is die toerusting van die gelowiges, sodat hulle mekaar kan dien, tot opbou van die liggaam, sodat hulle as 'n eenheid vas sal staan in die waarheid.

9.4.5 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die hoogste doel van die onderrig is die lof van God, wat uit die gemeente opklink, vanweë hulle kennis aangaande God se genade.

Die onderrig hier en nou maak deel uit van God se ewige raadsplan, waardeur Hy sy beloftes in die lewe van sy volk 'n werklikheid wil maak.

Die amptelike onderrig moet lei tot 'n lewe waardeur God verkondig word - aan diegene in die gemeente, maar ook aan dié daarbuite.

Die bediening van mekaar deur die gemeente tot opbou van die liggaam, is deel van die doel van die amptelike onderrig.

9.5 DIE WYSE VAN ONDERRIG

9.5.1 1 KORINTIËRS 2: ONDERRIG DEUR DIE PREDIKING ONDER LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES

Dat Paulus in die 1 Korintiërs 2 besig is om onderrig te gee, is duidelik uit die klem, wat daar geplaas word op die wysheid. Paulus wil die gemeente deur sy prediking begelei tot die wysheid wat bestaan in die krag van God (vers 6). Hierdie is 'n wysheid, wat nie deur die heerser van die wêreld geken (ἐγνωκεν) kan word nie (vers 8). Paulus onderrig hierdie wysheid aan die Korintiërs, nie met woorde, wat die menslike wysheid leer nie, maar hy ontvang die wysheid van die Heilige Gees, wat dit aan hom openbaar (vers 13). Die Heilige Gees is dinamies in hom werksaam, terwyl hy die inhoud van sy prediking formuleer, sodat dit gesaghebbende prediking is (De Klerk 1987:52,53). Die Heilige Gees ondersoek die diepste geheimenisse van God en openbaar dit aan die apostel. Die Heilige Gees leef en werk in die apostels, sodat hulle die geheim van God, soos geopenbaar in Christus, kan begryp. Die apostels het hierdie geheimenis bekend gemaak in woorde, wat die Gees hulle geleer het. Elke mens, wat die Skrif ondersoek, kan die geheimenis alleen begryp, as die Gees van God dit aan hom openbaar. So kan die predikant, wat die Skrif aan die gemeente moet voorlees en uitleë, dit alleen doen as die Gees van God in hom werksaam is. Die gemeente sal die Woord alleen begryp en kan toepas, as die Gees die geheimenis aan hulle openbaar - die Gees moet hulle Leermeester wees (Calvyn, 1979:259). Die Gees onthul aan die gelowige die gedagtes van God se hart en dra dit tot in sy hart. "Die erediens word daarmee die samekoms waar God van hart tot hart met die gemeente praat" (De Klerk, 1987:56). Die Gees leer die gemeente deur die prediking aangaande God se liefde in Christus en wek die liefde vir God in hulle harte.

Die prediking van die Woord is 'n wyse, waarop God deur sy Gees die kennis aangaande sy geopenbaarde geheimenis aan mense oordra, sodat hulle in Hom kan glo en Hom kan liefhê (Vergelyk Combrink, 1993:159,160).

9.5.2 1 KORINTIËRS 12: ONDERRIG DEUR SAAMWEES IN DIE EREDIENS

De Klerk (1987:57) sê dat dit redelik algemeen aanvaar word, dat Paulus in 1 Korintiërs 11 by sy derde hoofpunt in die brief

kom (vergelyk ook Guthrie 1966:66-69; Coetzee 1980:44-49). Paulus skryf in hierdie afdeling oor probleme rondom die erediens (Du Rand, 1988:87). In 1 Korintiërs 11:1 tot 16:4 lê Paulus baie sterk klem op die verhouding van die gemeente onderling. Die gemeente is 'n eenheid, aangesien hulle deur een Gees gedoop is tot een liggaam, hulle is deur een Gees deurdronge (12:13). Die doel van elke gemeentelid se optrede moet die opbou (οικοδομην) van die liggaam wees. Louw en Nida (1988a:677) sê dat die begrip οικοδομειν die betekenis kan hê van "to increase the potential of someone or something, with focus upon the process involved" (beklemtoneering bygevoeg). Die proses, wat Paulus in gedagte het in hierdie derde hoofpunt van sy brief, is die opbou, wat tydens die erediens plaasvind (Van Unnik, 1993:143). In die hele hoofstuk 14 gaan dit vir Paulus om die verstaanbaarheid van dit, wat die gemeente doen in die erediens. Dit wat elkeen bydra tot die erediens, kan alleen tot opbou wees as almal in die erediens dit begryp en van die waarheid daarvan oortuig raak, sodat hy kan sê "amen" op dit wat gedoen word. Hieruit is dit duidelik, dat die begrip οικοδομειν/οικοδομην, in 1 Korintiërs 11-16, die onderrig wat in die erediens gegee word deur die bydrae wat elke lid maak, uitdruk (vergelyk Grosheide, 1976:323/4). Hierdie waarneming word bevestig deur die feit, dat οικοδομειν in 1 Korintiërs 14:19 nader omskryf word met die begrip κατηχειν.

In 1 Korintiërs 14 word verskeie aspekte van die erediens, waardeur onderrig plaasvind, aangeraak. Die profesie, wat vir almal verstaanbaar is en die gemeente opbou, staan teenoor die spreek in tale, wat onverstaanbaar is, as dit nie uitgelê word nie en net die individu, wat dit beoefen, opbou (vers 5). So staan die verstaanbare gebed in die erediens teenoor die onverstaanbare spreek in tale, elke lid in die liggaam moet betrokke kan wees. Aanbidding is nie 'n privaat saak, waarin elkeen net op sy/haar eie ervaring konsentreer nie. De Klerk (1987:70) sê in hierdie verband: "Onder die beheer van die Gees is die ware karakter van die erediens in sy korporatiewe aard geleë, en die gebed word juis daarom aan die groei en verryking van die hele liggaam gekoppel.". De Klerk (1987:70) verwys verder daarna, dat Paulus verskeie begrippe (προσευχομαι, ψαλω,

εὐλογῆς) gebruik om die volle omvang van danksegging in die erediens uit te druk. Ook hier staan die vereiste vas, dat dit verstaanbaar moet wees vir almal. Profesie, gebed, lofprysing, danksegging en psalmsang moet vir almal verstaanbaar wees, want die doel daarvan is om ander te onderrig (κατηχησω - vers 19) in die erediens.

Die wyse waarop onderrig in die erediens plaasvind, kan soos volg beskryf word: Elke lid dra volgens die gawes, wat die Gees aan hom/haar gee, by om die ander lede op te bou. 'n Vereiste vir onderrig om tot opbou te kan wees, is dat dit onder leiding van die Gees geskied en so gedoen word, dat elkeen in die gemeente met begrip kan meedoen en meeleeft.

Dit is belangrik om by die ondersoek na die wyse van onderrig in die erediens te verwys na, wat genoem kan word "die indirekte onderrig". Soos voorheen gesê is, word daar in 1 Korintiërs 11-16 sterk klem gelê op die noodsaak van verstaanbaarheid van onderrig. Daar word egter ook sterk klem gelê op die onderlinge liefde, wat tydens die erediens alle handeling moet beheers. Die vrou moet haar liefde vir haar man bewys deur ook in haar godsdienstbeoefening haar onderdanigheid aan hom te toon (11:1-16). Tydens die nagmaal moet die gemeentelede nie selfsugtig optree en net vir hulleself sorg nie, maar hulle moet vir mekaar wag (11:17-34). Wanneer die liefde ontbreek en die selfsug heers, dan kan dit, wat daar gebeur (die ete) nie die nagmaal van die Here genoem word nie - die eredienshandeling word dan betekenisloos (11:20). Die mens, wat die erediens bywoon, word dus nie net op 'n direkte wyse onderrig aangaande die feite en toepassing van die evangelie nie, maar ook op 'n indirekte wyse deur die gesindheid, waarmee byvoorbeeld die nagmaal gevier word (Vergelyk: Van der Merwe en Beukes, 1991:643,644).

Hierdie waarneming word bevestig deur 1 Korintiërs 14:23-25 waar die gemeente se optrede die ongelowige besoeker of tot 'n negatiewe, afwysende konklusie kan laat kom, of die ordelike, verstaanbare optrede kan bydra, dat hy deur die Woord van God in sy hart aangespreek word. Die oortuiging waartoe die onkundige wat die erediens binnegekom het kom, is nie iets, wat hy kan

sien of hoor nie, dit is 'n oortuiging waartoe die Heilige Gees hom moet bring. Hierdie oortuiging is, naamlik dat God werklik by die gemeente is. Die indirekte verkondiging, wat van die gemeente se optrede uitgaan, is dus 'n belangrike deel van die onderrig (Allen, 1982:212).

In 1 Korintiërs 11-16 word die kind se betrokkenheid by die onderrig in die erediens nie direk aangespreek nie, maar daar word verskeie riglyne gegee, wat op die kind se situasie van toepassing is. Paulus praat met die gemeente oor dit, wat gebeur tydens die samekomste van die gemeente (12:17,18), dit kan aanvaar word dat die kinders by hierdie samekomste teenwoordig was (Handelinge 21:5; Efesiërs 6:1). Paulus lê veral in 1 Korintiërs 12 sterk klem op die verskeidenheid, wat daar in die een liggaam is en dat elkeen nodig is in die liggaam (12:12-22). Selfs die lede, wat moontlik vir die gemeente swak en minder eervol kan lyk, is nodig. Ja meer nog, daar moet juis aan die lid, wat nie so sterk na vore kan tree nie (soos byvoorbeeld die kind), meer aandag gegee word om aan hulle die nodige toerusting te gee (12:22-25). Van die kinders kan in die lig van 1 Korintiërs 11-16 gesê word, dat die erediens so ingerig behoort te word, dat daar ook met liefde teenoor hulle opgetree word. Dit hou in, dat daar gesorg moet, word dat hulle kan verstaan, wat gesê en gedoen word, sodat die erediens nie vir hulle 'n onbegrypbare gebrabbel (soos een wat in tale spreek) sal wees nie. Die kinders moet ook "amen" kan sê op elke faset van die erediens, daarvoor sal nodig wees, dat die gemeente bereid sal wees om vir hulle te "wag" (11:33). Daar moet dus doelbewus gekyk word na die plek van die kind in die erediens en besonderlik by die nagmaal. Die kind moet begryp, wat gebeur en moet deel voel daarvan.

9.5.3 ONDERRIG DEUR HERINNERING

Davis (1971) ondersoek in 'n omvattende studie die wyse, waarop Paulus deur herinnering die Tessalonisense onderrig het. Hy konsentreer sy studie op 1 Tessalonisense. Die volgende sake is vir die wyse, waarop die kind onderrig moet word, van belang:

9.5.3.1 Herinnering is 'n noodsaaklike element in die wyse van onderrig aan gelowiges

Daar is 'n onderskeid tussen die wyse, waarop die evangelie onderrig word aan iemand, wat nog nie voorheen die evangelie gehoor het nie, of dit nog nie voorheen aanvaar het nie - en die wyse waarop dit onderrig word aan iemand, van wie die leermeester oortuig is, dat daar reeds kennis en geloof is. Paulus was verseker van die Tessalonisense se uitverkiesing, want die Evangelie het tot hulle gekom met die krag van die Heilige Gees. Die evangelie het so by hulle ingang gevind, dat hulle bereid was om verdrukking te ly daarvoor, hulle het hul van die afgode bekeer tot God om die lewende en waaragtige God te dien en die evangelie is deur hulle na ander plekke uitgedra (1 Tessalonisense 1:2-10). Hulle is kinders van die lig (5:5), voorbestem om die verlossing in Christus te ontvang (5:9). In sy onderrig aan die Tessalonisense herinner Paulus hulle telkens aan hierdie nuwe lewe, wat hulle van God ontvang het. Vir sy verdere onderrig aan hulle is dit noodsaaklik, dat hierdie nuwe gelowiges voortdurend in gedagte sal hou, wat hulle was voor hulle bekering en hoe God se genade in hulle lewe gewerk het. Paulus bou sy onderrig op die kennis en ervaring, wat hulle reeds het (a.w.:68). Paulus begin daarom (hoofstuk 1) deur 'n oorsig te gee van die pad wat die Tessalonisense reeds met die evangelie geloop het. In die volgende hoofstukke word sy onderrig telkens ingelei met die begrip $\sigma\lambda\alpha\upsilon\tau\epsilon$ (2:1,2,5,11; 3:3,4; 4:2; 5:2). $\sigma\lambda\alpha\upsilon\tau\epsilon$ word telkens verbind met Paulus se onderrig (vergelyk veral 1:5; 2:1,2,5,11). Hier vind ons baie duidelik die beginsel van Deuteronomium 6 terug waar die noodsaak om God se verlossingsdade te onthou baie duidelik gestel is. Die onthou van God se werke wek immers die liefde vir God in die hart van die mens op en bevestig weereens vir die gelowige, dat daar 'n noue band tussen hom en God tot stand gekom het (vergelyk 2.7.2 van hierdie studie). Indien die gelowige in die Ou of Nuwe Testamentiese tyd sou vergeet, dat God hom as deel van sy volk uit die slawehuis uitgelei het, sou hy ook nie in onderrig belangstel nie.

Herinnering aan God se dade tot jou verlossing moet dus die

basis vorm van alle verdere onderrig. Die gelowige sal of herinner word aan God se verbondsbelofte in die doop, of aan God se genade toe Hy hom wederbaar het en tot geloof gebring het. Die onderrig kan ook bou op God se verdere daade in die mens se lewe, so het Moses sy onderrig in Deuteronomium primêr gebou op die verlossing uit Egipte, maar ook op dit, wat God in die woestyn en in Kanaän vir Israel gedoen het. Die leermeester sal soms kan aansluit by vorige kennis aangaande 'n bepaalde onderwerp (vergelyk 1 Tessalonisense 5:1,2: "oor tye en geleenthede het ek nie nodig om aan julle te skryf nie; want julle weet self..."). Ander kere het die leerling nie vorige kennis aangaande 'n onderwerp nie (vergelyk 1 Tessalonisense 4:13: "Maar, broeders, ek wil nie hê, dat julle onkundig moet wees met betrekking tot ..."). Hierdie onderrig sluit dan aan by die basiese kennis aangaande die verlossing in Christus (vergelyk 1 Tessalonisense 4:14: "Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het....")

9.5.3.2 Onderrig deur herbelewing van 'n vorige gebeurtenis

Die Griekse begrip $\muνημορευειν$ het dieselfde betekenisinhoud as die Hebreeuse begrip $זָכַר$ (Behm, 1968:349). Die doel van herinnering is volgens hierdie betekenis, dan nie net om iemand weer aan 'n saak te laat dink nie, maar om 'n gebeurtenis op te roep asof dit nou hier gebeur. Die een, wat herinner word, moet die gebeurtenis herbeleef, sodat dit vir hom/haar betekenis kry in die hiër en nou van die lewe. Wanneer die gebeurtenis herroep word, bepaal dit gesindhede en daade, buig dit die wil van die mens om. Wanneer iemand God onthou (aan Hom dink) dan laat hy sy bestaan en optrede deur God se wil bepaal (Efesiërs 4:20), dan verwag hy dat God in ooreenstemming met die herinnering sal optree (Psalm 77). Om die armes te onthou (Hebreërs 13:3, 16:2) beteken om hulle te help in hulle nood. Wanneer die nagmaal gevier word, word dit gedoen tot Christus se gedagtenis ($\alphaναμνησιν$ - 1 Korintiërs 11:24). So word die volle betekenis van die verlossing, wat Hy bewerk het, opnuut ervaar en aktueel gemaak vir elke deelnemer en toeskouer (Pedersen, 1926:106). Helberg (1990 :17,18) toon die noue verband tussen die Pasga en die Nagmaal aan, "ook in die nagmaal gaan dit om

die gemeenskap deur middel van 'n maaltyd. Ook daar (in die nagmaal G.B.) dien die maaltyd om dié, wat glo, vir nou en vir die toekoms op God te laat vertrou".

In 1 Tessalonisense 5:1-11 herinner Paulus die lesers aan feite, aangaande Christus, wat hulle reeds ken (5:1,2). Paulus se doel met die herinnering is nie bloot om die feite weer helder by hulle op te roep nie, maar hy gebruik die herinnering as 'n basis waarop hy sy vertroosting (5:4,5,9,10) en opdragte (5:6-8,11) grond .

Paulus verwys na hierdie wyse van onderrig in Galasiërs 3:1b: "Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip ? Wie het julle verstand benewel ? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig, dat julle Hom as 't ware aan die kruis kon sien hang " (1983 Afrikaanse Vertaling). Die onderrig, deur herinnering, moet die hoorder oortuig van die dwaasheid van optrede, wat nie strook met die evangelie wat in herinnering geroep word nie. Die herinnering spoor aan tot 'n bepaalde optrede wat voortvloei en ooreenstem met dit, waaraan herinner word (Davis, 1971:63,292 nota 1). Davis (1971:292) verwoord die praktiese betekenis hiervan soos volg "... remembering is a doing, a concrete activity and not a mental event". Om die evangelie in herinnering te bring is om betrokke te raak by die doen van dit, wat Christus van jou vra.

9.5.3.3 Onderrig deur konkrete toepassing van verworwe kennis

Paulus herinner die Tessalonisense telkens aan bepaalde kennis, wat in besonder betrekking het op dit, waarin hy hulle op daardie oomblik onderrig (vergelyk die verwysing na hulle kennis oor 'n heilige lewe [4:1-8] en broederliefde [4:9]). Al hierdie bestaande kennis het egter hulle betekenis in die evangelie van die Here Jesus Christus. Die bestaande kennis het slegs betekenis, omdat dit iets van die evangelie nader toelig. Elke faset (byvoorbeeld die opstanding uit die dood [4:13-18] of die wederkoms [5:1-11]) maak deel uit van die groot geheel van die evangelie. Juis as dié, wat onderrig ontvang, hulle konkrete

situasie as deel van die groot geheel kan sien, kan hulle besluit, wat hulle moet doen. Hulle moet leer begryp, wat die opstanding uit die dood beteken vir mense, wat hulle geliefdes aan die dood afstaan - die herinnering aan Christus se opstanding en wederkoms moet vir hulle tot troos en bemoediging kan wees (4:18). Davis (1971:143) sê aangaande die onderrig deur herinnering: "It provides the rememberer a 'usable past' for the present situation".

Die wyse van onderrig bestaan dan daarin, dat die gelowiges begelei word, om bestaande kennis toe te pas op 'n aktuele situasie, waarmee die gelowige of sy gemeente mag worstel.

In 1 Tessalonisense 4:18 en 5:11 kom 'n verdere dimensie van hierdie wyse van onderrig na vore. In hierdie verse spoor Paulus die gemeente aan om mekaar te bemoedig (*παρακαλείτε*) en op te bou (*οικοδομείτε*) met die onderrig wat hy so pas aan hulle gegee het.

Hierdie onderrig is dus ook toerusting tot die onderlinge onderrig.

9.5.4 ONDERRIG DEUR VOORBEELD

Paulus beskou die wyse, waarop hy opgetree het tydens sy bediening, as onderrig (Davis, 1973:146,339). Hy roep die gemeentes, wat hy bedien het, daarom om sy navolgers te word (1 Korintiërs 4:16; 11:1; Filipense 3:17; 1 Tessalonisense 1:6). In 2 Tessalonisense 3:7-9 stel hy dit veral duidelik, dat hy doelbewus deur sy optrede onderrig gegee het deur die onderhoud, waarop hy geregtig was prys te gee om vir hulle 'n voorbeeld te wees. Sy doel was, dat hulle hom daarin kan navolg.

Davis (1973:293) sê, dat navolging, "remembering in action" is. Navolging is optrede waardeur die herinnering aan iemand anders se optrede, in jou eie lewe gestalte kry. Die navolging, waartoe Paulus die gemeentes aanspoor, staan in noue verbondenheid met die evangelie. In 1 Tessalonisense volg beide verwysings na die navolging (1:6; 2:14) direk op Paulus se danksegging vir die krag van die evangelie, wat in die gemeente

se lewe gesien kon word (a.w.:332). Die navolging, waartoe Paulus hulle aanspoor, is dus tegelyk 'n aansporing tot gehoorsaamheid aan die Woord. Hulle moet Paulus in sy uitlewing van sy geloof navolg, hulle moet hom navolg in sy navolging van Christus (1 Korintiërs 11:1). Hartin (1991:346) sê in verband met Jesus se opdrag in Johannes 13:14,15 dat sy dissipels sy voorbeeld moet navolg: "The follower of Jesus who imitates the service of Jesus, by serving others in a humble and self-sacrificing way is, in effect, bringing them into contact with the self-sacrificing death of Jesus". Navolging is dus inderdaad onderrig, wat bestaan in konkrete dade soos byvoorbeeld "die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop" (1 Tessalonisense 1:3).

Paulus se onderrig, deur voorbeeld en sy oproep aan die gemeente om hom na te volg, rus op 'n persoonlike verhouding tussen Paulus en die gemeente. In 1 Tessalonisense 2 praat Paulus met die gemeente oor die sukses van sy bediening onder hulle (2:1,13,14). In vers 2-12 beskryf Paulus die wyse waarop hy onder hulle gearbei het. Hy doen dit waarskynlik as verdediging teen beskuldigings, wat teen hom gerig was (Hendriksen, 1976:62,63). In hierdie beskrywing van sy werkswyse en motivering van die werkswyse lig hy die volgende sake uit:

- Hy het die evangelie nie verkondig uit selfsugtige of oneerlike motiewe nie, maar omdat hy deur God daartoe geroep is (2:3-6).
- In sy bediening van die gemeente het hy 'n noue persoonlike verhouding met hulle gesluit, sodat hulle vir hom dierbaar geword het. Hy het hulle gekoester soos 'n pleegmoeder haar kinders en hy was vir hulle soos 'n vader. Hy was bereid om in sy bediening homself met hulle te deel, nag en dag te werk, verder het hy hom heilig en onberispelik gedra (2:7-12).

Paulus het hierdie gemeente dus onderrig deur sy voorbeeld, wat hy gestel het deur 'n lewenswyse volgens Christus se woord en voorbeeld. Hierdie onderrig berus op 'n noue persoonlike verhouding tussen leermeester en leerling. Uit die optrede van die leermeester moet die leerlinge oortuig wees van sy opregte

toewyding aan die evangelie en sy gehoorsaamheid aan God, asook sy liefde en ywer vir sy leerlinge (Prins, 1990:73; Vergelyk in hierdie verband ook Combrink, 1993:156,156 in verband met Kolossense 2:1-3).

Omdat die gemeente sy voorbeeld nagevolg het, het hulle weer vir ander voorbeelde geword (1 Tessalonisense 1:7). Paulus kan van hierdie gemeente sê, dat die woord van die Here van hulle uitgegaan het, maar ook dat hulle geloof in God uitgegaan het (1 Tessalonisense 1:8). In vers 9 gee Paulus die rede waarom hy sê dat die woord en hulle geloof "uitgegaan" het: "Want hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien ...". Die wyse waarop hulle op Paulus se onderrig gereageer het en die gepaardgaande verandering, wat daar in die lewenswyse van hierdie gemeente plaasgevind het, het 'n duidelike boodskap na buite uitgedra (Davis, 1971:174).

9.5.5 ONDERRIG DEUR GEBED EN SANG

In 1 Korintiërs 14:14-20 handel Paulus oor die gebed en sang in die erediens. Die sang en gebed in die erediens moet deur almal in die erediens begryp kan word want dit moet tot opbou van die gemeente dien (vers 17). Die opbou word in vers 19 nader beskryf as onderrig.

In Kolossense 3:16 word die sang as 'n middel beskryf waardeur die gelowiges mekaar in die erediens kan onderrig en vermaan. Die twee begrippe διδασκοντες en ψευδουσιν is beide praesens deelwoorde wat 'n voortdurende handeling aandui. Elke keer as hulle bymekaar is, moet hulle mekaar onderrig deur sang.

In Efesiërs 5:19 word 'n byna identiese opdrag ontvang. Die gemeente word opgedra om met mekaar te spreek deur hulle sang. Hierdie opdrag staan in noue verbondenheid met die opdrag om te leef soos God dit wil (soos ook in Kolossense 3) en met die opdrag om met die Gees vervul te word. Roberts (1983:158) sê, dat hulle hier opgeroep word tot 'n besondere wyse van kommunikasie tydens hulle saamwees. Die psalms en lofsange en

geestelike liedere bevat die inligting waardeur hulle kan leer om te leef soos God wil. Die sang is egter ook 'n praktiese illustrasie van die vol en ryk lewe onder leiding van die Gees. Tydens die sang word die gemeente onderrig in die entoesiastiese lewenswyse van die mens, wat vol is van God se Gees.

Ten opsigte van die gebed is dit duidelik dat Paulus herhaaldelik in sy briewe onderrig gee deur die inhoud van sy gebede aan hulle deur te gee (vergelyk Efesiërs 3:14-21; 1 Tessalonisense 1:2,3,13).

Die wyse van onderrig is hier dus deur die gebed en sang, wat vir almal verstaanbaar is.

9.5.6 INDIVIDUALISERENDE ONDERRIG

In verskeie Skrifgedeeltes kom dit duidelik na vore, dat dit nodig is om die onderrig op 'n spesifieke groep toe te spits.

In 1 Timoteus 5:1-4 gee Paulus riglyne oor die wyse waarop vermanende onderrig aan bejaarde mans, jongmans, bejaarde vrouens, jong vrouens en weduwees gegee moet word (Venter, 1993 :257). Elders spreek Paulus in sy onderrig spesifieke groepe aan: die rykes (1 Timoteus 6:17-19), slawe (1 Timoteus 6:1,2) en kinders (Efesiërs 6:1). Aan Titus gee hy ook riglyne aangaande die onderrig aan verskillende ouderdoms- en geslags- en sosiale groepe (Titus 2:1-10)

Hieruit is dit duidelik, dat dit nodig is om die onderrig soms toe te spits op 'n bepaalde groep om 'n besondere behoefte by hulle aan te spreek. Op hierdie beginsel rus die onderrig aan die kind soos dit huidig in die kategeese na vore kom.

9.5.7 GESISTEMATISEERDE AFLEIDINGS BY DIE WYSE VAN ONDERRIG

Volgens die Nuwe Testament is die kind in die gemeente onderrig deur:

- die prediking waardeur die Heilige Gees die geheime van God

aan die gemente openbaar.

- die saamwees van die gemeente waar elkeen onder leiding van die Heilige Gees die ander in liefde op 'n verstaanbare wyse bedien met sy gawes.
- herinnering as noodsaaklike element van die onderrig waardeur die kind:
 - God se genade as 'n werklikheid kan (her)beleef
 - verworwe kennis steeds nuut en aktueel kan toepas op sy lewe
- voorbeeld waardeur die kind in 'n ander se lewe kan sien (of hom daaraan kan herinner) hoe Christus nagevolg moet word in gehoorsaamheid aan die Woord.
- gebed en sang wat vir die kind verstaanbaar is.

9.6 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE GEMEENTE

Die onderrig in die Nuwe Testament sluit ten nouste aan by die onderrig in die Ou Testament. Die onderrig in Ou en Nuwe Testament vind sy grondslag in die volgende:

- God skep vir Hom 'n volk deur Homself aan hulle te openbaar in sy verbondstrou en liefde.
- In die skepping van sy volk vervul God sy skeppingsdoel, naamlik dat die mens deur die geloof en gehoorsaamheid sy beeld moet wees op aarde.
- In die skepping van sy volk verlos God hulle van alle slawerny sodat hulle Hom kan dien.
- God wil by sy volk woon en aan hulle sy heerlikheid openbaar.

God is primêr subjek van die onderrig deur die Gees, wat herinner en openbaar.

Die apostels het ten opsigte van die onderrig, 'n unieke taak gehad as oog en oorgetuies en as die kern van die volk van God, wat deur Jesus op aarde bymekaar gebring is.

Die toerustingswerk, wat Christus aan die apostels gedoen het, moes die apostels voorsit en aan elke gelowige doen. Uit die gelowiges tree mense na vore, wat geskik is om voorgangers te wees en hierdie toerustingswerk in die gemeentes voort te sit.

Die gemeente onderrig mekaar voortdurend. Die gemeente as liggaam of vergadering onderrig deur dit, wat hulle deur hulle optrede verkondig.

Die doel van die onderrig is, dat die beloftes in die lewe van die volk verwerklik sal word, sodat hulle kan leef soos God dit wil en daardeur sy Woord uitdra. Dit lei ook daartoe, dat hulle mekaar, elkeen volgens sy gawes, sal toerus, sodat die lof van God uit die gemeente sal opklink en God se Koninkryk so sal kom.

Die onderrig vind plaas by wyse van onder andere:

Die prediking;

Die saamwees in die erediens, gebed en sang;

Herinnering as herbelewing, konkrete toepassing en voorbeeld.

9.7 KONKRETISERENDE PERSPEKTIEWE

Onderrig moet doelbewus bou op God se genade in sy verbond. Die kind moet meer en meer leer begryp, wat die verbond van God vir hom, as deel van God se volk, beteken en wat sy taak in die Koninkryk van God is.

Onderrig moet plaasvind in die diepe besef dat daar alleen deur die werking van die Heilige Gees begrip, geloof en aanvaarding sal wees. Die onderrig word dus in diepe afhanklikheid en in die sekerheid van God se krag gedoen.

Onderrig moet so ingerig word dat die voorgangers met hulle besondere gawes geleentheid het om die kind toe te rus vir sy dienswerk.

Daar moet ook geleentheid geskep word dat die gemeente deur woord en voorbeeld die kind kan onderrig.

Die erediens moet so ingerig word dat die kind daar liefde ervaar en kan begryp, wat daar gebeur, sodat hy onderrig kan word.

Herinneringsgeleenthede soos die nagmaal moet so gevier word, dat die kind die betekenis van die gebeurtenis, wat herdenk word, as 'n werklikheid in sy lewe kan ervaar.

Onderrig moet 'n groeiende proses wees, wat steeds voortbou deur herinnering op reeds verwerfde kennis.

Die kind moet geleentheid kry om te sien hoe sy leermeesters Christus navolg, sodat hy deur hulle voorbeeld onderrig kan word en so Christus kan navolg.

HOOFSTUK 10 KATEGESSE EN GELOOFSOPVOEDING

10.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In die voorafgaande hoofstukke is die Skrif en ander toepaslike literatuur verken om vas te stel, wat die verskillende dimensies van onderrig is, waardeur die kind toegerus word vir sy lewe met God in hierdie wêreld. Volgens die Ou en Nuwe Testament is die kind nie in daardie tyd op 'n gereelde basis, buite die erediens, afsonderlik, formeel onderrig nie (vergelyk Schippers, 1982b:22). Daar was dus geen formele kategetiese onderrig soos dit vandag in die reformatoriese kerke in Suid-Afrika beoefen word nie. Uit die riglyne, wat verkry is uit die ondersoek van die verskillende dimensies, sal die eie aard, die plek en taak van die kategeese in samehang met ander dimensies van verbondsoopvoeding nader bepaal moet word.

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om op grond van die riglyne, wat deur die voorafgaande ondersoek verkry is, 'n basisteorie te ontwerp vir die kategeese om in die praktyk ten beste in samehang met ander dimensies van verbondsonderrig te funksioneer.

10.2 METODE

Die bevindinge aangaande die verskillende dimensies van verbondsoopvoeding, soos dit in die ondersoek na vore gekom het, sal saamgevat, toegepas en met ander standpunte vergelyk word. Hierdie vergelyking sal gedoen word op grond van die studie, wat gedoen is oor die grondslag, subjek, doel en wyse van elke dimensie van onderrig. Hieruit sal die grondslag, subjek, doel en wyse van die kategeese nader bepaal kan word.

10.3 DIMENSIES VAN GELOOFSOPVOEDING

Die volgende dimensies van geloofsoopvoeding het na vore gekom uit die voorafgaande ondersoek: Onderrig deur die ouer, onderrig deur mense met 'n besondere roeping om te onderrig,

onderrig deur herinneringsfeeste, onderrig deur die volk van God, onderrig deur die viering van die erediens.

10.4 DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

10.4.1 GRONDSLAG VAN DIE OUERS SE ONDERRIG VOLGENS DIE OU EN NUWE TESTAMENT

Die sine qua non van die ouer se onderrig is God se selfopenbaring aan die ouer in sy verbond. So het God in 'n noue persoonlike verhouding met hulle getree. Die ouer leer deur God se Woord (onder andere deur onderrig wat hulle voortdurend ontvang) en daad die inhoud (verskillende fasette) van God se verbond, en leer daarom God self ken (ken in die betekenis van geloofskennis, wat insluit feitekennis, insig, liefde en vertroue). Hierdie kennis bepaal die inhoud, doel en wyse van onderrig.

Kenmerkend van die ouer se onderrig is die intieme, persoonlike karakter daarvan. Vanweë hierdie persoonlike karakter van die onderrig is die ouer veral toegerus om God se liefdesorg aan die kind te onderrig en die kind te begelei tot liefde vir en gehoorsaamheid aan God. Die ouer se onderrig is in die besonder op die praktyk van die lewe gerig, die kind word deur die ouer toegerus om sy roeping, as kind van God in die wêreld, na te kom om so die Koninkryk van God uit te brei. Hierdie toerusting sluit ook toerusting in om in die gemeente van Christus (volk van God) sy gawes tot nut en saligheid van ander te gebruik en self ook opgebou te word.

10.4.2 GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR MENSE WAT 'N BESONDERE ROEPING VAN GOD ONTVANG HET OM TE ONDERRIG

10.4.2.1 Die onderrig van die profeet

God openbaar die konkrete betekenis van sy verbond vir die huidige situasie van sy volk direk aan die profeet. Deur die profeet se onderrig leer die volk, wat dit vir hulle inhou dat God hulle God is en in 'n noue persoonlike band met hulle as

volk leef. Kenmerkend van die profeet se onderrig is, dat dit die volk begelei tot insig in God se trou aan sy verbondsbeloftes. Die volk word ook deur die profeet onderrig in hulle antwoord op die trou van God.

Soos aangetoon in 9.3.2.2 van hierdie studie word elke gelowige vandag geroep om as profeet op te tree. Dit is noodsaaklik vir die onderrig van die kind dat die geleentheid geskep sal word vir die profeet om in die midde van die gemeente op te tree.

10.4.2.2 Die onderrig van die priester

Soos die onderrig van ouer en profeet is die priester se onderrig gegrond op God se verbond. Die priester se onderrig beklemtoon ook 'n besondere dimensie van God se verbond, naamlik die eer en verheerliking van God. Die priester moet die volk onder begelei om God in die erediens (kultus) en daar buite volgens sy wet te verheerlik. Die besondere kenmerk van die priester se onderrig, op grond van God se verbond, is dus die vrees van die Here, waarin hulle die volk onderrig het.

Dit is dus noodsaaklik, dat die kind onderrig sal word in die betekenis van die liturgie en in die wyse van deelname daaraan. Die kind moet ook begelei word in die praktiese uitlewing van die gemeenskap met God, wat in die erediens beleef word.

10.4.2.3 Die grondslag van die ampsdraer se onderrig volgens die Nuwe Testament

Die grondslag van dié onderrig is die verbond van God, in noue aansluiting by die Ou Testament. Die klēm word egter in die Nuwe Testament sterker gelê op die openbaring van God deur sy Woord tot koms van sy Koninkryk. Uit die noue band tussen die Ou en Nuwe Testament blyk dit geregverdig om uit die Ou Testamentiese gegewens afleidings te maak vir die huidige praktyk. God vervul sy verbond en laat sy Koninkryk kom deur die koms, lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus en die daaruit-voortvloeiende uitstorting van die Heilige Gees as

belofte van die verbond (Handelinge 2). Onderrig in die Nuwe Testament is slegs ware onderrig, wanneer dit die Woorde en dade van Christus verkondig. Die kenmerkende van die ampsdraer se onderrig is, dat dit toerusting tot dienswerk is, sodat God se volk waardig die roeping, waarmee hulle geroep is, kan wandel. Hulle onderrig die volk in God se Woord.

10.4.3 GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VOLK VAN GOD

God het in sy verbond bepaal (volgens die belofte aan Abraham) dat Hy in verhouding sal tree met die mens as lid van 'n volk. Verbond en volk is in Ou en Nuwe Testament onlosmaaklik aan mekaar verbonde. In die Ou Testament skeep God vir Hom 'n volk deur hulle uit te lei uit Egipte om Hom te dien. In die Nuwe Testament maak Christus vir Hom die kern van sy volk bymekaar in die dissipels. Elkeen, wat deur hulle woorde tot geloof kom, word deel van God se volk. Die samekoms van die volk en die onderrig, wat daarvan uitgaan, beklee 'n belangrike rol in sowel die Ou as die Nuwe Testamentiese tyd en het veral in die sinagoge duidelik op die voorgrond getree. Die onderrig, wat van die volk uitgaan, is gerig op die oefening van die kind in die praktyk van die diens aan God. Die kind word onderrig deur saamdoen en saamluister en waarneming van ander in hulle uitlewing van die verbondsgemeenskap met God en mekaar.

10.4.4. GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG DEUR DIE VIERING VAN HERINNERINGSGELEENTHEDE

Die onderrig deur die viering van die Sabbat is gegrond op sowel die skeppingswerk as die verlossingswerk van God in getrouheid aan sy verbond. Skeppingswerk en herskeppingswerk vind beide hulle voltooiing in die een dag van rus na die ses dae van werk. Die onderrig ontgin die betekenis van God se optrede in die geskiedenis vir God se volk vandag en verseker, dat God telkens nuut bekend gestel sal word aan die kind. In die viering van die Pasga word God se trou aan sy verbond, soos dit in Egipte deur God geopenbaar is, telkens nuut as 'n werklikheid beleef. In die doop en die nagmaal word die verlossing wat Jesus bewerk

het, beteken en verseël.

Die kenmerkende van die onderrig deur die viering van die feeste is, dat dit die krag en betekenis van God se openbaring in die verlede, konkreet in die hede illustreer, bevestig en toeganklik maak vir die deelnemer. Dit verskaf aan die gelowige deelnemer " 'n bruikbare verlede" vir die verheerliking van God vandag.

10.4.5 PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN TOEPASLIKE LITERATUUR

Binding aan God as primêre uitvloeisel van die verbond as grondslag van die onderrig

Nel (1991:633) se bevindinge sluit sterk by bogenoemde resultate aan. Hy sê dat die Ou-Testamentiese opvoedingsdenke sterk teosentries, eintlik Jahwesentries is. Die binding aan Jahwe is die dominante van die opvoedingsdenke van die Ou Testament.

Uit die voorafgaande studie het dit duidelik geword, dat die verbond die grondslag van die geloofsopvoeding moet wees. Die verbond van God hou in, dat God in 'n persoonlike verhouding met sy volk en elke individu daarin, tree. Daarom sal die opvoeding op grond van die verbond, die kind aan die God van die verbond bind (Beukes, 1983:9). Die kind tree egter nie net met God in verhouding nie, maar ook met die een wat hom opvoed. Geloofsopvoeding is dus opvoeding midde-in en deur intermenslike verhoudinge. Firet (1974:149,153) trek die konsekwensie hiervan as hy sê, dat opvoeding nie opgaan in doelgerigte en doelbewuste handeling nie. Soos God Homself in sy verbond na die mens gewend het en Homself aan die mens openbaar en toeganklik maak, so is dit noodsaaklik vir die opvoeding, dat leermeester en leerling hulle tot mekaar wend en aan mekaar toevertrou in ware liefde.

Bolkestein (1966) skets die ontwikkeling in die Rooms-Katolieke kategeese soos dit wegbeweeg het van intellektualisme in die kategeese. Hyself (Bolkestein,1966:15) het egter nie genoegsame oog vir die verbondskarakter van die kategeese en die gepaardgaande, primêre binding aan God nie. Die wese van

kategese is vir hom pastorale en pedagogiese opvoeding en vorming tot mondige lidmate van die gemeente.

Onderrig as begeleiding om te word waarvoor God jou in sy verbond bestem het

Die verbond van God hou onder andere in, dat God dit, wat Hy met die skepping begin het, voortsit en algaande voltooi deur die skepping (herskepping) van sy volk. Fiset (1974:145) en Richards (1975:30 e.v.) se afleidings is dus Skrifgetrou wanneer hulle sê, dat opvoeding te doen het met die groei van lewe. Deur die opvoeding moet die kind, nie maar net sekere feite leer nie, maar moet hy word waartoe God hom bestem het. Nel (1991:134) vat dit so saam: In die opvoeding van die kind gaan dit nie eerstens "om die verandering van die mens deur legalistiese afrigting nie - die mens word nie anders, omdat hy nuwe dinge byleer en ander afleer nie. Dit gaan eerder om die wording van hierdie mens, om iemand, wat hoe langer hoe meer word en is, wat hy/sy deur die Skepper en Herskepper van die lewe bedoel is om te wees". Schippers (1982b:24) neem hierdie insig verder wanneer hy sê, dat kategese in sy wese begeleiding tot verandering (afsterwing en opstanding) is: "De veranderingswaarde is het allerbelangrikste: het gelijkvormig worden, conform worden aan het beeld van Christus, zodat de levensvernieuwing zichtbaar wordt in een levensprogramma naar de bedoeling van de Heer. ... Catechisatie is leren voor het leven".

Hull (1992:16) vra die vraag, wat godsdiensonderrig (religious education) is. Hy gee uiteindelik drie moontlike antwoorde.

Volgens hom kan godsdiensonderrig wees:

"learning religion" wat hy gelykstel aan kultuuroordrag, inwyding in 'n leefwyse.

"learning about religion" dit is die bestudering van die feite aangaande godsdiens.

"learning from religion" hierdie uitgangspunt sal hom besig hou met die vraag "watter waardevolle perspektiewe kom in die godsdiens na vore, wat vir die kind geleer kan word ?".

Dit is duidelik, dat Hull (1992) die betekenis van God se

verbond in die geloofsonderrig nie genoegsaam in hierdie moontlikhede in ag neem nie.

Volgens die moontlikhede wat hy noem, is geloofsonderrig nie gemik op 'n persoonlike ontmoeting met God, wat tot lewensvernuwing lei nie.

Begeleiding tot liefde vir God as uitvloeisel van die verbond as grondslag van die onderrig

Ondanks die belangrike perspektiewe wat Fiset (1974) open, kry die begeleiding tot liefde vir God, as uitvloeisel van die verbond as grondslag van die geloofsopvoeding, by Fiset nie genoegsame aandag nie. In die kategetiese sal verdiskonteer moet word, dat God sy liefde aan sy volk bewys in getrouheid aan die verbond, en dat die kind begelei moet word om God lief te hê met sy hele hart en siel en kragte. Deur die onderrig openbaar God Hom aan die kind, sodat die kind kom tot geloof dat dit wat van God aan hom geleer word, waar is, dat hy kan vertrou dat God ook in sy lewe sal optree in getrouheid aan sy verbond. Vanuit hierdie geloofskennis en geloofsvertroue groei die liefde vir die een en enige God.

Die kategetiese sal dus nie net met die kind se verstand en wil besig wees nie, maar ook met sy emosies, die affektiewe van sy menswees. Die kind sal ook aangespoor en begelei word om te doen wat God van Hom eis. Verboom (1987:178) sê, dat Calvyn onder die kennis, wat aan die katkisant oorgedra word, verstaan het 'n kennis, wat in 'n lewenshouding uitgedruk word en die intellektuele, affektiewe en eksistensiële of aktiewe van sy bestaan, dit wil sê sy hele menswees, omvat.

Die verbond en Koninkryk as bepalende faktore in die onderrig

Alhoewel geloofsopvoeding die kind in sy konkrete situasie van die hier en nou begelei, mag die situasie van die kind nie die bepalende word vir die kategetiese nie. Schipani (1988) stel geloofsopvoeding diensbaar aan die bevrydingstryd.

Geloofsopvoeding dien dan om mense bewus te maak van hulle

onderdrukking en die weg uit die onderdrukking. In dieselfde lyn lê Wilhoit (1991:17) se definisie: "Christian education is in the business of helping people find meaning in life through highly personal teaching ministries". Die vertrekpunt en oriëntasiepunt is die mens en sy behoeftes en nie God se openbaring in sy verbond en die koms van sy Koninkryk nie (vergelyk ook Breytenbach, 1993:1 e.v.; Roux 1988:33 e.v.). Volgens hierdie werke is die bepalende in die geloofsopvoeding nie, in die eerste plek, God en die feit dat Hy Homself aan die mens openbaar in sy verbond nie. Wilhoit (1991:45) kom tot die konklusie, dat die onderrigsituasie vier hoofelemente bevat: die onderwerp, student, leermeester en omgewing. Hierin wil dit lyk asof hy God negeer as die belangrikste Persoon in die onderrigsituasie - alhoewel hy tog later (Wilhoit, 1991:51-61) erkenning gee aan die werk van die Heilige Gees. God se selfopenbaring aan die mens, sodat die mens in 'n noue persoonlike verhouding met Hom kan leef, Hom in gehoorsaamheid kan dien en eer, moet die onderrig bepaal. Uit hierdie noue verbondsverhouding vloei die ywer om God se Koninkryk uit te brei.

Doop en belydenisaflegging as bakens in die kind se geloofsopvoeding

Kilian (1992:192-207) handel oor die betekenis van die doop as verbondsteken. In die doop ontvang die kind 'n teken en seël as vaste bewys, dat hy deel in God se genade, wat Hy aan sy volk skenk op grond van sy verbond. "God verbind Homself as getroue Verbondsgod op grond van die verdienste van Jesus Christus in die doop aan die dopeling" (Kilian, 1992:198, Floor, 1983:118). Hierdie verbintenis is 'n appèl op die kind om deur die geloof in 'n lewenslange verbintenis met God te leef (Vos, 1989:17). Deur die verskillende dimensies van geloofsopvoeding word die kind onderrig om en hoe om voluit in hierdie verhouding te staan.

Die Gees van God roep die dopeling deur die getuienis van die Woord tot geloof. Daar bestaan 'n innerlike spanning in die verbond, aangesien alle gedooptes nie die toegesegde heil in die

geloof hulle eie maak nie (Kilian,1992:198). Die doop is 'n teken van God se persoonlike bemoeienis met die kind, ook deur die geloofsopvoeding. Hierdie persoonlike bemoeienis vereis van die mens 'n beslissende antwoord. God ag die teken van die verbond hoog en minagting van God se verbond, wat na vore kom in die minagting van die teken, lei tot die dood (vergelyk 5.3.1.4). Die geloof word egter nooit 'n wyse waarop die heil tot stand gebring word nie. Die geloof is alleen die wyse waarop die kind deel kry aan die genade, wat God buite ons toedoen op sy eie wyse bewerk het (Kilian,1992:201). God se Gees gebruik verskillende mense om die kind op verskillende wyses te onderrig in die betekenis van die verbond en om hom so te begelei tot geloof, sodat hy deel kan hê aan God se Koninkryk.

Die doop is egter nie net teken van God se verbintenis met die individu nie, die doop is ook teken van die kind se deelwees van die volk van God. "Volle deelname aan die vrug van die lyding, sterwe en opstanding van Christus word vir die dopeling versinnebeeld deur sy *inlywing* in die liggaam van die Here" (Kilian,1992:205). Die kind word deur die doop deel van die volk van God tot hy homself doelbewus van die volk afskei en self die verbintenis verbreek. Hy kan alleen die volle vrug van die verbond beleef binne die gemeenskap van die volk van God. Wie hom losmaak van die ware volk van God, maak hom los van die verbond. Wanneer die kind gedoop word, ontstaan die noodsaak van die onderrig as begeleiding tot geloof.

Wanneer 'n kind tot geloof kom, moet hy ook openlik daaroor met ander kan praat. Geloof moet openlik bely word (Matteus 10:32,33). Belydenis hou in dat die kind hom doelbewus met God vereenselwig (Breed, 1989:98,99). God het Homself in die doop openlik met die kind verbind, wanneer die kind deur die onderrig tot geloof kom, antwoord hy deur homself deur sy woorde en daade openlik aan God te verbind. God het Homself in die midde van die gemeente openlik aan die kind verbind. Hierdie verbinding het ook 'n verbinding van die kind met die volk ingehou. Dit is dus gepas, dat die kind ook die geloof, wat deur die geloofsopvoeding in sy hart gegroei het, in die midde van die

gemeente bely. Geloofsbelydenis is dus 'n uitvloeisel van die totale geloofsopvoeding en nie net van die kategetiese nie.

In die nagmaal word die gelowige se eenheid met God in Christus beteken en verseël, maar ook sy eenheid met die volk. Hy is een van die graankorrels, waaruit die een meel voortkom, een van die baie druiwekorrels, waaruit die een wyn vloei. Voor die kind vir die eerste maal nagmaal gebruik, is dit gepas, dat hy in die midde van die gemeente sal bely, dat hy deel het aan die verbond en daarom een is met Christus en sy liggaam.

Die deelname aan die Nagmaal is dan in die lewe van die gelowige 'n nuwe dimensie, waardeur hy verder onderrig word.

10.4.6 FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE GRONDSLAG VAN DIE ONDERRIG

Al die verskillende dimensies van onderrig het die verbond van God as grondslag. God gebruik verskillende mense en middele om die verskillende aspekte van sy verbond te onderrig. Alhoewel elke dimensie van geloofsopvoeding alle aspekte van God se verbond onderrig, word daar telkens in elkeen op een besondere aspek die klem gelê:

Die ouer se onderrig lê in die besonder klem op God se verbondsliefde en sorg, en wil die kind tot liefde vir God begelei. Die ouer se opvoeding rus die kind in die besonder toe vir sy lewe in die wêreld tot uitbreiding van God se Koninkryk.

Die profeet se onderrig lê in die besonder klem op God se trou aan sy beloftes, en wil die kind begelei om God alleen in getrouheid te dien.

Die priester se onderrig lê die klem op God se heiligheid en almag en wil die kind begelei om in diepe ontsag God te verheerlik in die erediens en daarbuite.

Die ampsdraer in die Nuwe Testament se onderrig lê die klem op toerusting vir dienswerk tot opbou van die liggaam,

sodat hulle 'n lewe waardig hulle roeping kan leef.

Die onderrig, wat van die volk as vergaderde gemeenskap uitgaan, verskaf in die besonder oefening (as onderrig) in die praktiese erediens (worship) aan God.

Die onderrig deur die feeste beklemtoon die herbelewing van God se heils- en skeppingshandele as onderrig.

Geloofsopvoeding is verbondsopvoeding. Die verbond van God is die alles bepalende in geloofsopvoeding. Die verhouding waarin God so met sy volk, en met elke gelowige individu daarbinne, tree, word sigbaar in 'n ryke verskeidenheid dimensies, wat nie te skei is nie, maar wel te onderskei. Hierdie onderskeie fasette, waarin die verbond van God sigbaar word in die lewe van die volk, bied telkens 'n werksopdrag vir 'n bepaalde dimensie van die geloofsopvoeding. God openbaar dit in sy Woord dat Hy bepaalde mense roep om God se volk veral in 'n bepaalde faset of fasette van die verbond te onderrig.

Die vertrekpunt van hierdie onderrig lê wel in die verlede (soos opgeteken in die Woord), waarin God sy verbond gesluit, bevestig en vervul het. Dit, wat daarin van God en sy verhouding met sy volk openbaar word, kry egter telkens nuwe betekenis wanneer sy volk (wat daarin onderrig is) die betekenis daarvan vir die hede begryp. Die volk, wat God deur die onderrig leer ken uit sy dade van die verlede, kan in die hede in 'n lewende persoonlike verhouding met Hom leef. Hulle kan self in hulle eie lewe dit ervaar, wat van God in die Skrif opgeteken staan, sodat hulle kan meewerk aan die koms van God se Koninkryk.

Geloofsopvoeding begelei die kind om die waarheid en die werklikheid en die wonder van God se verhouding met hom, soos dit moontlik gemaak word deur die verbond, te ervaar. Elke dimensie van geloofsopvoeding moet daartoe bydra dat die kind in daardie bepaalde dimensie steeds groei in sy verhouding met God en sy volk. Onderrig kan alleen dan geloofsopvoeding wees as dit die kind begelei om in 'n bepaalde faset van sy

(verbonds)verhouding met God te groei. Die kind is dus met sy hele wese betrokke by die opvoeding. Die opvoeding moet die kognitiewe, affektiewe en aktiewe elemente van sy menswees aanspreek.

Die belydenis van sy geloof, in die midde van die gemeente, is 'n nodige gebeurtenis waardeur die kind doelbewus sy eenheid met God en sy volk, waarvan die doop teken en seël is, bevestig. Dit open die deur na nuwe dimensies van geloofsonderrig.

10.4.7 TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE VERHOUDING KATEGESE EN GELOOFSOPVOEDING

Die kernvraag, wat in hierdie studie uiteindelik beantwoord moet word, is wat die plek en taak van die kategeese in die groei van die verbondskind tot volwassenheid is. Dit sal bepaal word deur 'n vergelyking en verbandbepaling tussen kategeese en die dimensies van geloofsopvoeding soos dit uit die studie na vore gekom het. Daar is egter in die ondersoek van die Skrif geen dimensie van die geloofopvoeding gevind, wat ten volle ooreenstem met die onderrig wat vandag as kategeese aangedui word nie. Die vraag ontstaan dus wat kategeese werklik is en of dit met een van die dimensies wat uit die ondersoek van die Skrif na vore gekom het, ooreenstemming vertoon. Die ontstaansgeskiedenis van die kategeese sal kortliks ondersoek moet word om hierdie vraag te kan antwoord.

Daar bestaan wyd eenstemmigheid, dat daar in die vroeg-Christelike kerk nie 'n voortgaande, afsonderlike, amptelike onderrig van die kinders was nie. Kategeese was onderrig van mense, wat uit die heidendom tot bekering gekom het en voorberei moes word op hulle doop. Kinders is saam met hulle ouers onderrig (Bijlsma, 1962:51,52; Dingemans, 1986:168,169; Van't Veer, 1942:140; Prins, 1973:44,45).

Tydens die Middeleeue het geloofsonderrig totaal verval, sodat daar geen sprake van werklike kategeese was nie.

Die werklike totstandkoming van kategeese aan kinders vind tydens

die Reformasie plaas. Wanneer Calvyn wil terugkeer tot die gebruik van die vroeë kerk, vereis hy alleen, dat die kind, wat grootgeword het, "voor de bisschop gesteld werden, opdat ze de plicht zouden vervullen, die geëist werd van de volwassenen, die zich tot de doop aanboden" (Calvyn, Inst.IV:19,11). Die bring van die kind tot rypheid om belydenis van geloof af te lê het by die ouers berus. Die kind moes van hierdie onderrig rekenskap gee aan dié wat moet waak oor die kudde (Van't Veer, 1942:302). Tydens die begin van die Reformasie was daar geen spesiale amptelike kategetiese onderrig aan kinders gegee nie (Verboom, 1987:120). Die kinders word in die kategismusreek onderrig. Die doel van die kategismusreek was aanvanklik "volksonderrig", maar die klem word gaandeweg verlê, sodat dit jeugonderrig word (Van't Veer, 1942:169). Die onderrig deur die kategismusreek het skynbaar nie in sy doel geslaag ten opsigte van die kinders nie (Verboom, 1987:121). Gaandeweg kom daar dus 'n aandrang op 'n onderrig, wat op die kinders toegespits is. Op versoek van Luther word reeds in 1521 'n "kategeet" aangestel om die kinders afsonderlik te onderrig. Hierdie onderrig moes waarskynlik die biege vervang. So kom daar naas die kategismusprediking, afsonderlike kategismusonderrig vir die jeug tot stand. Hierdie was egter 'n eenmalige aanstelling en het nie praktyk geword in die gemeentes nie (Van't Veer, 1942:170, Putter, 1984:65,66).

Calvyn stel as voorwaarde vir sy terugkeer na Geneve in 1541 dat die kategetiese onderrig in die kerkorde vasgestel en gereël moet word. Hy trek 'n lyn vanaf die onderrig in die vroeg-christelike kerk aan die heidene, wat tot bekering gekom het en die onderrig aan die kinders van gelowiges. Hy verwyt die kerk van die Middeleeue, omdat hulle hulle onderrigtaak nie nagekom het nie. In die Ordonnances van die raad van Geneve van 1541 word die onderrig van die jeug as 'n weeklikse verpligting van die predikant gestel (Van't Veer, 1942:44,45). Die groei van afsonderlike onderrig aan die kinders deur die predikant verloop egter baie traag.

Calvyn maak self geen onderskeid tussen kategismusreek en aparte onderrig vir die jeug nie (Van't Veer, 1942:171; Spoelstra, 1990b:46). Uit bogenoemde bepalinge van die

Ordonances van 1541 word die indruk verkry, dat die volwassenes teenwoordig was by die onderrig in die kategismus. Die taak van die predikant was om die kind in die midde van die gemeente te onderrig deur verklaring van die kategismus op so 'n wyse, dat dit vir die kind bevatlik is (Van't Veer, 1942:327; Spoelstra, 1990b:50).

Onderrig aan die kind het dus nie vir Calvyn beteken onderrig weg van die volwassenes, van kleins af (byvoorbeeld 5,6 jaar soos die praktyk vandag in sommige kerke is) nie. Dit was ook nie bedoel as 'n onderrig ter vervanging of losstaande van ouerlike onderrig nie. Hy skryf in die Institusie (Boek IV:19:13): "En dat een kind van tien jaar zich aan de gemeente zou aanbieden om belijdenis des geloofs af te leggen; dat het dan ondervraagd zou worden; indien het iets niet wist, of minder goed begreep, dat het dan onderwezen zou worden". Hierdie wyse van doen moet dien om die ouers op te skerp om hulle verpligting ten opsigte van die onderrig van hulle kinders na te kom, aangesien hulle nalatigheid by die ondervraging aan die lig sou kom. Die ouer moes sy kind dus toerus tot die rypheid in geloof en kennis om daarvan belydenis van geloof af te lê.

Verboom (1987:122-130) teken die totstandkoming van die kategese aan kinders tydens die laat 16e en die 17e eeu in Nederland. Aanvanklik word die onderrig ten volle aan die gemeentes se goeiddunke oorgelaat. Gaandeweg word daar vanaf die sinodes en deur visitasie groter druk op die gemeentes uitgeoefen, dat die predikant die jeug in die besonder moet onderrig. Op baie plekke kom hierdie kategese egter nie tot stand nie aangesien die kinders nie opdaag nie (Verboom, 1987:123). Verboom (1987:124) som die ontwikkeling soos volg op: "Meer dan een halve eeu is nodig om de gemeenten ertoe te bewegen ze in te voeren, soms met behulp van de overheid. Aan het eind van de eeuw is ze op veel plaatsen ingeburgerd, al bleven kerklijke aansporingen nodig."

Verboom (1987:11-85) ondersoek voorts die onderrig van die kind soos dit tydens die Reformasie in Wittenberg, Zürich,

Straatsburg, Geneve, Heidelberg en die Hollandse vlugtelingsgemeente in London voorgekom het. Hy kom tot die belangrike gevolgtrekking, dat die swaartepunt van die kategeese geleë was in die kategismuspreke, wat op die kinders afgestem was (vergelyk Putter, 1984:64). Die kategeese was nooit losgemaak "...uit het geheel van het gemeenteleven ... De hele gemeente blijft een leergemeenskap" (Verboom, 1987:87). Die verbond bly die grondslag van die onderrig en dit gee daartoe aanleiding, dat die Woord 'n sentrale plek inneem en dat die onderrig plaasvind onder diepe besef, dat daar alleen vrug kan wees, wanneer die Gees van God in mense werk. Voorts is die onderrig gesien as amptelike bediening van God se Woord deur die daartoe geroepe leraar.

Ook in die keuse van leerstof was die verbond beslissend. Die leerstof het bestaan uit die Dekaloog, Apostolicum, die Onse Vader en sakramente (Verboom, 1987:88,171,172). Hierin kom drie kernmomente van die verbondsonderrig volgens die Ou en Nuwe Testament na vore, naamlik wet, geloof en aanbidding (worship).

Tydens die reformasie stem die kategetiese onderrig dus ooreen met die onderrig van profeet, priester en leraar - die verbond van God is bepalend vir alle aspekte van die onderrig en die onderrig word in noue verbondenheid met die volk van God gedoen.

Die kategeese het egter 'n bepaalde eindpunt gehad, naamlik die belydenis van geloof in die midde van die gemeente.

Kategeese ontstaan vanuit die besondere behoefte, wat daar by die kinders bestaan tot verdere onderrig in die verbondswaarhede en gaan hand aan hand met die toerusting van ouers om hulle kinders te onderrig. Kategeese is toegespitste Woordverkondiging in die midde van die gemeente deur mense, wat 'n besondere roeping van God ontvang het om die Woord te verkondig. In die kategeese vervul diegene, wat Christus gegee het tot toerusting van sy verbondsvolk (Efesiërs 4), hulle opdrag teenoor 'n besondere groep in die gemeente (1 Timoteus 5:1,2). Hierdie besondere pastorale bediening deur die onderrig van God se Woord, eindig wanneer die kind belydenis van geloof af lê. Hiermee word die

weg geopen vir die leraar en gemeente om op nuwe wyses betrokke te wees by die lidmaat ter toerusting vir hulle dienswerk.

Nelson (1989:186-194) beskryf die ontstaan van die sogenaamde "Sunday school movement". Hierdie beweging, wat groot invloed uitgeoefen het in Engeland, Amerika en ook in Suid-Afrika, het in 1780 in Gloucester, Engeland ontstaan met die doel om behoeftige kinders te onderrig. Baie van die kinders het in die week gewerk en kon net op Sondag algemene onderrig ontvang. In hierdie skole het hulle algemene en geloofsopvoeding ontvang. Soos in die geval van die sinagoge-skole (vergelyk 9.7) ontstaan die "Sondagskool" vanweë die besondere nood by kinders, wat nie deur hulle ouers in die Skrif onderrig kon word nie.

Nelson (1989:196) toon aan, dat die "Sondagskool" vandag in Amerika nie meer slaag nie vanweë die gedagte, wat ontstaan het, dat geloofsopvoeding uitsluitlik deur die kategetiese oorgedra kan word sonder die ondersteuning van die ouers se onderrig en die onderrig van die gemeente. Hierdie bevinding kan beaam word ten opsigte van kategetiese in die protestantse kerke in Suid-Afrika (Prins, 1990:72-81).

Hierdeur word bevestig, dat kategetiese 'n dimensie van geloofsopvoeding is, wat 'n besondere behoefte by die kind aanspreek. Die kategetiese het 'n beperkte taak ten opsigte van die inhoud en duur van die onderrig. Sodra die kategetiese die hele spektrum van geloofsonderrig inpalm en die ondersteuning van die ander dimensies en subjekte wegval, slaag die kategetiese nie meer nie. Dit is dus noodsaaklik om die taak van kategetiese duidelik te omskryf.

Prins (1993:85) se definiëring van kategetiese kan reeds as 'n rigtingwyser dien hiervoor: hy sê dat " kategetiese 'n onderrigaktiwiteit is, wat op die persoonlike geloofsvorming van die dooplidmaat gerig is, maar ook in verband staan met die voortdra van die leer van die kerk en die opbou van die kerk". In die lig van die voorafgaande sou kategetiese uit die hoek van die grondslag van onderrig ook soos volg gedefinieer kan word:

Kategese is amptelike bediening aan die verbondskind deur die onderrig uit God se Woord met die oog daarop, dat God se verbond in sy lewe sal realiseer.

10.5 DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die bevindinge van die voorafgaande studie ten opsigte van die subjek van die onderrig, kan soos volg saamgevat word:

10.5.1 GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

God is die eerste en hoogste subjek van die onderrig:

Hy het deur die genadeverbond, wat Hy met sy volk gesluit het die grondslag vir die onderrig verskaf.

Hy openbaar Homself aan die mens en maak dit moontlik vir die mens om Hom te ken deur die openbaring in sy Woord en dade.

Hy gee aan feeste en dae 'n bepaalde betekenis waardeur die mens onderrig kan word.

Hy gee sy Gees aan dié, wat moet onderrig, sodat hulle dit met wysheid kan doen en sodat die krag van die Gees mense kan oortuig.

Hy lê deur sy Gees beslag op mense om hulle in sy diens te stel tot onderrig van sy volk.

Hy gee sy Gees aan dié, wat onderrig ontvang sodat hulle kan begryp, wat aan hulle verkondig is.

God moet altyd as Subjek van die onderrig erken word. Dan alleen kan dit waarlik geloofsonderrig wees. God sal dus ook die hoogste Subjek van die kategese wees.

10.5.2 DIE OUER AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

Die ouer is die primêre menslike subjek van die onderrig vanweë die feit, dat hy soveel meer as enige ander mens by die kind en sy ontwikkeling van voor geboorte af betrokke kan wees. Hieruit kan 'n unieke vertrouensverhouding groei, waardeur die ouer God se liefdesorg aan die kind kan bedien, soos geen ander mens nie.

Die unieke van die onderrig van die ouer moet vir die ouer duidelik wees. Die ouer se onderrig mag dus nie opgaan in en beperk word tot voorbereiding vir kategeese nie.

Die ouers se onderrig begelei die kind in die praktiese uitlewing van sy verhouding met God, sowel deur hom te help om die regte lewensgewoontes in sy lewe te vestig, as om verkeerde gewoontes af te leer. Dit is dus noodsaaklik, dat die ouer die Bybelse riglyne sal ken, waarvolgens 'n gelowige God se lewenswyse in sy lewe vestig. Die ouers moet ook toegerus word in die metodiek van hierdie praktiese onderrig.

Die ouer en die kind is deel van die volk van God, daarom staan die ouer se onderrig aan die kind in noue verbondenheid met die lewe in die gemeente. Die ouer het as deel van die gemeente in die besonder die gawe (in die sin van tyd en geleentheid asook kennis van die kind) ontvang van Christus, die Hoof van sy kerk, om die kind te onderrig. Die ouer ontvang sy toerusting in die gemeente om sy kinders te onderrig. Die volk van God moet dus verantwoordelikheid neem om die ouers aan te spoor, toe te rus en te help in die onderrig van hulle kinders.

Die ouer se onderrig kan dus duidelik van kategeese onderskei word en is 'n unieke dimensie van geloofsonderrig, wat nie as kategeese, soos hierbo omskryf, aangedui kan word nie.

10.5.3 MENSE WAT 'N BESONDERE ROEPING VAN GOD ONTVANG HET OM TE ONDERRIG AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

God het deur die onderrig van die profete van die Ou Testament en die apostels van die Nuwe Testament die fondament van die onderrig gelê. Die Ou Testamentiese profete het in 'n unieke

verhouding tot God gestaan, deurdat God sy Woord, as bron van alle verdere onderrig, direk aan hulle openbaar het. Die apostels het as oor- en ooggetuies in 'n unieke (onherhaalbare) verhouding tot Christus gestaan. Alle verdere onderrig aangaande Christus moet bou op die leer van die apostels en profete. Kategese sal dus ook gegrond moet wees op die Skrif.

Uit die voorafgaande ondersoek het dit duidelik geword, dat daar geen radikale breuk bestaan tussen God se uitvoering van sy raadsplan in die Ou Testament en die uitvoering van sy raadsplan in die nuwe tyd, wat met Christus se koms 'n aanvang geneem het nie. Dit kan dus met reg aanvaar word, dat God se openbaring aangaande die onderrig in die Ou Testament riglyne kan bied vir die onderrig in die tyd na Christus se koms (nuwe aeon). Om hierdie riglyne te ontgin, sal daar nou 'n vergelyking gemaak word tussen die amp van herder en leraar volgens die Nuwe Testament as subjek van die onderrig en die profeet en priester volgens die Ou Testament as subjek van die onderrig:

Die **profeet** onderrig as iemand op wie se lewe God beslag gelê het deur die roeping om die Woord van God te verkondig.

Die profeet onderrig hoofsaaklik in die samekoms van die gemeente. Die kind het deel aan die onderrig in die samekoms, maar die profeet se onderrig word ondersteun deur die verdere verduidelikings van die ouers.

Die profeet begelei ouer en kind deur sy onderrig tot 'n lewe in noue gemeenskap met God op grond van die verbond van God. Hy leer hulle om vanuit God se seënninge te leef en nie die vloek oor hulle te bring nie.

Die profeet se onderrig bring God se Woord soos dit van toepassing is op die konkrete situasie waarin die volk (ook die kind) hulle nou bevind.

Die **priester** van die Ou Testament se onderrig was onlosmaaklik verbonde aan die kultus, waardeur die volk hulle God ontmoet.

Die priester begelei die volk deur woord en daad om God te dien in volle gehoorsaamheid aan sy voorskrifte vir die kultus.

Die priester onderrig die volk in die wet van God.

Die priester se onderrig word in die besonder daardeur

gekenmerk, dat hy ywer vir God se eer en daarom die volk begelei om God te eer en te vrees. 'n Groot deel van die priester se onderrig is deur die daad: onder andere sy getrouheid in die dienswerk, sy aandrang op offers volgens God se voorskrif en sy lewe.

Die onderrig van die priester bestaan ook uit pastorale begeleiding van individue om 'n heilige lewe in noue gemeenskap met God te leef. Die onderrig van die priester aan die kind geskied grotendeels via die ouer wat die onderrig aan die kind oordra of duidelik maak.

Wanneer dit, wat in die Nuwe Testament van die voorgangers gesê word, met bostaande vergelyk word, bestaan daar besondere ooreenkomste.

Soos by die priester veral, is dit noodsaaklik, dat die voorganger in die gemeente getrou sal wees.

Soos veral die priester, onderrig die voorganger ook deur sy voorbeeld.

Soos by profeet en priester bekleë die onderrig 'n sentrale plek in die taak van die voorganger en is dit 'n vereiste vir die herder en leraar.

Soos die profeet en priester, is die voorganger in die gemeente deur God geroep vir hierdie besondere taak.

Soos profeet en priester is die voorgangers geroep om die volk te lei deur onderrig om as volk van God waardig hulle roeping (soos God in die verbond van hulle eis) te leef.

Soos veral die priester moet hulle onberispelik wees in hulle lewenswandel en is hulle gesinslewe ook van belang vir hulle roeping.

Soos veral die priester is dit die taak van die voorganger om die volk te vermaan en te bestraf indien nodig en so te onderrig (2 Timoteus 4:2). Hy moet ook (soos die priesters) gelowiges individueel (of individuele groepe, vergelyk 1 Timoteus 5:1,2) onderrig.

Soos priester en profeet moet die voorganger bereid wees om te ly vir die eer van God (2 Timoteus 3:10,11).

Soos veral die profeet moet die voorganger die Woord van God op die aktuele situasie van die gemeente toepas (1 Timoteus 4).

Daar bestaan egter ook enkele klemverskille:

In die Nuwe Testament word die klem sterker gelê op die toerusting van die volk vir hulle dienswerk in die liggaam.

In die Nuwe Testament word die taak om as profeet te onderrig aan elke gelowige opgedra, elke gelowige moet groei tot op die punt waar hy ander kan onderrig.

In die Nuwe Testament word die klem laat val op die koms van God se Koninkryk en die opdrag om mee te werk aan die uitbreiding van God se Koninkryk deur 'n lewe in noue gemeenskap met God op grond van die verbond.

Konkluderend kan uit die voorafgaande vergelyking die volgende afgelei word met betrekking tot kategese:

God roep mense om in die besonder verantwoordelikheid te neem vir die onderrig en toerusting van die gelowiges. Hierdie onderrig is daarop gemik dat die gelowiges sal groei in die geloof, sodat hulle toegerus sal wees om hulle dienswerk in die gemeente te vervul tot verheerliking van God en die uitbreiding van sy Koninkryk. Hulle onderrig is aktuele onderrig, wat ook onderrig aan besondere groepe (met gemeenskaplike belang) ook deur pastorale betrokkenheid insluit.

Hieruit word dit duidelik waarin die motivering geleë is dat die herder en leraar toegespitste onderrig aan kinders (kategese) moet gee. Uit die hoek van die subjek van die kategese, soos hierbo beredeneer, kan kategese soos volg omskryf word:

Kategese is onderrig deur die geroepe dienskneg aan 'n groep lidmate met besondere gemeenskaplike behoeftes, daarom individuele onderrig. Kategese moet onderrig wees wat toerus vir dienswerk (Van Veldhuizen 1925:56) en onderrig, wat die Woord aktueel toepas en die kind leer om die Woord aktueel toe te pas op hulle lewe. Tot hierdie onderrig is die voorgangers in die gemeente en in die besonder die herder en leraar geroep.

Kategese bevat dus 'n kombinasie van gesagsvolle verkondiging van God se Woord (κηρυγμα), onderrig (διδαχη, κατεχεω), pastorale betrokkenheid (παρακαλεω) en toerusting (καταρτισμος).

10.5.4 DIE VOLK VAN GOD AS SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

God maak die volk saam met die ouer medeverantwoordelik vir die onderrig van die kinders. Die ouer ontvang sy toerusting in die gemeente om sy kinders te onderrig. Die volk moet dus verantwoordelikheid aanvaar om die ouers aan te spoor, toe te rus en te help in die onderrig van die kinders. Die volk moet op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor (Hebreërs 10:24), so moet die volk die kinders ook individueel onderrig. Die samekoms van die volk is egter die belangrikste geleentheid waartydens die volk as 'n eenheid die kind onderrig. Deur die optrede van die volk tydens die samekoms, deur hulle woorde, daad en sang, word die kind onderrig. Belangrike vereistes vir die onderrig van die kind in die samekoms is verstaanbaarheid en die liefde wat die kind daar ervaar. Die viering van die fees en die rusdag verskaf ook besondere geleentheid aan die volk om die kind te onderrig. Die liefde en eerbied vir God is die dryfkrag agter die onderrig, wat die volk aan die kind gee. Die kind ervaar in die samekoms van die volk die betekenis van die verbondsverhouding van God met sy volk.

Die onderrig van die volk fokus daarop om die kind te leer dat God sy verbond binne 'n volksverband realiseer in die sin dat God sy verbond voortsit in die gelowiges binne 'n bepaalde volk. Die kind leer ook, dat en hoe God binne die vergaderde volk verheerlik moet word.

Die onderrig van die volk is dus 'n unieke dimensie van geloofsonderrig, wat nie as kategetiese aangedui kan word nie.

10.5.5 PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN TOEPASLIKE LITERATUUR

Lee (1985) ondersoek die inhoud van geloofsopvoeding en kom tot die gevolgtrekking (Lee, 1985:738-743), dat geloofsopvoeding multidimensioneel is. Op grond van die feit, dat geloofsopvoeding multidimensioneel is, sê hy (in ooreenstemming met bevindinge hierbo), dat "the substantive content of religious instruction is not adequately taught when one or more

of its major ... subcontents is downplayed or minimized". Lee (1985:739) wil, dat elkeen van die dimensies in elke onderrigsituasie moet funksioneer, voordat die onderrig geslaagd kan wees. Hy toon egter te min begrip daarvoor, dat een van die dimensies telkens in 'n bepaalde onderrigsituasie op die voorgrond kan staan en dat 'n betrokke persoon in besonder toegerus is om juis die klem op daardie bepaalde dimensie te laat val. Hiervoor toon Prins (1990:77,78) wel begrip wanneer hy sê, dat kategeese ingebed moet wees in die breë konteks van geloofsopvoeding - waarin verskeie subjekte veronderstel word.

In Duitse werke oor die kategeese is daar oor die algemeen 'n oog vir die breër konteks waarin die kategeese moet plaasvind om effektief te kan funksioneer. Die benaming van kategeese as "Gemeindekatechese" (Frisch, 1990) en "Gemeindepädagogik" (Adam en Lachmann 1987) kan egter daartoe aanleiding gee, dat die onderskeid tussen die onderrig, wat die volk van God gee, en dié wat deur die leraar gegee word, misgekyk kan word. Terwyl die noue verbintenis gehandhaaf moet word, moet die unieke taak van elke dimensie deur die persoon, wat daarvoor bekwaam is, waargeneem word. Onder redaksie van F. Kuiper (1983) verskyn 'n bundel, waarin gehandel word oor die sogenaamde "huiskatechese". Hierdie huiskatekisasie het ten doel om die gemeente betrokke te maak by die onderrig van die kinders. Volwassenes en kinders kom dan in 'n huis saam om saam te leer. Die klem val op gesprek en nie op 'n les, wat van die volwasseenes se kant af gegee word nie. Hierdie is 'n besondere effektiewe wyse om die gemeente geleentheid te gee tot onderrig van die kinders, hierdie onderrig moet egter van kategeese onderskei word.

Ook in die program van die Fellowship Bible Church North in Texas Amerika (s.a.) se "learning center" word gestreef na betrokkenheid van die gemeente. Hulle doel is "to be a supplement to the home", sonder om die huis te vervang as primêre subjek van die onderrig. Hulle wil juis die familie toerus om hulle taak ten opsigte van die opvoeding van die kinders na te kom. Hulle gaan uit van die vertrekpunt, dat die huis die basiese model is, waarvolgens God die kind wil leer. Daarom wil hulle die onderrigsituasie inrig volgens die model

van die huisgesin. Dié wat onderrig gee, neem dus die rol van die vader en moeder in en gee onderrig aan klein groepe kinders.

Vanuit die resultate, wat hierbo verkry is, kan hierdie betrokkenheid van die gemeente by die onderrig van die kinders positief beoordeel word. Hierdie onderrig deur die gemeente mag egter nie die kategeese, wat onderrig deur die herder en leraar is, vervang nie.

Tieleman (1984:66-85) wys op die betekenis van die gemeente as leergemeenskap. Hy sê, dat die gemeente as 'n gemeenskap gesien kan word, waarin die leerproses homself voltrek. Daarom kan hy die gemeente ook 'n (ped)agogiese veld noem. Die leer binne die gemeenskap vind dan vanuit verskillende invalshoeke plaas. Die kind is volgens die verbond deel van die gemeente en die verantwoordelikheid van die gemeente (Beukes, 1983:15 e.v.). Hiermee word die beskouing van Freese (1982:10) afgewys. Sy wil die kind losmaak van die res van die gemeente en gemeentebyeenkomste, sodat die kind op sy eie moet kerk hou. Die program van die Fellowship Bible Church North in Texas Amerika (s.a.) se "learning center" gaan tot 'n groot mate ook van hierdie standpunt uit. Hulle laat die kind slegs een maal per maand saam met sy ouers die eredienste bywoon.

Louw (1990:231-232) bespreek die verhouding tussen amp en gemeente. Hy sê, dat die amp 'n dienende (nie heersende nie) funksie besit. Die amp is funksioneel gerig op charisma. "Wesenlik besit die amp 'n toerustingsfunksie. Daarom is die amp wesenlik 'n draer van heilsbemiddeling en 'n dirigent van charismatiese gemeenskap" (Louw, 1990:238). Deur die toerusting, wat die amp aan die gemeente gee, word die gemeente gevoed en ook aan mekaar gebind. Beide voeding en verbinding werk mee tot die ontsluiting van die opboupotensiaal. Die kategeese moet dus ook in die lig van hierdie verhouding tussen amp en gemeente beskou word. Kategeese is toegespits op die toerusting van die kind tot ontsluiting van sy potensiaal om dienend in die gemeente te kan staan. Kategeese is egter ook toerusting van die kind om so binne die "leergemeenskap" te kan leef, dat hy deur die gemeente opgebou kan word. Die leraar rus die kind toe om

te kan dien en gedien te kan word. Kategese veronderstel dus, dat daar voortdurend ander toerusting/onderrig in die gemeente sal plaasvind. Kategese is toerusting en voorbereiding om voluit dienend en lerend (hy moet ander onderrig en ook deur hulle onderrig word) in die "leergemeenskap" te kan leef. Die kind-tree egter nie eers nà kategese toe tot die "leergemeenskap" nie, hy moet groeiend daarby betrokke wees en ervaar dus reeds tot 'n mate dit waarvoor hy in die kategese toegerus word deur die leraar. Beukes (1983:72) beklemtoon die noodsaaklike werk van die Heilige Gees in hierdie verband.

In 'n sekere sin gaan hierdie toerusting deur die besondere ampte die res van die kind se lewe voort. Elke gelowige sal voortdurend toegerus word vir sy dienswerk. Kategese is egter toerusting met die doel om die kind tot so 'n mate van geloofsvolwassenheid te bring, dat hy as deel van die gemeente, voluit kan deel in die toerusting, wat in die vergaderde gemeente gegee word. Hy het dan nie meer daardie toegespitste toerusting nodig om hom in staat te stel om te baat by die toerusting, wat voortdurend in die gemeentebyeenkomste plaasvind nie. Hy is dan ook in staat om sy gawes voluit tot nut en saligheid van die gemeente te gebruik. Dit hou in, dat die kind deur die onderrig begelei word om ook na buite te kan getuig.

Dit kan wees, dat 'n gelowige vanweë 'n besondere situasie weer toegespitste onderrig en toerusting nodig sal hê. Dan word daardie persoon pastoraal begelei en toegerus om die situasie as lid van Christus se liggaam (waardig sy roeping) te hanteer. Hierdie pastorale sorg verskil van kategese daarin, dat dit slegs 'n besondere probleem aanspreek en nie 'n totale toerusting is, wat uitloop op geloofsbelydenis nie.

10.5.6 FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE SUBJEK VAN DIE ONDERRIG

God wil die kind op 'n verskeidenheid wyses onderrig deur 'n verskeidenheid mense. God bly egter die primêre subjek deur sy Gees. Die verskillende mense se onderrig staan aanvullend tot

mekaar en staan in diens van God, die Heilige Gees, om die kind tot begrip van en 'n leef in die verbond van God tot uitbreiding van sy Koninkryk te bring. Elkeen van hierdie dimensies het unieke en onderskeibare kenmerke en moet nie almal met die begrip "kategeese" benoem word nie. Die toegespitste toerusting deur die herder en leraar aan kinders om hulle tot so mate van volwassenheid te begelei, dat hulle voluit kan deel hê aan die onderlinge opbouwerk in die gemeente, asook die getuienis na buite kan met die begrip kategeese benoem word.

Alhoewel belydenisaflegging in die midde van die gemeente die eindpunt is van die kategeese, bely die kind meer as wat hy in die kategeese geleer het. Die onderrig wat hy in elke dimensie van die geloofsopvoeding ontvang het, het daartoe bygedra dat hy hierdie mate van geloofsvolwassenheid bereik het. Die kind kan die nagmaal reg gebruik as die teken en seël van die gemeenskap met Christus en sy liggaam, omdat hy daarvoor toegerus is deur al die dimensies van geloofsopvoeding.

10.5.7 TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE VERHOUDING KATEGESE EN GELOFSOPVOEDING

Kategeese is onderrig deur die herder en leraar aan verbondskinders vanweë 'n besondere gemeenskaplike behoefte, wat daar by hulle bestaan. Die herder en leraar is in die besonder hiertoe geroep vanweë sy roeping en toerusting om die Woord van God toepaslik en toerustend aan die kind te onderrig. Kategeese het 'n spesifieke eindpunt, naamlik geloofsbelydenis in die midde van die gemeente. Kategeese dra saam met die ander dimensies van geloofsopvoeding daartoe by, dat die kind met insig en opregtheid belydenis van sy geloof kan doen en nagmaal kan vier saam met die gemeente. Dit wat in die kategeese onderrig word, bou voort op en verwys na die onderrig, wat in die ander dimensies van geloofsopvoeding ontvang word.

10.6 DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die doel van die geloofsopvoeding van die kind sentreer rondom die verbondsverhouding met God. Deurlopend in al die dimensies van geloofsonderrig, wat ondersoek is, is die begeleiding van

die kind tot kennis (kennis = geloofskennis) van God se verbond met sy volk en met Hom persoonlik. Die kind word dus begelei tot kennis van en 'n lewe vanuit die weldade en verpligtinge van die verbond. Hy word begelei om as deel van God se verbondsvolk in noue gemeenskap met en in gehoorsaamheid aan God te leef.

Wanneer die doel van die geloofsonderrig oorsigtelik besien word soos dit na vore gekom het in die bestudering van die verskillende dimensies van geloofsonderrig, tree daar vier fokuspunte na vore: God, verbondsvolk, die katkisant self en die wêreld (land) waarin die kind leef. Die verskillende doelwitte, wat na vore gekom het, sal nou onder hierdie vier fokuspunte saamgevat word.

10.6.1 DIE VERHEERLIKING VAN GOD AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

In elkeen van die verskillende dimensies van geloofsonderrig is lof aan God die hoogste doel. God moet geloof word vir sy woorde en dade in die skepping en herskepping (verlossing) soos dit in die geskiedenis en in die hede tot openbaring kom.

God word verheerlik, wanneer sy volk in gehoorsaamheid aan sy wet die pad van die verbond met hulle God loop tot 'n getuienis van elkeen, wat hulle sien leef as volk en as individue. So word God verheerlik in die verbreiding van sy Koninkryk. Die genieting van en die vreugde oor die lewe in oorvloed, wat God skenk aan dié, wat hulle aan sy heerskappy onderwerp, is deel van die verheerliking van God.

Die verheerliking van God word op 'n besondere wyse vergestalt in die erediens. Die wyse, waarop die erediens gevier word, druk die gesindheid van die hart uit. In die erediens word die vreugde in en die liefde en vrees vir God, wat in die mense se harte bestaan of nie bestaan nie, duidelik. Die buitestaander kan in die erediens waarneem of die verbondsverhouding met God hier realiseer. Dit, wat in die erediens gebeur, is ook 'n beeld van die daaglikse lewe. Ongehoorsaamheid in die erediens is 'n vrug van 'n afvallige lewe. 'n Erediens, waar God nie gedien word volgens sy Woord nie, gee aanleiding tot laksheid en

sonde in die volk se lewe.

Deur die bydrae van elke dimensie van onderrig kan die doel bereik word, dat die kind God verheerlik in sy daaglikse lewe en in sy lewe saam met God se volk.

10.6.2 DIE TOTSTANDKOMING, ONDERHOUDING EN GROEI VAN GOD SE VOLK AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

God se volk word tot stand gebring deur die verkondiging van God se verbondswoorde en daade (soos Moses in Egipte, Jesus, sy dissipels en elke ander gelowige). Die doel van die onderrig is om hierdie volk, wat so tot stand gekom het, te laat voortbestaan. Dit word gedoen deur elke kind van die volk en volwassene, wat uit die heidendom tot bekering kom te begelei tot 'n lewe in die verbond, sodat hulle weer die leer van die verbond kan voortdra aan hulle kinders en die aan hulle kinders. So leer geslag na geslag God ken in sy woorde en daade van die verlede en wek die Gees deur die Woord telkens weer nuwe lewe in mense se harte en word God se Koninkryk verbrei. 'n Belangrike doel van die onderrig, wat hiertoe meewerk, is die toerusting van lidmate om hulle dienswerk binne die volk van God te verrig tot die groei in geloofsvolwassenheid van elke gelowige.

Deur die bydrae van elke dimensie van onderrig kan die doel bereik word, dat die kind meer en meer meewerk aan die totstandkoming, onderhouding, geloofsgroei van God se volk.

10.6.3 'N LEWE VOLGENS GOD SE ORDE SOOS VASGELEË IN SKEPPING EN WET TOT SEËN VAN DIE LAND, AS DOEL VAN DIE ONDERRIG

Wanneer God se volk volgens God se orde leef in 'n land, dan is dit tot voordeel van die land (plante, diere en grond) en sy mense. Die gelowiges lewer deur hulle getuienis en die wysheid wat hulle het, vanweë God se wette en die praktiese toepassing daarvan deur die werking van die Gees, 'n groot bydrae tot die opbou en stabiliteit van die land. Wanneer God se volk in die land volgens God se verbond leef, seën God die land tot voordeel van al die mense. Wanneer God se volk deur die onderrig groei

tot leermeesters en so in getrouheid die evangelie uitdra, kom mense tot geloof in Christus en word God se Koninkryk verbrei.

Deur die bydrae van elke dimensie van geloofsonderrig kan die doel bereik word, dat elke kind deur 'n lewe volgens God se verbond, 'n sout en 'n lig in die wêreld is. Hieruit is dit duidelik, dat kategeese ook die kind moet toerus vir die taak om die evangelie na buite uit te dra deur woord en daad. Kategeese mag dus nooit net op kwalitatiewe opbou, na binne gerig, maar moet ook toerus, sodat kwantitatiewe groei kan plaasvind.

10.6.4 PERSOONLIKE GELOOFSGROEI BY DIE KIND AS DOEL VAN DIE KATEGESE

In al die dimensies van geloofsopvoeding, wat ondersoek is, kom die toespitsing op die kind se geloof in God en die lewe met God in die verbondsverhouding na vore. Die kind moet voortdurend begelei word tot die sekerheid, dat God se genade aan hom geskenk is, en aangespoor word om wat God skenk met inspanning sy eie te maak. Die onderrig moet die kind lei om die weldade van God se verbond meer en meer deur die geloof te begryp en met vreugde in gehoorsaamheid aan God; daaruit te leef tot opbou van sy volk en verheerliking van sy Naam. Die kind word as totale mens onderrig. Hy word begelei om God lief te hê met sy hele wese en daarom in gehoorsaamheid te doen wat God wil.

10.6.5 PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN ANDER TOEPASLIKE LITERATUUR

Bouwman-Meeuse (1985:10 e.v.) ontleed die doelstelling vir kategeese soos dit geformuleer is in die kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland. Sy wys op die sterk klem wat op die toerustende funksie van die kategeese geplaas word met die oog op belydenisaflegging, vervulling van die roeping in die kerk en in die wêreld. Die doel van kategeese is dus in die eerste plek toerusting van die kind.

Brienen (1985:37 e.v) bespreek enkele formuleringe van doelstellings en wys telkens op die eensydighede, wat moontlik

daarin opgesluit lê. Hy kom ook self tot 'n eie formulering, wat baie nou aansluit by die bevindinge van hierdie studie:

"....catechese is: Verbondsonderrig in die gemeente van de Here God naar Zijn opdracht aan haar jonge leden om hen onder de zegen en de leiding van de Heilige Geest te brengen tot het kennen van hun God en Verlosser voor heel hun leven" . Uit hierdie definisie lig hy die volgende belangrike sake uit.

- Kategese is verbondsonderrig, dit is onderrig aan kinders, wat deel het aan die verbond en onderrig, wat plaasvind binne die verbondsverhoudinge.
- Kategese is ekklesiologies gestempel. Dit beteken, dat die kind ingelei word in die lewe van die gemeente, maar ook, dat hy gevorm word deur dit, wat in die gemeente gebeur en leef. Die verhouding waarin die gemeente tot God staan, het 'n vormende invloed op die kind.
- Kategese staan in die werkveld van die Heilige Gees. Hiermee open hy 'n belangrike dimensie van die verbondsonderrig. Die Heilige Gees, as die belofte van die verbond, moet die geloof en liefde by die kinders werk en God se wette op hulle harte skryf anders is daar geen sukses nie.
- Kategese het betrekking op die kind se hele lewe.
- Kategese is onderrig. Dit gaan dus in die kategese om leer.

Belangrike elemente in hierdie bepaling van die doel van die kategese is die klem op die verbond, die plek van die gemeente en die werk van die Heilige Gees. Hy maak egter nie 'n duidelike onderskeid tussen kategese en die onderrig in die gemeente nie.

Richards (1983:30) bevind, dat die doel van die geloofsopvoeding in die tyd van Moses, die tyd van Spreuke en die tyd van Jesus, "heiligheid" is. Dit stem ooreen met die bevindinge van hierdie studie. Die kern van die verbondsverhouding van God met sy volk is geleë daarin, dat God die een en enige God is, wat onverdeeld is in sy trou aan sy volk en dat Hy van sy volk onverdeelde liefde en ywer vra.

Barnard (1985:187) handel oor die doel van kategese en dui verskillende doelstellings aan, wat by verskillende kerke kan voorkom. Hy toon aan, dat daar telkens die moontlikheid van een

van volgende eensydighede kan voorkom:

die hoogkerklike lyn, waar alles om die kerk, as instituut, draai

die individualisties-subjektivistiese lyn, waar die klem eensydig val op die beleving van die enkeling

die sosiaal-etiese lyn, waar die klem gelê word op toerusting om in die maatskappy betrokke te kan wees en die kategetiese die kind inlei in allerlei etiese vraagstukke.

Hierby kan gevoeg word die opvoedkundig-psigologiese lyn, waar die kognitiewe ontwikkeling van die kind soos deur die opvoedkunde en sielkunde vasgestel, bepaal wat aan die kind geleer mag word. Hiermee word die onbegryplik heerlike werking van God se Gees deur die Woord buite rekening gelaat. Die vermoë om te glo en vertrou word afhanklik gemaak van die kognitiewe ontwikkeling van die kind en nie van die werking van die Gees nie (vergelyk Beukes, 1990:615-620 se beoordeling van Roux, 1988 en andere).

Teenoor hierdie eensydige beklemtoninge het die resultate van die studie getoon, dat die realisering van God se verbond in die lewe van die kind, die doel van kategetiese moet bepaal. Barnard (1985:188,189) se verdere uitwerking van die doel van kategetiese stem grootliks ooreen met dié van hierdie studie. Hy verbind die doel egter nie aan die verbond van God nie. Hiermee kom die gevaar van stagnering na vore. Daar moet nie gepoog word om die doel van kategetiese in 'n vaste detail-formulering vas te lê nie. Die doel van kategetiese moet voortdurend deur 'n lewende omgang met God in 'n persoonlike verbondsverhouding opnuut bepaal word - met bogenoemde fokuspunte as riglyn. Hiermee word nie gesê, dat die kategetiese aan willekeur oorgelaat moet wees nie, maar dat die begeleiding van die kind tot realisering van God se verbond in sy lewe, 'n dinamiese proses is, wat telkens nuwe naderligende doelwitte kan vereis. Die vraag in die doelbepaling moet wees "hoe moet die kind toegerus word om in vandag se situasie getrou aan God se verbond te leef". Nel (1991:633) wys op die gevaar van stagnasie. Hy sê, dat die doel van die kategetiese nie rondom 'n "ideaalbeeld" van die opvoeder gebou moet word nie.

Die Woord word dan as 'n middel gebruik om die doel van die opvoeder te bereik. Die Woord word in handleidinge vir kategeese in bepaalde interpretasies "gestol" om daarmee die doel van die skrywer te probeer bereik. God kom dan nie meer deur die Woord tot die kind om met hom in 'n noue verbondsverhouding te tree nie, maar die Woord word ge(mis)bruik om die kind af te rig om blindelings die "regte" ding te doen. Hiermee saam kom die gevaar, dat godsdiens vir die kind 'n uiterlike vertoon bly, waarvoor hy die een of ander tyd moeg raak. Die doel van die onderrig moet wees om die kind te begelei om kind van God te wees, wat in gehoorsaamheid uit sy Vader se genade leef, omdat hy Hom leer liefkry het uit sy kennis van God. Handleidinge vir kategeese sal dus die kind en kategeet begelei in die eksegeese van die Skrif, riglyne gee vir die hermeneuse, maar genoeg ruimte laat vir die kind en kategeet om self deur die leiding van die Gees tot eie verstaan en toepassing te kom. Die kind moet steeds God ontmoet in sy Woord en so begelei word om homself aan die een en enige God toe te wy in getrouheid aan die verbond.

Ook Schippers (1982:41) maak in sy andersins volledige definisie van kategeese, nie eksplisiet melding van die verbond nie. Die definisie sluit egter grootliks aan by die bevindinge van hierdie studie. Dit lui so:

"Catechese is een basisfunctie van de gemeente

de gemeente als leergemeenskap

de gemeente als ervaringsruimte

gemeente als subjek

en derhalve een door de gemeente te dragen activiteit

gemeente-werkplan

catechese-werkgroep

waarin zij als onderdeel van een totale jeugdpastorale benadering

de pastorale gemeente

en in aansluiting op andere opvoedende en vormende activiteiten

geloofsopvoeding

jeugdwerk

godsdiensonderwys

onderwijs- en leersituaties schept

catechese-werkplan
in een grote variatie van vormen
waardoor haar jonge leden en andere jongeren
worden aangemoedigd zichzelf voor God te leren verstaan
geloofsidentiteit
en zich te ontwikkel en tot mondige christenen en actieve
gemeenteleden

met behulp van de inhoud en waarvan
Jesus Christus het centrum is."

Volgens hierdie definisie is die doel van katechese dus om die kind te bring tot begrip van wie hy is in sy verhouding tot God (Schipper, 1982:42) en om daardie verhouding uit te leef vanuit hierdie groeiende insig. In hierdie definisie word ook nie 'n eindpunt van katechese aangedui nie en kan dit wees dat katechese nie onderskei word van ander dimensies van geloofsopvoeding nie.

10.6.6 FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE DOEL VAN ONDERRIG

Die doel van geloofsopvoeding word bepaal deur die verbond van God. Die doel van alle dimensies van geloofsopvoeding sentreer rondom die verheerliking van God deur die kind te begelei om waarlik in God te glo, voluit deel te wees van God se volk en sy belydenis met woord en daad uit te leef. Daar bestaan nie 'n wesenlike verskil in die primêre doel van die onderskeie dimensies van geloofsonderrig nie. In die meeste definisies van katechese word daar nie 'n onderskeid gemaak tussen die doel van katechese en dié van die ander dimensies van geloofsonderrig nie. Die eie aard van die verskillende dimensies van onderrig sal dus nie primêr uit die doel van die onderrig vasgestel kan word nie,

alhoewel daar tog in die naderliggende doelwitte verskille tussen die verskillende dimensies van geloofsopvoeding kan wees.

10.6.7 TOEPASSING OP VERHOUDING TUSSEN KATEGESE EN GELOOFSOPVOEDING

Kategese as deel van die geloofsopvoeding se doel sal ook rondom bogenoemde vier fokuspunte sentreer. Kategese kan wel daarin van ander dimensies van geloofsonderrig onderskei word, dat dit 'n bepaalde gebeurtenis as afsluitingspunt aangeneem het.

Kategese begelei die kind tot geloofsbelydenis, daarmee word die doel van kategese gekleur deur hierdie eindpunt waarheen daar gewerk word. Geloofsbelydenis word nie die doel van kategese nie, maar binne bogenoemde, verbondsgesentreerde doel, bepaal hierdie eindpunt tog die inhoud van die onderrig. Hierdie eindpunt van kategese het te make met 'n bepaalde mate van geloofsvolwassenheid. Die kind moet in staat wees om bepaalde dimensies van sy verhouding tot God en die volk van God te begryp. Hy moet ook die voorregte en verpligtinge van die verbond in die geloof aanvaar. Die eindpunt word dus nie bepaal deur 'n hoeveelheid feitekennis wat die kind bemeester het nie, ook nie deur 'n bepaalde ouderdom nie, maar deur die kind se geloofskennis, sy verhouding met God en sy volk. Die doel van die kategese is dus ook om die kind voortdurend te begelei tot die geloofsoortuiging, dat hy ingesluit is en wil bly in die verbond van God. Die kind moet leer om sy geloof met woord en daad te bely. Die belydenis van sy geloof in die midde van God se volk, vorm in hierdie proses 'n hoogtepunt.

10.7 WYSE VAN ONDERRIG

Vanuit die studie van die verskillende dimensies van onderrig het die volgende wyses van onderrig na vore gekom.

10.7.1 MONDELINGE ONDERRIG

Mondelinge onderrig is 'n noodsaaklike element van elke dimensie van onderrig. God openbaar Homself deur sy Woord. Die Heilige Gees werk deur die Woord om die geheimenisse van God se verbond

aan mense te openbaar. Sonder die Woord van God sou geen mens God kon ken nie en sou die feesdae en sakramente geen betekenis gehad het vir die mens nie. By sekere dimensies van onderrig staan die mondelinge onderrig sentraal, soos by die Woordverkondiging in die erediens, bestudering van die Bybel in kleiner groepe, gebed, sang, persoonlike gesprekke en huisgodsdienste. Soms is die mondelinge onderrig aanvullend tot die sentrale wyse van onderrig soos by die onderrig deur die sakramente, die voorbeeld van andere en die beleving in die erediens van God se teenwoordigheid.

10.7.2 ONDERRIG DEUR VOORBEELD

Onderrig deur voorbeeld is 'n wyse van onderrig, wat grootliks spontaan plaasvind. Die kind neem ander waar in byvoorbeeld die uitleef van hulle geloof, in die mondelinge onderrigsituasie, in die erediens en in persoonlike kontak. Die kind word dan onderrig deur die teenwoordigheid van God, wat hy in ander se lewe en optrede sien.

Onderrig deur voorbeeld kan egter ook doelbewus gedoen word. Waar een gelowige homself byvoorbeeld doelbewus inspan om deur sy optrede ander te leer - soos Paulus, wat dag en nag gewerk het en nie van ander onderhoud verlang het nie om daardeur die gemeentes te onderrig in die onselfsugtige ywer vir God. Hy roep die gemeentes ook op om sy voorbeeld na te volg.

Deur voorbeeld word die kind onderrig in 'n dimensie van die verbondsverhouding met God, wat nie volledig onder woorde gebring kan word nie. Die naaste beskrywing sou moontlik wees, dat die kind daardeur onderrig word in die betekenis en vrug van die liefdesverhouding, wat daar tussen God en sy volk bestaan op grond van die verbond.

10.7.3 ONDERRIG DEUR DEELNAME

Die kind ontvang onderrig deur sy aktiewe deelname aan die lewe van God se volk vanuit die verbond. Wanneer die kind sinvol kan deelneem aan die erediens, word hy daardeur onderrig. Ook

wanneer die kind byvoorbeeld deur die ouer begelei word om self die Woord op sy eie en ander se lewe toe te pas, leer hy deur deelname. Wanneer hy saam met ander gelowiges aan mense daadwerklik liefde betoon, leer hy deur deelname.

10.7.4 PERSPEKTIEWE UIT EN BEOORDELING VAN ANDER LITERATUUR

Richards (1983:25) ondersoek die geloofsopvoeding in die Ou Testament en vind ook bogenoemde drie wyses van onderrig in die pentateug.

In sy studie van Spreuke vind hy nog 'n verdere wyse waarop onderrig plaasgevind het, naamlik die tug. Dit het egter duidelik uitgekóm in veral die ondersoek na die priester se onderrig, dat die tug ook deel uitmaak van die onderrig deur voorbeeld en die mondelinge onderrig. In 'n sekere opsig kan die tug as 'n afsonderlike wyse van onderrig aan kinders gesien word, aangesien tug by ouers ook fisieke tug kan inhou. Wat die kategese betref, sou tug egter deel uitmaak van die ander wyses van onderrig.

Brienen (1982:29) sê, dat kategese deel moet vorm van 'n werkplan vir die hele gemeente. Hy onderskei vier afdelings, wat by so 'n gemeente-werkplan behoort: **"gemeenskap, viere, diene, lere"**. Hierdie vier afdelings sou ook beskou kan word as vier wyses waarop geloofsopvoeding in die gemeente kan plaasvind. Hierby sluit Simpson en Hendriks (1993 :184-191) se bevindinge in verband met die funksionering van kleingroepe in die gemeente aan. Hulle bevind, dat daar vyf afdelings of pole is, waarin 'n kleingroep in die gemeente moet funksioneer. Hierdie bevindinge geld egter nie net vir die kleingroep nie, maar ook vir die volle vergadering van die gemeente. Die vyf pole is die volgende:

1. Die **openbaringspool** beklemtoon, dat God vanuit sy Woord geken kan word, ook soos die Woord in die Christelike tradisie gestalte gekry het.
2. Die **ervaringspool** beklemtoon, dat pneumatologiese potensiaalontsluiting die gelowige kan bring tot groei.
3. Die **sorgpool** beklemtoon die opdrag vir lede om vir mekaar

verantwoordelikheid te neem.


4. Die taakpool beklemtoon die sosiaal-maatskaplike

getuienisverantwoordelikheid van die gelowiges in God se wêreld

5. Die liturgiepool gaan oor die aanbidding en ervaring van God

op so 'n manier, dat sy heiligheid die norm en die inspirasie

word vir menslike lewe (etiek).



Die vertikale hermeneuties as: Die openbaring en ervaringspole verwoord die prosesse in die kleingroep waar dit gaan om die uitleg en toepassing van die Woord - die Hermeneutiek. In die Hermeneutiek moet die mens gebring word tot die verstaan van God se openbaring en so ook tot selfinsig en begrip van, wat God vir hom is en van hom vra. Deur die onderrig en verkondiging ervaar die mens God se teenwoordigheid en word die mens getroos, bemoedig en vermaan. Volgens bogenoemde bevindings sal hierdie twee pole die klem ontvang in die kategeese. In die kategeese sal mondelinge onderrig dus die hoofklem ontvang, terwyl daar tog

ook deur voorbeeld en deelname onderrig sal word.

Die horisontale diakoniese as: Die kleingroep moet dienend, sowel na binne (onderlinge sorg) as na buite (betrokkenheid by die wêreld), gerig wees. "In groepe gaan dit nie net om 'n verstaansontmoeting tussen openbaring en konteks nie, maar om die uitvoering van die bedoeling van die Bybel. Dit gaan om diens, om diakonia" (a.w.:186). Volgens bogenoemde bevindings sal onderrig deur voorbeeld en deelname hier die hoofklem ontvang terwyl daar tog ook mondelinge onderrig gegee sal word.

"Daar bestaan 'n interafhanklikheid en wisselwerking tussen die twee asse. Die hermeneia (tot begrip en insig bring) lei tot die uitleef van die boodskap. Die diakonia (offerv aardige diens, getuienis en sorg) wil geloof vestig, vorm en versterk en interpreteer." Veral die volgende bevinding is belangrik vir die geloofsopvoeding: "Dit mag nooit om diens sonder meer gaan nie, maar om diakonia waardeur die kennis van en lewe uit die openbaring van God gedien word" (Simpson en Hendriks, :186).

Die Liturgiepool lê op die kruispunt tussen die hermeneutiese en diakoniese asse. Hierdie feit is ook bevestig in die ondersoek na die onderrig van die priester in die Ou Testament. Hieruit (hoofstuk 4) het dit duidelik geword, dat die erediens (worship) of liturgie, nie losstaan van die daaglikse lewe nie - dit wat in die erediens gedoen word, moet voortvloei uit en uitdrukking wees van die eer, wat in die daaglikse lewe aan God bewys word deur gehoorsaamheid. In die erediens ontmoet God sy volk en openbaar Homself in sy heerlikheid aan sy volk (vergelyk 6.4.2.3 van hierdie studie).

Die Liturgiese pool sluit dus aan by die openbaringspool. Die Liturgiese pool sluit egter ook aan by die diakoniese as. Vanuit die erediens gaan 'n verkondiging na die wêreld uit (vergelyk 8.5.2 van hierdie studie). In die liturgie is daar ook geleentheid om liefdesgawes af te dra vir die versorging van die armes. God wil die erediens afstel, omdat die armes so deur die volk verdruk word (hoofstuk 4). Hiermee sê God, dat 'n volk, wat nie in hulle daaglikse lewe liefde betoon nie, God nie in opregtheid kan dien in sy tempel nie - erediens en liefdesdiens

is dus onlosmaaklik verbonde. "In die Liturgie het ons nie net gemeenskap met God nie, maar ook gemeenskap met die medegelowiges". By hierdie pool val die klem op al drie die wyses van onderrig (soos hierbo genoem), alhoewel die mondelinge onderrig moontlik sterker klem kan ontvang. In die viering van die nagmaal beleef die gelowige Christus se verlossingsdade as 'n werklikheid, soos dit van toepassing is op die hede en word hy versterk om sy dienswerk binne en buite die gemeente uit te voer. In die nagmaal trek al vyf pole dus saam - God openbaar Homself opnuut in sy genade; die gelowige ervaar God se genade op 'n besondere wyse deur te neem en te eet en te drink; hy ontvang bevestiging van God se troue sorg en word versterk om ook vir ander te sorg; die wonder van die verlossing in Christus word opnuut vir hom duidelik, sodat hy met nuwe ywer die evangelie na buite kan uitleef.

Geloofsopvoeding vind dus plaas oral waar die gelowiges saam is en die kind ook teenwoordig is. Die opvoeding vind mondeling, deur voorbeeld en deur deelname plaas binne die raamwerk van die openbaring, ervaring, sorg, dienswerk en liturgie.

Vanuit die hoek van die wyse van onderrig kan kategese soos volg omskryf word: Kategese is onderrig uit God se Woord as toerusting en voorbereiding om aan hierdie verskillende aktiwiteite waar verdere onderrig kan plaasvind deel te neem. Die onderrig in die kategese sal dus ook hierdie verskillende pole vertoon.

10.7.5 FINALE KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE WYSE VAN ONDERRIG

Daar bestaan drie basiese wyses van onderrig, mondelinge onderrig, onderrig deur voorbeeld en onderrig deur deelname. Geloofsopvoeding is 'n wesenlike deel van die gemeentelewe. In elke aktiwiteit van die gemeente vind daar onderrig plaas. In elke aktiwiteit sal 'n bepaalde wyse of wyses van onderrig die primêre wyse wees, terwyl daar tog op ander wyses ook onderrig word. In die kategese is mondelinge onderrig die primêre wyse, terwyl onderrig deur voorbeeld, vanweë noue persoonlike en

voortdurende kontak, en onderrig deur deelname in die klas, ook 'n belangrike rol speel.

10.7.6 TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE VERHOUDING KATEGESE EN GELOOFSOPVOEDING

Die kind moet op velerlei wyses onderrig ontvang in die gemeente en ook by sy ouerhuis. Wanneer die onderrig in die gemeente en by die huis na wense funksioneer, bied dit aan die kategeese 'n basis, sodat dit waarlik toegespitste onderrig kan wees, wat die kind toerus vir die praktyk van die lewe in die gemeente en daarbuite. Prins (1993:91) lê sterk klem op die noodsaaklikheid van groter betrokkenheid tussen die kategeet en katkisant. Hierdie betrokkenheid kan egter nie tydens die kategeese gevestig word nie, maar moet tydens ander geleenthede moontlik gemaak word. Die kategeese moet kan bou op die voorveronderstelling, dat katkisant en kategeet mekaar in ander onderrigsituasies in die gemeente ontmoet en leer ken. Waar dit uit die praktyk duidelik is, dat dit nie die geval is nie, sal spesiale geleenthede geskep moet word om die kategeet en katkisant by mekaar uit te bring.

10.8 PRAKTIESE TOEPASSING VAN BOGENOEMDE RESULTATE OP DIE KATEGESE

Wanneer na die kategeese in die praktyk gekyk word, is dit belangrik om in gedagte te hou, dat kategeese ontstaan het met die doel om 'n besondere behoefte, wat daar by 'n bepaalde deel van God se volk bestaan, aan te spreek. Kinders (en mense, wat uit die heidendom tot bekering gekom het) het 'n bepaalde, grotendeels eenvormige behoefte aan groei in kennis en geloof (=geloofskennis) asook 'n gebrek aan vaardighede om te dien in God se Koninkryk. Die kind ontvang onderrig deur verskillende ander dimensies van onderrig, naamlik by die ouerhuis, in die erediens, deur die viering van feesdae en deur die betrokkenheid by die volk van God. Vanweë sy relatiewe gebrek aan geloofskennis en vaardighede, kan die kind egter nog nie voluit deel in die voorregte en verpligtinge van die lewe in die verbond van God nie en ook nie in die onderrig en toerusting,

wat in die ander dimensies van onderrig gegee word nie. Hy kan om dieselfde rede ook nie sy verpligtinge nakom tot toerusting van ander en tot verbreiding van God se koninkryk nie. Die ouer dra baie daartoe by, dat die onderrig in die gemeente vir die kind sinvol sal wees wanneer hy die kind aanvullend, voor of agterna onderrig. Die pastorale begeleiding van die herder en leraar in die kategeese deur die onderrig uit die Woord is egter noodsaaklik vir die groei van die kind tot hierdie volwassenheid.

Kategeese is uit hierdie hoek gesien, pastorale bediening aan kinders om hulle te begelei tot die nodige geloofskennis en vaardighede, sodat hulle deur middel van die ander dimensies van geloofsopvoeding selfstandig kan groei in die geloof.

10.8.1 GRONDSLAG VAN DIE KATEGESE

Die verbond van God is die grondslag van die kategeese.

Kategeese is daarom:

Onderrig in vertroue op en onder leiding van die Heilige Gees as belofte van die verbond. Hy alleen kan die onderrig laat slaag.

Inleiding in die Godsopenbaring soos in die Skrif weergegee.

Begeleiding tot geloof in en vertroue op die God van die verbond. Onderrig wat die kind begelei om die belofte, wat God in sy doop aan hom persoonlik gemaak het, in die geloof aan te neem en daaruit te leef.

Onderrig wat die kind begelei tot belydenis van sy geloof in die midde van die volk en daar buite, met woord en daad.

Begeleiding om die nagmaal met begrip tot troos en versterking van sy geloof en tot stigting van die gemeente te vier.

Toerusting om diensbaar te wees in die gemeente en daarbuite.

Prakties hou dit vir die kategeese in dat:

Die kategeet vol moet wees van God se Gees en in 'n noue, persoonlike verbondsverhouding met God leef;

Die inhoud van die kategeese uit Skrif moet kom en God aan die kind bekendstel soos Hy Hom in sy verbond openbaar;

Die kind voortdurend begelei moet word om in geloof met woord en daad te antwoord op God se Woord;

Die toerusting tot die uitdra van die evangelie, 'n integrale deel sal wees van die kurrikulum van die kategeese;

Die betekenis van doop en nagmaal vir die kind bo alle twyfel sal staan en dat hy selfs voor hy self nagmaal kan gebruik, reeds die betekenis daarvan as 'n werklikheid beleef. Elke gemeente sal dus moet beplan hoe hulle die kinders betrokke sal maak by die nagmaal en doop, sodat hulle die ware betekenis daarvan sal beleef en ken.

Die kind begelei sal word tot kennis van die gawes van die Gees en tot ontdekking van sy eie gawes. Dit sal inhou, dat die gemeente geleentheid moet skep, dat die kind diensbaar kan wees in die gemeente.

10.8.2 SUBJEK VAN DIE KATEGESE

God is deur sy Gees die primêre en hoogste subjek van die kategeese.

Die herder en leraar is in die besonder geroep om die gelowiges deur die verkondiging van die Woord toe te rus vir hulle dienswerk. Aangesien kategeese toerusting deur die Woord is, is die herder en leraar primêr die menslike subjek van die kategeese.

Kategeese is egter onlosmaaklik verbonde aan ander dimensies van geloofopvoeding. Die ouers se onderrig moet die fondament verskaf, waarop die kategeese sal bou. Die onderrig van die gemeente en die onderrig deur die viering van die feeste (sakramente) moet die nodige aanvulling tot die kategeese bied. Kategeese, alhoewel primêr die taak van die herder en leraar, veronderstel ander subjekte van geloofsopvoeding.

Prakties hou dit vir die kategeese in dat:

Kategeese in biddende afhanklikheid van en vertrouwe op God gedoen

sal word;

Die predikant waar moontlik alle kategeese sal waarneem en dat hy in oorleg met die kerkraad sal bepaal vanaf watter ouderdom (byvoorbeeld vanaf 10 tot 12 jaar) kategeese in daardie besondere gemeente noodsaaklik is;

Die predikant wel van kategeese handleidinge gebruik kan maak, maar dat dit 'n blote riglyn moet wees op grond waarvan hy self die onderrig vir die kinders van sy gemeente moet aanbied volgens hulle bepaalde behoefte.

Onderrig deur gemeentelêde aan kinders onder hierdie bepaalde ouderdom, nie kategeese genoem moet word nie, maar eerder deel moet wees van die onderrig van die gemeente en daarom sterk op die praktyk en inoefening gerig moet wees. Hierdie onderrig sal steeds beplan en georganiseer in noue aansluiting by die kategeese moet plaasvind.

Die gemeente voortdurend bewus gemaak en toegerus moet word vir hulle taak om die kinders op informele en formele wyse te onderrig.

Baie sterk klem gelê moet word op toerusting en aangesporing van en hulp aan ouers om hulle kinders te onderrig soos God dit van hulle vra. Indien ouers nie in staat is om die kinders na behore te onderrig nie, moet hulle deur die gemeente hierin bygestaan word

Die beplanning van die kategeese deel moet wees van 'n totale gemeentelike beplanning, sodat die kategeese 'n integrale deel van die gemeentelêde sal wees. So sal al die dimensies van geloofsonderrig 'n bydrae kan lewer tot die onderrig van die kind. Dit, wat in die kategeese onderrig word, moet vir die kind bevestig word in die ander dimensies van geloofsopvoeding. En die kind moet in die kategeese nadere verklarings vind en insig verkry in dit, wat hy waarneem, ervaar en leer in die ander dimensies. So sal die kategeese die nodige ondersteuning ontvang, sodat die werklike en unieke taak daarvan aangespreek

kan word.

10.8.3 DOEL VAN DIE KATEGESE

Die eer van God is die hoogste doel van die kategeese. Hierdie doel word bereik wanneer die kind begelei word om God uit -sy Woord reg te ken, lief te hê en te dien vanuit die verbondsverhouding met God tot verbreiding van sy koninkryk. Die persoonlike begeleiding, van die kind tot geloof en vertroue in God, is 'n belangrike baken in die pad na die bereiking van die hoogste doel. God werk egter nie net individueel met sy kinders nie, maar maak hulle deel van sy verbondsvolk. Die vergadering, opbou en voortbestaan (groei) van God se volk is daarom 'n verdere doel van die kategeese. Die kind word in die kategeese onderrig en toegerus, sodat hy sy dienswerk tot opbou van die volk en tot verheerliking van God kan verrig. Dit beteken ook, dat die kind in die kategeese gelei word tot die mate van geloofsvolwassenheid, dat hy die onderrig in die gemeente-byeenkomste en die bediening van ander gemeentelêde kan benut. Die onderrig in die wet, belydenisskrifte, gebed en kerkgeskiedenis dra by tot die bereiking van hierdie doel.

God wil egter ook hê, dat sy volk 'n lig vir die nasies sal wees, daarom is toerusting van die kind om sy roeping in die wêreld uit te leef, 'n belangrike deel van die doel van kategeese. Die kind moet leer om die Woord te ondersoek en toe te pas, sodat hy as profeet die lig van die Woord op die sake van die dag kan laat val. So staan die kategeese ook in diens van God se Koninkryk.

Prakties hou dit vir die kategeese in dat:

Die kind nie blote feitekennis bygebring moet word nie,

Die inhoud en aanbieding van die kategeese die kind doelbewus tot ontmoeting met God begelei, sodat die kind God reg sal ken, dien en vrees,

Die onderrig aangaande die betekenis van die onderlinge

gemeenskap en meelewing in die gemeente 'n deurlopende deel van die kurrikulum van kategeese sal uitmaak,

Die kind geleer sal word hoe om die evangelie uit te dra na ander.

10.8.4 DIE WYSE VAN ONDERRIG IN DIE KATEGESE

Die wyse van onderrig in die kategeese word bepaal deur die grondslag, subjek en doel van kategeese.

Aangesien kategeese verbondsonderrig is, sal die onderrig op so 'n wyse plaasvind, dat die kind in sy hele menswees daarby betrek word. Die kind moet begelei word om God met sy hele hart en siel en al sy kragte lief te hê en daarom in diensbaarheid aan God tot opbou van God se volk en tot uitbreiding van God se koninkryk te leef. Die onderrig sal daarom ook binne 'n liefdevolle vertrouensverhouding plaasvind. Die kategeet moet God eers self in sy Woord met hom hoor praat, sodat die onderrig kan wees "so sê die Here wat ek liefhet en wat met my persoonlik gepraat het".

Verbondsonderrig hou in, dat God se daade in die verlede as 'n werklikheid vir die hede beleef moet word. Kategeese sal dus wees: saam ontdek, saam toepas, saam leer uit God se Woord.

Die verbond as grondslag van die kategeese vereis dus, dat die kategeese sal wees mondelinge onderrig, wat bevestig word deur die voorbeeld van die kategeet. Die kategeese moet die kind lei tot aktiewe deelname in die ontdekking van die rykdomme van God se verbond en die gebruik van hierdie rykdomme tot verbreiding van God se koninkryk.

Die kategeese is daarop gerig om die kind te lei tot groei in kennis en vaardighede, sodat hy waardig sy roeping as verbondskind kan leef. Die doel van die kategeese sentreer rondom vier fokuspunte, naamlik die eer van God, die versameling, opbou en vermeerdering van God se volk, getuienis in die wêreld en die persoonlike geloof en groei van die kind. Elkeen van hierdie fokuspunte van die doel van kategeese het betekenis vir die wyse waarop die kategeese moet plaasvind.

Die eer van God en die wyse van onderrig

Die eer van God is die hoogste doel van die kategeese. Dit hou in, dat die onderrig so sal plaasvind, dat God in die onderrigsituasie verheerlik word en dat die kind deur die onderrig begelei sal word om God in sy hele lewe te verheerlik. God word verheerlik wanneer Hy reg geken en gedien word volgens sy selfopenbaring in sy Woord. Kategeese sal die kind moet begelei om God in sy Woord te leer ken. Die wyse van onderrig is dan onderrig uit die Woord van God deur onder andere: persoonlike Bybelstudie, groepsbybelstudie, Woordverkondiging, toerusting uit die Woord en pastorale begeleiding. Steeds sal die beste wyse gesoek word, waarop die kind God self sal ontmoet in sy Woord.

Die versameling, opbou en groei van God se volk en die wyse van onderrig

Kategeese as verbondsonderrig sal gemik wees op die versameling, opbou en groei van God se volk. Dit hou in, dat die kind God se pad met sy volk soos dit in die geïnspireerde Woord van God openbaar is, sal ken (geloofskennis) en verstaan. Dit hou egter ook in, dat hy God se pad met sy volk soos dit in die geskiedenis na vore kom sal ken en verstaan. Hier sal die klem dus duidelik val op mondelinge onderrig uit die Woord, kerkgeskiedenis en die belydenisskrifte (ontstaansgeskiedenis, doel).

Die kind sal ook in die kategeese onderrig moet ontvang aangaande die gemeenskap van die heiliges (koinonia). Hierdie onderrig sal in die eerste plek uit die Woord geskied. Die kind sal geleer word om die gemeente as liggaam van Christus te ken in hulle onderlinge diensbaarheid aan mekaar. Hy sal God die Heilige Gees, wat aan elkeen 'n gawe uitdeel, soos Hy wil en mense so toerus tot opbou van die gemeente se werk moet leer ken. Hier sal die onderrig mondeling geskied, maar in die onderrigsituasie self sal die kind iets hiervan kan beleef deur die voorbeeld van die kategeet, wat voorgaan en ook die geleentheid wat die katkisante het om mekaar te bedien. Hierdie

onderrig sal egter van onderrig deur die hele volk afhanklik wees, om vir die kind die volle betekenis te leer van die onderlinge gemeenskap en diensbaarheid. Indien daar gepoog sou word om hierdie waarhede slegs (mondeling of mondeling en deur voorbeeld en meedoen) in die klas te onderrig, dan sou die kind slegs 'n halwe waarheid geleer word. Die kind moet dus leer, wat God in sy Woord hieromtrent sê, hy moet reeds iets daarvan in die onderrigsituasie van die kategeese sien en ervaar, maar die volle betekenis van koinonia moet hy deur meeleeft en meedoen in die gemeente, buite die kategeese om, leer begryp. Dieselfde sal gesê kan word van ander noodsaaklikhede, soos byvoorbeeld die taak om die evangelie na ander uit te dra en die betekenis van die liturgie. Die kind sal sowel in die kategeese as in die gemeente hierin onderrig moet ontvang.

Hieruit is dit duidelik, dat die onderrig in die kategeese primêr mondelinge onderrig is, aangevul deur die onderrig deur voorbeeld en meedoen. Die werklike onderrig deur meedoen en voorbeeld vind egter in die gemeente plaas.

Die kerk se taak in die wêreld en die wyse van kategeese

In die kategeese sal die kind mondelinge onderrig ontvang uit die Woord van God aangaande sy roeping as deel van God se volk, in hierdie wêreld. Die kind sal kan leer deur meedoen wanneer hy begelei word om self etiese vraagstukke deur bestudering van die Woord te probeer beantwoord. Ook wanneer hy saam met ander in die kategeese die konkrete taak van die gemeente en elke gelowige ten opsigte van bepaalde maatskaplike probleme probeer vasstel. Hierdie onderrig bly egter in die lug hang, indien dit nie deur praktiese inoefening en voorbeeld-onderrig buite die kategeese bevestig en uitgebou word nie. Hierin sal ouers en diensgroepe in die gemeente die onderrig kan gee. Dit is dus belangrik, dat die kind begelei moet word om vanuit die verbondsverhouding met God en God se volk doelbewus uit te gaan om die koninkryk van God te verkondig met woord en daad. Die opdrag van Jesus om die koninkryk van God te gaan verkondig en so dissipels te maak, moet brandend in die kind se hart wees. So sal die volk van God nie na binne gekeer raak nie, maar waarlik 'n lig en 'n sout vir

die wêreld wees.

Die persoonlike geloofsgroei en die wyse van kategeese

God alleen kan deur sy Gees die geloof gee en laat groei. Aangesien die geloof deur die gehoor is, kan gesê word dat die Gees die geloof wek deur die Woord, waarin die kind mondeling onderrig word. In 1 Korintiërs 2 maak Paulus egter melding van 'n belangrike saak, wat die wyse van die onderrig raak. Hy sê die gemeente se geloof is op die krag van die Gees gegrond, omdat hy die evangelie aan hulle gebring het, nie met woorde van menslike wysheid nie, maar met die wysheid van die Gees. So is ook in hierdie studie bevind, dat die een, wat onderrig gee, dit moet doen vanuit die liefde vir en gehoorsaamheid aan God. Onderrig, wat tot geloof begelei, moet dus onderrig in die krag en wysheid van die Gees wees, gegrond in die geloof en liefde vir God en sy volk. Dit is dus mondelinge onderrig, wat voortvloei uit en getuig van die kategeet se vervulling met God se Gees.

Die kategeet moet die kind voorgaan in die liefde en ywer vir God en so deur sy voorbeeld die kind onderrig. Hiervoor is 'n verhouding, waarin langtermyn kontak bestaan tussen kategeet en katkisant, nodig. Sonder hierdie voorbeeld en kontak kan die mondelinge onderrig skipbreuk ly. Dit het duidelik geword, dat die kategeet nie voldoende onderrig deur voorbeeld kan gee, wanneer slegs die onderriggeleenthede vir kategeese benut word nie. Daar moet buite die kategeese ook kontak wees tussen kategeet en katkisant.

Die primêre subjek van die onderrig deur voorbeeld en langtermyn persoonlike, noue kontak, is die ouer. Die kategeese bou wat hierdie aspek betref, baie sterk op die onderrig van die ouer.

Vir die praktyk van die kategeese beteken dit dat:

Die kategeet, saam met die gemeente, moet seker maak dat dit wat mondeling in die kategeese onderrig word, ook op ander wyses in die gemeente aan die kind onderrig word.

Die kategeese, as deel van die totale gemeenteprogram, detail beplanning verg, sodat die doel van die kategeese bereik kan word deur verskeie wyses van onderrig. Die gemeente moet dus vasstel, wat hulle aan die kinders wil leer. Daarna moet gevra word hoe hierdie bepaalde sake in die kategeese onderrig sal word, wat die ouers moet doen om die kind hierin te onderrig en ook wat in die erediens, gemeentebyeenkomste en viering van die herinneringsfeeste gedoen moet word. Al hierdie wyses van onderrig moet daartoe dien, dat hierdie bepaalde waarhede aan die kind so oorgedra word, dat hy tot ware geloofskennis en liefde vir God en sy naaste kan kom.

Indien daar handleidinge vir die kategeese bestaan, by elke les 'n aanduiding gegee kan word op watter verskillende wyses die waarhede, wat daar onderrig word, ook buite die kategeseklas oorgedra kan word.

10.9 FINALE DEFINISIE VAN KATEGESE

Vanuit die totale voorafgaande navorsing, besinning en toepassing kan nou tot die volgende finale definisie gekom word:

Kategese is

onderrig uit die Woord van God

deur die geroepe herder en leraar,
aan verbondskinders en mense, wat uit die heidendom tot geloof kom, vanweë hulle gemeenskaplike behoefte aan kennis en toerusting,

wat in noue (onlosmaaklike) verbondenheid met en tog in duidelike onderskeid van ander dimensies van geloofsonderrig

(die onderrig van die ouers,
die gemeente,
in die erediens,
en deur herinneringsfeeste)

die onvolwasse gelowige begelei

deur mondelinge onderrig,
voorbeeld
en die deelname van die katekisant

sodat die verbond van God in sy/haar lewe kan realiseer en hy/sy sodoende diensbaar kan wees in God se koninkryk

tot verheerlikking van God,
die totstandkoming, onderhouding en groei van God se volk,
verbreiding van God se koninkryk
en persoonlike geloofsgroei by die katekisant.

Die kategese vind sy afsluiting en voltooiing in die belydenis van geloof en die gebruik van nagmaal

as sigbare bevestiging van die katekisant se verhouding met God en sy volk en as bevestiging van die katekisant se ryphheid om voluit deel te hê aan die toerusting en dienswerk in die gemeente.

10.10 FINALE AFGRENSING VAN KATEGESE

Vanuit die totale voorafgaande navorsing, besinning en toepassing kan nou tot die volgende finale afgrensing van kategeese gekom word:

Geloofsopvoeding word in hierdie studie gesien as elke vorm van onderrig vanuit God se Woord, waardeur die verbondskind begelei word tot die geloofskeuse en geloofsdaad om op grond van die verbond van God in noue persoonlike gemeenskap met God en die gemeente te leef, tot eer van God en verbreiding van sy koninkryk. Geloofsopvoeding bestaan uit verskillende dimensies van onderrig, naamlik onderrig deur die ouer, onderrig deur mense met 'n besondere roeping om te onderrig, onderrig deur die herinneringsfeeste, onderrig deur die volk van God en onderrig deur die viering van die erediens.

Kategeese is 'n bepaalde faset van die onderrig deur die geroepe herder en leraar en word deur die volgende kenmerke onderskei van ander dimensies van onderrig:

Kategeese is soos al die ander dimensies gegrond in die verbond van God, maar is daarin uniek, dat dit toerusting is aan 'n bepaalde groep in die gemeente, totdat hulle gereed is om te deel hê aan die toerusting en dienswerk aan en deur die hele gemeente.

Kategeese het verder 'n bepaalde eindpunt naamlik die aflegging van geloofsbelydenis binne die gemeente en die daaropvolgende gebruik van nagmaal, terwyl al die ander dimensies van geloofsopvoeding lewenslank voortgaan.

Kategeese is amptelike onderrig deur die geroepe herder en leraar.

Ten opsigte van die wyse van onderrig is die kategeese hoofsaaklik mondelinge onderrig, wat bou op ander dimensies van onderrig.

10.11 SLOTSOM

Kategese is 'n unieke dimensie van geloofsonderrig, wat in noue verbondenheid met die ander dimensies moet funksioneer.

Kategese is juis dan effektief wanneer dit, wat by kategese hoort vanweë sy eie aard, daar onderrig word en wanneer die ander dimensies van geloofsopvoeding ook voluit hulle besondere taak volbring.

Die geslaagheid van die kind se opvoeding is dus nie daarin geleë, dat die kategese al meer en meer funksies verrig nie, maar dat elkeen in die gemeente sy besondere taak ten opsigte van die opvoeding van die kinders sal ken, en toegerus sal word om dit te volbring.

10.12 TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

Uit hierdie studie het dit geblyk, dat daar nog talle terreine in die kategetiek is, wat nog nie ondersoek is nie. Enkele terreine vir verdere ondersoek, wat by hierdie studie aansluit, word nou aangedui.

10.12.1 Elkeen van die verskillende dimensies van geloofsopvoeding, soos in hierdie studie aangedui, kan afsonderlik in diepte bestudeer word. Hiermee saam sou die toerusting, wat die lidmate moet ontvang vir hulle onderrigtaak aan die kinders, ondersoek kon word.

10.12.2 Die ontwerp van 'n kurrikulum vir geloofsopvoeding waarin die leerinhoud aangedui word, waaraan in elkeen van die verskillende dimensies van geloofsopvoeding aandag gegee moet word.

10.12.3 Die ontwerp van 'n gemeenteprogram, waarin die taak en inhoud van elkeen van die dimensies van geloofsopvoeding in samehang met alle gemeente-aktiwiteite aangedui word.

10.12.4 Die verhouding van die kategismuspreek tot kategese. Kan die kind sinvol en voldoende in die midde van die gemeente onderrig word deur die herder en leraar of kan die kategismuspreek en die kategese meer doelbewus aanvullend tot mekaar aangewend word ?

10.12.5 Geloofsopvoeding in die vroeg-christelike kerk. Hoe het die verskillende dimensies van geloofsopvoeding gefunksioneer in die vroeg-christelike kerk.

SUMMARY

CATHECHESIS AND FAITH UPBRINGING

1. HYPOTHESIS

The hypothesis was used in this study that there are various forms of teaching according to the Bible whereby the child may and should be guided, through the working of the Holy Spirit, towards faith. And that there is a mutual relationship between the various dimensions of teaching. Taken as a whole, all these various forms may be described as faith upbringing. This mutual relationship may determine the place and task of catechesis.

2. PURPOSE AND METHOD

The purpose of this study was to research the various dimensions of faith upbringing and to determine what mutual relationship exists and what the meaning of this mutual relationship is for official catechesis.

The Word of God served as primary source and appropriate parts of the Scriptures were exegetically explored. Other appropriate literature was also examined.

The study commenced by studying faith upbringing in the Old Testament. After this, faith upbringing was researched in the period between the Old and New Testaments. This was followed by research regarding faith upbringing in the New Testament.

This research was concentrated on determining the basis, subject, purpose and manner of the teaching. After studying the various dimensions of faith upbringing, in order to determine the place and task of catechesis, an attempt was made in the final chapter to describe the relationship of catechesis and faith upbringing and to indicate their practical consequences for catechesis.

3. THE CHIEF FINDINGS OF THE STUDY

3.1 The following dimensions of faith upbringing emerged: teaching by parents, teaching by those with a special calling to teach, teaching through commemorative festivals, teaching by the people

of God, teaching by celebration of public worship.

3.2 The various dimensions are interdependent and each one builds upon the teaching given by the other. It is therefore particularly important that each dimension should continue to function fully in its own field. Members should be equipped to understand the task of the dimension of faith upbringing in which each is involved and be able to implement it.

3.3 From comparative research between catechesis and faith upbringing, the following emerged:

the foundation of catechesis is the covenant of God;

the primary human subject of the catechesis is the minister or shepherd who has a calling;

the purpose of the catechesis is:

the glorification of God;

the establishment, maintenance and growth of God's people;

living according to God's created order and the personal growth of faith in the child.

oral teaching should receive the greatest emphasis in catechesis while teaching by example and participation are essential.

3.4 Catechesis is distinguished from the other dimensions of faith upbringing in that it imparts to people of faith who are immature, the wherewithal from the Word of God, to enable them to fully participate in the teaching provided in all the other dimensions and that they themselves may provide teaching to others.

CONCLUSION

Catechesis is particularly effective when those aspects which belong to catechesis because of its precise nature, are dealt with there and when other dimensions of faith upbringing also fulfil their particular task.

BRONNELYS

ABRAM, I.B.H. 1980. Joodse traditie als permanent leren. (Proefskrif Amsterdam).

ACHTEMEIER, E. 1986. Nahum - Malachi (In Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching. Atlanta : John Knox).

ADAM, G. & LACHMANN, R, 1987. Was ist Gemeidepädagogik ? (In Adam, G., Lachmann, R, reds. Gemeinde pädagogisches kompendium. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht).

ADAMS, J.W. 1976. The teaching role in the New Testament: its nature and scope as a function of the developing church. Texas. (Dissertation (Ph.D) Baylor University).

ADKISSON, R.L. 1990. An examination of the concept of believing as a dominant motif in the gospel of John. (Proefskrif (Ph.D.) New Orleans Baptist Theological Seminary).

AALDERS, G.C.H. 1955. Ezechiël. (In Aalders G.C.H., Gispén W.H., Ridderbos J. reds. Commentaar op het Oude Testament. Kampen : Kok.).

ALLEN, T.G. 1982. The body of Christ concept in Ephesians. (Thesis (Ph. D.) University of Glasgow. Glasgow).

ANDERSON, B.W., HARRELSON W.E.D. 1962 Israel's prophetic heritage. Essays in honor of James Muilenburg. London:SCM.

ANDREASEN, N.A. 1972. The Old Testament sabbath. A tradition-historical investigation. Dissertation series, number seven. Montana : The society of Biblical Literature.

ANDREE, T. 1989. Geloofsopvoeding en religieuze socialisatie. Practische Theologie 16 (2): 25-42. Maart.

ANDREE, T., STEEGMAN, P 1992. Geloofsoordrag en cathegese. (In Schaeffer, H. red. Handboek godsdienst in Nederland. Amersfoort : De Horstink.

ALLEN, T.G. 1982. The body of Christ concept in Ephesians. (Proefskrif (Ph.D.) University of Glasgow).

BAKKER, J.T., SCHIPPERS, K.A. 1977 - Gemeente, vindplaats van heil. Kok : Kampen

BALL, P. 1984. Journey into faith. Kent : Whitstable.

BARCLAY, W. 1959. Train up a child : educational ideals in the ancient world. Philadelphia : Westminster Press.

BARCLAY, W. 1960. The mind of Jesus. New York : Harper and Row.

- BARNARD, A.C. 1981. Die Erediens. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- BARNARD, A.C. 1985. Die sentrale betekenis van die gesin en die kategeese. (In Smuts A.J. , red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.182-208).
- BARTH, K. 1945. Auslegung van Mattheus 28,16-20. Vortrag. Basel : Basler Missionsbuch.
- BEHM, J. 1968. ἀναμνησις (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Michigan : Eerdmans I:348,349).
- BERKELBACH V.D. SPRENKEL, S.F.H.J. 1956. Catechetiek. Handboek voor de Praktische Theologie. Nijkerk : Callenbach
- BERTRAM, G.G. 1967. παιδεία/παιδεύω. (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Michigan : Eerdmans V:596 -625.
- BEUKES, M.J. DU P. 1983. Kategeese, 'n handleiding vir kategete. Kital : Pretoria.
- BEUKES, M.J. DU P. 1990. Kinders in die erediens. Hervormde Teologiese Studies 46 (4) :613-647.
- BEYER, H. W. 1968. διακονέω. (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Michigan : Eerdmans II:81-93).
- BIESTERVELD, P. 1900. Het karakter der catechese. Kampen: Kok.
- BIJLSMA, R. 1962. Kleine catechetiek. Nijkerk : Zondervan.
- BLAIR, E.P. 1961. An appeal to remembrance : the memory motif in Deuteronomy. Interpretation 15 (1):41-47.
- BLANK, S.H. 1969. Understanding the prophets. New York: Union of American Hebrew Congregations.
- BLENKINSOPP, J. 1976. "The structure of P". Catholic Biblical Quarterly 38:275-292
- BLENKINSOPP, J.A. 1983. A history of prophecy in Israel. Philadelphia: Westminster.
- BOLKENSTEIN, M.H. 1966. Die eigen aard van de catechese. Leiden : Universitaire pers.
- BOUWMAN-MEEUSE, A. 1985. Werken met groepen in de catechese. Werkplaats catechese. Kampen : Kok.
- BRAULIK, G. 1988. Studien zur Theologie des Deuteronomiums. Stuttgart : Katolisches Bibelwerk.

BREED, G. 1989. Onderrig tot getuigenis as 'n doelpunt van die kategeese. Potchefstroom. (Verhandeling (Th.M) PU vir CHO)

BREYTENBACH, H.S. 1991. Enkele kritiese opmerkinge oor kategetiese beoefening binne die Ned Geref Kerk. Skrif en Kerk 12 (2) :173-193

BRIENEN, T. 1985. Wat een problemen. (In Knevel A.G. red. Geloofsopvoeding en praktyk, Kampen : Kok.

BRIENEN, T. 1990. Leren in Jodendom en Christendom. De plaats van Israel in de Catechetiek. Kampen : Kok.

BRUCE, F.F. 1977. The epistle to the Hebrews. (In The New International Commentary on the New Testament). Michigan : Eerdmans.

BRUCE, F.F. 1977. The epistle to the Ephesians. London : Pickering & Inglis.

BRUEGGEMANN, W 1972. The kerygma of the Priestly writers. ZAW 84,397-413

BRUEGGEMANN, W. 1988. The land. Place as gift, promise and challenge in Biblical faith. Philadelphia : Fortress Press.

BRUEGGEMANN, W. 1990. First and second Samuel. (In Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching. Atlanta : John Knox).

CALVYN, J. 1979a. Commentaries on the four last books of Moses. Volume I. (In Calvins Commentaries. Translated from the original Latin and compared with the French by C.W. Bingham.). Grand Rapids : Baker.

CALVYN, J. 1979b. Commentaries on the four last books of Moses. Volume I. (In Calvins Commentaries. Translated from the original Latin and compared with the French by C.W. Bingham.). Grand Rapids : Baker.

CALVYN, J. 1979c. Commentaries on the four twelve minor prophets. Volume XV. (In Calvins Commentaries. Translated from the original Latin and compared with the French by John Owen.). Grand Rapids : Baker.

CALVYN, J. 1979d. Harmony of Matthew, Mark, Luke. John 1-11. Vol. xvii. (In Calvin's Commentaries). Michigan : Baker Book House.

CALVYN, J. 1979e. Commentary on the epistles of Paul the apostle to the Corinthians. Volume xx. (In Calvin's Commentaries). Michigan : Baker Book House.

CALVYN, J. 1956. Institusie of onderwysing in de christelike godsdienst. Vier dele. Uit het Latijn vertaald door A. Sizoo. Delft : Meinema.

CAMBELL, R.A. 1989. Essential aspects of the church in the Bible. Evangelical Review of Theology 13 (1):5-22.

CARPENTER, J.W. 1958. The Jewish educational system in Palestine during the time of Jesus. (Dissertation (D.Ed.) The American University.

CARSON, M. 1978. The epistles of Paul to the Colossians and Philemon. (In The New International Commentary on the New Testament). Michigan : Eerdmans.

CASSUTO, U 1967. A commentary on the book of Exodus. Jerusalem : Magnes

CATE, R.L. 1982. Old Testament roots for New Testament faith. Nashville : Broadman Press

CHILDS, B.S. 1974. Exodus. London:SCM.

CHILDS, B.S. 1979. Introduction to the Old Testament as Scripture. London : SCM.

CLEMENTS, R.E. 1968. God's chosen people. A theological interpretation of the book of Deuteronomy. London : SCM Press.

CLEMENTS, R.E. 1989. Deuteronomy. Sheffield :JSOT

COFFMAN, J.B. 1988. Deuteronomy. The fifth book of Moses. Abilene : ACU.

COHEN, S.J.D 1987. From the Maccabees to the Mishnah. Philadelphia : Westminster Press.

CODY, A. 1984. Ezekiel. The Old Testament Message: a biblical-theological commentary with an excursus on the priesthood in Israel. Wilmington : Michael Glazier Inc.

COETZEE, J.C. 1964. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament.'n Eksegetiese studie. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.) PU vir CHO)

COETZEE, J.C. 1980. Die blye boodskap. 'n Gids deur die boeke van die Nuwe Testament. Potchefstroom : Pro Rege.

COLLINS, R.F. 1990. These things have been written. Studies on the fourth gospel. Michigan : Eerdmans.

COLSON, F.M. & WHITAKER, G.H. 1962. Philo Works, Greek text and English Translation. London : Heinemann.

COMBRINK, H.J.B. 1980. Die evangelie volgens Matteus: Inleiding en Teologie. (In Handleiding by die Nuwe Testament IV. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p62-108).

COMBRINK, V. 1993. Die betekenis van die eskatologie in die Kolossensebrief vir gemeente-opbou: 'n diakoniologiese ondersoek. (Proefskrif (Th.D.) PU vir CHO, Potchefstroom).

CLOWNEY, E.P. 1987. The Biblical theology of the church. (In Carsons D.A., red. The church in the Bible and the World. Kaapstad : Oxford University Press.

CRADDOCK, F.B. 1990. Luke. (In Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching. Atlanta : John Knox).

CRAIGIE, P.C. 1976. The book of Deuteronomy. (In The New international commentary on the old Testament). Grand Rapids : Eerdmans.

CULLMANN, O. 1950. Kurios as a designation for the oral tradition concerning Jesus. Scottish Journal of Theology 111 (2) : 180-197.

DAVIS, R.W. 1971. Remembering and acting: a study of the moral life in light of 1 Thessalonians. Michigan. (Proefskrif (Ph.D.) Yale University).

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D) PU vir CHO)

DELLING, G. 1968. καταριθω. (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Michigan : Eerdmans I:475-476).

DEPUTATE JEUGSORG GEREFORMEERDE KERKE IN SA, 1990. Jeugondersoek. Potchefstroom.

DE VAUX, R. 1976. Ancient Israel its life and institutions. Translated by J. McHugh. London : Darton, Longman & Todd.

DE VILLIERS, D.W. 1979. Die betekenis van Deuteronomium 6:1-9 vir die kategeese. (In Odendaal D.H., Muller B.A., Combrinck H.J.B., reds. Die Ou Testament vandag. Huldigingsbundel aan prof. P.A. Verhoef. Pretoria : N G Kerk-Uitgewers. p. 99-106).

DE WILDE, W.J. 1949. Het profetisch getuigenis. Holland : Uitgeversmaatschappij Amsterdam.

DRIVER, S.R. 1960. Critical and exegetical commentary on Deuteronomy. (In The international critical commentary). Edinburg : T&T Clark.

DINGEMANS, G.D.J. 1975. Proklamatie en onderricht. Practische Theologie 2 (2):127-135

DINGEMANS, G.D.J. 1980. Vrywilligers in de kerklike katechese. Een eerste verkenning. Practische Theologie 7 (4) : 245-251.

DINGEMANS, G.D.J. 1981. Discipelschap en Moderne Leertheorieen. (In Leren bij het leven. 's-Gravenhage : Boekensentrum).

DINGEMANS, G.D.J. 1986. In het leerschool van het geloof. Mathetiek en vakdidaktiek voor catechese en kerkelijk vormingswerk. Kampen : Kok.

DODD, C.H. 1944. De apostolische prediking en haar ontwikkelingsgang. Nijkerk : G.F. Callenbach. (U 251)

DODD, C.H. 1950. Gospel an law. New York: Columbia University press.

DODD, C.H. 1952. According to the Scriptures. London : James Nisbet.

DODD, C.H. 1959. The primitive catechism and the sayings of Jesus. (In Higgins A.J.B. red. New Testament essays. Studies in memory of Thomas Walter Manson. Manchester : University Press. p.106-118)

DODD, C.H. 1968. The interpretation of the fourth Gospel. Cambridge : University.

DOOIE-SEE-ROLLE
kyk
VERMES, G.

DRAZIN, N. 1940. History of Jewish education from 515 B.C.E. to 220 C.E. (In Bamberger, F.E. red. The Johns Hopkins University studies in educstion. No.29. Baltimore : The Johns Hopkins Press.

DRESSLER H.H.P. 1982. The Sabbath in the Old Testament. (In Carson D.A., red. From sabbath to Lords day a biblical, historical and theological investigation, Grand Rapids : Zondervan. p.21-41)

DRIVER, S.R. 1960. Critical and exegetical commentary on Deuteronomy. (In The international critical commentary). Edinburg : T&T Clark.

DU PLESSIS, I.J. 1976. The rule of Christ and the rule in the church. Neotestamentica , 10 (1) : 20-30.

DU PLESSIS, I.J. 1980. Die evangelie volgens Lukas: Inleiding en teologie. (In Handleiding by die Nuwe Testament IV. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p.156-201).

DU PLOOY, A. LE R. 1982. Kerkverband 'n gereformeerde kerkregtelike studie. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.) PU vir CHO)

DU PLESSIS, I.J. 1976. The rule of Christ and the rule of the church. Neotestamentica 10 :20-30.

DU RAND, J.A. 1988. Charisma en amp - 'n Pauliniese eksegetiese verkenning. (In Roussouw P.J. red. Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p.75-94).

DURHAM, J.I. 1987. Exodus. Word biblical commentary. Waco : Word Books.

EADIE, J. 1977. Commentary on the epistle to the Ephesians. Michigan : Zondervan.

ELLIGER, K. 1952. Sinn und Ursprung der priesterlichen Geschichtserzählung. Zeitschrift für Theologie und Kirche 63:135-144.

EPSTEIN, I. 1935. The Babylonian Talmud. London : Soncino Press.

FAIRWEATHER, W. 1926. The background of the gospels. Edinburgh : T & T Clarck.

FELLOWSHIP BIBLE CHURCH NORTH IN TEXAS AMERIKA ca 1993. Children under construction.

FENSHAM, F.C. 1977. Exodus. De prediking van het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach

FILSON, F.V. 1964. A New Testament history: The story of the emerging church. Philadelphia : Westminster Press.

FINKELSTEIN, L. 1975. The origin of the Synagogue. (In Orlinsky, H.M. red. The Synagogue : Studies in origins, archaeology and architecture. New York : KTAV.

FISHBANE, M. 1979. Text and texture. New York : Schocken.

FIRET, J. 1974. Het agogish moment in het pastoraal optreden. Kampen : Kok.

FISHER, E.F. 1990a. A case study: Sabbath and Sunday. (In Fisher E.J., red. The Jewish Roots of Christian Liturgy. New York: Paulist Press. p.119-120).

FISHER, J.F. 1990b. The Jewish roots of christian liturgy. Mahwah : Paulist Press.

FLANDERS, H.J., CRAPPS, R.W., SMITH, D.A. 1988. People of the covenant. An introduction to the Old Testament. New York : Oxford University Press.

FLOOR, L. 1983. Die heilige doop in die NT. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

FRANCKE, J. 1973. Van Sabbat naar Zondag. Amsterdam : Ton Bolland.

FREESE, D.A. 1982. Childrens church a comprehensive how-to. Chocago : Moody Press.

FRETHEIM, T.E. 1991. Exodus. (In Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching. Louisville : John Knox Press).

FRISCH, H.J. 1990. Leitfaden Gemeinde Katechese. Freiburg : Herder.

FUNG, Y.K. 1979. Ministry in the New Testament. (In Carsons D.A., red. The church in the Bible and the World. Kaapstad : Oxford University Press.

FUNG, Y.K. 1980. Charismatic versus organized ministry ? An examination of an alleged antithesis. The Evangelical Quarterly 52:195-214.

FUNG, Y.K. 1981. The nature of the ministry according to Paul. The Evangelical Quarterly (53):129-146.

GELDENHUYS, N. 1977. Commentary on the Gospel of Luke. The new international commentary on the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans.

GETZ, G.A. 1974. Sharpening the focus of the church. Chicago : Moody Press.

GLAZIER-McDONALD, B. 1983. Malachi: The divine Messenger, a critical appraisal. (Proefschrift (Ph.D) University of Chicago).

GLEN, J.S. 1960. The recovery of the teaching ministry. Philadelphia : Westminster Press.

GOETZMAN, J. 1971. Wisdom. (In Brown, C. red The new international dictionary of New Testament Theology. Exeter : Paternoster. Vol 3 p1026-1033).

GOLDMAN, I.M. 1975. Lifelong learning among Jews. Adult education in Judaism from biblical times to the twentieth century. New York : KTAV Publishing House.

GOSSMANN, K. 1990. Gemeinde als Lernort des Glaubens. Hessische Blätter für Volksbildung 2:143-150.

GREENBERG, M. 1969. Understanding Exodus. New York : Behrman.

GROENEWALD, A.C. 1989. Die kinderdienste in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, met besondere verwysing na die kinderpreek. Pretoria. (Proefschrift (D.D) UP).

GROENEWALD, D.H. 1989. Die kinderdienste in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, met besondere verwysing na die kinderpreek. (Proefschrift (D.D.) U.P. (Afd.B)).

GROSHEIDE, F.W. 1960. De brief van Paulus aan de Efeziërs. (In Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen : Kok.

- GROSHEIDE, FW. 1976. Commentary on the first epistle to the Corinthians. (In Bruce, F.F. red. The new international commentary on the New Testament). Michigan : Eerdmans.
- GUTHRIE, D. 1966. New Testament introduction - The Pauline Epistles. London : Tyndale Press.
- GUTHRIE, D. 1978. The pastoral epistles. Michigan : Eerdmans.
- HARRISON, E.F. 1962. Some patterns of New Testament didache. Bibliotheca sacra, 119 (2):118-128 April.
- HARRISON, R.K. 1975. Introduction to the Old Testament. Toronto : Inter-Varsity Press.
- HARTIN, J.H. 1991. Remain in me (John 15:5). The foundation of the ethical and its consequences in the farewell discourses. Neotestamentica 25 (2) : 341-356.
- HELBERG, J.L. 1976. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Volume 1. Potchefstroom : Pro Rege.
- HELBERG, J.L. 1990a. Die verbondsvolk se verhouding tot sy land (Veral in die tyd rondom die wegvoering in die Babiloniese ballingskap: die Groot Profete en Klaagliedere). Potchefstroom : PU vir CHO
- HELBERG, J.L. 1990b. Die pasga in die nagmaal. Koers 55 (1) : 17-32.
- HENDRIKSEN, W. 1976a. I & II Thessalonians. London : Billing & Sons.
- HENDRIKSEN, W. 1976b. I & II Timothy & Titus. New Testament Commentary. Edinburgh : Banner of Truth Trust.
- HENDRIKSEN, W. 1976. Ephesians. New Testament Commentary. Edinburgh : Banner of Truth Trust.
- HENKYS, R. 1987. Gemeindepädagogik in der DDR. (In Adam, G., Lachmann, R, reds. Gemeinde pädagogisches kompendium. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht).
- HERMANS, C.A.M. 1986. Morele vorming. Kampen : Kok. (Proefskrif (Th.D) Katholieke Universiteit te Nijmegen).
- HERTZBERG, H.W. 1960. Die Samuelbüger. Göttingen : Vandenhoeck und Rupert.
- HESCHEL, A.J. 1972a. The insecurity of freedom. New York : Schocken Books.
- HESCHEL, A.J. 1972b. God in search of man. A philosophy of Judaism. New York : Octagon Books.

HESS, K. 1978. διακονεω (In Brown, C. red. The new international dictionary of New Testament theology. Exeter : Paternoster. 3:544-551).

HEYNS, J.A. 1977. Die kerk. Pretoria : NGKB.

HEWWIT, T 1978. The epistle to the Hebrews. (In Tyndale New Testament Commentaries). Michigan : Eerdmans.

HIGGINS, A.J.B. 1959. Son of Man - Forschung since 'The Teaching of Jesus' (In Higgins A.J.B. red. New Testament essays. Studies in memory of Thomas Walter Manson. Manchester : University Press. p.119-130)

HOUTMAN, C. 1983. Exodus 4:24-26 and its interpretation. JNSL 11:81-105

HOUTMAN, C. 1989. Exodus II. Commentaar op het Oude Testament. Kampen : Kok.

HULL, J.M. 1992. Religion and education in a pluralistic society (In Lane, D.A. red. Religion, education and the constitution. Dublin : Columbia Press. p.16-33).

HUMPHREYS, W.L. 1970. The motif of the wise courtier in the Old Testament. New York (Dissertation (Th.D.) University of Michigan)

HUNTER, A.M. 1961. Paul and his predecessors. London : SCM

ISELL, C. 1982. Exodus 1-2 in the context of Exodus 1-14: Story lines and key words, in Clines, Gunn & Hauser p 37-61

JONKER, E. 1992. Nadenken over catechese. (In Jonker, E., De Lange, J., Visser C. reds. Catechese in artikelen. Impressie 7. Kampen : Catechetisch Centrum).

JONKER, W.D. 1968. Theologie en praktijk. Een peiling van het theologisch karakter van de diakoniologische vakke. Kok : Kampen.

JOSEPHUS, F. 1783-1787. Al de werken van Flavius Josephus, met aanmerkingen uitgegeeven. s.l. : Allart en Holtrop.

JOSEPHUS, F.
kyk
THACKERAY, H.

KAIZER, W.C. 1984. Malachi. God's unchanging love. Grand Rapids : Baker Book House.

KALLIKUZHYPPI, J. 1985. The church and the kingdom of God in the Synoptic Gospels. Jeevadhara 15 (2):85-93.

KAPLAN, L. 1981. "And the Lord sought to kill him" (Exod.4:24) yet once again. Hebrew Annual Review 5:65-74.

KEARNEY, P.J. 1977. Creation and liturgy: the P redaction of Ex. 25-40. Zeitschrift für altestamentliche Wissenschaft 89:375-387.

KEE, H.C. 1989. Knowing the truth: a sociological approach to the New Testament interpretation. Minneapolis : Winston.

KEIL, C.F., DELITZSCH, F. 1976. The Pentateuch. Volume I. (In Commentary on the Old Testament in ten volumes). Grand Rapids : Eerdmans.

KEIL, C.F. 1977. Jeremia, Lamentations. Volume VIII. (In Keil C.F. en Delitzsch F. red. Commentary on the Old Testament in ten volumes). Grand Rapids : Eerdmans.

KEIL, C.F. 1977. Minor prophets. Volume X. (In Keil C.F. en Delitzsch F. red. Commentary on the Old Testament in ten volumes). Grand Rapids : Eerdmans.

KILIAN, A.P. 1992. Geloofsbeslissing en geloofsbelydenis: 'n Prakties-teologiese ondersoek na die teorie en praktyk van belydenisaflegging in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. (Proefskrif (D.D.) UP).

KIKER, W.C. 1969. The sabbath in the Old Testament cult. (Dissertation (Th.D.) - The Southern Baptist Theological Seminary.) (Fotokopie - University Microfilms International.)

KLIJN, H., KUYLENBERG, R. 1980. Je kunt het heen en weer krijgen. Schets van een huiskatechese opzet. Practische Theologie 7 (4): 257-262.

KOCH, K. 1958. Die Eigenart der priesterschriftlichen Sinaigesetzgebung. Zeitschrift für altestamentliche Wissenschaft 55:36-51.

KOCH, K. 1987. P-kein Redaktor ! Erinnerung an zwei Eckdaten der Quellenscheidung. Vetus Testamentum 37 (4): 446-467.

KOEHLER, L., BAUMGARTNER, W. 1958. Lexicon in veteris testamentum libros. Leiden : Brill.

KUHN, K.G. 1968. $\pi\rho\omicron\sigma\eta\lambda\upsilon\tau\omicron\varsigma$. Theological dictionary of the New Testament. Volume VI:727-744. Bromiley G.W. red. Michigan : Eerdmans.

KUIPER, F. 1983. Een klimaat voor leren scheppen in de kerk. Practische Theologie 10 (3) : 97-112.

KUIPER, F.H. 1989. Gunt de geloofsopvoeding een kind de tijd. Een 'gemeente-pedagogische' verkenning. Practische Theologie 16 (2): 50-65. Maart.

KUIPER, R.B. 1967. The glorius body of Christ. London : Banner of truth.

- KÜMMEL, W.G. 1966. Introduction to the New Testament. New York : Abingdon Press.
- LABUSCHAGNE, C.J. 1987. Deuteronomium deel 1A. Nijkerk : Callenbach.
- LALLEMAN, A., SCHIPPERS, K.A. 1985. Anders op weg in de catechese. Boekencentrum B.V : s'Gravenhage.
- LEE, J.M. 1985. The content of religious instruction. A social science approach. Alabama : Religious Education Press.
- LEVY, I. 1963. The synagogue. London : Mitchell.
- MILLGRAM, A.E. 1971. Jewish worship. Philadelphia : Jewish Publication Society of America.
- LIGHTFOOT, J.B. 1903. The Christian ministry. London : Macmillan. U253
- LINCOLN, A.T. 1982. From sabbath to Lords day: a biblical and theological perspective. (In Carson D.A., red. From sabbath to Lords day a biblical, historical and theological investigation, Grand Rapids : Zondervan. p.343-412)
- LINCOLN, A.T. 1993. The theology of Ephesians. (In Lincoln, A.T.; Wedderburn, A.J.M. reds. New Testament theology. The theology of the later pauline letters. Cambridge : Cambridge University Press p.73-185.).
- LINDBLOM, J. 1962. Prophecy in ancient Israel. Philadelphia: Muhlenberg Press.
- LINTON, O. 1952. Church and office in the New Testament. (In Nygren, A. red. This is the church. Philadelphia : Muhlenberg Press. p.100-135).
- LION-CACHET, F.N. 1975. Profete. Ongepubliceerde klasdiktaat.
- LIPINSKI, E. 1986. [?]. (In Botterweck, G.J.; Ringren, H.; Fabry, H. reds. Theological dictionary of the Old Testament. Band 5. Berlin : Verlag W Kohlhammer p.694-712).
- LOADER, J.A. 1975. Aspekte van menslike mag in die Ou Testament. (Proefskrif (D.D) Groningen).
- LOHFINK, N. 1963. das Hauptgebod. Eine Untersuchung literarischer Einkleidungsfragen zu Dtn. 5-11. Rome : E Pontificio Instituto biblico.
- LOHFINK, N. 1978. Die Priesterschrift und die Geschichte. (In Congress volume, Göttingen 189-225.) Leiden: EJ Brill.
- LOHFINK, N. 1982. Great themes from the Old Testament. Edinburgh : T&T Clark.

LLOYD-JONES, D.M. 1979. The unsearchable riches of Christ. An exposition of Ephesians three. London : Banner of Truth Trust.

LOUW, D.J. 1990. Charisma en amp: Op soek na 'n koinoniale diensmodel vir gemeentebou. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 31(2):220-239.

LOUW, J.P. EN NIDA E.A. 1988a. Greek-english lexicon. Volume 1. New York : United Bible Societies.

LOUW, J.P. EN NIDA E.A. 1988b. Greek-english lexicon. Volume 2. New York : United Bible Societies.

MALATESTA, E. 1978. Interiority and covenant. Analecta Biblica 69

MALAN, F.S. 1976. The relationship between apostolate and office in the theology of Paul. Neotestamentica, (10):53-68.

MARIQUE, P. 1924. History of christian education vol.1. New York : Fordam University Press.

MAXWELL, J.C. 1987. Deuteronomy. (The communicator's commentary). Waco : Word Books.

MAYES, A.D.H. 1987. Deuteronomy. (In New Century Bible Commentary). Grand Rapids : Eerdmans.

McBRIDE, S.D. 1973. The Yoke of the kingdom: an exposition of Deuteronomy 6:4-5. Interpretation: A journal of Bible and Theology, 27(3):273-306.

MCCARTHY, D.J. 1965. Notes on the love of God in Deuteronomy and the father-son relationship between Jahwe and Israel. Catholic Biblical Quarterly, 27:144-147.

MCCARTHY, D.J. 1972. Old Testament covenant. Oxford : Blackwell.

McCONVILLE, J.G. 1984. Law and theology in Deuteronomy. Sheffield : JSOT Press.

MCKAY, J.W. 1972. Man's love for God in Deuteronomy and the father/teacher - son/pupil relationship. Vetus Testamentum, 22 :426-435

MICHAELIS, W. 1971. σκηνωω. (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Michigan : Eerdmans. VII:385-389).

MILLER, P.D. 1984. The most important word : The yoke of the kingdom. Illif Review, 41:17-30

MILLER, P.D. 1987. Moses my servant: a deuteronomic portrait of Moses. Interpretation, 41(3):245-255.

MILLER, P.D. 1990. Deuteronomy. (In Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching).

MISHNA

kyk

NEUSNER, J. The Mishna.

MORRIS, L. 1975. The gospel according to John. (In Bruce, F.F. red. The New International Commentary on the New Testament). Mich.: Eerdmans.

MORRIS, L. 1977. The gospel according to St. Luke (In Tyndale New Testament commentaries. Michigan : Eerdmans.

MORRIS, N. 1937. The Jewish school. An introduction to the history of jewish education. London : Eyre and spottiswoode.

MOULE, C.F.D. 1983. Worship in the New Testament. Bramcote : Grove Books.

MOWINCKEL, S. 1951. Die vermeintliche 'Passahlegende' Ex 1-15. In Bezug auf die frage : Literarkritik und Traditionskritik. Studia Theologica, 5:66-88.

MUIRHEAD, I.A. 1965. Education in the New Testament. New York : Association Press.

MUSSNER, F. 1982. Der Brief an die Epheser. Würzburg :Echter Verlag.

NAPIER, B.D. 1962 Prophets in perspective. New York : Abington Press.

NEAL, R.S. 1988. Synagogue and church : the model of the Jewish synagogue in the formation of first-century Christianity. (Dissertation (D.Phil.) School of Theology Southwestern Baptist Theological Seminary Fort Worth).

NEFF, B.J. 1991. Communication an relationship. (In Ratcliff, D en Davies, J.A. reds. Handbook of youth ministry. Alabama : Birmingham.).

NEHER, A. 1969. The prophetic existence. London : Thomas Yoseloff.

NEL, M. 1985a. Vernuwing in die kategeese en jeugarbeid. Skrif en Kerk, 6 (2):159-166

NEL, M. 1985b. Moderne ontwikkelinge op die terrein van die kategeese met besondere verwysing na die metodiek. (In Smuts A.J. , red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.171-181).

Nel, M. 1991. Die kind en die Bybel (2) 'n benaderde oplossing. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 32(4):631-643.

- NELSON, C.E. 1989. How faith matures. Kentucky : Westminster/John Knox Press.
- NEUSNER, J. 1975. Early rabbinic Judaism. Historical studies in religion, literature and art. Leiden : E.J. Brill.
- NEUSNER, J. 1984. De joodse wieg van het Christendom. Kampen : Kok.
- NEUSNER, J. 1985. Formative Judaism: religious, historical, and literary studies. Fifth series. Revisioning the written records of a nascent religion. Chico : Scholars Press.
- NEUSNER, J. & FREDRICH, E.S. 1987. New perspectives on ancient Judaism. Volume three. Judaic and Christian interpretation of texts: contents and contexts. Lanham : University Press of America.
- NEUSNER, J. 1988. The Mishnah. A New Translation. New Haven : Yale University Press.
- NEUSNER, J. 1989. Method and meaning in ancient Judaism. Fourth series. Atlanta : Scholars Press.
- NEUSNER, J. 1991. Jews and Christians. The myth of a common tradition. London : SCM Press.
- NEUSNER, J. 1992. The formation of Judaism. From philosophy to religion. Urbana : University of Illinois Press.
- NIEBUHR, H.R. 1956. The purpose of the church and its ministry. Reflections on the aims of Theological Education. New York : Harper & Brothers.
- NIPKOW, K.E. 1990. Bildung als Lebensbegleitung und Erneuerung. Gütersloh : Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.
- NYGREN, A. 1957. Christ and his church. London : S.P.C.K.
- O'BRIEN, J.M. 1990. Priest and Levite in Malachi. (In Peterson D.L. red. Dissertation series. Atlanta:Scholars Press).
- OLIVIER, J. 1982. Die oerlike betrokkenheid by die kategese. Pretoria. (Skripsie (Nagraadse Diploma Teologie) UP).
- OLIVIER, W.H. EN VAN AARDE A.G. 1991. The community of faith as dwellingplace of the Father: Basilea tou Theou as "household of God" in the Johannine discourse(s). Neotestamentica, 25 (2) : 379-400.
- O'NIELL, J.C. 1993. The kingdom of God. Novum Testamentum, 35(2):130-141.
- OOSTHUIZEN, M.J. 1989. The God of the exodus. A Study of characterisation in Exodus 1-12. (Proefskrif (D.Th.) Unisa).

OSB, G.B. 1984. Justification and pardon according to the deuteronomic torah. Religious Education, 38(1):7-14

PAZMIÑO, R.W. 1988. Foundational issues in christian education. An introduction in evangelical perspective. Grand Rapids : Baker Book House.

PEDERSEN, J. 1926. Israel: Its life and culture. London : Oxford University Press.

PERLITT, L. 1983. Motive und Schichten der Landtheologie im Deuteronomium. (In Strecker, G., red. Das Land Israel in biblischer Zeit: Jerusalem-Symposium 1981 der Hebräischen Universität und der Georg-August-Universität. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht. p.46-58)

PETERSEN, D.L. 1981. The roles of Israel's prophets. Sheffield : JSOT.

PHILO

kyk

COLSON, F.M. & WHITAKER, G.H.

PLASTARAS, J. 1966. The God of Exodus. The theology of the Exodus narratives. Milwaukee : Bruce

POP, F.J. 1975. Bijbelse woorden en hun geheim. 's Gravenhage : Boekencentrum.

PORTEOUS, N.W. 1962. The prophets and the problem of continuity. (In Anderson, B.W. en Harrelson W. red. Israel's prophetic heritage. London : SCM. p.11-25).

PORTER, J.R. 1982. The origins of prophecy in Israel. (In Coggins, R., Phillips, A. en Knibb M., red. Israel's prophetic tradition. Cambridge : University Press.

PRINS, J.M.G. 1973. Die Heidelbergse Kategismus as kategetiese leerstof. (Proefskrif (D.Th.) Stellenbosch)

PRINS, J.M.G. 1975. Die omvang van die kategetiese onderrig. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 16 (2):172-175.

PRINS, J.M.G. 1990. Geïsoleerde onderrig - die dilemma van die kategetiese. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 31 (4) :72-88.

PRINS, J.M.G. 1993. Vertrekpunte en riglyne vir vernuwing van die kategetiese. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 34(1):81-93.

PRYOR, J.W. 1992. John: Evangelist of the covenant people. The narrative & themes of the fourth Gospel. London : Darton, Longman and Todd.

PUTTER, A. 1984. Die vereistes vir en die toerusting van die kategete in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika. (Proefskrif (D.D.) U.P.).

RAJA, R.J. 1985. The church in transition. Ecclesiology of the pastoral letters. Jeevadhara 15 (2):105-122.

RENDTORFF, R. 1961. Die Offenbarungsvorstellungen im Alten Israel. (In Pannenberg, W., red. Offenbarung als Geschichte. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht. p. 21-41).

RENDTORFF 1968 προφήτης. (In Bromiley, G.W. red. Theological dictionary of the New Testament. VI:796-812 Grand Rapids : Eerdmans.)

RENGSTORF, K.H. 1968 μαθητής. (In Bromiley, G.W. red. Theological dictionary of the New Testament. IV:415-461. Grand Rapids : Eerdmans.)

RICHARDS, L.O. 1975. A theology of christian education. Grand Rapids : Zondervan.

RICHARDS, L.O. 1983. A theology of children's ministry. Grand Rapids : Zondervan.

RIDDERBOS, J. 1984. Deuteronomy. (In Bible Students Commentary). Grand Rapids : Zondervan.

RIEDL, J. 1973. Die funktion der Kirche nach Johannes. 'Vater, wie du mich in die welt gesandt hast, so habe ich auch sie in die Welt gesandt'. Bibel und Kirche, 28(1):12-14.

RIDDERBOS, H. 1975. Paul An outline of his theology. Michigan : Eerdmans.

ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief. (Proefskrif (D.Th.) Theologische Akademie. Kampen.).

ROBERTS, J.H. 1976. Can church offices be founded in Paul ? Neotestamentica, 10:1-19.

ROBERTS, J.H. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.

ROUX, C.D. 1988. Woordbediening aan die kind, 'n hermeneutiese verantwoording. (Proefskrif (Th.D) US).

ROWLEY, H.H. 1967. Worship in ancient Israel. Its forms and meaning. London : S.P.C.K

ROWLEY, L.C. 1982. Old Testament roots for New Testament faith. Nashville : Broadman Press.

RUDOLPH, W. 1976. Haggai - Sacharja 1-8 - Sacharja 9-14 - Maleachi. Kommentar zum Alten Testament. Vol.XII. Gütersloher : Auflage.

RUSSEL, R. 1987. Worship in the New Testament. (In Carsons D.A., red. The church in the Bible and the World. Kaapstad : Oxfort University Press.

SAFRAI, S. 1987. The literature of the Sages. First part: Oral Tora, Halakha, Mishna, Tosefeta, Talmud, External tractates. Philadelphia : Fortress Press.

SANDERS, E.P. 1992. Judaism. Practice and belief 63 BCE -66 CE. London : SCM Press.

SAUNDERSON, W.J. 1983. Die individueel-korporatiewe karakter van die kategeese. Bloemfontein. (Proefskrif (MTh.) Universiteit van die Oranje Vrystaat).

SHECHTER, J. 1981. The theology of the land in Deuteronomy. (Proefskrif (Th.D) Pittsburgh).

SCHIPANI, D.S. 1988. Religious Education encounters liberation theology. Alabama : Religious Education Press.

SCHIPPERS, K.A. 1977. De gemeente als leergemeenskap. Kok: Kampen.

SCHIPPERS, K.A. 1982a. Werken aan de gewone gemeente. Practische Theologie, 9(4):211-224.

SCHIPPERS, K.A. 1982b. Werkplaats catechese, doelbepaling en organisatie jongerencatechese. Kampen : Kok.

SCHIPPERS, R. 1975. Age, stature, maturity. (In Brown, C. red. The new international dictionary of New Testament Theology. Exeter : Paternoster. Vol. 1 p.92,93).

SCHIPPERS, R. 1976. Goal. (In Brown, C. red. The new international dictionary of New Testament theology. Exeter : Paternoster. 2:64-66).

SCHIPPERS, R. 1978. απριος. (In Brown, C. red. The new international dictionary of New Testament theology. Exeter : Paternoster. 3:349-352).

SCHMIDT, K.L. 1965. Ekklesia (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Mich. : Eerdmans.

SCHMIDT, W.H. 1977. Exodus II 2. Neukirchen-Vluyn : Neukirchen Verlag.

SCHMIDT, W.H. 1983. Exodus II 3. Neukirchen-Vluyn : Neukirchen Verlag.

- SCHNACKENBURG, R. 1991. Ephesians. A commentary. Translated by Heron, H. Edinburgh : T & T Clark.
- SCHNEIDER, B.N. 1970. Deuteronomy a favoured book of Jesus. Grand Rapids : Michigan.
- SCHROEGER, F. 1985. Gemeinde im 1. Petrusbrief. Bibel und Kirche, 40 (4):15-20.
- SCHULZE-KADELBACH, G. 1955. Zur Pneumatologie des Johannesevangeliums. Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft, 46:456-62.
- SCHULTZ, J. 1971. Deuteronomy the gospel of love. Chicago : Moody Press
- SCHÜRER, S. 1979. The history of the Jewish people in the age of Jesus Christ. Edinburg:T&T Clark.
- SCHWEIZER, E. 1961. Church order in the New Testament. London : SCM
- SEGAL, J.B. 1963. The hebrew passover from the earliest times to a.d.70. London : Oxford University Press.
- SELWYN, E.G. 1947. The first epistle of St. Peter: The Greek Text with introduction, notes and essays. London : Macmillan Company.
- SHAPIRO, D.S. 1965. The sabbatical Year. Tradition 7:45-56.
- SHERIL, L.J. 1958. The rise of christian education. New York : Macmillan.
- SHIROCK, R.J. 1993. The growth of the kingdom in the light of Israel's rejection of Jesus. Strukture and theology in Luke 13:1-35. Novum Testamentum, 35 (1) : 15-29.
- SIMPSON, N.W. & HENDRIKS, H.J. 1993 'n Teorie oor die funksionering van die kleingroep. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 34(2):184-192.
- SLOYAN, G.S. 1988. John. (In Mays, J.L.; Miller P.D.; Achtemeier P.J. reds Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching.).
- SMELIK, E.L. 1980. De Brieven van Paulus aan Timoteus, Titus en Filemon. De wegen der kerk. Prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk : Callenbach.
- SMART, J.D. 1954. The teaching ministry of the church. Philadelphia : Westminster Press.
- SNYMAN, M.S. 1987. Prinsipiële riglyne vir 'n kategismus vir die belydenisklas in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria. (Proefskrif (D.D.) UP).

SNYMAN S.D. 1985. Antitese in die boek Maleagi. (Proefskrif (D.D) UP)

SPOELSTRA, B. 1990a. Gereformeerde kategetiek en kategeese. Afdeling 1. Prinsipiële kategetiek. Klasdiktaat. PU vir CHO : Potchefstroom

SPOELSTRA, B. 1990b. Gereformeerde kategetiek en kategeese. Afdeling 2. Historiese kategetiek. Klasdiktaat. PU vir CHO : Potchefstroom

STAHLIN, G. 1969. PROKOPY (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Michigan : Eerdmans VI:703-719.

SWANEPOEL, M.G. 1992. The important function of Deuteronomy in the Old Testament. Old Testament Essays, 5 (3):375-388.

SWIFT, F.H. 1919. Education in ancient Israel, from earliest times to 70 A.D. Chigago : The Open Court Publishing Company.

TANKERSLEY, A.J. 1983. Preaching the christian Deuteronomy : Luke 9:51-18:14. (Proefskrif (D.Min.) School of theology at Claremont).

TASKER, R.V.G. 1977 The gospel according to St. John. (In Tasker, R.V.G. red The Tyndale New Testament Commentaries.) Michigan : Eerdmans.

TASKER, R.V.G. 1978. The Gospel according to St. Mathew. (In Tyndale New Testament Commentaries). Michigan : Eerdmans.

THACKERAY, H. 1926. Josephus. With English translation. London : Heinemann.

TIELEMAN, D. 1984. De dienst van de kerk in de wereld van het hoger onderwijs. (Proefskrif (Th.D) Vrije Universiteit). Amsterdam : VU Uitgeverij.

TOOMBS, L.E. 1965. Love and justice in Deuteronomy. Interpretation, 19(4):399-411.

TOWNER, P.H. 1989. The goal of our instruction. The structure of theology and ethics in the pastoral epistles. Journal for the study of the New Testament. Supplement Series 34. Sheffield : JSOT Press.

TUTTLE, J.E. 1982 The communicative impact of focused worship. New Jersey (Professional project (D.M) Drew University)

USAMI, K.S.J. 1983. Somatic comprehension of Unity: The church in Ephesus. Rome : Biblical Institute Press.

VAN DE BANK, J.H. 1985. Catechese ... nu. (In Knevel A.G. red. Geloofsopvoeding en praktijk, Kampen : Kok.

VAN DE BANK, J.H. 1985. Doelstelingen van de catechese. (In Knevel A.G red. Geloofsopvoeding en praktijk, Kampen : Kok.

VAN DER GROOT, Y. 1987. Geloven leren. 's-Gravenhage: Boekensentrum.

VAN DER MERWE, J.F. EN BEUKES M.J. DU P. 1991. Die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges binne die erediens. Hervormde Teologiese Studies 47 (3) : 635 - 655.

VAN DER WALT, J.J. 1974. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.) PU vir CHO).

VAN DER WOUDE, A.S. 1982. Haggai Maleagi. De prediking van het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

VAN ROOY, H.F. 1990. Die pasga en sy boodskap in die tyd van die Ou Testament. Koers, 55 :6-16.

VAN SOEST, G. 1985a. Geloven als een kind. (In Knevel A.G red. Geloofsopvoeding en praktijk, Kampen : Kok.

VAN SOEST, G. 1985b. En gij salt het uw kinderen bekend maken. (In Knevel A.G red. Geloofsopvoeding en praktijk. Kampen : Kok.

VAN 'T VEER, M.B. 1942. Catechese en catechetische stof bij Calvijn. Amsterdam. (proefskrif (D D) Vrije Universiteit)

VAN ECK, E. 1991. 'n Sosiaal-wetenskaplike ondersoek na die 'amp' van die ouderling in die Nuwe Testament. Hervormde Teologiese Studies 47 (3) : 656-682.

VAN TILBORG, S. 1986. The sermon on the mount as an ideological intervention: a reconstruction of meaning. Assen : Van Gorum

VAN UNNIK, W.C. 1993. The meaning of 1 Corinthians 12:31. Novum Testamentum, 35(2) : 142-159.

VAN VELDHUIZEN, A. 1925. Katechetiek. Den Haag : J.B. Wolters.

VAN WYK, J.H. 1991. Besinning oor die viering van die Heilige Nagmaal. In die Skriflig 25 (2) :245-264.

VENTER, C.J.H. 1988a. 'n Nuwe Testamentiese profiel van 'n gemeente wat homself opbou. (In Venter, C.J.H , red. God bou op deur sy Woord. Potchefstroom : PU vir CHO. p.10-27).

VENTER, C.J.H 1988b. Amp en ampsdraer - gesigspunte uit die Nuwe Testament. (In Roussouw P.J. red. Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p.95-107).

- VENTER, C.J.H. 1986. Gemeente-opbou in die lig van Hebreërs. Inougurele rede. Potchefstroom : PU vir CHO.
- VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. In die Skriflig 27 (2) : 247 - 260).
- VERBOOM, W. 1985a. Catechese, wat is dat ? (In Knevel A.G red. Geloofsopvoeding en praktijk, Kampen : Kok.
- VERBOOM, W. 1985b. De catechese in de crisis. (In Knevel A.G red. Geloofsopvoeding en praktijk, Kampen : Kok.
- VERBOOM, W. 1987. De catechese van de reformatie en nadere reformatie. Amsterdam. Buijten & Schipperheijn.
- VERHOEF, P.A. 1972. Maleachi. Commentaar op het Oude Testament. Kampen: J.H. Kok.
- VERHOEF, P.A. 1987. Haggai and Malachi. New international critical commentary. Grand Rapids: Eerdmans.
- VERMES, G. 1987. The Dead Sea Scrolls in English. Harmondsworth : Penguin .
- VERSTEEG, J.P. 1980. Evangelie in viervoud. Een karakteristiek van de vier evangeliën. Kampen : Kok.
- VERSTEEG, J.P. 1988. Het karakter van het ambt volgens Efeziërs 4:7-16. (In Roussouw P.J. red. Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p.49-75.
- VINCENT, J.J. 1957. Didactic kerygma in the synoptic gospels. Scottish Journal of Theology, 10(3):262-273.
- VILJOEN, D. 1985. Die leerstof van die katechese. (In Smuts A.J. , red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p 208-245)
- VISSER, C. 1992. Leermomenten in de geloofsopvoeding over het belang en de mogelijkheden van catechetische vorming voor de geloofsontwikkeling van adolocenten. (In Jonker, E., De Lange, J., Visser C. reds. Catechese in artikelen. Impressie 7. Kampen : Catechetisch Centrum).
- VISSER 'T HOOFT, W.A. s.a. Droefenis en grootheid der kerk. Nijkerk : Callenbach.
- VIVIANO, B.T. 1978. Study as worship. Aboth and the New Testament. (In Neusner, J. red. Studies in Judaism. Vol. 26. Leiden : E.J. Brill).
- VON RAD, G. 1958. Verheissenes Land und Jahwes Land im Hexateuch. (In Gesammelte Studien zum Alten Testament, 8. München : Kaiser. p.87-100.)

- VON RAD, G. 1961. Genesis : a commentary. Vertaal deur Barton, D. Philadelphia : Westminster Press.
- VON RAD, G. 1964. Deuteronomy, a commentary. London : SCM Press.
- VORSTER, W.S. 1980. Die evangelie volgens Markus: Inleiding en teologie. (In Handleiding by die Nuwe Testament IV. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p.109-155).
- VOSSEN, H.J.M. 1989. Geloofsopvoeding als probleem. Een visie op doel en kondities. Practische Theologie 16 (2): 3-23. Maart.
- VOSSEN, H.J.M. 1989. Zingeving aan het lijden door kinderen. Verslag van een empirisch-theologisch onderzoek. Practische Theologie 16 (2): 96-114. Maart.
- VRIEZEN, TH.C. 1962. An outline of Old Testament theology. Oxford : Basil Blackwell.
- VRIEZEN, TH.C. 1974. Hooflijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman.
- WALDMAN, N.M. 1974. Some notes on Malachi 3:6; 3:13 and Ps. 42:11. Journal of Biblical Literature 93 (4) :543 - 549.
- WALDENFELS, H. 1985. Kontextuelle Fundamentaltheologie. München : Scho"ningh.
- WALFOORD, J.F. 1976. The church in prophecy. Mich : Zondervan.
- WALLIS, G. 1974. מִלְכָּא (In Botterweck, G.J., Ringren, H. reds. Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 1. Michigan : Eerdmans. p.99-118)
- WATTS, J.D.W. 1977. The deuteronomic theology. Review and Expositor. 74(3):321-336.
- WATSON, D. 1933. I believe in the church. London : Hodder and Stoughton.
- WEIMAR, P. 1973. Untersuchungen zur priesterschriftlichen Exodusgeschichte. Würzburg : Echter.
- WEIMAR, P. 1980. Die Berufung des Mose. Gottingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- WELCH, C. 1958. The reality of the church. New York : Charles Scribner's Sons.
- WESTERMANN, C. 1976. מִלְכָּא. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Vol.2. München : Chr. Kaiser Verlag.

WESTERMANN, C. 1966. Genesis, vol.I.
Neukirchen-Vluyt : Neukirchener Verlag.

WILHOIT, J. 1991. Christian education. The search for
meaning. Michigan : Baker Book House.

WILSON, G. B. 1978. Ephesians. Edinburgh : Banner of truth
trust.

WILSON, M.R. 1989. Our father Abraham. Jewish roots of the
christian faith. Michigan : Eerdmans.

WORLEY, R.C. 1967. Preaching and teaching in the earliest
church. Philadelphia : Westminster Press.

WYCKOFF, D.C. 1955. The task of the christian education.
Philadelphia : Westminster.

YEE, G.A. 1989. Jewish Feasts and the Gospel of John.
(Zacchaeus Studies : New Testament). Wilmington : Michael
Glazier.

YOUNG, E.J. 1972. The book of Isaiah. Vol. III.
Michigan : Eerdmans.

ZIMMERLI, W. 1963. Gottes Offenbarung. Gesammelte Aufsätze
zum Alten Testament. München : Kaiser.

ZUCK, B.R. 1972. Spiritual power in your teaching. Chicago
: Moody.